198601822901

U.O.V.S. • U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK • LIBRARY

# DIE KRYGSOPTREDE VAN BOER EN BRIT IN NOORDOOS-KAAPLAND GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1900

deur

CHRISTOFFEL JOHANNES FRANCOIS BOTHA, B A HONS (UOVS)

VERHANDELING

Voorgelê ter vervulling van die

vereistes vir die graad

*MAGISTER ARTIUM*

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

(Departement Geskiedenis)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*198601822901220000019*

Studieleier: Prof. Dr M C E van Schoor

Bloemfontein

Januarie 1986

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

1936

T 968.04832 BOT

BIBLIOTEEK

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING 1

HOOFSTUK 2

DIE REPUBLIKEINSE INVAL IN NOORDOOS-KAAPLAND 17

HOOFSTUK 3

DIE BRITSE HERSTEL NA DIE INVAL IN NOORDOOS-KAAPLAND 75

HOOFSTUK 4

DIE SLAG VAN STORMBERG 110

HOOFSTUK 5

DIE BRITSE HERSTEL NA DIE SLAG VAN STORMBERG 160

HOOFSTUK 6

DIE BRITSE OPMARS EN DIE TERUGVAL VAN DIE BOEREMAGTE UIT NOORDOOS-KAAPLAND 194

HOOFSTUK 7

SLOT 220

BIBLIOGRAFIE 227

KAARTE

OPSOMMING I

# VOORWOORD

Alhoewel daar al talle werke oor die Anglo-Boereoorlog ver=skyn het, is daar nie veel oor die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland geskryf nie. Die doel van hier=die studie is om meer lig op die krygsoptrede van Boer en Brit in hierdie streke te laat val. Die gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog bied interessante feite en gegewens, en die navorsing wat vir hierdie verhandeling gedoen is, was dan ook besonder insiggewend.

'n Studie van die krygsoptrede in Noordoos-Kaapland bring opnuut die besef dat die hele Suid-Afrika in 'n mindere of meerdere mate by die oorlog betrek was. In die geval van Noordoos-Kaapland was dit aan die begin van die oorlog be=slis in 'n meerdere mate die geval. Aanvanklik wou dit voor=kom of die Boeremagte se krygsoptrede die gewenste uitwerking op die Britse leërleiding se veldtogplanne gehad het, maar die latere Britse herstel en opmars het die teendeel bewys. Die sukses wat die Britse magte hier behaal het, was slegs van beperkte omvang, en optrede van die Boeremagte het hulle in staat gestel om weer Noordoos-Kaapland te beset. Dit kan nie as 'n krygsoptrede wat die gang van die oorlog bepaal het beskou word nie, maar eerder as 'n sinnelose vermorsing van tyd en mannekrag.

Daar is heelwat primêre en sekondêre bronne wat oor die onderwerp geraadpleeg kon word - veral primêre bronne soos die Leyds-versameling, die Renier-versameling, Kommandant-generaal-versameling, *Lord Roberts Papers* en die Blouboeke was van groot waarde vir hierdie studie. As sekondêre bronne het die werke van L S Amery en J H Breytenbach as belangrike rigtinggewende werke gedien.

Afgesien van dagboeke en persoonlike dokumente oor die Anglo-Boereoorlog, is daar ook ruimskoots gebruik gemaak van die koerante uit die tyd. Hier moes egter met die grootste omsigtigheid te werk gegaan word, want die beriggewing was baie eensydig. Tog is dit verbasend hoe ryk aan gegewens hierdie dikwels omstrede bronne is.

Dwarsdeur die navorsing moes daar ook gewaak word teen een=sydige bronne. Hier was dit veral die Engelse skrywers wat hulle skuldig gemaak het aan oordrewe getalle van Boeremagte en beskrywings van nederlae en die redes daarvoor. Die probleem is egter in 'n groot mate uitgeskakel deur die ge=gewens met telegramme oor die gebeure te kontroleer of om die Blouboeke en betroubare bronne te raadpleeg.

Ek spreek my hartlike dank uit teenoor die direkteure en bibliotekarisse en personeel van die volgende biblioteke en navorsingsentrums vir hulle vriendelike en hulpvaardige by=stand: die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die U O V S, die Biblioteek van die UOVS, die Stadsbiblioteek van Bloemfontein, die Vrystaatse Argief in Bloemfontein, die Staatsargief in Pretoria, die Argief van die Departement van die Prokureur-Generaal van die Kaapkolonie, die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad.

My opregte dank gaan aan die personeel van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, die personeel van die *Barkly East Reporter* in Barkly-Oos en die personeel van die museum in Barkly-Oos en Aliwal-Noord.

My Studieleier, prof. M C E van Schoor was 'n ware bron van leiding, hulp en inspirasie. My opregte dank en waardering aan hom.

Aan mev. A Venter, die tikster van hierdie verhandeling, mnr. en mev Fred en Nanda Muller en mev Zesta Vorster wat die verhandeling taalkundig versorg het, my opregte dank.

Ten slotte is dit 'n behoefte van my hart om mnr. Boet du Plooy, skoonvader, te bedank vir sy inspirasie en aan= moediging.

C J F BOTHA

BLOEMFONTEIN

JANUARIE 1986

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Op 9 Oktober 1899 het die Zuid-Afrikaanse Republiek sy ulti= matum aan Brittanje uitgereik: John X Merriman se vrou stel dit in 'n brief aan haar skoonsuster: "I am sorry it is from the Boer side, but looking at it from their point of view they could not go on longer."[1] Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog om 17h00 op 11 Oktober 1899 is dan ook 'n jarelange vete tussen Groot Brittanje en die Suid-Afrikaan= se Republiek op die spits gedryf. Wat ookal die rede vir hierdie oorlog was, die feit bly egter staan dat: "a new ground is taken up in the question of 'Supremacy', 'British prestige', and a desire to 'put down Afrikaner domination'".[2] Om aan hierdie uitgangspunt te voldoen is die Kaapkolonie en in besonder Noordoos-Kaapland vir die tema van hierdie studie van besondere betekenis.

Van die vroegste tye is in konvensionele oorloë die oorlogs= terrein van uiterste belang, want hiervolgens word aanvalle en verdediging beplan. Tydens die Anglo-Boereoorlog het dit net so 'n belangrike rol gespeel, en te meer toe daar van 'n konvensionele oorlog tot guerilla-oorlogvoering oorgegaan is. Om die gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog in Noord= oos-Kaapland ten volle te verstaan, is dit noodsaaklik om aan hierdie aspek aandag te gee.

In die geheel gesien is die belangrikste kenmerk van Suid-Afrika se bou sy geweldige groot plato of tafelland. Dit sluit gebiede soos die grootste gedeelte van Transvaal, die hele Oranje-Vrystaat, Lesotho, sentraal- en noordelike Kaap=

---

1 Lewsen, Phyllis (ed.), *Selections from the Correspondence of J.X. Merriman 1899-1905*, p. 95.

2 *Ibid.*, p. 92.

provinsie en die Kalahari in. Die hoogste dele is in die ooste en word na die weste al laer. Die rand van die plato word deur die platorand gevorm. Dit is byna 'n aaneengeslo= te bergreeks wat aan die oostekant gevorm word deur die Drakensberge met uitlopers na die weste. Die hoogste ge= deeltes is in Lesotho geleë. Verder suid word die plato= rand in die Noordoostelike Kaapprovinsie deur die Stormberge gevorm en daarna is die afsonderlike dele bekend as die Sneeuberge, die Nuweveldberge, die Kamsberge, die Roggeveld= berge en die Kammiesberge. Hierdie bergreekse strek vanaf die Stormberge weswaarts oor die Kaapkolonie tot by die Roggeveldberge vanwaar dit noordwaarts swaai. Van hieraf is die platorand niks meer as net heuwels nie.

Vanaf die platorand na die see loop die land steil afdraand, veral in Natal en Oos-Kaapland. In die suide, in Kaapland, vorm dit terrasse. Die kusvlakte, wat nooit meer as 80 km. breed is nie, vorm die eerste terras. Die tweede terras word gevorm deur die Klein Karoo wat strek van die Lange= berge tot by die Swartberge. Die derde terras is die Groot Karoo en is tussen die Swart- en Nuweveldberge geleë. Die Karoo's is in die droë seisoen 'n onherbergsame gebied en terselfdertyd "a formidable military obstacle to any invasion of Cape Colony on a large scale."[3] Gedurende die tyd is die gebied feitlik net sand, dooie bossies, leweloos en waterloos. "A never ending tract of waterless and treeless country, with an occasional house, apparently put there by mistake."[4] Selfs in die reënseisoen is dit as gevolg van sy dun bevolking en tekort aan voedselvoorrade nog steeds 'n hindernis wat nie ligtelik aangepak kan word nie. 'n Leër moet deeglik voorberei word vir 'n opmarsroete deur die gebied - 'n feit wat die Britse leër baie gou agtergekom het.

---

3 Maurice, F., *History of the War in South Africa 1899-1902*, vol. 1, p. 55.

4 Jeans, T.T. (ed.), *Naval Brigades in South African War 1899-1902*, p. 6.

Die bergreekse van die platorand wat dwars oor die Kaap= kolonie strek, is dus 'n verdere hindernis waarmee deeglik rekening gehou moes word, want dit bemoeilik die deurtog na die noorde. Verder neem hulle in hoogte toe na die noorde met die hoogste punt by Kompaspiek in die Sneeuberge naby Graaff-Reinet, Wes van dié piek lê die Zuurberge wat nie so hoog is nie, maar oos van dié piek lê die veel hoër Stormberge wat later oorgaan in die Drakensberge en wat in 'n halfmaan strek tot aan Lesotho se grens. "They merge into the central mass, are high, rugged, and pierced, by exceeding= ly few roads, forming a strong line of defence."[5]

Dit is dan ook hierdie gebied wat hoofsaaklik Noordoos-Kaap= land vorm. Om dit af te baken in geografiese grense is uiters moeilik, maar vir hierdie studie kan dit soos volg afgebaken word: die noordelike grens word deur die Oranje= rivier vanaf die Bethulie-brug tot aan Lesotho se grens ge= vorm; die oostelike grens is die Drakensberge vanaf Lesotho se grens tot by Elliot, van hier af strek die grens tot by Queenstown in die suide; die westelike grens word gevorm deur dorpe soos Steynsburg, Venterstad en vandaar tot by die Bethulie-brug. Geografies beslaan die gebied dus 'n groot deel van die platorand met sy uitlopers. Veral aan die oostekant van die gebied is dit besonder bergagtig. Die suidelike en sentrale dele word veral deur die Stormberge, Bamboesberge en die Zuurberge beslaan. Die noordelike ge= deelte is platogebied en dus redelik plat en gelyk met hier en daar onderbrekings deur rante en heuwels.

Om met 'n mag deur die Kaapkolonie na die Vrystaat op te ruk, kon daar net van drie roetes gebruik gemaak word. Dit was hoofsaaklik die roetes wat deur die spoorlyne daargestel is, naamlik die Kaap-De Aar-spoorlyn, die Port Elizabeth-Norvals= pont-spoorlyn en derdens die Oos-Londen-Bethulie- en Aliwal-

---

5 *Ibid.*, p. 56.

Noord-spoorlyn. Die spoorlyne was dan ook drie aparte spoorlyne wat vanmekaar geskei is deur berge en kaal vlaktes wat die oorplasing van troepe van die een na die ander baie bemoeilik het. Die enigste oplossing hiervoor was om die troepe wat reeds op see was na die regte hawens te stuur en te sorg dat hulle op die regte spoorlyn geplaas word. Om dit te kon doen het die hawens dus voorkeur beskerming bo die twee sy-spoorlyne, De Aar-Noupoort en Stormberg-Rosmead gekry. Die hawens het egter baie van mekaar ver= skil, en Kaapstad was die beste toegerus, terwyl Port Eliza= beth en Oos-Londen nie juis geskik was vir die doeleindes waarvoor hulle gebruik moes word nie.

Die Kaapkolonie is gedurende die eerste jare van die oorlog deur 'n oorwegend Afrikaanssprekende regering regeer, naamlik die Afrikaner Bond, "and though outwardly Her Majesty's obedient and humble servant, were individually not above a meddling with the forbidden, that in course of time brought several of them within the reach of the law."[6] Met die aan= vang van die oorlog moes die Britse leërleiding dan ook hierdie feit verreken.[7] Wat die bevolking self betref kon daar tussen drie groepe onderskei word: die Britsgesindes, wat ook as die lojaalgesindes bekend gestaan het, en hoof= saaklik in die suide van die Kaapkolonie aangetref is; die sogenaamde republikeinsgesindes wat oor die Kaapkolonie ver= spreid was, maar veral na die noorde in getalle toegeneem het;[8] en diegene wat met die uitbreek van die oorlog by die Boeremagte aangesluit het - die sogenaamde Kaapse Rebelle wat hoofsaaklik in die noordelike deel van die Kaapkolonie ge= vestig was. Die inwoners van Queenstown en die omgewing rondom die dorp was hoofsaaklik Britsgesindes, "but northwards, towards the Free State and Basutoland borders the people are chiefly Dutch, and disloyal almost to a man"[9] - 'n feit wat

6 Brown, H., *War with the Boers: an account of The Past and Present Troubles with the South African Republics*, vol. 3, p. 6.
7 *Ibid.*
8 *Ibid.*
9 Pollock, A.W.A., *With Seven Generals in The Boer War: a Personal Narrative*, p. 17.

later in die oorlog 'n groot rol gespeel het.

Met die oorhandiging van die ultimatum aan Brittanje was die Britse magte soos volg in Suid-Afrika versprei: in Natal was daar altesaam 15 811 Britse troepe; in Kaapland was daar 5 221 Britse troepe en 4 574 Koloniale troepe; in Suid-Rhodesië 1 448 - 'n totale mag van ongeveer 27 054 troe= pe.[10] Oor die presiese getal Britse troepe in Suid-Afrika met die uitbreek van die oorlog is daar egter nie eenstemmig= heid nie. Farwell meen dat: "By the time hostilities actually began, the British had mustered only about 22 000 men and 60 guns in South Africa."[11] Hiermee stem J H Breytenbach saam, en bepaal hy die sterkte van die Britse garnisoene in Suid-Afrika en op see, onderweg daarheen, op 1 Oktober 1899 op 22 104 offisiere, onderoffisiere en man= skappe met altesaam 60 kanonne.[12] As die getal Vrywilligers wat op daardie stadium vir Brittanje in Suid-Afrika diens gedoen het, naamlik 3 672 in Kaapland en 1601 in Natal,[13] bygevoeg word, is die totaal 26 377. Hierdie getal is deur die Britse leërowerhede meer as voldoende geag om die Britse kolonies by die uitbreek van so 'n oorlog teen invalle van die Boere te beskerm en die Britse belange in Suid-Afrika te beveilig.[14] In die geval van 'n oorlog teen die twee Boere= republieke "sou 'n leër van 22 000 man - dit het die Britse krygsowerhede besef - ontoereikend wees. Daar is dan ook reeds in Junie 1899 besluit om daarvoor 'n hele leërdienskorps en 'n kavalleriedivisie uit te rus."[15]

---

10 Breytenbach, J.H. (red.) *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, verder na verwys as Gedenkalbum*, p. 68; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 89.

11 Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 39.

12 Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel 1, p. 141. Soos aangehaal uit Cd., 1789, Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire in= to the military preparations and other matters connected with the War in South Africa, p. 21.

13 Maurice, F., *op.cit.*, p. 94.

14 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 142.

15 *Ibid.*

Die Britse leërmag in Suid-Afrika moes 'n uitgestrekte grens verdedig. Dit het gestrek vanaf ten weste van Portugees Oos-Afrika, in 'n halwe sirkel tot aan die sameloop van die Pafuri- en Limpoporiviere aan die Transvaalse noordelike grens. Groot gedeeltes van die grens is deur Bantoe ge= biede beslaan, en omdat daar besluit is dat dit 'n "witmans= oorlog" sou wees, met ander woorde 'n oorlog tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, hoef hierdie grense nie beskerm te word nie. Die oorbly= wende gedeeltes was egter nog steeds geweldig lank en on= moontlik om deur 27 000 man verdedig te word. Die belang= rikste deel van die grens wat beskerm moes word, was ongetwy= feld die noordwestelike grens van Natal, naamlik die gedeelte tussen Lesoto en Zoeloeland. Meer as die helfte van die Britse leërmag in Suid-Afrika is dan ook vir hierdie taak afgesonder. Hierna is daar veral gekonsentreer op die ver= dediging van die oostelike grens van Griekwaland-Wes. Hierdie deel van die grens was baie blootgestel aan die Boere= magte en die Britse leërleiding kon nie toelaat dat Kimber= ley deur die Boere verower word nie. So 'n stap sou 'n politieke fiasko in die Kaapkolonie veroorsaak en die Britse krygskanse aldaar geweldig benadeel.[16] Eers nadat daar aan hierdie gedeeltes aandag gegee is, is daar oorgegaan tot die beskerming van die noordelike grens van die Kaapkolonie.

Reeds vier maande voor die uitbreek van die oorlog was die Britse leërleiding se planne vir 'n aanval op die Zuid-Afri= kaansche Republiek gereed. Daar is na sorgvuldige oorweging besluit dat "the main line of advance against the Transvaal should be based on the Cape Colony, and should follow gene= rally the line of railway through the Orange Free State to Johannesburg and Pretoria."[17] Die Natalspoorlyn was veel

---

16 *Gedenkalbum*, p. 76.

17 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel i, p. 143, soos aangehaal uit die Britse amptelike History of the War in South Africa, 1, p. 40.

korter, maar die roetes deur die Kaapkolonie was nie so ge=vaarlik nie en was van drie hawens voorsien. Daar is egter nie dadelik tot hierdie plan oorgegaan nie, en wel om ver=skillende redes: eerstens was daar nie genoeg troepe en krygstuig in Suid-Afrika nie, en tweedens het die Britte nie geweet of die Vrystaat neutraal in die oorlog gaan bly en of hierdie republiek by Transvaal gaan aansluit nie.

Met bogenoemde plan in gedagte het sir William Butler, die Britse opperbevelhebber in Kaapland, 'n belangrike rol in Suid-Afrika vervul. Voorsien van inligting dat die Boere=magte eers Natal sou binneval, moes Butler in sy verdedi=gingsplanne veral op die volgende gebiede konsentreer: die gedeelte van die grens tussen die Oranjerivierbrug en die Vaalrivier, 'n gedeelte van die grens wat baie kwesbaar was; die Oranjerivier-grens oos van die Oranjerivierbrug tot aan Lesotho se grens en die driehoek in Noord-Natal wat gevorm word deur Charlestown, Mont-Aux-Sources en die Mtonjanenidistrik. Verder moes hy ook in gedagte hou dat die Oranjerivier, behalwe by die brûe, gedurende die reën=seisoen onoorkombaar was en dat dit gedurende die ander tye weens die dryfsand net so moeilik oorgesteek kon word. Butler moes ook in sy defensiewe beplanning in aanmerking neem dat 'n offensiewe opmars slegs van stapel gestuur kon word wanneer daar genoegsame Britse troepe in Suid-Afrika was.[18]

Met bogenoemde feite in gedagte het Butler voorgestel dat die troepe in Natal verdeel moes word. Die een deel moes by Dundee-Glencoe gestasioneer word en die ander deel van die Britse magte by Ladysmith. In die Kaapkolonie sou hy met die klein getal troepe, ongeveer 9 000, trag om die belang=rike spoorwegstasies, De Aar, Noupoort en Molteno of Storm=berg te beskerm deur sterk Britse afdelings by Oranjerivier=stasie en Kimberley te vestig. Verder het hy beplan om buiteposte by Colesberg, Burgersdorp en Philipstown op te rig.

18 Maurice, F., *op.cit.*, p. 37.

Hierdie plan van Butler het by die Britse leërleiding by=
val gevind. "Hulle het daarin die moontlikheid bespeur om die aandag van die Boere na verskillende rigtings af te lei vanwaar geen werklike gevaar gedreig het nie, en die Boere=
magte aldus te verdeel, en hulle het dan ook besluit om dit onverwyld op te volg."[19] Voorts sou die Boeremagte se aandag ook afgetrek word van die belangrikste roete van op=
mars na Transvaal, naamlik die Suide. Hierin het hulle, soos later gesien sal word, volkome geslaag.

Vir 'n Boere-inval in die Kaapkolonie was die Britse leër=
leiding in hierdie stadium nie bevrees nie, maar wel dat die "onlojale" bevolking van Noord-Kaapland verlei mag word om by die Republikeinse magte aan te sluit, en dat die Republikeinse magte, as die grens heeltemal onbewaak is, kommando's mag organiseer om oor die grens te gaan. Verder het hulle ook besef dat die spoorlyne, wat vir die Engelse se offensief uiters belangrik was, nie onbewaak kon bly nie. Na aanleiding van voorafgaande het die Britse leërleiding besluit om 'n paar troepe-poste in Noordoos-Kaapland op te rig. Die taak van die buiteposte sou dan ook uitsluitlik wees om potensiële rebelle te ontmoedig, om by die Britsge=
sindes vertroue in te boesem, te waak teen strooptogte van Boerekant, die spoorweë te beskerm en ook om te dien as voor=
opgerigte basisse vir die Britse leër wat nog op see was en die Republieke moes platloop.[20]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 was die Britse troepe dwarsoor Suid-Afrika versprei. Die persoon wat hierin 'n belangrike rol gespeel het was genl. F W Forestier-Walker, wat genl. Butler as opperbevelhebber van die Britse troepe in Kaapland vervang het. By Oranje=

---

19 Bretytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 145.
20 cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 41; Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 148.

rivierstasie was daar tussen 1 200 tot 1 300 man. Die groep was saamgestel uit een seksie van die *Royal Garrison Artillery*, een seksie van die *Royal Engineers* se 7de kompanie, vier kompanies van die *Royal Munster Fusiliers* se 1ste bataljon, 'n gedeelte van die *Royal North Lancashire Regiment* se 1ste bataljon en een kompanie berede infanterie van die *Royal Munster Fusiliers* se 1ste bataljon. By De Aar was een seksie van die 7de kompanie van die *Royal Engineers*, een seksie van die 29ste kompanie van die *Royal Engineers*, die 1ste bataljon van die *Northumberland Fusiliers*, vier kompanies van die 2de bataljon van die *King's Own Yorkshire Light Infan=try*, 'n kompanie berede infanterie van die *Northumberland Fusiliers* se 1ste bataljon. 'n Getalsterkte van ongeveer 1 350 tot 1 450 man. Te Noupoort, wat met die oog op die voornemende Britse offensief uit die Suide net so belangrik was as De Aar, was daar tussen 600 tot 700 manskappe met twee 9-ponder kanonne gestasioneer. Hierdie mag het bestaan uit een seksie van die *Royal Garrison Artillery*, een seksie van die 29ste kompanie van die *Royal Engineers*, vier kompanies van die *Royal Berkshire Regiment* se 2de bataljon en een kompanie berede infanterie van die *King's Own Yorkshire Light Infantry*. By Stormberg, wat die aansluiting van die spoor=weë tussen Oos-Londen en Bloemfontein was, was daar sowat 600 tot 700 manskappe met twee 9-ponder skeepskanonne. Die mag het bestaan uit een seksie van die *Royal Garrison Artille=ry*, een seksie van die *Royal Engineers* se 29ste kompanie, vier kompanies van die 2de bataljon van die *Royal Berkshire Regiement* en nog een kompanie berede infanterie van dieselfde regiment se 2de bataljon.[21]

Aan Boerekant was hulle ook druk besig om te mobiliseer. Die getalsterkte van die twee Boere-republieke op 11 Oktober 1899 word bereken op 32 500 man.[22] Oor hierdie getal is

21 *Ibid.*, pp. 148-149; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 455; *Gedenkalbum*, p. 77.
22 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 153.

daar egter nie eenstemmigheid nie: "there are, in the first place, no exact statistics available for military service on the outbreak of war."[23] Daar is 'n verskil van ongeveer 2 persent tussen die Britse inligting-devisie se skatting van 53 643 en die huidige skatting van die Suid-Afrikaanse historici van 54 667. Daar is ook bronne wat beweer dat die Boere se getalle 87 365 was.[24] Hierdie getal is egter hoogs oordrewe, want selfs die Britse inligtingsdiens se skatting na die oorlog was slegs 72 975. Hierdie getal is bepaal volgens die getal Boere wat gevang, oorgegee of ge= wond was of Suid-Afrika vrylik verlaat het. Dit het ook die Rebelle en buitelanders wat geveg het, ingesluit. Volgens Amery was die gesamentlike sterkte van die twee Boere-republieke 53 643, en dan erken die bron dat die "field cornets' lists were not very accurately kept, and a certain number of names probably figured on more than one list, so that the real total was, perhaps, a little less."[25] As daar ook nog in aanmerking geneem word dat alle burgers nie diens gedoen het nie en dat daar ook nog seuns onder 16 jaar en mans bo 60 jaar was wat gedurende die oorlog vrywillig by die Boeremagte aangesluit het, kan die getal op ongeveer 50 000 geskat word. As die 10 000 Rebelle en 2 500 buite= landers hierby gevoeg word, kom die getal te staan op tussen 60 000 en 65 000.[26] Daar was egter nie dwarsdeur die oor= log soveel man in die veld nie en die strydende burgers aan die begin van die oorlog word op tussen 37 000 en 40 000 be= paal.[27] Hiermee stem die volgende uiteensetting ooreen, naamlik dat daar aan die Natalfront 17 500-, in Wes-Transvaal 6 000-, Wes-Vrystaat 4 800-, aan die Noordfront 1 700- en aan die Suidfront 2 500 man was - 'n totaal dus van 32 500 man. As die 1 500 tot 2 000 man in Oos-Transvaal en 1 000

23 Spies, S.B., *Methods of Barbarism?*, p. 16.
24 Maurice, F., *op.cit.*, p. 86.
25 Amery, L.S., *The Times History of The War in South Africa, 1899-1902*, Vol. 2, pp. 87-89.
26 *Ibid.*, p. 88.
27 *Ibid.*

man op die Lesotho se grens hierby gevoeg word, word 'n totaal van 32 000 en 35 000 man bereik.[28] Dit wil dus voorkom dat die getalsterkte van die Boeremagte met sekerheid tussen 35 000 en 40 000 bepaal kan word.[29] Hierteenoor was die Britse magte in Suid-Afrika met die uitbreek van die oorlog 27 000 man.[30] Die totale Britse mag het uiteindelik op 440 000 tot 500 000 man te staan gekom.[31]

Aan die Suidfront is daar ook nie eenstemmigheid oor die ge= tal Boere wat daar geveg het nie. Die rede vir die probleem om presies die sterkte van 'n mag te bepaal, moet gesoek word in die organisasie van die Boeremagte. "A commando was a commando, of whatever members it consisted; and these con= tributed by districts greatly varying in population, ranged from 300 to 3 000 men."[32] Volgens verskeie bronne kan egter met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat die getal Boere wat aan die suidelike front geveg het, ongeveer 2 500 man was.[33] Landsdowne som egter die situasie baie mooi op toe hy in Maart 1903 sê: "I do not suppose anybody will ever know how many Boer men confronted us."[34]

Aanvanklik is daar gereken dat die Boere se getalle teen hulle sou tel; dat daar nie goeie generaals is wat die Boeremagte kan aanvoer nie; dat hulle nie oor genoegsame voorrade in die kampe beskik nie, en dat hulle met die eerste grootskaalse aanval uitmekaar gaan spat. "These critics failed to realise fully the extent to which the separate commandos, and even the separate burghers, looked after them= selves, whether in the camp or on the battlefield."[35] Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat die Boere nog nooit teen moderne artillerie of opgeleide kavallerie te staan

---

28 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 153.
29 cf. Farwell, B., *op.cit.*, p. 51; Amery, L.S., *op.cit.*, Vol. 2, p. 124; Gronum, M.A., *Die Ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899-1900*, p. 35.
30 cf. p. 5 van dié hoofstuk.
31 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 3.
32 Maurice, F., *op.cit.*, p. 78.
33 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 153; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 50; Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 124.
34 Spies, S.B., *op.cit.*, p. 78.
35 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 89.

gekom het nie en dat dit baie moeilik was om te voorspel of hulle die toets sou deurstaan. Die Boeremagte was egter gereed vir alle gebeure en "tot verbazing der Engelschen belik die Zuid-Afrikaansche Republiek volkome toegerust tot den strijd."[36]

Aan die begin van die oorlog was die Boere-leërleiding se hele strategie defensief van aard. Die burgers is na die onderskeie grense gestuur met die uitsluitlike doel om hul eie grondgebied te beskerm en om nie aan te val nie. Hierdie plasing van die Boeremagte op die grense is bepaal deur die posisies waar die Britse strydmagte gestasioneer was.[37] In hierdie beplanning het die Republieke die fout begaan om nie "rekening te hou met die veldtogplanne wat die Engelse vir die toekoms beraam het nie."[38] Die Repu=blieke se hoofdoel was dus om 'n stewige front teen die voor=genome Britse aanvalle op te stel - 'n front wat, soos hulle die Britse veldtogplanne vertolk het, die sterkste moes wees waar die Engelse se aanslag die felste sou wees. Die Boere was egter nie op die hoogte met die Britse veldtogplan nie, en het hulle afleidings gemaak uit die wyse waarop die Britse troepemagte in die land op die vooraand van die oorlog verdeel is.

Die sterk Britse strydmagte in Natal was vir die Boere-leër=leiding die grootste bedreiging, en hulle het dadelik meer as die helfte van die opgekommandeerde burgers na die Natal=front gestuur. Dit is interessant om daarop te let dat die Britse leërleiding weer van die standpunt uitgegaan het dat die republieke, en in besonder dan die ZAR, graag Natal sou wil verower. Verder was hulle van mening dat die Boere, as gevolg van die sametrekking van die Britse magte hier, 'n offensiewe doel ingedagte gehad het.[39]

---

36 Van Everdingen, W., *De Oorlog in Zuid-Afrika: Eerste Tijdvak*, p. 1.
37 cf. p. 9 van dié hoofstuk.
38 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 150.
39 cf. *Gedenkalbum*, p. 50.

Die Wesfront was die tweede gevaarpunt. Weereens het die Boere die sametrekking van die Britse magte hier as 'n be= dreiging vir die republieke beskou en 'n sterk burgermag vir hierdie gebied afgesonder. Die feit dat hier slegs twee klein Britse afdelinkies van ongeveer 500 man elk, onder leiding van kol. R S S Baden-Powell, was, en 'n Boeremag van 8 000 man daar saamgetrek is, bewys die feit dat die Boere-leërleiding die Britse veldtogplan verkeerd vertolk het.[40]

Met die Oos- en Wesfronte goed beveilig, het die republieke nou op die suidelike grens van die Vrystaat gekonsentreer. Die Britse troepe in die Suide, wat te Noupoort, De Aar en Stormberg geleë was, het nie veel aandag van die Republieke geniet nie. Hiervoor kan daar veral twee redes aangevoer word: eerstens was hierdie grensposte te ver van die grens af geleë om enige bedreiging vir die republieke in te hou, en tweedens was die troepe wat hier gevestig is te swak om 'n aanval oor die grens te loods. Dit was een gebied waar die Boere die regte afleidings ten opsigte van die Britse veldtogplan gemaak het. Hierdie troepe was slegs daar vir defensiewe doeleindes en moes slegs verhoed dat die pro-Boergesinde Noorde in 'n staat van rebellie ontaard.[41] Wat hulle egter nie besef het nie, was dat hulle inderdaad die voorpunt van die leërmag was, wat bestem was om die Republieke te verower.[42] Die republieke kon egter nie die deel van die grens onbewaak laat nie, want die moontlikheid van 'n aan= val vanuit hierdie gebiede was nog altyd daar. Die burgers van die Vrystaat se suidelike distrikte, naamlik Philippolis, Bethulie, Rouxville en Caledonrivier is vir die beskerming van die grensgebied opgeroep. In totaal het hulle ongeveer 1 500 man getel en was in drie afdelings verdeel wat die

---

40 Maurice, F., *op.cit.*, p. 50; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, pp. 146-147; Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 37.

41 cf. p. 8.

42 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 149; *Gedenkalbum*, p. 81.

vernaamste oorgange oor die Oranjerivier moes verdedig. Hierdie oorgange was: die brug naby Aliwal-Noord, met die doel om te waak teen 'n aanval van die troepe by Stormberg, en een derde van die bogenoemde burgermag was onder bevel van hoofkmdt. J H Olivier en kmdt Hans Swanepoel. By die Bethuliebrug is kmdte Hans Swanepoel en F J du Plooy onder hoofkmdt. Olivier met dieselfde direkte mag as bogenoemde geplaas, met die doel om invalle vanaf Stormberg en Noupoort af te weer; by die brug by Norvalspont is hoofkmdt E R Grobler geplaas, met dieselfde grootte mag as die ander, met die opdrag om enige aanslag vanaf Noupoort of De Aar af te weer.[43]

Oor hierdie veldtogplan van die republieke was daar baie kritiek. Vereers het die Boere-leërleiding nie van hulle uitstekende posisie aan die begin van die oorlog, om die Britse magte in Suid-Afrika aan te val, gebruik gemaak nie. "The lack of the generals was undoubtedly one of the causes of the slowness of the Boers to take advantage of their great opportunities during the early months of the war."[44] Die enigste twee leiers wat krygsondervinding gehad het, was kmdt.-genl. Piet Joubert en genl. P A Cronje. Genl. Joubert was al sewentig jaar oud en wou geen offensiewe veldtog in die Britse kolonies loods nie. Hy het geglo dat as die Boere 'n defensiewe houding inneem, hulle eerder die seën van die Here sal ontvang as wat hulle offensief sou op=tree.[45] Genl. Cronje was 'n beter leier, maar "as a strate=gist he showed himself quite as inactive and undiscerning as Joubert."[46] Hiervan getuig die feit dat die Natalse grens hom uitstekend daartoe verleen het om op al die maklik verdedigbare strategiese plekke burgerwagposte te plaas, maar hulle het egter die Britse veldtogplan verkeerd vertolk en

---

43 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 1, p. 149; cf. Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 35; Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 124.
44 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 90.
45 *Ibid.*
46 *Ibid.*

die grootste gedeelte van die Boeremagte hierna toe gestuur, terwyl "the weakest spot in the British defence, the line of the Orange River, was almost neglected."[47] Hier aan die suidelike grens kon hulle sonder enige noemenswaardige teen=stand tot diep binne die Kaapkolonie binnedring. Oor die bedreiging van 'n latere aanval vanuit hierdie rigting was hulle nie bekommerd nie en het hulle slegs swak toegeruste kommando's van die Boeremagte hier geplaas.[48] Daar is voor=keur aan Natal gegee omdat dit baie makliker was om burgers vir die gebied te mobiliseer. Verder het die Britse leër=leiding ten volle in hulle "bluff"-beleid geslaag en die Boeremagte in twee verdeel.[49]

Intussen was die Britse leërleiding besig om Britse troepe in Brittanje te mobiliseer sodat die 27 000 Britse troepe in Suid-Afrika tot 50 000 vermeerder kon word.[50] Verder is genl. sir Redvers Buller aangewys as opperbevelhebber van die Britse mag in Suid-Afrika. "His fitness for the job now entrusted to him cannot be questioned. He is the best soldier of his standing available for the present crisis."[51] Buller het egter nie presies dieselfde oor die saak gevoel nie en hy sê: "I thought I could fairly say that I could hold my own with any officer in the Army; but... I had never been in a position where the whole load of responsibility fell upon me, alone, in the manner it would were I in command of such an expedition 6 000 miles away from home."[52] Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar op die oomblik nie 'n beter man in Brittanje vir die posisie was nie, maar dat Buller ook self in sy vermoëns om die Britse magte in Suid-Afrika aan te voer, getwyfel het - 'n faktor wat in die latere verloop van die oorlog 'n belangrike rol gespeel het. Buller was egter nie 'n leek op die gebied van oorlogvoering nie, maar het jare se ondervinding gehad. Dit is dan ook nie

---

47 *Ibid.*, p. 124.
48 cf. *Gedenkalbum*, p. 81.
49 Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 38.
50 cf. Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 113; Cassels, *op.cit.*, vol. 1, p. 78; 119.1189.
51 Farwell, B., *op.cit.*, p. 85.
52 Griffith, K., *Thank God we kept the Flag Flying, the Siege and Relief of Ladysmith, 1899-1900*, p. 10.

vreemd dat hy uit die staanspoor teen 'n aanvalsroete vanuit Natal gekant was nie. "He plumbs for '... the route via Bloemfontein (as) the route, and the only route, by which an English Expeditionary force could, with fair prospects of succes, attack Pretoria."[53] Die enigste werklike pro= bleem met die roete was dat daar nog nie sekerheid was of die Oranje-Vrystaat neutraal in die oorlog gaan bly en of aan die kant van die Zuid-Afrikaansche Republiek gaan veg nie. Hieroor was Buller baie duidelik "our relation to the Orange Free State should, if possible, be definitely put upon a known basis before any invasion of the Transvaal is attempted. A hostile friend is worse than a declared enemy; and the route to be adopted in operations against Pretoria must chiefly be decided on with regard to our relations with the Orange Free State."[54] Die kwessie is egter op 4 Desember 1899 vir Buller opgelos toe pres. M T Steyn verklaar het dat die Vrystaat aan die kant van Trans= vaal tot die stryd gaan toetree.

Dit het finaal die Britse veldtogplan, wat al reeds op 29 September 1899 goedgekeur is en aan Buller deur lord Lands= down, Britse Minister van Oorlog, meegedeel is, in werking gestel. Die opmarsroete sou deur die Kaapkolonie geskied, en vir die doel was die Kaapkolonie se drie hawens uiters geskik - "al converging on the southern border of the Free State."[55] Die verdediging van Natal sou aan sir George White met 15 000 man oorgelaat word. Die res van die Britse magte en die hele *First Army Corps* wat nog op pad van Brit= tanje was, sou gebruik word om vanuit die Kaapkolonie na die Vrystaat op te ruk.

---

53 *Ibid.*, p. 11.
54 *Ibid.*, p. 12.
55 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 2, p. 119; cf. Brown, H., *op.cit.*, vol. 3, p. 3..

# HOOFSTUK 2

# DIE REPUBLIKEINSE INVAL IN NOORDOOS-KAAPLAND

Vanaf 11 Oktober 1899, met die uitbreek van die Anglo-Boere=oorlog, tot 1 November 1899, was daar geen noemenswaardige krygsoptrede in Noordoos-Kaapland nie. Die Boeremagte en hier spesifiek die Vrystaatse burgers, het net langs die noordelike grens gelê sonder om van die geleentheid gebruik te maak om die onbeskermde gebied binne te val - 'n versuim van optrede wat aandag vereis.[1] Daar moet veral op gelet word dat generaal Piet Joubert, net nadat die Tweede Volks=raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek besluit het om 'n ultimatum aan die Britse regering te stuur, die volgende op 'n informele vergadering voorgestel het: "Die eerste wat ons moet doen voor Engeland klaar is, is ons moet Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban, die vier hawens wat treinspore het, vat. Dan het ons die hele land agter ons."[2]

---

1 Sien Hoofstuk 1 p. 14.

2 A.424: 'n Beëdigde verklaring van Pieter Cornelius Joubert, gebore te Kantienpoort, Lady Grey. Hy was lid van die tweede Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek. Oor generaal Joubert sê Amery die volgende: "He entered into the war unwillingly, deeply im=pressed with the belief that in carrying an offensive campaign into British territory, the Boers could never win the devine favour in the same degree as if they had waited within their own borders to repel the British attack." Amery, L.S., *The Times history of The War in South Africa, 1899-1902*, vol. 2, p. 90. Na aanleiding van bogenoemde stelling van Joubert, blyk hierdie aanval van Amery on=regverdig te wees. Daar moet nog verder daarop gelet word dat genl. Joubert, tydens die besetting van Ladysmith, voorgestel het dat "2 000 man by Ladysmith te laat om, as die Engelse uittrek, hulle terug te skiet. Ons ander moet dan almal aftrek en Durban vat." (A 424, *op.cit.*). Amery het dus geen reg om genl. Joubert te beskuldig van laksheid nie. Wat wel gebeur het, was dat die Krygsraad Jan Lombaard se voorstel van om Ladysmith "rond en om vas te lê sodat niks kan in of uit nie," (*Ibid.*) aanvaar het.

Hierdie plan sou uitstekend gewerk het, want "When the war broke out Cape Colony was practically defenceless; and had the Boers made a raid in strong force and with promptitude, they might almost have reached Cape Town and Port Elizabeth. If not quite."[3]

Deur so 'n optrede sou die Boere die hele Britse oorlogspoging lam gelê het. Dit sou ook vir die Britse magte baie moeilik gewees het om die twee Boerestate te verower, indien nie on=moontlik nie.[4]

Die vraag ontstaan dus hoekom hierdie uitstekende voorstel van genl. Joubert nooit ten uitvoer gebring is en Noordoos-Kaapland nie deur die Vrystaatse magte binngedring is nie. Die antwoord hierop word deur genl. Joubert self verstrek: "Die Vrystaat is ons bondgenoot en President Steyn het ge=weier. Daarom is dit nie uitgevoer nie."[5]

Dwarsdeur die verloop van die geskiedenis was daar 'n nouer samewerking tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie as tussen Transvaal en die Kaapkolonie. Daar was dus sekere vriend=skapsbande wat pres. Steyn nie oor die hoof kon sien nie. Hierdie besondere verhouding tussen die twee state is duide=lik te bespeur in die onderhandelinge tussen Milner en pres. Steyn. Reeds op 19 September 1899 telegrafeer Milner aan pres. Steyn dat hy 'n klein afdelinkie van die troepe wat gewoonlik in Kaapstad gestasioneer is, na die noordelike grens van die Kaapkolonie gaan stuur "to assit in securing the line

---

3 *Cassels History of the Boer War, 1899-1902*, vol. I, p. 49; cf. Pollock, A.W.A., *With Seven Generals in The Boer War: A Personal Narrative*, p. 22; Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 84; Maurice, J., *History of the War in South Africa, 1899-1902*, vol. I, p. 51.

4 Breytenbach, J.H., *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, Deel I, p. 437.

5 A 424: *op.cit.*

of communication between the Colony and the British Territo= ries lying tot the north of it."[6] Milner gaan voort deur aan pres. Steyn die versekering te gee dat hierdie stap in geen opsigte teen die Vrystaat gemik is nie.[7]

Dit is egter onverstaanbaar hoedat Milner hierdie versekering aan Steyn kon gee, want in hierdie stadium was die Britse veldtogplan alreeds vier maande in wording en is dit net tien dae, naamlik op 29 September 1899, na sy telegram aan= geneem. Dit kan wees dat Milner nie daarvan bewus was dat die veldtogplan[8] 'n opmarsroete deur die Vrystaat ingesluit het nie en die rede is hoekom hy aan pres. Steyn die verseke= ring kon gee dat die optrede nie teen die Vrystaat gemik is nie. Die probleem word nog verder bemoeilik toe Milner in dieselfde telegram aanvoer: "Her Majesty's Government look to the Government of the Orange Free State to preserve strict neutrality and to prevent any military intervention by any of its citizens, and are prepared to give formal assurances that in that case the integrity of the Orange Free State territo= ry will be strictly respected."[9] In die lig van die Britse veldtogplan is dit heeltemal onverstaanbaar hoe Milner hier= die versekering kon gee.

Pres. Steyn se antwoord nog dieselfde dag het dit baie duide= lik gestel dat hy nie tevrede voel oor Milner se plan om troepe na die grens te stuur nie, want "if the proposed course be pursued, following as it will on other military preparations near our borders, it will not improbably be con= sidered by our burghers as a menace to this State and will in any case and naturally create a very strong feeling of distrust and unrest amongst them. If un-wished for deve= lopment should arise therefrom the responsibility will not rest with this Government."[10]

---

6 *Northern Post and Border News*, 22 September 1899, k. 3.
7 *Ibid.*
8 Sien Hoofstuk 1 p. 6 ; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 143.
9 *Northern Post and Border News*, 22 September 1899; cf. *The Eastern Province Herald*, 2 Oktober 1899, k. 3.
10 *Northern Post and Border News*, 22 September 1899, k. 4.

Steyn gaan voort deur dit duidelik aan Milner te stel dat sy regering nie graag die "friendly relations which have hitherto existed between Great Britain and this State"[11] wil verbreek nie. Dit is dus duidelik uit pres. Steyn se antwoord dat hy nie graag met die Kaapkolonie en die Britse regering in 'n stryd betrokke wil raak nie.

'n Verdere punt wat in gedagte gehou moet word, is die ver=houding wat pres. Steyn met die Bondsministerie in die Kaap=kolonie gehad het. Met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899, stuur W P Schreiner, Eerste Minister van die Kaapkolonie, 'n telegram aan pres. Steyn om hom daaraan te herinner "that I (Schreiner) am confident that the terri=tory of this Colony will not be invaded from your State and beg Your Honour to press the same obstinance upon His Honour the President of the South African Republic. The forces on our border are not more considerable than defensive pur=poses require."[12] Dit blyk duidelik dat Schreiner wou ver=hoed dat die Vrystaat en Transvaal die Kaapkolonie inval en in die lig van sy vrees dat daar 'n opstand onder die Koloniale Afrikaners kon uitbreek, is dit te verstane.[13] Sy stelling dat die troepe op die noordelike grens van die Kaapkolonie net vir defensiewe doeleindes daar is, is ook te verstane, want in hierdie stadium was die troepe aan die noordelike grens feitlik nie eers sterk genoeg om as defensiewe magte op te tree nie.

---

11 *Ibid.*, k. 3-4.

12 Schreiner, W.P., *Correspondence with State President of the OFS*, p. 3; cf. Meintjies, J., *Stormberg a los opportunity* , (hierna vermeld as Stormberg) p. 6; cf. Strydom, C.J.S., *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 59.

13 Die opstand onder die Koloniale Afrikaners word in 'n latere hoof=stuk bespreek.

Die probleem ontstaan egter rondom sy versoek dat die Kaapkolonie nie deur die Vrystaatse burgers ingeval moes word nie, want toe pres. Steyn antwoord: "Assurance could be given that Cape Colony Territory will not be invaded if you could give this Government a guarantee that this State will not be invaded from the territory of the Cape Colony and also that no troops will be allowed to go through the Cape Colony or moved within the said Territory towards the border of this State or that of the South African Republic,"[14] was Schreiner se antwoord: "It is of course not possible that I should give the assurance desired by Your Honour as I have no control whatever regard to the disposition of Imperial troops or their movements."[15] Dit was wel waar, maar wat 'n mens van hom nou verwag het was om onsydig op te tree.[16] So kon Schreiner byvoorbeeld sy neutraliteit geëis het van die Britse regering en sodoende verhoed het dat die Kaapkolonie as 'n opslagplek gebruik word. Meer nog, as Schreiner geweier het dat die spoorlyne in Kaapland vir militêre doeleindes gebruik word, sou Engeland gedwing gewees het om ook oorlog teen die Kaapkolonie te verklaar en dit sou weer meegebring het dat die Kapenaars wat hulle by die Boerekommando's aangesluit het, nie rebelle en opstandelinge genoem kon word nie.[17] Aan die ander kant moet Schreiner nie te kras veroordeel word nie, want as die bevolkingsamestelling van die Kaapkolonie in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat hy ook die Engelssprekende in die Kolonie moes tevrede stel. Die Bondsministerie het dus van die standpunt uitgegaan "to sit on a British and a Boer stoel."[18]

---

14 Schreiner, W.P., *op.cit.*, p. 3; cf. Breytenbach, J.H., (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 223 (hierna vermeld as Gedenkalbum); Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 149; Lewsen, P., *Selections from the Correspondence of J.X. Merriman, 1899-1905*, p. 104.

15 Schreiner, W.P., *op.cit.*, p. 4.

16 Penning, L., *De Oorlog in Zuid Afrika: Die Strijd tusschen Engeland en de verboden Boeren-Republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst*, p. 410.

17 *Ibid*.

18 Davitt, M., *The Boer Fight for Freedom*, p. 227.

Uit pres. Steyn se oogpunt beskou, moes hy die versekering kry dat die Vrystaat nie vanuit die Kaapkolonie aangeval sou word nie. Verder moes hy ook in aanmerking neem dat baie van sy Burgers se familielede in die Kaapkolonie was en dat hy nie sommer die gebied kon binneval nie. Dit is dan ook veral om hierdie rede dat hy gepoog het om van Schreiner die versekering te kry dat hy nie sou toelaat dat die Kaapkolonie as 'n opslagplek gebruik sou word nie, want as dit sou gebeur, sou hy geen ander keuse hê as om die Kaapkolonie binne te val nie. In die lig hiervan en die feit dat die Vrystaat vriend=skapsbande met die Britse regering gehad het, is dit te ver=stane dat pres. Steyn nie sonder meer met genl. Piet Joubert se voorstel kon inval nie. Dit wil dus voorkom asof pres. Steyn net soos die ander Boeregeneraals ook om die bos gelei is deur die Britse sametrekking van troepe in Natal. Tog merk ons in Steyn se telegram aan Schreiner dat hy nie die vrede vertrou het nie en die versekering wou hê dat die Vry=staat nie vanuit die Kaapkolonie aangeval sou word nie. 'n Mens wonder onwillekeurig wat die verloop van die oorlog sou gewees het as Steyn Joubert se voorstel aanvaar het. Die versuim om Noordoos-Kaapland binne te dring vanuit die Vrystaat moet dus in die eerste plek toegeskryf word aan die onderhandelings tussen Steyn en Milner en Schreiner en die vrees dat die Bondsministerie in Kaapland aanstoot sou neem.

Die voorafgaande moet egter nie as die enigste rede vir die Boere se passiewe houding aan die noordelike grens van Noord=oos-Kaapland gesien word nie. Ten spyte van die feit dat so 'n inval in die Kaapkolonie vir die Boeremagte talle voor=dele ingehou het, was daar ook nadele aan verbonde. Eerstens moet in gedagte gehou word dat so 'n inval die Boeremagte se versendingslyne baie sou verleng en dit weer sou veroorsaak dat die verspreiding van voorrade baie moeilik sou plaasvind. Die groot vrees was egter dat die Boerekommando's wat die gebied binneval, afgesny sou word van die res van die Boere=

magte in die twee Republieke.[19] Die Republikeinse leër= leiding moes egter ook die bevolking van die gebied wat hulle wou inval, in aanmerking neem, want hier was ook 'n sterk Engelssprekende gemeenskap veral in Queenstown en Molteno aanwesig. Deur so 'n inval te loods kon hierdie groep ook in opstand kom en sodoende die hele inval neutraliseer. Dit kon weer tot gevolg hê dat die Koloniale Afrikaner sy steun aan die Boeremagte onttrek, iets wat die Boeremagte nie kon toelaat nie, want dit was juis op hierdie steun wat hulle gehoop het om uiteindelik die oorlog te wen. Deur die Kaapkolonie binne te val, kon die Republieke as die aggressors in die stryd uitgebeeld word en kon dit veroorsaak dat hulle (deur so 'n optrede) dit vir die pro-Boer in Engeland en elders in die Britse wêreld onmoontlik gemaak het om langer vir hul belange te stry.[20] Dit kon die Boeremagte nie in hierdie stadium toelaat nie.

'n Baie belangrike faktor wat die Boeremagte laat huiwer het om 'n inval in Noordoos-Kaapland te loods, was die rol wat die Swartman in die oorlog sou speel. Alhoewel daar reeds heel aan die begin van die oorlog verklaar is dat dit 'n "witmans= oorlog" is, was daar tog duidelike onrus onder die ver= skillende Bantoestamme.[21] Hier kan veral die Basoeto en die Xhosa genoem word. As gevolg van die verloop van die geskie= denis kon die Boeremagte nie met sekerheid aanvaar dat die Swartman nie teen hom sou veg nie. Hulle moes dus ook ge= reed wees om 'n aanval van hierdie kant af die hoof te bied. Pollock skryf dan ook dat daar baie redes is vir die Boere se passiewe houding op die noordelike grens van die Kaapkolonie: "but that which found most supporters was that the enemy (Boere) feared complications with the Basutu's."[22] Die

---

19 Dit was dan ook juis hierdie vrees, soos ons later sal sien, wat ver= oorsaak het dat die Boeremagte oorhaastig uit Noordoos-Kaapland ont= trek is.

20 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 152.

21 Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 40; cf. Cassels, I., p. 35.

22 Pollock, A.W.A., *With Seven Generals in The Boer War*; A personal Narrative, p. 23; cf. *Eastern Province Herald*, 10 Oktober 1899, k. 5; cf. Cassel's, *op.cit.*, vol. I, p. 53.

feit dat pres. Steyn met die uitbreek van die oorlog 'n komman= do na die oosgrens van die Vrystaat gestuur het, bewys dan ook die waarheid van hierdie stelling. In Noordoos-Kaapland moes die Boeremagte veral aandag gee aan die toestande in die gebied wat bekend gestaan het as Herschel.[23] Die feit dat die Boeremagte op die noordelike grens van die Kaapkolonie 'n passiewe houding ingeneem het, kan dus nie toegeskryf word aan "the hesitation and indolence of their commandants"[24] nie, maar ook aan voorgenoemde redes.

Toestande aan die noordelike grens van Noordoos-Kaapland het egter verander en alles het daarop begin dui dat die gebied vir die Republieke se voortbestaan 'n bedreiging word. Byna 'n maand lank het die Boeremagte aan die noordelike grens van Noordoos-Kaapland gelê sonder om teen die Britte op te tree. Dit het die geleentheid gebied "to strengthen his weak garri= sons in the most vital points for him to be able to hold south of the Orange River",[25] naamlik Noupoort en De Aar. Dit is dus duidelik dat die Boeremagte met die uitbreek van die oor= log geen besef gehad het van die groot waarde wat die Engelse leërleiding aan Kaapland as militêre basis geheg het nie en dat hulle nie ingesien het dat die Britse offensief teen die Republieke vanuit die Suide gelloods kon word nie.[26] Die Britte het dus uitstekend daarin geslaag om die Boere op 'n dwaalspoor te plaas.

Tot in hierdie stadium was die Kaapkolonie en veral Noordoos-Kaapland, baie swak verdedig. Teen die einde van September is 'n reeks militêre poste aan die suidelike grens van die Vrystaat gevestig, en wel by Oranjerivier-stasie, Noupoort en Stormberg - "each post including a half battalion of regular

---

23 Die gebied is geleë tussen Aliwal-Noord en Lady Grey. Later in die hoofstuk word meer na die gebied verwys.
24 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 291.
25 Davitt, M., *op.cit.*, p. 227.
26 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 437; *Gedenkalbum*, p. 223.

infantry and a section of engineers."[27] Verder was daar by Oranjerivier-stasie, Noupoort en Stormberg elk twee nege pond RML-kanonne en ook 'n kompanie berede infanterie. Die kanonne is beman deur 'n garnisoen artilleriste van die Vloot= basis by Kaapstad. Verder is ook gepoog om die *Cape Police* te vestig op verskeie observasieposte "and to take any steps that may be necessary to maintain at good strength the detach= ments of Police in Barkly East, Aliwal North and Herschel."[28] Hierdie drie plekke was dan ook beter beman as enige ander plek. "Behind the weak line thus coldly pushed out in the face of the enemy there was no regular troops whatever in the Colony, except half a battalion and a half of garrison gunners in the Cape peninsula."[29]

Vanaf 7 Oktober 1899 het versterkings begin aankom en is die *1st Northumberland Fusiliers* op 10 Oktober na De Aar gestuur en so ook die *1st Royal Munster Fusiliers*. Die Britse leër= leiding het ook van die standpunt uitgegaan om De Aar, Nou= poort en Stormberg met die versterkings wat aankom, te ver= sterk, want hulle is beskou as die plekke vanwaar die groot aanval geloods sou word.[30] In 'n koerant word berig: "There is little doubt but that Stormberg is to be made one of the principal bases of military operations."[31]

Die versterking van die poste op die noordelike grens van die Kaapkolonie het nou begin toeneem, en toe die Boere Mafe= king, Kimberley en Belmont tussen 14 en 17 Oktober beset, is dit in alle erns verhaas. Die meeste van hierdie verster= kings val egter buite die gebied onder behandeling, naamlik ten weste daarvan by De Aar en Oranjerivier-stasie. Tog is

---

27 Maurice, F., *op.cit.*, p. 42.
28 *A.G.*, 2069.
29 Maurice, F., *op.cit.*, p. 42.
30 cf. Hoofstuk 1, p. 9.
31 *Northern Post and Border News*, 27 Oktober 1899, k. 5, p. 4.

Stormberg versterk deur twee vloot-twaalf pond agt cwt kanonne vergesel deur 357 offisiere en manskappe van die Royal Navy en Marines, geleen van Simonstad.[32] Terselfdertyd is 2 000, van die Kaapse vrywilligersmag op 16 Oktober opgeroep.[33] Hierdie vrywilligers is eers gebruik as garnisoene vir Kaap=stad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Queenstown en King Williams=town. Gedeeltes van die *Kaffrarian Rifles* is egter by Barkly-Oos, Cathcart, Molteno en Indwe geplaas. Teen die einde van Oktober is die meeste van hierdie vrywilligers egter by Molteno en Sterkstroom as troepe gebruik.

Die gebeure in Natal, en veral by Ladysmith, het egter 'n groot invloed uitgeoefen op die verspreiding van hierdie versterkings wat in die Kaap aangekom het. Die feit dat die Boeremagte daarin geslaag het om die Britse magte hier vas te pen, het veroorsaak dat die meeste van die versterkings na Natal ge=stuur is.[34]

Hierdie bedrywighede van die Britse magte aan die suidelike grens van die Vrystaat het die regerings van die Republieke agterdogtig gemaak. Aan die einde van Oktober telegrafeer pres. Steyn aan pres. Kruger dat "velen troepen bij De Aar en Naauwpoort als ook bij Stormberg worden bijeengebracht. Het kom mij voor dat hunne plan kan sijn om ons by Natal en Kimberley bezig te houden en ons dan over Norvalspont aan te vallen."[35] Vir die eerste keer sedert die oorlog uitge=breek het is daar nou tekens dat die Boere leërleiding besig was om die Britse veldtogplan te ontleed. Tog is daar geen poging deur die Boerekommando's op die suidelike grens van die Vrystaat aangewend om hierdie Britse bedrywighede in die Kaapkolonie te beëindig nie. Die enigste rede wat vir hier=

---

32 cf. *Northern Post and Border News*, 6 Oktober 1899, k. 3, p. 4.
33 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 93.
34 Maurice, F., *op.cit.*, p. 198.
35 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 438.

die huiwering aangevoer kan word, is dat Steyn "achtte de tegenover de zuid-grens verzamelde krygsmacht veel te zwak."[36] Hierdie stelling word gestaaf deur die feit dat Steyn op 27 Oktober by pres. Kruger om versterkings gevra het.[37] Kruger kon nie dadelik aan hierdie versoek voldoen nie, maar het aanbeveel dat De La Rey na die suide verskuif moes word. Omdat dit egter die wesgrens sou verswak, is later daarteen besluit.[38] Die enigste uitweg was nou om genl. Hendrik Schoeman uit Pretoria na die suide te stuur waar hy aan die begin van November met 'n baie swak toege= ruste kommando aangekom het.[39]

Die spanning was aan die oplaai aan die suidgrens van die Vrystaat, en daar was talle faktore wat daartoe aanleiding begin gee het dat die Boeremagte die Kaapkolonie sou binneval. So merk ons dat die suksesse wat die Boeremagte elders in die land teenoor die Britse magte behaal het, 'n groot invloed op die Koloniale Afrikaner uitgeoefen het. Die ontruiming van Vryburg deur die Britse magte het die idee by die Kolo= niale Afrikaner laat posvat dat die Boeremagte as oorwinnaars uit die stryd gaan tree. Talle van hierdie Afrikaners het nou gesit en wag vir verdere welslae wat hulle dan finaal sou laat besluit om by die Boeremagte aan te sluit.[40] Die sukses wat die Boeremagte by Ladysmith en Nicholsonnek be= haal het, het weer tot gevolg gehad dat die Britse magte teruggetrek is van die suidelike grens van die Vrystaat, "and the Colony to the north of Stormberg and Naauwpoort was left without a single British soldier."[41]

---

36 Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson insake Anglo-boereoorlog*, p. 336.

37 *Ibid.*, p. 336.

38 cf. *Leyds versameling*, 710 (4), telegram no. 34.

39 *Ibid.*, 710 (2), telegram no. 34.

40 cf. *Eastern Province Herald*, 21 Oktober 1899, k. 5.

41 Davitt, M., *op.cit.*, p. 227; cf. *Jeans, T.T. ed.*, *Naval Brigades in the South African War, 1899-1902*, p. 10; Meintjes, M., *Dorp van my Drome; Die Geskiedenis van Molteno, 1874-1974*, p. 75.

Die swakheid van die Britse magte het nou duidelik aan die lig getree, en die aansien van die Boeremagte het onder die Koloniale Afrikaners toegeneem. Dit laat John X Merriman aan Bryce skryf: "The disaster is bad but the confidence it gives the Boers is far worse."[42] Merriman se stelling was raak, want aangevuur deur die welslae van die Boeremagte, het die pro-Republikeinse Afrikaner in die Kaapkolonie nou by die Boeremagte aangedring om die Kaapkolonie binne te val en net daardie bietjie morele ondersteuning te gee wat tot die uitbreek van 'n rebellie aanleiding sou gee.[43] Dit moet dan ook as 'n belangrike rede vir die inval in die Kaapkolonie beskou word. Kruger se telegram aan Steyn staaf ook hier= die stelling: "Zoodra een kommando burgers die Kaap Kolonie is ingevallen de Afrikaners in het noorden zullen opstaan en ons te hulp snellen."[44] Noordoos-Kaapland en die res van die Kaapkolonie was dus oop vir die Boere om in te val, en die feit dat hulle nie tot hierdie stap oorgegaan het nie moet nie toegeskryf word aan 'n vrees vir teenstand nie, maar eerder aan die feit dat die Boeremagte vir versterkings gewag het.[45]

Die aandag van die Boere-leërleiding was nou pertinent op die suidelike grens van die Vrystaat gevestig. Hierdie aan= dag word nog verder verskerp toe belangrike inligting deur 'n landdrosklerk te Rouxville aan Steyn en Kruger verstrek word. Hy het hom as 'n gevangene voorgedoen en sodoende goed bevriend geraak met 'n sekere Gibbon wat hom ingelig het dat Buller by De Aar is met 7 000 Engelse troepe en dat hy nog 8 000 verwag. Verder gaan Buller nog dieselfde week na Kimberley, Bloemfontein en Pretoria opruk.[46] Oor die korrektheid van hierdie inligting is daar twyfel, want soos dit later sal blyk, het Buller met sy aankoms op 31 Oktober

---

42 Lewsen, P. ed., *op.cit.*, p. 99.

43 cf. Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 278; Lewsen, P., *op.cit.*, p. 133; A 549, *The life of Genl. Brabant*, p. 142.

44 Leyds 709 (2), p. 112, telegram no. 13.

45 Cd., 264, p. 2.

46 Leyds 710 (5), p. 444.

so groot geskrik vir die toestande in Suid-Afrika dat hy nie hierdie plan sou kon uitvoer nie. Daarby het Natal te veel van sy aandag vereis. Die grootste waarde van hierdie inligting lê egter daarin dat die Boere se leërleiding nou besef het dat die Britse leërleiding 'n aanval vanuit Kaapland op die twee Boere-Republieke beplan. Die Boeremagte het ook besef dat die Engelse van plan was om met drie afdelings vanuit Kaapland teen die Republieke op te ruk, en met slegs een vanuit Natal. Die derde divisie moes vanuit Oos-Londen na Stormberg as waarskynlike basis optrek, om vandaar Bloem=fontein en die midde-Vrystaat aan te val. Hierdie inligting het dadelik meegewerk dat die Boeremagte op Noordoos-Kaapland begin konsentreer het. Pres. Kruger telegrafeer dan ook dadelik: "Als Buller dat plan vasthoud om aanvallender wyse op te komen dan sal het voor ons het beste zyn dat onze menschen de beste posities voor hem inneem waar hy door moet."[47] Een van hierdie posisies was Stormberg.

By die twee presidente van die Boererepublieke was daar nou nie langer twyfel oor die feit dat die Britte die Kaapkolo=nie uitgekies het as sy vernaamste basis met die oog op die veldtog teen die twee Republieke nie, en dat "Schreiner de onzijdegheid had gebroken, de aan de Kaapkolonie behoorende spoorlijnen had afgestaan aan de overweldiger, en verraad had gepleegd aan de heilige zaak van het recht."[48] Met dié sekerheid het Steyn op 12 November 1899 die finale opdrag aan die Boeremagte op die suidelike grens van die Vrystaat gegee om Noordoos-Kaapland en die res van die Kaapkolonie binne te val. Soos Amery dit stel: "And so abandoning his scrup=les and forgetful of the pledges in return for which he had during the past months enjoyed the moral, and even in a sense the material support of the Cape Ministry, President Steyn gave the word for his commandos to cross the Orange

47 Leyds 710 (6), telegram no. 24.
48 Penning, L., *op.cit.*, p. 410.

River,"[49] wil dit voorkom asof pres. Steyn al die skuld moet kry vir die inval in die Kaapkolonie. Uit hierdie stelling van Amery is dit egter baie duidelik dat hy nie bewus was van die onderhandelings tussen Steyn en Milner en Schreiner nie, want dit is juis hierdie onderhandelings wat Steyn vrywaar van enige skuld aan die inval.[50] Was dit dan nie juis Steyn wat dit aan Milner gestel het dat as die Vrystaat die Kaapkolonie inval, dit nie die skuld van die Vrystaat sou wees nie? Was dit nie Steyn wat van Schreiner die ver= sekering wou gehad het dat die Kaapkolonie nie as opslag= plek vir die Britse troepe gebruik sou word nie? Daarby was dit juis Milner en Schreiner wat nie aan Steyn die ver= sekering kon gee dat die Kaapkolonie nie as 'n basis vir die Britse troepe gebruik sou word nie. Wat egter alle twyfel oor Steyn se skuld uit die weg ruim, is die veldtogplan van die Boere se leërleiding. Dit was sonder twyfel defensief van aard en daar was nie die minste begeerte by die Boere= magte om die Kaapkolonie binne te val nie. Dat die Kaap= kolonie dus 'n slagveld geword het in 'n oorlog wat hy nie veroorsaak of begeer het nie - en waarmee hy inderdaad niks te doen gehad het nie - is 'n verantwoordelikheid wat enkel en alleen op die skouers van Groot Brittanje rus en nie op dié van Steyn nie.[51]

In die proklamasie wat Steyn uitgevaardig het, blyk ook baie duidelik die oogmerke waarmee die inval geloods is: "Daar Groot Brittanje thans in staat van oorlog verkeert met het volk van den Oranje Vrijstaat en het grondgebied van die Kaapkolonie door hem wordt gebezigd als een basis krijgsopo= raties tegen dezen Staat, .........., zoo is het dat ik mijne krijgs-officieren heb bevolen de grenzen van die Kaapkolonie te overschrijden, met geen ander doel dan ter verdediging van mijn land en volk en tot het instandhouden onzer onaf=

---

49 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 278.
50 Die onderhandeling is heel aan die begin van die hoofstuk bespreek.
51 *Gedenkalbum*, p. 223; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 104; Farwell, B., *op.cit.*, p. 38.

hanklikheid."[52] Met hierdie hele inval in die Kaapkolonie was daar twee oogmerke. Die primêre oogmerk was om die troepe wat naby die grense van die Republiek was en veral die Vrystaat se veiligheid bedreig het, onskadelik te maak of in bedwang te hou.[53] Die sekondêre oogmerk was om geskikte stellings in die Kaapkolonie in te neem sodat hulle die op= mars van die Britse leërs vanaf die kus kon stuit. Die stellings moes ook nie ver van die grens af wees nie.[54] By hierdie twee oogmerke kan ook nog 'n derde gevoeg word, naamlik om deur so 'n inval die steun van die Koloniale Afri= kaner te kry en hulle selfs te oorreed om by die Boeremagte aan te sluit.

Die eerste invalle in Noordoos-Kaapland het reeds so vroeg soos 1 November 1899 plaasgevind, maar dit is duidelik dat hulle nie bewus was van bogenoemde oogmerke nie. Hierdie invalle was slegs verkenningstogte en dit wil voorkom of die kommandante nie juis geweet het wat om te doen nie. Dit is ook interessant om daarop te let dat die Boerekommando's op die suidgrens van die Vrystaat eers na die aankoms van genl. Schoeman bereid was om die grens oor te steek. Dit staaf die bewering dat hulle vir versterkings gewag het.

Op 1 en 2 November het die burgers van hoofkmdt. E R Grobler, hoofkmdt. J H Olivier, kmdt. H. Swanepoel en kmdt. F du Plooy die vyandelike wagposte by vier van die vernaamste brûe oor die Oranjerivier aangeval en die wagte daar verdryf.[55] Dit

52 Cd. 261, p. 98; cf. Cd. 43, p. 100; *The Friend*, 20 Oktober 1899, k. 3, p. 3.
53 cf. *The Daily Midland News and Karoo Farmer*, k. 3, p. 10.
54 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. I, p. 458; cf. Leyds 710, Kruger se telegram aan Steyn op 16 November 1899 (6), p. 518, telegram no. 24; Strydom, C.J.S., *op.cit.*, p. 69.
55 Hoofkmdt. E R Grobler was hoofkmdt. van die burgermag wat by die brug te Norvalspont gevestig was. Hulle oogmerk was om enige aanslag vanaf Noupoort of De Aar die hoof te bied. J H Olivier was hoofkmdt. van die burgers wat by die brug naby Aliwal-Noord gevestig was met die doel om te waak teen 'n inval van die troepe by Stormberg. Kmdte. Swanepoel en Du Plooy was by die brug te Bethulie onder opperbevel van Olivier gevestig. Hulle doel was om te waak teen invalle van die troepe by Stormberg en Noupoort. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, deel I, pp. 149-150.

was die wabrûe by Colesberg en Bethulie en die spoorwegbrûe by Norvals Pont en Bethulie.[56] (Sien kaart1). Die komman= do's van Swanepoel en Du Plooy het ook nou van Bethulie na die walle van die Oranjerivier geskuif, maar hulle het geen poging aangewend om die grens oor te steek nie. Dit was eers op 5 November dat kmdt. Swanepoel 'n verkenningsgroep oor die Oranjerivier gestuur het. Hierdie verkenningsgroep het nege *Cape Police* by Myburgh-spoorweghalte gevange geneem, en agt perde, agt gewere en ammunisie gebuit. Verder het hulle die telegraafdraad tussen Burgersdorp en Aliwal-Noord geknip en ook die spoorlyn beskadig.[57] Swanepoel kon ook nou berig dat "Engelse troepen zijn gevlugt uit Stormberg Junctie "[58] - 'n berig wat blyk korrek te wees, want met Buller se aankoms in die Kaap op 30 Oktober 1899 het hy 'n heel ander situasie in Suid-Afrika aangetref as wat hy ver= wag het. En vanweë die bedrywighede van die Boerekommando's aan die noordelike grens van die Kaapkolonie het hy beveel dat die troepe by Stormberg na Queenstown moes terugval.[59] Die binneland van Noordoos-Kaapland was dus oop vir 'n inval deur die Boeremagte; desnieteenstaande het hulle net half= hartige verkenningstogte oor die grens gestuur.

Stadig maar seker het dit nou tot die Boerekommando's op die walle van die Oranjerivier begin deurdring dat die toe= stande in Noordoos-Kaapland uiters gunstig vir 'n inval was. Uit die verkenningstogte het dit duidelik geword dat daar geen Britse mag in die gebied was wat 'n Boere-inval in

56 *Eastern Province Herald*, 2 November 1899; cf. *Northern Post and Bor= der News*, 3 November 1899, k. 1; Amery, L.S., *op.cit*., p. 280.

57 Leyds 710 (2), p. 170, telegram no. 21; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit*., deel 1, p. 443. Amery beweer dat dit die kommando van Olivier by Aliwal-Noord was wat hierdie verkenningstog uitgestuur het, maar voor= afgaande bronne bewys die teendeel. Amery, L.S., *op.cit*., p. 291.

58 A. 254; cf. *The Friend*, 10 November 1899, Leyds 710 (2), telegram no. 21.

59 Cd., 264, p. 2; cf. Amery, L.S., *op.cit*., p. 281; Jeans, T.T., *op. cit*., p. 10. Die terugtrekking van die Britse troepe by Stormberg deur Buller was vir die troepe 'n groot teleurstelling "and men were actually seen to be weeping from disappointment." *Ibid*. In die volgende hoofstuk word meer aandag gegee aan die Britse reaksie op die Boeremagte se inval in die Kaapkolonie.

Noordoos-Kaapland kon stuit nie. Daarby het die Koloniale Afrikaners hulle aangemoedig om die gebied in te val.[60] Op 8 November 1899 berig hoofkmdt. Olivier aan pres. Steyn dat hy nou hoop om Aliwal-Noord sonder verlies in te neem.

Op 12 November 1899 het Steyn dan ook die finale opdrag aan die kommando's op die walle van die Oranjerivier gegee om die Kaapkolonie binne te val. Hierdie inval sou deur drie kommando's geloods word: een by Colesberg onder hoofkmdt. Grobler, een by Burgersdorp onder kmdte. Swanepoel en Du Plooy en een by Aliwal-Noord onder hoofkmdt. Olivier.[61] Laasgenoemde twee kommando's was dus direk by die inval in Noordoos-Kaapland betrokke en daar word derhalwe slegs aan hulle optrede aandag gegee.

Alles was nou gereed om 'n grootskaalse inval in Noordoos-Kaapland vanuit die Vrystaat te loods. Die Rouxville-kommando van hoofkmdt. J H Olivier, wat tot nou toe nog geen lewe getoon het nie, het nou ewe skielik lewe gekry. Op Sondag 12 November 1899, was Olivier met 450 man[62] by Beesterkraalnek, net noord van Aliwal-Noord, gereed om die dorp binne te val.[63]

Die dorp was onbewaak, omdat die polisiekorps, wat die hele inval verwag het, onder aanvoering van inspekteur Halse voor die tyd padgegee het. Op Aliwal-Noord self is die Sondag=aand 'n geheime vergadering, onder voorsitterskap van N E Smuts, die destydse burgemeester, gehou.[64] Tydens die vergadering

---

60 cf. Leyds 710 (2), p. 170, telegram no. 21.

61 cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 133.

62 Cd., 264, p. 3; cf. *Northern Post and Border News*, 14 April 1900, k. 3, p. 3.

63 Dit is interessant om te let op die gees waarin hierdie inval geloods is. Kort voor die inval het die Boere 'n boodskap aan die Britte in Aliwal gestuur om die koffie reg te hou die volgende oggend. Die Britte se antwoord was slegs "that they would provide for breakfast plenty of lead." (Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 50.) Die enigste reaksie van die Boere was om om middernag by die brug 'n paar skote af te vuur.

64 Du Plooy, F.J., *Aliwal-Noord; eenhonderd jaar, deel I*, p. 107.

is alles in gereedheid gebring vir die ontvangs van Olivier en sy kommando. Met ander woorde, ook van die inwoners het Olivier niks te gevrees gehad nie.

Die Maandagoggend van 13 November 1899 het Olivier se komman=do stadig na die brug by Aliwal-Noord beweeg. Op Aliwal was daar groot opgewondenheid. "Het gehele dorp liep uit en verzamelde zich bij de Ferebrug."[65] Baie van die mense wat by die brug vergader het, was boere van die distrik wat al die vorige dag in kennis gestel is dat Olivier die dorp gaan inval. Hulle het dus spesiaal na die dorp gekom om Olivier en sy kommando te verwelkom. Ons moet egter ook aanneem dat baie dit bloot uit nuuskierigheid gedoen het.

By Ferebrug het Olivier drie gesante, H de Wet, P Wessels en J Pansegrouw, gestuur om die magistraat, J D Hugo, te ont=bied. Hugo het gehoor gegee, en vergesel van Van Reenen, sy hoofklerk en Olivier, die magistraatsklerk en die hoof van die polisie, maj. McLoyd, het hulle tot in die middel van die brug beweeg. Hier het die magistraat Olivier ont=moet, en het hulle 'n ruk lank samesprekings gevoer.[66] Omdat Olivier bang was dat die brug opgeblaas sou word, terwyl sy kommando daaroor beweeg, het hy Hugo in die middel van die brug laat staan totdat sy hele kommando oor was.[67]

Op Aliwal is die kommando luisterryk deur die inwoners ont=vang. Boervrouens en kinders met geel strikkies is orals

---

65 Penning, L., *op.cit.*, p. 412; cf. *Northern Post and Border News*, 14 Apirl 1899, k. 3, p. 3.

66 Hugo se weergawe van hierdie samesprekings op die brug is soos volg: "He enquired whether there would be any resistance told him not in a position to offer resistance." Schreiner, W.P., *Miscellaneous re=ports from magristrates, 1899-1900*, telegram 18-11-99.

67 Cd., 264, p. 3 ; cf. Roberts, J.M., *Wrecking the Empire*, p. 95. Dit is interessant om daarop te let dat Olivier alreeds die Vrydag voor die inval deur 'n groep boere van Aliwal gewaarsku is dat daar die moontlikheid bestaan dat die brug opgeblaas kan word, terwyl hy daaroor beweeg. Olivier het hulle egter die versekering gegee dat hy nie oor die brug sal beweeg as die moontlikheid bestaan nie, maar dan eerder by Odendaalstroom of by Grootkoppepont die rivier sal oorsteek. (Schreiner, W.P., *op.cit.*) Dit verklaar dan ook die eien=aardige optrede van Olivier by die brug.

opgemerk en die dorp was in 'n vakansiegees. "Never in the history of Aliwal was there a parallel to the excitement of that hour."[68] Die Volkslied van die Vrystaat is lustig deur die republikeinsgesindes gesing, terwyl die Engelssprekende deel van die inwoners staan en toekyk het. 'n Engelse oog= getuie verklaar: "There we stood humbled and jeered at by the enemy."[69] Toe 'n Engelse dame dit dan ook gewaag het om die gedagte uit te spreek, dat "God Save the Queen" as die Vrystaatse Volkslied gesing moes word, het 'n sekere Triegardt na haar gedraai en gesê: "Als je dat liedjie zing zal gij op je donder kry..."[70] Dit is dus duidelik dat die Afrikaner in Aliwal-Noord op dié oomblik vierkantig agter Olivier ge= staan het. Dit word selfs beweer dat die sing van die Vry= staatse Volkslied ingesit is deur die dogter van 'n voormalige Kaapse parlementslid.[71]

Olivier, belaai met ruikers, het met sy kommando en swaar be= laaide waens met voorrade en ammunisie en twee nege ponder krupkanonne stadig na die markplein beweeg. Hier het hy ver= gesel van sy adjudant, Zylstra, in 'n doodse stilte op 'n ou wa geklim.[72] Om 10h00, 13 November 1899, is die

68 *Northern Post and Border News*, 14 April 1900, k. 3, p. 3; cf. Leyds, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson insake die Anglo-Boereoorlog*, p. 336.

69 *Northern Post and Border News*.

70 Du Plooy, F.J., *op.cit.*, p. 108.

71 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 446; cf. Amery, L.S., *op.cit.*, p. 292; Roberts, J.M., *op.cit.*, p. 90.

72 Du Plooy, F.J., *op.cit.*, p. 108. Oor hierdie feit is daar egter nie ooreenstemming by die verskillende skrywers nie. Penning, L., *op.cit.*, p. 412, is van mening dat hy op 'n tafel geklim het. Brey= tenbach, J.H., is weer van mening dat hy op die dak van 'n gebou by die markplein geklim het. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, pp. 444-445. In J D Hugo se verslag aan die Sekretaris van die Regs= departement, is daar egter ooreenstemming met die feite soos Brey= tenbach dit gee. Hugo skryf: "... Proclamation declaring district Free State territory was read from top of Market shed." Schreiner, W.P., *op.cit.* Ons kan dus aanvaar dat die proklamasie vanaf die dak van die markgebou gelees is.

proklamasie van pres. Steyn aan die inwoners en boere van Aliwal-Noord voorgelees: "Ik Marthinus Theunis Steijn, Staatspresident van Oranjevrijstaat, doe te weten aan de ingezetenen van het Kaapsche grondgebied dat gemeld grond=gebied door de Vrijstaatsche legers wordt bezet.[73] Hier=deur is die besetting van Kaapland formeel deur die Vrystaat=se krygsmag aangekondig. Dit is verder aan die inwoners verduidelik dat die Vrystaat nie die gebied ingeval het omdat hulle iets teen die inwoners het nie, maar omdat die Vrystaat verplig was om sy grondgebied en onafhanklikheid teen Groot Brittanje te beskerm. Omdat Brittanje Noordoos-Kaapland as

---

73 Cd., 261, p. 98. Die volledige proklamasie lui soos volg:
"Proclamatie.
Van den Staatspresident van den Oranjevrijstaat, aan de ingezetenen van de Kaapkolonie. Ik, Marthinus Theunis Steijn, Staatspresident van den Oranjevrijstaat, doe te weten aan de ingezetenen van het Kaapsche grondgebied dat gemeld grondgebied door de Vrijstaatsche legers wordt bezet. Daar groot Brittanje thans in staat van oor=log verkeert met het volk van den Oranje Vrijstaat en het grondge=bied van de Kaapkolonie door hem wordt gebezigd als een basis krijgs=operaties tegen dezen Staat, zonder dat de wil van de vreedzame inwoners dier Kolonie daarin gekend, zoo is het dat ik mijne krijgs-officieren heb bevolen de grenzen van de Kaapkolonie te overschrijden, met geen ander doel dan terverdediging van mijn land en volk en tot het instandhouden onzer onafhankelijkheid. Daar deze Staat geen anderen vijand heeft dan de troepen van Groot Brittanje en wij oorlog voeren tegen de soldaten van Hare Britsche Majesteit, en niet tegende burgers van de Kaapkolonie, zoo zullen dezen volkomen vrijheid van persoon en goederen blijven genieten, zoolang zij niet, door vijande=lijkheden te plegen tegen de Burgermacht van den Oranjevrijstaat, dezelve verbeuren. De Commandanten of hoofd-aanvoerders der ver=schillende legercorpsen zullen bijzondere bepalingen vastellen en terkennis van het publiek doen publiceeren, betreffende de maatrege=len welke tegen de gemeenten of de personen zullen genomen worde, die in strijd met de gebruiken van den oorlog handelen. Vertrouwende op de vrienschappelijke gezindheid eener medelijdende broederbe=volking en lettende op de rampen en onheilen welke een onrechtvaar=dige oorlog reeds noodwendig met zich sleepen moet over de onschuldige hoofden van hen tegen wier zin en wil dezelve ons door de Regeering van Hare Britsche Majesteit is opgedrongen, heb ik mijn krijgs-officieren bevolen geen gebruik te maken van het recht des oorlogs volgens hetwelk van de boerenbevolking van het bezette gebied rekwisi=ties ter voorziening in de behoeften der krijgsleiden mogen worden geeischt: maar zal het opeischen van de noodige mondbehoeften, enz., alleen geschieden onder kontante betaling of ander aflevering van officieele kwitanties. Aldus gedaan en gegeven onder mijne hand en het Grootzegel van den Oranjevrijstaat, te Bloemfontein, dezen 14
(vervolg)

basis gebruik het om 'n aanval teen die Vrystaat van stapel te stuur, was dit noodsaaklik om die gebied te beset.

Verder is dit duidelik aan sy inwoners gestel dat die Oranje-Vrystaat slegs teen die Britse krygsmagte veg, en nie teen die inwoners van Noordoos-Kaapland nie. As die Kolonialers hulle egter skuldig maak aan vyandelikhede teenoor die Vry= staat, sou hy egter verplig wees om teen hulle op te tree.

Aan die inwoners is ook verduidelik dat die krygsoffisiere van die Vrystaat nie van die oorlogsreg sal gebruik maak om voorrade te bekom nie. Dit sou alleen teen kontantbetaling of onder uitreiking van amptelike kwitansies van die inwoners gevorder word.

Na die lees van hierdie proklamasie is drie skote met die nege ponder krupkanon afgevuur en die Volkslied weer gesing.[74] Olivier het nou verder beweeg en die poskantoor en die magi= straatskantoor beset. Die Vrystaatse vlag is deur Coert Bothma by die magistraatskantoor gehys.[75] Uit J D Hugo se verslag blyk dit egter dat nie net die Vrystaatse vlag nie, maar ook dié van Transvaal gehys is.[76]

---

73 (vervolg)
den dag van October, 1899.
M.T. Steijn,
Staatspresident.
Bij order,
P.J. Blignaut,
Gouvts. Sec."
Daar moet op gelet word dat hierdie proklamasie by al die dorpe wat deur die Vrystaat verower is, uitgereik is. Aan die datum waarop die proklamasie deur pres. Steyn geskryf is, is reeds vroeër in hier= die hoofstuk aandag gegee (cf. p. 29 van die hoofstuk).

74 cf. *Northern Post and Border News*, 14 April 1900, k. 3, p. 3; Penning, L., *op.cit.*, p. 414.

75 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 445; cf. Du Plooy, F.J., *op. cit.*, p. 108.

76 Schreiner, W.P., *op.cit.*, telegram 18-11-99; cf. *Northern Post and Border News*, 14 April 1900. 'n Interessante feit by die hys van die vlae is dat dit volgens Hugo net halfmas gehys was (*Ibid.*) 'n Ander weergawe daarvan is egter dat die vlae gehys is maar dat dit afgeval het en dit toe later teen 'n bamboespaal gehys is. Cassels, *op.cit.*, p. 157.

Na die hys van die vlae het Olivier 'n krygswet afgekondig deur middel van 'n proklamasie wat vooraf in Bloemfontein op= gestel is.[77] Die krygswet was van toepassing op alle ge= biede wat deur die Vrystaat beset is of nog beset sou word.

---

77 Die volledige proklamasie lui soos volg:
"Ik Jan Hendrik Olivier, hoofbevelhebber van de burgermacht van de Oranje-Vrijstaat op de grenzen van het distrist Barkley-Oost, Kolo= nie Kaap de Goede Hoop, enz.
Heb vastgesteld en stel vast, gelijk ik bij dezen doe krachtens de macht, mij verleend bij vroeger omschreven proclamaties, en breng ter kennisse van het algemeen de volgende beschikkingen en bepalingen:

1. In de landstreken met derzelver inwoners, zich uitstrekkende over het grondgebied, door de officieren, burgers en troepen van den Oranje-Vrijstaat thans geoccupeerd, of welke later mochten worden geoccupeerd, wordt de Krijgswet van den Oranje-Vrijstaat, No. 10 - 1899, mits deze van toepassing verklaard op elke daad, welke strekken kan om de veiligheid dier burgers en manschappen in gevaar te brengen, hen te benadeelen, of den vijand hulp verleenen.
2. De Krijgswet voornoemd wordt geacht van kract te zijn voor de geheel uitgestrektheid van een wijk, district of andere admi= nistratie en afdeeling, zoodra dezelve in een der gemeenten die daarvan deel uitmaken, door aanplakking of afkondiging is bekend gesteld.
3. Alle personen die geen deel uitmake van het Britsche leger, en die: a. Den vijand dienen als spioenen; b. Burgers en manschappen van de Zuid-Afrikaansche Republiek of van den Oranje-Vrijstaat doen verdwalen, als zij hun tot gids dienen; c. Zullen dooden, vermoorden of uitplunderen personen, behoorende tot de manschappen van een der beide Republieken, of deel uit= makende van hun gevolg en trein; di. Bruggen vernielen, of aan de telegraaflijn, heliographische inrichtingen of spoorwe= gen of aan eenige derzelver deelen of onderdeelen schade toe= brengen, waardoor de genoemde Republieken zouden kunne worden gehinderd, of aan haar volk en eigendom schade zou kunnen wor= den toegebracht, of die anderszins zullen trachten schade aan eigendommen of inrichtingen, toegebracht door de troepen van den Oranje-Vrijstaat, of die van de Zuid-Afrikaansche Republiek, te herstellen of te verbeteren, ammunitie, oorlogsvoorraad of de kwartiere en legerplaatsen van de manschappen der genoemde Republieken zullen verbranden of daaraan schade toebrengen; e. de Wapens opnemen tegen de maschappen van een der voor= noemde Republieken, zullen naar discrete van de Krijgsraad wor= den gestraft met den dood of gevangenisstraf geen 15 jaren te boven gaande.
4. De persoon met de vervolging of prosecutie belast, zal moeten toezien, dat een Krijgsraad wordt ingesteld tot onderzoek van elke zaak en uitspraak van het vonnis.
5. Geen vonnis, waarbij de doodstraf wordt uitgesproken, zal worden voltrokken, alvorens door den Staatspresident van den Oranje-Vrijstaat bekrachtigd te zijn.

(vervolg)

Dit het ook enige vyandige dade teen die Vrystaat en sy burgers verhoed. Dit het ook bepaal dat alle spioene met die dood gestraf of 'n tronkstraf van hoogstens vyftien jaar opgelê kon word. Enige sabotasie teen die Vrystaat was met dieselfde straf strafbaar. Verder kon die aanvoerders van die kommando's met rekwisisies goedere opeis. Die eiendom van die burgers wat hulle onder die beskerming van die twee Republieke plaas, is ook gewaarborg en vlugtelinge wat bereid was om onder die twee Republieke te dien, kon na hulle plase terugkeer.

---

77 (Vervolg)

6. Alle Hoofdkommandanten, kommandanten of bevelvoernde officieren van afzonderlijk of zelfstandig handelende troepen, kommando's of afdeelingen, hebben recht, de rekwisitie te bevelen van het noodige, strekkende tot het onderhoud der burgers en manschappen; de rekwisities van andere benoodigheden, welke belang van het leger onmisbaar worden geoordeeld, kunnen slechts bevolen wor= den door den Hoofdkommandant of den Officier, de betrekking van Hoofdkommandant waarnemende.
   In elk geval zal van de inwoners niets worden geëischt dan het geen noodig is tot onderhoud der manschappen, en zal voor alle strekkingen, zoo niet kontant betaald, officieele kwitanties worden afgegeven.
7. En ik maak hiermede verder bekend, dat leven en eigendom ge= waarborgd worden aan allen, die zich onder de beskerming plaat= sen van de Regeering van den Oranje-Vrijstaat of van de Zuid-Afrikaansche Republiek en hunne wettig aangestelde ambtenaren en officieren, wier wetten en orders zij zullen opvolgen en gehoorzamen.
8. Niemand, die niet vijandig tegen de Regeering van den Oranje-Vrijstaat of de Zuid-Afrikaansche Republiek of hare ambtenaren, officieren, wetten of orders optreedt, zal eenig nadeel ander= vinden.
9. Zij, die weigeren zich te onderwerpen, bekomen hiermede verlof om binnen den tijd van 14 dagen het door de Krijgsmacht inge= nomen terrein te verlaten.
10. Alle personen, die van hunne plaatsen of woningen verdreven zijn of gevlucht zijn, en die zich nu aan de bepalingen, indeze proclamatie vervat, onderwerpen, mogen naar hunne woonplaatsen terukeeren.
   Gegeven en bevolen door mij te Aliwal-Noord dezen dertienden dag van November 1899." Penning, L., *op.cit.*, pp. 412-413; cf. Cd., 43, p. 218; Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 445.

Met hierdie verrigtinge afgehandel, het Olivier vir Hendrik Francois de Wet as resident-vrederegter aangestel, en vir pres. Steyn laat weet om so gou moontlik 'n telegrafis in Aliwal aan te wys. Verder het hy alle dranklokale gesluit en alle kantore beset. Terwyl hy hiermee besig was, was 'n groep burgers besig om die spoorlyn tussen Aliwal en Burgers=dorp en die telegraaflyn na Lesotho op te breek.[78] Olivier kon egter nie daarin slaag om enige gewere en ammuni=sie te vind nie, maar het sy soektog daarna voortgesit. Later kon hy rapporteer dat hy 350 nuwe Martini Henrys en 'n hoe=veelheid ammunisie in die staatsmagasyn gevind het.[79] Van die geld wat daar moes wees kon hy egter geen spoor vind nie.[80] Olivier het ook dadelik begin om die masjinerie vir die opkommandering van die kolonialers in Aliwal-Noord in gereedheid te kry.

Soos verwag was daar in Aliwal ook die lojaalgesinde Britse onderdane wat nie genoeë sou neem met die besetting van Aliwal deur die Boeremagte nie. So is Hugo, die gewese magistraat van Aliwal-Noord, die Woensdag nâ die inval deur 'n aantal invloedryke boere uit die distrik genader oor die kwessie van die opkommandering van boere deur die Vrystaatse magte. Hulle wou dan ook van Hugo weet hoe hulle te werk moes gaan om die opkommandering vry te spring. Sy antwoord aan hulle was: dat die proklamasies van nul en gener waarde was, dat hulle "loyal and quiet" moes bly, en dat 'n vergadering van boere op sy voorstel gereël was.[81] Na aanleiding van hier=die voorstel van Hugo is daar besluit om dadelik aan die werk te spring en briewe aan alle lojaalgesindes in die distrik uit te stuur om hulle uit te nooi na 'n vergadering. Tydens hierdie vergadering sou daar gepoog word om die Boeremagte te

---

78 cf. Leyds 710 (5), telegram no. 5, A 254; Penning, L., *op.cit.*, p. 414; *Eastern Province Herald*, 30 November 1899.

79 Cd., 420, p. 96.

80 Dit blyk dat Hugo alreeds voor die inval die geld verwyder het. Schreiner, *op.cit.*, p. 77.

81 Schreiner, W.P., *op.cit.*, telegram 18-11-99; cf. Leyds 710 (5), p. 481, telegram no. 18.

ontmoedig om met hulle inval voort te gaan, en om aan die boere van die distrik die geleentheid te gee om vir hulle=self te besluit wie hulle in die stryd tussen Boer en Brit gaan steun. Hulle was dan ook ten sterkste gekant teen die opkommandering van die inwoners van die distrik, trouens hulle was selfs bereid om hulle met geweld daarteen te ver=set. "But the meeting arranged by influential farmers, who are beginning to realize their position, and not anxious to join, was squashed by some of our rebels."[82]

Dit was voorwaar 'n terugslag vir Hugo en die res van die lojaalgesindes in Aliwal, want deurdat die vergadering open=baar gemaak is, het Olivier nou baie strenger teenoor Hugo en die res opgetree. Hugo en sy assistent is 2 uur tyd ge=gee om die dorp te verlaat.[83] Van Reenen is egter later toegelaat om die dorp binne 48 uur te verlaat. Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat die tydperk van 14 dae waarin die lojaalgesindes die dorp kon verlaat, verminder is na 48 uur.[84]

Na hierdie voorval het H Potgieter, die nuutaangestelde landdros, by pres. Steyn aanbeveel dat nie slegs vrywilligers vir die Boeremagte gewerf word nie, maar dat alle manlike inwoners van Aliwal opgekommandeer word, want, het hy ge=redeneer, "dan zullen alle Jingoes het dorp verlaten."[85] Hiermee het pres. Steyn nie saamgestem nie en sy opdrag dat slegs vrywilligers opgekommandeer moes word, het bly staan. Toe die kommandante egter agterkom dat die aansluiting by die Boeremagte nie na hulle verwagting was nie, het hulle

---

82 Cd., 43, p. 215 ; cf. Dokument sonder naam wat handel oor gebeure in Aliwal tydens inval, p. 10. (Hierna vermeld as Artikel 1).

83 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 447. is egter van mening dat die tyd wat Hugo gegun was om die dorp te verlaat, net 'n driekwartuur was. Hugo self sê egter in sy verslag oor die gebeure dat hy eers kennis gekry het om die dorp binne 'n driekwartuur te verlaat, maar dat dit later verleng is na twee uur. Schreiner, W.P., *op.cit.*, telegram 18-11-99 ; cf. Cd., 43, p. 215.

84 Cd., 264, p. 3 ; cf. Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 24.

85 Leyds 710 (5), p. 481, telegram no. 18 ; cf. Leyds Argief, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson in sake Anglo-boereoorlog*, p. 337.

selfs pres. Steyn se opdrag verontangsaam en álle manspersone opgekommandeer.[86] Om hulle taak te vergemaklik, het hulle gebruik gemaak van rebelle om die opkommanderingwerk te doen.[87] In die meeste gevalle is 'n rebelle-kommandant dan ook aangestel. Gustav van Aard is in Aliwal as komman= dant deur Olivier ingesweer.[88]

Hierdie inval van die Boeremagte in die Kaapkolonie het ver= reikende gevolge vir die inwoners van die gebied gehad. Aan die een kant was hulle verheug dat hulle nou weer onder 'n Afrikanerbeheer was, maar aan die ander kant het dit sekere verpligtinge meegebring wat vir hulle niks goeds ingehou het nie. Met die herstel van die Britse gesag sou hulle as rebelle verhoor word.[89] Die inwoners wat egter die meeste onder hierdie verowering gely het, was die Engelssprekendes, dit wil sê die lojaalgesindes teenoor die Britse regering: "The English were not allowed to travel about the district without passes, not allowed outside their residences after 10 pm, and refused freedom of speech."[90] Dit was egter net die persone wat geweier het om die neutraliteitseed af te lê, vir wie hierdie streng maatreëls gegeld het.[91] Aan dié wat bereid was om hierdie neutraliteitseed af te lê, is selfs beskerming verleen.

---

86 cf. Roberts, J.M., *Wreking the Empire*, p. 92.
87 Cd., 420, p. 31.
88 Du Plooy, F.J., *op.cit.*, p. 109.
89 Meer hieroor in die hoofstuk oor die Koloniale Afrikaner.
90 Cd., 420, p. 28.
91 Voorbeeld van so 'n eed:

"Promise

I, the undersigned, living at Aliwal North, Orange Free State, de= clare solemnly that I am a British subject, and desire to remain such and to reside in this district. That I will not directly nor indirectly have anything to do with politics during the war now being waged between Great Britain, the South African Republic and the Orange Free State.

That I will give no information of whatsoever kind concerning the war on the Commander's of the Republics to the enemies of the Re= publics, nor receive any information from the enemy but that I shall keep strictly neutral.

So help me God!! Landdrost.

Sworn before me at ........, O.F.S., this .................. 1899."

Die lojaalgesindes was dus voor 'n keuse gestel, en die meeste het besluit om eerder die dorp te verlaat as om neutraal te bly. Dit het hulle net verdere ongerief en vernedering op die hals gehaal, want Aliwal was van die buitewêreld afgesny en dit was nie maklik om die dorp te verlaat nie. Hieroor laat 'n lojalis hom soos volg uit: "In most cases it was impossible to leave town for many reasons - there was no train running - neither horses nor carts were to be had, and to walk 50 miles subject to insults and ill treatment by a lot of brutal, uneducated Boers all along the road, not to speak of the incapacity of the individual to undertake such a walk, was a sort of penal servituded not to be entertained for one moment."[92] Verder was dit bekend dat alleen dié wat in besit van 'n permit van die landdros was, toegelaat sou word om die distrik te verlaat. Om hierdie vernedering vry te spring, het baie probeer om sonder 'n permit die distrik te verlaat, met die gevolg dat "they were intercepted by the pickets, and not being able to show a permit from the land=drost had to return."[93]

Aan hierdie soort van behandeling was die lojaalgesindes nie gewoond nie, en diep in hulle eer gekrenk het hulle alles in hulle vermoë gedoen om die Boeremagte in 'n swak lig by die buitewêreld te stel. Die Boeremagte is van roof, plundering en barbaarse optrede beskuldig, en hierdie beskuldigings is gretig deur die Boererepublieke se vyande aangegryp. Dat die meeste beskuldigings vals was, blyk duidelik uit die volgende: "There was practically no loating, except in isolated cases,"[94] en dan was dit in die meeste gevalle nie die Boeremagte wat die oortreding begaan het, nie, maar wel Koloniale Afrikaners en

---

92 Die deel kom uit 'n tydskrif wat nie meer 'n titelblad het nie en han=del oor die gebeure in Aliwal-Noord tydens die inval en daarna. Daar sal vervolgens daarna verwys word as *Artikel I*.

93 *Northern Post and Border News*, 14 April 1900, K. 3, p. 3.

94 Cd., 420, p. 30 ; cf. Du Plooy, F.J., *op.cit.*, p. 108.

sommige rebelle. Hierdie bewering word gestaaf deur die=selfde lojalis hierbo, wat geen goeie woord vir die Boere=magte gehad het nie. Hy skryf: "From the burly Commandant to the meanest of his followers, they were quiet and polite in their treatment of us Britishers."[95]

Vir Aliwal-Noord se gemeenskap was daar nog talle ander ont=wrigtings. Die skole was byvoorbeeld gesluit, want die kinders kon nie meer bymekaar gebring word nie, en dan was daar die ouers wat die geleentheid ten baat geneem het deur te weier dat hulle kinders weer Engels in die skole leer. Die munisipaliteit is ontbind en 'n nuwe is deur Olivier ingestel. Die lede was: N E Smuts, burgemeester, J H Nicolaas, P Bekker en Jan S de Wet.[96] Selfs die dorp se naam het nie daarvan skotvry afgekom nie, want voortaan sou die dorp as Oliviersfontein bekend staan - altans solank dit onder die Boere se beheer was.[97]

Met Aliwal-Noord sonder teenstand verower, het die gebeure in die res van Noordoos-Kaapland snel op mekaar gevolg. Terwyl hoofkmdt. Olivier besig was om Aliwal-Noord te beset, was die kommando's van hoofkmdt. Swanepoel[98] en kmdt. Du Plooy op pad na Burgersdorp.

Net soos in Aliwal-Noord het die Koloniale Afrikaners met groot geesdrif op die koms van die Boerekommando gewag, en is daar in die stilligheid gereed gemaak om die kommando te ontvang. Só is daar byvoorbeeld onder leiding van Albert Coetzee, wat 'n losieshuis gehad het, 'n Vrystaatse vlag ge=maak. Baie van die skool se leerlinge het by hom geloseer en aan hulle is die taak opgedra om die materiaal vir die

---

95 *Artikel I*, p. 9; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 106.
96 Du Plooy, F.J., *op.cit.*, p. 109; cf. *Artikel I*, p. 17.
97 Cd., 264, p. 3, cf. *Barkly East Reporter*, 17 November 1899.
98 Dit blyk dat hierdie twee kommando's dié van Du Plooy (Bethulie) en Swanepoel (Smithfield) by Knapdaar 'n hoofkommandant gekies het vir die twee kommando's en dat die keuse op kmdt. Swanepoel geval het. (A 104, p. 1).

vlag by die winkels te gaan koop. Elke kind moes 'n sekere kleur materiaal by 'n afsonderlike winkel gaan koop. Die meeste kleure kon egter net by Blake, 'n Engelsman, se winkel bekom word. Dit het natuurlik die maak van die vlag soveel interessanter gemaak. Kort voor die koms van die kommando was die vlag klaar, en is dit tot groot vermaak van die Afrikaners, maar tot groot misnoeë van die lojaalgesindes, by die brug aan die suidekant van die dorp gehys.[99]

Op 14 November 1899 het hoofkmdt. Swanepoel 'n boodskap=per na die magistraat van Burgersdorp, J C Gie, gestuur, en hom versoek om hom buite die dorp te ontmoet. Gie het hiertoe ingestem en vergesel van die burgemeester, Shorten, prof. Cachet van die Gereformeerde Kerk en ds. Geyer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het hy Swanepoel toe ontmoet. Soos Gie dit stel, was die doel van die besoek "to prevent any unnecessary panic or excitement in the Town that would naturally arise by the entrance into the Town of a large body of Burgers."[100] Hulle is baie beleefd deur kmdte. Swanepoel en Du Plooy ontvang. Uit die samespreking blyk dit dat hierdie kommando nie presies geweet het wat om te doen nie.[101] Tot in hierdie stadium het hulle nog geen plan van aksie gehad nie en was hulle nie eens seker wanneer hulle die dorp sou binneval nie. Die enigste opdrag wat hulle Gie kon gee, was om terug te gaan en geen woord van die samespreking te rep nie.

Toe dié hulle egter daarop wys dat hy nog steeds 'n plig teen=oor die Koloniale regering het en dat hy dus in 'n moeilike posisie verkeer omdat hy die dorp moet beskerm, het Swanepoel hom gerus gestel deur aan hom die versekering te gee dat hul=le hom eers sal waarsku voordat hulle die dorp sou binne=val.[102]

---

99 A 119-1099

100 Schreiner, W.P., *Miscellaneous reports from magistrates 1899-1900*, Matters in Albert District since the outbreak of War between Great Britain and the Transvaal and Orange Free State, p. 8.

101 *Ibid.*, p. 8.

102 *Ibid.*, p. 9.

Uit hierdie gesprek blyk ook dat Swanepoel nie seker was van die sterkte van die Britse magte in Burgersdorp nie. Hy wou van Gie weet of daar enige van die vyand in die dorp aanwesig was. Hierop het Gie bevestigend geantwoord, maar dat hulle nie gewapen was nie en dus nie teenstand sou kon bied nie.

Vroeg die oggend van 15 November 1899 het Swanepoel dan ook sy woord gehou en Gie gewaarsku dat hulle die dorp gaan binneval en dat Gie op kantoor moes wees. Met dagbreek kon die kommando op die plat randjies aan die noordekant van die dorp gesien word.[103] Hier het die grootste deel van die kommando gebly, terwyl 60-70 burgers saam met Swanepoel en Du Plooy die dorp binnebeweeg het. Oor wie presies die kommando die dorp binnegelei het, is daar verskil in mening. Amery is van mening dat dit Du Plooy was, terwyl Gie in sy verslag aan Schreiner na Swanepoel verwys.[104] As in gedagte gehou word dat by Knapdaar 'n hoofkommandant gekies is en dat dit Swanepoel was, het hy na alle waarskynlikheid die leiding geneem. Uit Gie se verslag is dit egter duidelik dat beide kommandante in die dorp was.[105]

"Rebel Burgersdorp, the very ventre and headquartes of 'up= right Afrikanerdom', received the invaders with no less enthusiasm than Aliwal or Colesburg."[106] Ook hier was die lojaalgesindes aan die kortste end en het hulle die hele ge= beurtenis beskou as "a monstrous force and they kept studious= ly aloof."[107] Gie het intussen die persone wat saam met hom na Swanepoel was, na sy kantoor ontbied en Swanepoel versoek

---

103 A 119-1099, p. 3; cf. Schriener, W.P., *op.cit.*, p. 9.
104 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 293; Schriener, W.P., *op.cit.*, p. 9.
105 *Ibid.*, pp. 9-10.
106 Amery, L.S., *op.cit.*, Vol. II, p. 293; cf. *The Friend*, 17 November 1899, K. 6, p. 3; Penning. L., *op.cit.*, p. 416; Dagboek van Simon Johannes du Plooy, seun van kmdt. Du Plooy, Diepfontein, Bethu= lie, p. 71. Simon du Plooy het saam met sy vader op kommando gegaan. Hy is later in die Vrystaat gevange geneem en na Ceylon gestuur.
107 *The Daily Midland News and Karoo Farmer*, K. 3, p. 11.

om hom daar te ontmoet. Swanepoel het egter geweier en na die markplein beweeg waar hy die trappe van die Jubileum=fontein bestyg het. Hier is min of meer dieselfde prose=dure as in Aliwal-Noord gevolg. Swanepoel het onder luide toejuiging van die Koloniale Afrikaners die dorp as Vrystaatse gebied geproklameer. Aan die inwoners van die dorp wat die dorp wou verlaat, is 14 dae gegun om dit te doen. Van almal wat na daardie tydperk nog in die dorp was, sou verwag word om by die Vrystaatse kommando's aan te sluit of om gereed te wees om opgekommandeer te word. Daar is egter aan die lojaliste ook die geleentheid gebied om die neutraliteitseed af te lê.[108]

Hierna is dieselfde-bewoorde proklamasie as in Aliwal-Noord deur Swanepoel se sekretaris, Hugo, gelees, waarna dit op die kennisgewingbord by die hofsaal opgeplak is.[109] Nadat beide kmdte. Swanepoel en Du Plooy, 'n toespraak gehou het, het die magistraat, Gie, in Hollands in die naam van die Koningin protes aangeteken teen die optrede van die komman=dant. Dit is gevolg deur die sing van Psalm 134 en die Vrystaatse Volkslied, waarná die Vrystaatse vlag by die Jubileumfontein gehys is.[110]

Na hierdie verrigtinge by die markplein het Swanepoel die magistraatskantore beset en drie burgers, naamlik R L van Rensburg, H Hugo en 'n onbekende in beheer van die kantoor gelaat. Volgens Swanepoel sou Van Rensburg later as vrede=regter aangestel word. Daar is inventaris van alles in die kantoor gehou en Gie moes dit onderteken. Hy is ook nie toegelaat om enige dokumente uit die kantoor te verwyder nie.

---

108 cf. Neutraliteitseed op p. 42 van hierdie hoofstuk.
109 cf. proklamasie op p. 38 van die hoofstuk.
110 Schreiner, W.P., *op.cit.*, p. 10; cf. A 119-1099; A 254; A 119-200

Die Boere moes blykbaar vertroue in Gie gehad het, want hulle het hom versoek om in sy pos te bly. Toe hy dit van die hand wys, het Van Rensburg die hoop uitgespreek dat hy na 14 dae by hulle sou aansluit. Gie het egter besef dat hy nou op dun ys beweeg en sy vrou en kinders na Steynsburg gestuur waar hy later by hulle sou aansluit. Vandaar sou hulle per trein na Kaapstad vertrek. Hy laat egter sy hoofklerk, Wither, agter met die opdrag dat hy na 10 dae die dorp moes verlaat. Wither is egter nie toegelaat om langer as 3 dae daar te bly nie. Hy is aangesê om die dorp te verlaat, maar nie voordat hy seker gemaak het dat die Boere=magte geen geld sou vind nie.

Swanepoel en Du Plooy het ook dadelik begin om mense vir diens op te kommandeer.[111] Omdat Burgersdorp deel uitge=maak het van die distrik Albert wat uit ses ander distrikte, waaronder die sterk Engelssprekende en Brits-lojale Molteno geval het, bestaan het, het die meeste opkommandering hoof=saaklik in vyf distrikte plaasgevind. Aanvanklik was die belangstelling groot, maar toe die werklikheid tot die Koloniale Afrikaner deurdring het slegs ŉ geringe aantal persone by die Boerekommando's aangesluit.[112] Die belang=stelling was egter groot genoeg sodat prof. Jan Leon Cachet sy teologiese opleidingsentrum moes sluit.[113] Hierdie studente het egter nie almal net by die Boerekommando's aange=sluit nie, maar ŉ groep het reeds so vroeg as 31 Oktober 1899 na Natal vertrek om daar as ŉ ambulanskorps na die gewondes om te sien.[114]

---

111 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 293; cf. Cd., 264, p. 2; Breyten=bach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 447.

112 Oor hierdie aspek word daar meer aandag aan gegee in Hoofstuk 5.

113 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. I, p. 448; cf. Amery, L.S., *op. cit.*, p. 292.

114 *The Daily Midland News and Karoo Farmer*, 31 Oktober 1899.

Swanepoel het vir Piet Steenkamp as kommandant van die rebelle in Burgersdorp aangestel. Hy is bygestaan deur Christiaan Aucamp en Josef Coetzee. Teen 16 November 1899 is die twee dorpe sonder teenstand in Noordoos-Kaapland ingeneem en het dit die Boeremagte onder hoofkommandant Olivier tot verdere optrede aangespoor.

Nadat alles in Aliwal-Noord onder beheer was, slaan kmdt. Olivier by Melkspruit laer op en vertrek die aand van 16 November 1899, na kmdte. Swanepoel en Du Plooy by Burgersdorp.[115] Die rede waarom Olivier daarheen is, is nie bekend nie, maar dit was waarskynlik om verdere optrede saam met hierdie twee kommandante te bespreek.

Hy het nie lank vertoef nie, want net die volgende aand, 17 November, vertrek hy haastig met 50 man na Jamestown. Die res van Olivier se kommando was egter steeds in Aliwal-Noord en hy het dus sonder hulle na Jamestown vertrek.

Die rede vir sy optrede moet gesoek word in die feit dat die aansluiting by die Boerekommando's in Aliwal en Burgersdorp nie na wense was nie en dat hy besef het dat in Jamestown-distrik 'n groot groep republikeinsgesindes was wat net gesit en wag het dat die gebied geproklameer moet word voor hulle aansluit. Dit was dan ook inderdaad so. Veral onder die jongmense was die belangstelling groot. Tydens 'n voor=stelling van 'n aantal jong lidmate in die Nederduitse Gere=formeerde Kerk het 'n berig die kerk op een of ander onver=klaarbare wyse bereik dat die Boere in Jamestown is. Die jong seuns het by die kerkdeur uitgestorm. Die gerug was vals en hulle moes druipstert terugkeer om hul belofte af te lê.[116]

115 *De Oorlog tussen Groot Brittanje en die Republiken, 1899-1900*, p. 40; cf. *K G* 374 (1) telegram no. 12.

116 Wagenaar, Ella, *Jamestown 1874-1974*, p. 57.

Dit was egter nie die enigste rede vir Olivier se skielike besetting van Jamestown nie. In hierdie stadium was daar 'n groot hoeveelheid ammunisie in Jamestown en kmdt. A J Kidwell (Special Justice of the Peace) het die opdrag gekry om dit na Dordrecht te stuur. Hy was in 'n baie moeilike posisie, want stuur hy die ammunisie weg, sou die Boere kwaad wees; hou hy dit, kon die Boerekommando's dit buitmaak. Met die besef dat die Boerekommando al kennis van die ammunisie dra, hou hy 'n vergadering waar die Boere van die distrik self moes besluit wat om met die ammunisie en wapens te doen. Hulle was nou self in 'n moeilike posisie, maar besluit om aan te beveel dat die wapens en ammunisie weg=gestuur moet word, maar terselfdertyd Olivier in die geheim te laat weet dat dit sou geskied, "and bid him hasten and capture the wagon."[117] Dat Olivier van die ammunisie ge=weet het, is seker, maar toe hy verneem dat dit weggestuur word, moes hy vinnig optree. Vandaar sy skielike vertrek vanaf Burgersdorp om Jamestown te beset.[118]

In Jamestown was daar groot opgewondenheid onder die Afrika=ners. Inspekteur Halse en sy *Cape Police* het na Dordrecht padgegee. Die dorp was dus oop vir die Boere om in te neem. In die huise van die Afrikaners is daardie Vrydagnag min geslaap. Die jong dames "who owing to race sympathies - espoused the Dutch cause, being busily engaged in making Free State rosettes, sashes and puggarees."[119]

Ongeveer 03h30 die Saterdagoggend, 18 November 1899 het die nuus die dorp bereik dat die Boerekommando ses myl van Jamestown is en 'n halfuur later het die kommando van Olivier die dorp binne gery.[120] Hulle eerste doelwit was die polisiekwartiere, maar hulle het dit verlate gevind. Die volgende doelwit was om die lokasie te beset met die hoop dat

---

117 *Ibid.*, p. 59.
118 cf. *K G* 374 (1) telegram no. 12.
119 Wagenaar, Ella, *op.cit.*, p. 61.
120 cf. *Artikel I*, p. 17.

hulle hier nog Swart polisie sou vind. Ook hier het hulle egter 'n bloutjie geloop. By die poskantoor het hulle daar=in geslaag om G F le Roux, wat vir die nag in die poskantoor geslaap het, te verhoed om 'n boodskap na Dordrecht te stuur. Die poskantoor is oorgeneem en Le Roux is na die N.G. Kerk gestuur waar kmdt. Olivier besig was om af te saal.

Van die ammunisie was daar egter geen teken nie. A J Kidwell was te uitgeslape. Tydens die vergadering wat hy met die Boere van die distrik gehou het, was die wa reeds gereed en na afloop van die vergadering het hy die wa met ammunisie dadelik na Dordrecht gestuur. Olivier het selfs 'n groepie Boere agter die wa aangestuur, maar hulle kon dit nie inhaal nie.

Olivier wou Kidwell nou spreek maar hy het geweier om Olivier te woord te staan voordat hy nie sy oggendkoffie geniet het nie. Toe hy uiteindelik na Olivier gebring is, het hy ge=weier om afstand te doen van enige regeringseiendom voordat dit nie behoorlik deur verowering van hom geneem is nie. Hy het ook hewig beswaar gemaak teen Olivier se proklamering van Jamestown en hom meegedeel dat hy geen permit van Olivier verlang om die dorp te verlaat nie. Hy het geen keuse gehad nie en moes die dorp verlaat waarnatoe hy eers weer in Maart 1900 kon terugkeer toe die Engelse die dorp herower het.

Nadat die gewone formaliteite afgehandel was, is Andries Wage=naar as Resident-Vrederegter aangestel en "den heer Jacob Venter, een knap oude Afrikaner van groten invloed, als ge=wone Vrederechter."[121] Kort hierna het Olivier 20 man in Jamestown agtergelaat en dadelik met die res weer na Aliwal-Noord teruggekeer om by die res van sy kommando aan te sluit.

---

121 *K G*. 374 (1) telegram no. 12; cf. A 254; A 119-200.

Met Aliwal-Noord, Burgersdorp en Jamestown verower, het Olivier nou sy inval in Noordoos-Kaapland op die oostelike deel van die gebied toegespits. Dit was 'n gebied wat egter geen onmiddellike bedreiging vir die Vrystaat ingehou het nie, omdat dit te ver oos van die oostelike opmarsroete van die Britse magte geleë was om enigsins van strategiese be= lang vir die Boeremagte te wees. Meer nog, die gebied was naby 'n Swart gebied geleë, naamlik Herschel wat die Boere geensins goedgesind was nie. Die gebied het boonop aan Lesotho en die Transkei gegrens.

Gesien in die lig van die feit dat die Republieke bang was dat die Swartman aan die oorlog kon deelneem, is dit onbegryp= lik waarom Olivier hierdie potensiële kruitvat bedreig het. Juis in hierdie stadium telegrafeer kapt. Hook, die magistraat van Herschel, "Natives are very much disturbed by action of Free State and Colonial rebels."[122] Olivier het dit voorts self oorweeg om Herschel aan te doen op sy weg na Lady Grey, maar hy het gehoor gegee aan kapt. Hook se waarskuwing "that he could not be responsible for the attitude of the Fingos unless they left his district undis= turbed."[123]

Met die voorafgaande as agtergrond is dit nie duidelik waar= om Olivier sy verdere krygsoptrede op hierdie gebied toege= spits het nie. Waarskynlik was dit om aan die derde oog= merk van die inval in Noordoos-Kaapland te voldoen, naamlik om die Koloniale Afrikaners te beweeg om by die Boeremagte aan te sluit. Tot dusver was die reaksie onder die Kolo= niale Afrikaner in Aliwal-Noord, Burgersdorp en Jamestown teleurstellend en moes daar iets gedoen word om nog meer mense by die Boeremagte te laat aansluit. Dit was 'n vol= donge feit dat Olivier en sy meerderes in die Vrystaat "was entirely miscalculated as to the support they would receive

---

122 Schreiner, W.P., *op.cit.*; cf. *Barkly East Reporter*, 6 November 1968, K. 2.

123 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 294.

in the Colony."[124] Kort na die verowering van Aliwal-Noord het daar talle Koloniale Afrikaners Rebelle-kommando's ge= vorm, met die uitsluitlike doel om die Engelse omver te werp.[125] Olivier moes hierin 'n geleentheid gesien het om vry= willigers vir die Boerekommando's te werf.[126]

Anders as in Aliwal-Noord, Burgersdorp en Jamestown is die inisiatief in Barkly-Oos en Lady Grey deur die Koloniale Afrikaner geneem. Die Koloniale Afrikaner het dus nie hier gesit en wag dat die Boerekommando's die distrikte binne= val nie. Dit was juis hulle optrede wat verseker het dat die Boerekommando's die gebied wel binnegeval het. In al= bei hierdie distrikte het die Rebelle-kommando's eers die dorp binnegeval, waarna Olivier dit as Vrystaatse gebied ge= proklameer het.[127]

In Lady Grey is die Rebelle deur Stoffel Myburgh van Karn= melkspruit gelei. Reeds op 17 November 1899 is die Lady Grey-boere opgekommandeer om by Karnmelkspruit en Vaalhoek bymekaar te kom. By die boere wat hier bymekaar gekom het, was daar 'n heel ander benadering as in die westelike deel van Noordoos-Kaapland. Hulle het besef dat hulle as rebelle beskou sou word, "but they will fight and if England is successful, they can lose their property for all they care."[128] Hierdie optrede van talle Koloniale Afrikaners in Lady Grey het paniek onder die Britse amptenare en *Cape Police* veroorsaak. Dieselfde dag toe die Rebelle opgekomman= deer is, telegrafeer die assistentmagistraat in Lady Grey: "I am practically powerless, police have all left, and the place is in open rebellian."[129] Onder die lojale inwoners

---

124 Roberts, J.M., *op.cit.*, p. 92.

125 cf. Cd., 264, p. 3; Schreiner, W.P., *op.cit.*; Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 29.

126 Dit is ook glad nie uitgesluit dat Olivier dalk deur hulle gevra is om hierdie gebied te proklameer nie.

127 cf. Cd., 264, p. 3; *Barkly East Reporter*, April 12, 1901.

128 Schreiner, W.P., *op.cit.*; cf. Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 29. Hierdie stelling is dan ook vir ons die bewys waarom hierdie Rebelle-kommando feitlik tot aan die einde van die oorlog geveg het.

129 Cd., 264, p. 3. Die polisie wat in Lady Grey was, is teruggetrek na Barkly-Oos en van hier af is hulle op patrollies uitgestuur.

was daar onrus; hulle was sonder enige beskerming en het in onsekerheid gelewe.

Sondagoggend, 19 November 1899, is die skynbare rustigheid in Lady Grey verbreek. Kmdt. Stoffel Myburgh en sy komman= do van ongeveer 100 man het net buite die dorp vergader, 'n paar skote die lug ingeskiet en die dorp binnegery en van die magistraat die sleutels van die magistraatskantore ge= ëis.[130] Die magistraat het dadelik aan hierdie eis voldoen, maar die kommando versoek om eers saam met hom na ds. Dawid Ross te gaan.[131] Hier moes ds. Ross aan die klompie gewa= pende mans 'n sirkulêre van die Kolonie se destydse Eerste Minister, W P Schreiner voorlees. In die sirkulêre word die burgers gewaarsku om nie die wapens op te neem nie. Die reaksie was verdoemend. Stoffel Myburgh het net eenvoudig uitgeskree: "Ons wil niks met Chamberlain en Schreiner te doen hê nie!",[132] waarna hulle na die kommando terug is.[133]

Oor die datum waarop Olivier Lady Grey beset het, is daar nie eenstemmigheid nie. Volgens Amery was dit op 18 Novem= ber, maar dit is onmoontlik, want op hierdie datum het Olivier Jamestown geproklameer.[134] Die bewering dat Lady Grey al op 17 November geproklameer is, is ook nie korrek nie, want op hierdie datum was Olivier by kmdt. Swanepoel in Burgersdorp.[135] Breytenbach noem 19 November as die dag waarop die dorp geproklameer is, maar dit was die dag waar= op kmdt. Myburgh die dorp ingeval het, en toe was die dorp nog nie geproklameer nie.[136]

---

130 *The Eastern Province Herald*, 27 November 1899, K. 4.

131 *Gedenkboek van die Vyf-en-Sewentigjarige Bestaan van die Gemeente van Lady Grey : 1861-1936*, p. 35.

132 *Ibid.*

133 Blykbaar die kommando van Olivier wat in hierdie stadium naby Lady Grey was. Hierdie kommando het dan ook hoofsaaklik uit rebelle bestaan. Cd., 264, p. 3.

134 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 294.

135 Cd., 264, p. 3.

136 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 449.

Uit die verslae van die magistrate aan Schreiner blyk dit dat Lady Grey eers op 21 November geproklameer is.[137] Hierdie datum is om verskeie redes aanvaarbaar. Volgens die verslag van die verhoor van die rebel, Joahnnes Francois de Wet, getuig hy dat hy op 20 November 1899 in Lady Grey was. "He was standing in front of the hotel on the stoep, next to Olivier. The commando was also there with their horses. He (die getuie) saw no flag up at that time. He knew nothing about any speeches."[138] Dit wil dus voorkom asof die kommando wel al op 20 November in Lady Grey was, maar dat geen proklamasie gelees is nie. Dit is eers op 21 November gelees, want in De Wet se verhoor getuig B J Brummer: "He was at that place on the 21st of November, when the commando came. He saw the accused there on that day. He saw him in front of the Court-House with Olivier, who read a proclamation. The accused also made a speech."[139] As hierdie feite in aanmerking geneem word, en in ag geneem word dat Olivier nog die oggend van 21 November 'n afvaardiging van Herschel in Lady Grey te woord gestaan het, is dit feit=lik seker dat Lady Grey op 21 November geproklameer is.

Hier is dieselfde prosedure gevolg as by al die ander dorpe wat geproklameer is. By die poskantoor het daar egter 'n interessante insident plaasgevind. Die posmeesteres, mev. Sarah Gleuch, 'n lojale Britse onderdaan, het geweier om die poskantoor aan die Boere af te staan. Die Union Jack wat deur die Boere gestryk was, het sy weer gehys en nog verder gegaan deur die *Governor's proclamation against treason* by die poskantoor op te plak.[140] Later het sy egter na Herschel padgegee, maar nie sonder die poskantoor se seëls en ander skryfbehoeftes nie.

---

137 Schreiner, W.P., *op.cit.*
138 *Barkly East Reporter*, 19 April 1901.
139 *Ibid.*
140 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 294.

Nadat Olivier al die nodige prosedures afgehandel het en vir Frans de Wet as Vrederegter aangestel het, het hy die af= vaardiging van Herschel te woord gestaan.[141] Die afvaar= diging het bestaan uit eerw. Weaver, die Wesleyaanse predi= kant, R J Thomas, 'n handelaar van Herschel, ene "J P" en kapt. D B Hook. Die Boere se verteenwoordigers was hoof= kommandant Olivier, mnr. Munnik, 'n landdros van Transvaal wat voor die oorlog van Barkly-Oos afkomstig was, kmdt. S Myburgh en G van Zyl (laasgenoemde twee rebelle was van Lady Grey).

Die hoofdoel van hierdie samesprekings was om sekerheid te verkry oor die posisie van Herschel. Uit die samesprekings het dit geblyk dat die Herschel-afvaardiging die versekering wou kry dat Herschel nie aangeval sou word nie. Olivier kon hulle die versekering gee dat hy nie van plan was om Herschel in te val nie en dat hy tot in daardie stadium nog nie so 'n opdrag ontvang het nie. Hy het dit egter duidelik aan hulle gestel dat as hy so 'n opdrag sou kry, hy dit sou moes uitvoer, maar dat hy hulle betyds daarvan in kennis sou stel. Olivier wou egter weer die versekering van die Herschel-afvaardiging hê dat die Swartes van Herschel nie in die oor= log sou inmeng nie. Kapt. Hook het Olivier die versekering gegee dat as die Boere nie Herschel binneval of die Swartes daar molesteer nie, daar toegesien sou word dat hulle nie aan die oorlog deelneem nie.[142] Verder het hy die Boere gewaar= sku dat as hulle die gebied binneval, hulle nie net teenstand van die Swartes in Herschel sou kry nie, maar dat die Basoeto's ook sou meedoen. Dit was genoeg om die Boere te laat be= sef dat hulle die gebied moes vermy, want een van die dinge wat die Boere die minste begeer het, was dat die Swartman in Suid-Afrika in die oorlog betrek moes word. Gesien in die lig van hierdie feit is dit dan ook te verstane waarom Herschel dwarsdeur die oorlog vermy is.

---

141 *K G.* 374 (1) telegram no. 73, 27 November 1899.
142 Schreiner, W.P., *op.cit.*

Die middag van 21 November 1899 het Olivier na Barkly-Oos vertrek en kon hy berig "Te Lady Grey die Britsche onderdane zijn meestal naar Herschel vertrokken."[143]

Barkly-Oos, op die oostelike grens van Noordoos-Kaapland, was met die uitbreek van die oorlog oënskynlik rustig en kalm. Die Koloniale Afrikaners, in die distrik, was die Republieke se saak simpatiek gesind, maar dit as geen rede beskou om dislojaal teenoor die Britse regering te wees nie.[144] Die Britsgesindes in die distrik het weer gevoel dat daar geen rede is waarom hulle onrustig moes voel nie, want "shut up in a corner, almost surrounded by natives and with the warlike Basuto's on our very border, what gain would it be to the Free State to annex Barkly?"[145]

Met die inval van die Boeremagte in Aliwal-Noord en Burgers=dorp het sake egter 'n wending geneem. Die lojaalgesindes wat bedreig gevoel het, het onmiddellik by die Britse rege=ring aangedring om versterkings na Barkly-Oos te stuur om die opstandige Basoeto in toom te hou. Dit was egter net vir die skyn, want hulle het baie goed besef dat indien hier 'n sterk Britse mag was, die kanse skraal sou wees dat die Boere Barkly-Oos sou binneval. Die republikeinsgesindes het teenoorgesteld gereageer. Hulle het die Kaapse regering onder die indruk gebring dat die Basoeto geen bedreiging was nie en dat dit nie nodig was om Britse troepe na Barkly-Oos te stuur nie. Dit was wat hulle voorgehou het, maar intussen het hulle besef dat "if the district was protected no commando would invade the district, so they did all in their power to prevent it being protected."[146]

---

143 *K G*. 374 (1), telegram no. 73, 27 November 1899.
144 cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 100.
145 *Barkly East Reporter*, 6 November 1968, K. 2.

146 Cd., 264, p. 4.

Die republikeinsgesindes het dan ook nie op hulle laat wag nie, maar dadelik pogings aangewend om Olivier in Barkly-Oos te kry. J J van Pletzen, wat Olivier al in Aliwal-Noord besoek het, maar slegs met Munnik 'n onderhoud gevoer het.[147] So het J J van Pletzen en Francois de Wet, wat self in Lady Grey 'n belangrike aandeel in die proklamering van die dorp gehad het, Olivier oorreed om Lady Grey en Barkly-Oos te proklameer. Olivier se telegram aan sy leërleiding in die Vrystaat, naamlik "en op aandrang van personen die wettige rechten ons wil heffen heb ek dat dist. geproklameerd," bewys dit.[148]

Dit staaf die feit dat Olivier na Barkly-Oos is op aandrang van die Koloniale Afrikaner en dat hy daarin die geleentheid gesien het om burgers vir sy kommando's te werf.

In Barkly-Oos self het die republikeinsgesindes nie stil gesit nie en het hulle 'n rebelle-kommando op die been gebring. Hulle bedrywighede hier het op 22 November 1899, 'n dag voor Olivier die dorp beset het, hul klimaks bereik. Die Woensdagmiddag het 70 Rebelle die dorp binnegery. Feitlik dieselfde tyd het die poskar ook die dorp binnegekom. Die posmeester, bewus van die gevaar, het dadelik opgetree en al die nodige veiligheidsmaatreëls getref. Alle dokumente en telegramme wat vir die Boere van waarde kon wees, is verbrand. Die bruikbare telegraaf-toerusting wat daar was, het hy ver=wyder en net 'n nuttelose een agtergelaat, met die gevolg dat die Boere nie die telegraaflyn na die besetting van die dorp kon gebruik nie. Tydens die duur van die Boerebesetting was daar ook geen posaflewering nie.[149]

---

147 *Barkly East Reporter*, April 26, 1901.

148 *K G.* 374 (1) telegram no. 73, 27 November 1899; cf. Cd., 420, p. 80; *De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Republieken, 1899-1900*, p. 50.

149 Die posmeester was 'n sekere Macmillan.

Intussen het die rebelle-kommando onder leiding van J J van Pletzen en H Potgieter die sleutels van die magasyn by H Schwartzkopt geëis.[150] Van hier is hulle met groot ver= toon na die markplein, waar hulle 'n magsvertoon vir die inwoners gehou het. Om nog verder indruk te maak, het hulle in enkelgelid deur die kroeg van Hartley se hotel gery, deur die biljartkamer en by die agterdeur uit.[151] Tot in hierdie stadium was daar geen verset teen die optrede van die Rebelle nie, want die magistraat, Philpott, en die *Cape Police* het die dorp reeds verlaat.[152] Die magistraat het ook 'n groot hoeveelheid van die regeringgeld met hom saamgeneem.

'n Mens moet aanneem dat hierdie optrede van die rebelle-kom= mando aangemoedig is deur die feit dat Olivier se kommando by Glen Almond, slegs 14 myl van Barkly-Oos af was. Die gemoedere het hoog geloop met die kommando so naby en dit was nou die ideale geleentheid om van maandelange ingehoue emosies ontslae te raak. Dit is te betwyfel of hulle wel so sou opgetree het as die kommando nie in die nabyheid was nie. Die meeste van hulle was nie eens goed gewapen nie.

"What a day November 23rd was for Briton and Boer for the latter of rejoining and congratulation; for the former a day of darkness and trouble."[153] 10h00 daardie oggend het Olivier en sy kommando die dorp binnegery. Voor langs hom het drie van die dorp se bekendste inwoners gery.[154] Daar was vroue en kinders in die strate, en die dorp het oorge= loop van vreugde. Die Boere is luid toegejuig en die vreugde van die oorwinnaars was onbeperk.[155] Die kommando het stadig onder die vierkleur in die rigting van die markplein beweeg. Hier is reeds die vorige dag vir die geleentheid

---

150 *Barkly East Reporter*, April 12, 1901; cf. *The Boer War 1899-1900*, p. 69.

151 Sanderson, Edgar, *Fight for the Flag in South Africa*, p. 48.

152 *Barkly East Reporter*, May 2, 1973, K. 2; cf. Smith, A.P., *Ligglans oor die Berge*, Eeufeesgedenkboek Nederduits Gereformeerde Kerk en gemeenskap, Barkly-Oos 19873-1973, p. 240.

153 *Barkly East Reporter*, November 6, 1968.

154 Een van hierdie inwoners was J F de Wet. *Barkly East Reporter*, April 26, 1901.

155 Cd., 264, p. 4; cf. Cd., 240, p. 80; *Barkly East Reporter*, June 7, 1901.

'n platvorm opgerig. Die vlag is aan een van die stoeppale van die openbare kantore opgerig. Anders as by die ander dorpe het Olivier nie die proklamasie gelees nie, maar wel G J Munnik.[156] Na die proklamasie het hy toe ook 'n toe=spraak gehou, en dit is later soos volg weergee: "It was a glorious day for patriotism and the cause. The fairest district in the Colony has been annexed without a shot being fired."[157] Hoofkmdt. Olivier het hierna die inwoners toegespreek en dieselfde prosedure as by Aliwal-Noord en die ander plekke is gevolg.

Olivier het vir Munnik as landdros aangestel, maar toe hy later na Dordrecht vertrek het, is Gerhardus Ruthman Jooste, van Rouxville, as landdros aangestel. Hy het ook nou die sleutels van die magasyn van die rebelle-kommando gekry en het tussen 350 en 600 gewere met 10 000 patrone buitgemaak.[158] Die meeste van die wapens is egter onder die rebelle wat feitlik geen wapens gehad het nie, verdeel.

Barkly-Oos was nou tot groot vreugde van die republikeins=gesindes Vrystaatse gebied en soos by die ander verowerde dorpe, was dit die Lojalis wat aan die kortste end getrek het. Hulle het egter verkies om liewers die dorp te verlaat as om die neutraliteitseed af te lê.

Met Barkly-Oos verower en Rhodes in die nabyheid, het Olivier op aandrang van die Rebelle, en met die besef dat dit net tot die Boeremagte se voordeel kan wees, sy visier op dié dorp gerig.

---

156 Munnik was 'n bekende in Barkly-Oos. Voor die uitbreek van die oor=log was hy vir 'n ruk hier landdros. Hy is later egter na Graaf-Reinet waar hy die "Midland Farmer" gestig het. Toe hierdie koerant egter 'n mislukking blyk te wees, het hy na Transvaal verhuis, en toe die oorlog uitbreek, het hy by die Boerekommando's aangesluit. Dit is dus betekenisvol dat hý die proklamasie gelees het. (*Ibid.*)

157 *Ibid.*, cf. *K G*. 374 (1), telegram no. 57 en 84; Smit, A.P., *op.cit.*, p. 242.

158 *Barkly East Reporter*, June 7, 1901; cf. *K G*. 374 (1) telegram no. 56; Leyds Argief, *Rapport van kap. Ram en Lt. Thomson*, p. 339; Leyds A 770, Nierstrasz, P.A., *La Guerre Suid-Africaine 1899-1902*, p. 644.

Op 27 November 1899 het Olivier met 'n kommando van 50-60 man die dorp binnegery. Hier was geen teenstand nie. Die besetting was net 'n blote formaliteit. Olivier het die proklamering afgehandel en die inwoners toegespreek. J F de Wet, 'n prominente figuur in Barkly-Oos, het ook die geleentheid gekry om die inwoners toe te spreek. Hy het duidelik sy gevoel uitgespreek toe hy verklaar: "You must thank me, J F de Wet, that the iron yoke of the English Government has been taken off our necks."[159]

Olivier se taak was nou afgehandel en het hy hom na Dordrecht gewend. "Het schynt dat de Afrikaners te Dordrecht zeer begeerig zyn dat wy daarheen zullen overkomen,"[160] het Olivier sy leërleiding ingelig. In hierdie stadium wou J W Sauer, wat toe in Dordrecht was, die inwoners van Barkly-Oos toespreek,maar Olivier het egter die afvaardiging om toestemming te verkry om so 'n vergadering te hou, meegedeel "dat hy op Vrystaatsche gebied zodanige byeenkomst niet kan toestaan."[161]

Na aanleiding van Sauer se versoek is dit dus duidelik dat by Dordrecht 'n ander situasie as in Barkly-Oos en Lady Grey aan te tref was. Die Kaapse regering het besef dat hulle iets aan die situasie in Noordoos-Kaapland moes doen as hulle 'n algehele opstand in Noordoos-Kaapland wou vermy. Hulle het hulle bes probeer om die gemoedere te klameer. By Barkly-Oos was hulle reeds te laat, maar in Dordrecht kon hulle nog 'n invloed uitoefen. Merriman skryf byvoorbeeld aan P J de Wet in Dordrecht, na aanleiding van die Boeremagte

159 *Barkly East Reporter*, April 19, 1901. J F de Wet het 'n baie belangrike rol gespeel in die verowering van die dorpe in die oostelike deel van Noordoos-Kaapland.

160 *K G*. 374 (1), telegram no. 85.

161 *K G*. 374 (1), telegram no. 58. Die hoofdoel van Sauer se koms na Barkly-Oos was om die Koloniale Afrikaner af te raai om by die Boeremagte aan te sluit of om wapens op te neem teen die Britse regering.

se suksesse in Natal en elders: "They (die Boere) now fought gallantly and made their foes respect them, but it is hopeless. For our people to rise would be sheer madness, and only lead to the loss of our liberties, whereas by sit=ting still we may excercise some influence over the settle=ment."[162] Wat hierdie waarskuwing veral interessant maak, is dat dit gestuur is op die dag toe Aliwal-Noord ingeval is, met ander woorde,toe die Boeremagte begin het met hulle inval in Noordoos-Kaapland. Die noordelike dele van die gebied kan dus nie meer so sterk beïnvloed word as die suide=like dele nie en dit verklaar dan ook die feit waarom Sauer later na Dordrecht gestuur is om die gemoedere te kalmeer.

Die invloed van die Boeremagte se sukses in Aliwal-Noord, Burgersdorp, Jamestown, Lady Grey, Barkly-Oos en Rhodes was egter te groot, en selfs Sauer se kort vergadering op 22 November in Dordrecht kon nie die gemoedere stil nie. Daar word op 26 November gerapporteer: "The whole district (Wodehouse) is in open rebellion, and joining the comman=do."[163] Sauer, wat toegang tot Barkly-Oos geweier was, het nou 'n laaste poging aangewend om Dordrecht se inwoners te kalmeer.[164] Op 28 November is 'n groot vergadering gehou. Feitlik die hele distrik, Britse Lojales,sowel as Koloniale Afrikaners, was aanwesig.

Uit die verslae oor hierdie vergadering blyk dit dat Sauer se hoofdoel was om die inwoners te ontmoedig om by die Boeremagte aan te sluit en deel te hê aan die rebelle-kommando's. Dat Sauer in sy doel geslaag het, is duidelik, want op die vergadering is daar besluit dat die inwoners van die distrik "earnestly desire to take no part in it (die oorlog.)"[165] Daar is ook verder besluit om 'n afvaardiging

---

162 Lewsen, P., *op.cit.*, p. 103.
163 Cd., 264, p. 4.
164 cf. p. 61 van hierdie hoofstuk; Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 34.
165 Cd., 43, p. 222.

na Olivier te stuur om hom te versoek om nie die distrik binne te val nie. In hierdie stadium was Olivier by Clifford, 20 myl van Barkly-Oos.[166]

Getrou aan die besluit van die vergadering is 'n afvaardiging bestaande uit ds. J F Marais, P J de Wet, O S Vermooten en J G Marais[167] na Olivier gestuur. Volgens Lewsen was daar nog 'n lid wat as waarnemer saam gegaan het, naamlik 'n sekere Hargrove wat die *S.A. Consiliation*-beweging verteenwoordig het.[168]

Aan hulle is opdrag gegee om Olivier mee te deel dat die ver= gadering by Dordrecht besluit het dat "the war was to be regretted, that the inhabitants of Wodehouse desire to take no part in it, and that the inhabitants do not desire the Free State Forces to invade the district."[169] Oliver rap= porteer oor hierdie samesprekings dat hulle wel aan hom hierdie feite genoem het, maar ook daarby gesê het dat "this is only a blind, and that we must come at once."[170]

Dit blyk dat Olivier reeds op 1 Desember, toe hy die distrik Dordrecht binnegetrek het, die distrik geproklameer het - 'n stap wat baie eienaardig is, want tot in hierdie stadium is geen ander plek op die wyse geproklameer nie.[171] Dit kan vertolk word dat Olivier nie tot in Dordrecht wou gaan nie, omdat hy vir teenstand bevrees was. In 'n telegram verklaar hy: "Volgens berichten zone ik aldaar een sterken tegen= stand krygen."[172] Met die ontmoeting van die afvaardiging het hulle hom waarskynlik omgepraat om die dorp te prokla= meer. Op 2 Desember het hy Dordrecht dan ook geproklameer, maar slegs met 'n deel van sy kommando, want die res het hy

---

166 *The Eastern Province Herald*, 27 November 1899; cf. *Dagboek van M de Wet*, p. 4.
167 Cd., 43, p. 223; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 109.
168 Cd., 420, p. 108; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 109.
169 Cd., 43, p. 222.
170 Lewsen, P., *op.cit.*, p. 109; cf. Cd., 420, p. 108.
171 Leyds Argief, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 342.
172 *Ibid.*, p. 342; cf. prof. S P Engelbrecht versameling, *Band 20 Leêr no. 47, telegram no. 86*, 4 Desember 1899.

na die spoorlyn tussen Dordrecht en Indwe gestuur met die bevel om dit op te breek. Vandaar moes hulle verder na die spoorlyn tussen Dordrecht en Sterkstroom en dit ook op= breek. Sodoende wou hy verhoed dat Britse troepe Dordrecht per spoorlyn bereik.[173]

Dieselfde prosedure is in Dordrecht gevolg as by al die ander plekke met dié uitsondering dat die vlag wat gehys is de Vijfkleur was, "de neeuwe vlag van het Verenigd Zuid-Afrika."[174] Olivier het ook dadelik begin met die opkommandering van die distrik se inwoners. Vir die taak het hy landdros Munnik afgesonder. Van die magistraat Whitham het hulle goeie samewerking gekry. Oor die ontvangs wat Olivier daar gekry het, sê 'n Lojalis die volgende: "I could scarcely believe my eyes, when I saw how eagerly and gladly the Free Staters were welcomed by our Dutch people."[175]

In hierdie stadium word Olivier in opdrag van pres. Steyn na Stormberg ontbied,[176] en moes hy nog dieselfde oggend vertrek. Olivier is egter eers na Jamestown waar hy die res van sy kommando gekry het en eers op 4 Desember na Stormberg vertrek het. Hy het egter sy waarnemende kmdt. De Wet met 400 man direk na Stormberg gestuur.[177] In hierdie stadium het Olivier se kommando uit 500 man bestaan: 330 man van Barkly-Oos, 120 Vrystaters en 50 van Lady Grey. Verder het hy nog 50 Vrystaters van sy wa-kommando geneem en 50 daar agtergelaat. Hy het nog 151 Vrystaters van die wyk Vegkop laat kom. Hoofkmdt. Olivier het dus met altesaam 1 050 man na Stormberg vertrek.[178]

---

173 cf. *Ibid.*, p. 342.
174 Penning, L., *op.cit.*, p. 416.
175 Cd., 420, p. 44.
176 Hierdie word verder in die hoofstuk volledig bespreek. Sien pp. 67-69.
177 Leyds Argief, *op.cit.*, p. 343; cf. *prof. Engelbrecht versameling, telegram no. 88.*
178 *Ibid.*

Die vraag is of Olivier nog verder suidwaarts sou beweeg het as dit nie was dat hy na Stormberg moes terugkeer nie. Met Gatacre egter in Queenstown en ook by Penhoek is dit te betwyfel of hy dit sou doen.

Intussen is die Boere-inval in die westelike deel van Noord=oos-Kaapland nog steeds voortgesit. Met Burgersdorp deur kmdte. Swanepoel en Du Plooy verower, was Venterstad die enigste ander dorp wat nog op die grens geleë was.

In Venterstad het die gemoedere hoog geloop en het die republikeinsgesindes in spanning gesit en wag dat die dorp deur die Vrystaters verower moes word. Hier was geen Britse magte nie en daar sou dus geen teenstand wees nie. Vroeg die oggend van 20 November 1899 het dertig burgers onder veldkornet Combrink die dorp binnegeval. Saam met hom was ook Macdonald en Botha. Die feit dat die hele inval net met dertig man geloods is, toon dat dit 'n blote formaliteit was. Hulle is met ope arms deur die inwoners ontvang.[179] 'n Proklamasie, onderteken deur kmdt. Swanepoel is voorgelees, die vlag gehys en die Vrystaatse Volkslied gesing.

Ten spyte van John Arnand Smellenkamp, die assistent-magistraat van die distrik Albert, se pogings om die inwoners te oor=tuig dat die Vrystaatse proklamasie geen krag dra nie, en as hulle by die kommando's aansluit as Rebelle beskou sou word, het baie van hulle tog voortgegaan om die kommando's te ondersteun.[180] 'n Nuwe dorpsbestuur is gekies, naamlik Abel Oosthuysen, voorsitter en inwoner van Venterstad, Stephanus Kruger van Biskuitfontein, Dirk Coetzee senior, Talkop, Hendrik Kruger van Ezelshoek en Dawid Viljoen van Zeekoegat almal van Venterstad se distrik. As Resident-Vrederegter is Petrus Viljoen, 'n skaapinspekteur, aangestel.

179 Cd., 264, p. 3.
180 Schreiner, W.P., *op.cit.*

ŉ Jongman ook met die van Viljoen is as sy sekretaris aangestel.[181]

Die Boere was ook gelukkig om al die ammunisie in die dorp aan te tref, want die magistraat kon nie daarin slaag om dit weg te kry nie. Die amptenare van die magistraatskantore en poskantoor is gevra om in hulle poste aan te bly, maar hulle het geweier en die dorp verlaat. Die lojaalgesindes is net 7 dae tyd gegee om die dorp te verlaat.[182] Die burgers se moraal was hoog en hulle het vrylik gepraat dat hulle nou na Kaapstad gaan opmars.[183]

Met die verste noordwestelike dorp van Noordoos-Kaapland verower, moes die invalsmagte nou hulle inval meer suidwaarts loods, en dadelik duik die naam Stormbergspooraansluiting op.

Hierdie spooraansluiting is tereg "die waghond van die hoofspoorlyn na Bloemfontein en die Kaapse Middellande" genoem.[184] Tot met die eerste invalle van die Boeremagte was Stormberg deur Britse troepe beset, maar met die eerste inval van die Boeremagte oor die grens is hulle onttrek en van Britse kant is erken dat "a most unfortunate mistake had been made..."[185] Dit verbaas ŉ mens dat die Boeremagte nie lankal hierdie belangrike strategiese punt beset het nie. Hier was geen troepe wat kon teenstand bied nie, en in die lig gesien van die Boere se veldtogplan,[186] is dit gewis een van die posisies wat in Noordoos-Kaapland beset moes gewees het. Tot in hierdie stadium was daar egter geen aanduiding dat die Boeremagte daarin belanggestel het om hierdie belangrike slagaar van die Britse opmarsroete af te sny nie.[187]

---

181 *Ibid.*
182 *The Eastern Province Herald*, 30 November 1899, K. 5; cf. Cd., 264, p. 3.
183 *The Eastern Province Herald*, 30 November 1899, K. 5.
184 Meintjes, Johannes, *Dorp van my drome* : *Die geskiedenis van Molteno 1874-1900*, p. 73.
185 A 459, *The life of General Sir E G Brabant*, p. 143.
186 Sien Inleiding, p. 14.
187 Een van die Britse opmarsroetes na die Republiek was die oostelike spoorlyn vanaf Oos-Londen oor Stormberg.

Die situasie het egter in Noordoos-Kaapland begin verander. In Queenstown was 'n sterk Britse mag onder lt-genl. W Gatacre aan die opbou en gerugte het die ronde begin doen dat 'n aanslag op die Boeremagte vanuit die suide ge= loods gaan word.[188] Toe genl. H J Schoeman[189] voorts aan pres. Steyn telegrafeer dat hy en sy kommandante van mening is dat hoofkmdt. Grobler en die ander kommandante "zoo spoedig mogelijk alle verdere inneminge en proclameeren moet staken en dat twee der voornaamste plekken namelyk Stormberg of Boesmanshoek en Rosmead in bezet moeten genomen en gehouden worden en de spoorlyn er rondom verbroken moeten worden,"[190] was die wiel aan die rol. Boesmanshoek moes buite rekening gelaat word, want genl. Gatacre was reeds besig om hom hier in te grawe. Die enigste onbesette plek in Noordoos-Kaapland was Stormberg en pres. Steyn stuur dan ook dadelik aan hoofkmdt. Grobler die volgende opdrag: "dat indien mogelijk, die spoorwegbruggen en verbindingen om Stormberg Junction behoort indien mogenlijk dadelijk te worden vernield en dat eene aansluiting met vecht generaal Schoeman moet plaas vinden zoo spoedig mogelijk."[191]

Verdere berigte van Britse troepe wat in Kaapstad, Port Elizabeth en Noupoort saamtrek,het begin instroom. Pres. Steyn se geheime spioen wat in die gebied wat deur die Boere= magte ingeval is, ondersoek ingestel het, het berig dat 25 000 troepe by De Aar verby is - 10 000 van hulle was vir Kimberley bestem en 10 000 sou van Houtkraal teen die suid= grens van die Vrystaat opruk. Verder het daar tussen 6 000 en 7 000 troepe via Oos-Londen in die rigting van Stormberg beweeg. "Hierdie troepemag sou, so het die spioen vasgestel, die verskillende Boerestellings vanaf Stormberg in die ooste tot voor Kimberley in die weste gelyktydig aanpak en probeer uitwis."[192]

---

188 Sien Hoofstuk 3, p. 87.

189 Hy is as versterking vanuit Transvaal na die suidgrens van die Vry= staat gestuur en moes die bevel in Colesberg distrik voer.

190 Leyds 711 (1), telegram no. 3, 23 November 1899 ; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. I, p. 455.

191 *Ibid.*, p. 455.

192 *Ibid.*, p. 456. Die spioen waarvan hier gepraat word, was blykbaar 'n ene Barend de Klerk. (Leyds 710 (3) telegram no. 12, 9 November 1899.)

Hierdie berigte het pres. Steyn onrustig gestem, en toe genl. Schoeman nog berig dat die Engelse vanaf Noupoort van sy buiteposte bedreig het, het pres. Steyn besef dat indien die kommando's aan die suidelike front nie dadelik stelling inneem nie, die Vrystaat spoedig aan die genade van die vyand blootgestel gaan word.

Op 27 November stuur hy sy finale opdrag aan hoofkmdt. Olivier: "Daar wij nu den vijand van drie punten bedreigd worden, is de tijd aangeboden dat wij zonder verzuim op de (ze) punten onze commando's concentreeren, ten kanten Kimb=(erle)y, Naauwp(oor)t en Stormberg. De Krijgscommissie heeft besloten dat aan U Ed de moeilijke taak zal worden opgedra=gen om de Koloniale burgers van de districten Aliwal-Noord, Burghersd(or)p en Barkly Oost die aansloten hebben, in eene leger met uwe manschappen te concentreeren, om de leger uittemaken tegenover Stormberg. HEd. de Staats President en Krijgs Comm(is)s(ie) hebben de grootste vrijmoedigheid UEd. deze opdracht te doen, daar gij onwedersprekelijke blijken gegeven hebt van snel en beslisd te kunnen handelen en te organiseeren, te meer dat dit alles binnen enige dagen zal moeten te weeg gebracht worden. Zoordra gij de posities bij Stormberg ingenomen hebt, zal Hoofd komdt. Grobler met comdten du Plooij en Swanepoel, indien niet reeds vertrokken, naar Colesberg snellen om zich te voegen bij de commando van genl. Schoeman, om Naauwpoortsche leger uit te maken. Deze koers en de noodzaakelijkheid van spoed is onvermijdelijk geworden ten gevolgen van rapport heden van genl. Schoeman ontvangen... Het zal u slechts noodig zijn Stormberg van Komdt. Grobler over te nemen, daar hij dezelve reeds in bezit hebt."[193]

---

193 *Ibid.*, pp. 456-457; cf. Leyds Argief, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 166; Leyds 711 (c) telegram no. 56, 27 November 1899. Dit is hierdie telegram wat daartoe gelei het dat hoofkmdt. Olivier haastig van Dordrecht vertrek het. Dit blyk ook dat die landdros in Aliwal-Noord 'n plan aan pres. Steyn voorgelê het waar=volgens al die passe na die binneland beset word, byvoorbeeld Boes=

(vervolg)

Met hierdie veranderende situasie in Noordoos-Kaapland en pres. Steyn se opdragte aan hoofkmdte. Grobler en Olivier, het Stormberg-spoorwegstasie 'n heel ander betekenis verkry en het die Boere hulle gehaas om die strategiese spoorweg=aansluiting te beset.

Daar is nie duidelikheid oor watter kommandant op Sondag, 26 November 1899, vir die besetting van Stormberg verantwoor=delik was nie.[194] Die name van vier kommandante word ge=noem, naamlik hoofkommandante Olivier en Grobler, sowel as kommandante Swanepoel en Du Plooy.

Om hoofkmdt. Olivier uit te sluit, is maklik, want in hier=die stadium was hy in Barkly-Oos en hy het Rhodes op 27 November geproklameer.[195] Die probleem lê egter by hoofkmdt. Grobler en kmdte. Swanepoel en Du Plooy. Wat Grobler betref, merk ons dat hy volgens pres. Steyn se opdrag stadig in die rigting van Stormberg beweeg het en dit op 26 November beset het.[196] Kmdt. Swanepoel telegrafeer egter dat hy al die Saterdag, met ander woorde die 25ste November, by Stormberg aangekom het, "en vond de plaats verlaten."[197] Kmdte. Swanepoel en Du Plooy was dus blykbaar reeds die Saterdag daar en hoofkmdt. Grobler het eers die Sondag daar aangekom. Omdat Grobler die hoofkommandant was wat deur pres. Steyn aan=gestel is en Swanepoel slegs die hoofkommandant van die Smithfield- en Bethulie-kommando's was,kan ons aanneem dat hy

---

193 (Vervolg)
manshoek, Penhoek en die pas tussen Dordrecht en Sterkstroom. Dit was 'n goeie plan, maar het te laat gekom. Steyn het ook hiermee saamgestem en wou dit laat uitvoer, maar toe genl. Schoeman berig van die aanval op sy buiteposte, het Steyn die gemelde telegram aan Olivier gestuur. (Leyds Argief, *op.cit.*, p. 165).

194 *Dagboek van Siomon Johannes du Plooy*, seun van kommandant du Plooy, p. 72; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 455.

195 Sien p. 61 van die hoofstuk.

196 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 455.

197 *K G*. 374 (1), telegram no. 83, 27 November 1899; cf. *Stormberg*, p. 53; Meintjes, J., *Dorp van my drome*, p. 77.

deur pres. Steyn en andere as die hoogste gesag beskou is en dat sy naam dus uitstaan as dié kommandant wat Stormberg beset het.

Met die aankoms van kmdte. Swanepoel en Du Plooy by Storm=berg was die plek feitlik verlate en was daar slegs 'n aantal spoorwegbeamptes aanwesig. Hy het hulle dadelik na Molteno weggestuur. Verder het hy die spoorlyn tussen Stormberg en Noupoort laat opbreek en ook die een na Molteno. Pres. Steyn se opdrag is dus uitgevoer.

Die terrein het 'n uitstekende stelling gebied. Die Boere het nie eers nodig gehad om loopgrawe te grawe nie, want die Britse garnisoen wat voor hulle koms daar was, het dit reeds gegrawe. Met die spoorlyne buite werking en die telegraaf=lyne geknip het die kommando's nou veilig gevoel en laer getrek.[198]

Pres. Steyn se opdrag was gedeeltelik uitgevoer en die Boere=magte by Stormberg het slegs op die koms van hoofkmdt. Olivier gewag. Daar is geen verdere daadwerklike aanvalle geloods nie, maar die burgers "has now scattered in small parties in the direction of Steynsburg, endeavouring to obtain recruits among the local Dutch."[199]

Dit is interessant om daarop te let dat die Boeremagte nie suid van Stormberg opgetree het nie, maar wel weswaarts, naamlik weg van Gatacre se magte. Steynsburg het dan ook nie die invloed van die inval van die Boeremagte in die Kaap=kolonie vrygespring nie. Die dorp was ongerus, en reeds so vroeg soos 19 November is daar al 'n inval in die dorp verwag.[200] As gevolg van hierdie bedreiging is die *Cape Police* na Molte=no teruggetrek.

198 *Stormberg*, p. 52.
199 *The Eastern Province Herald*, 30 November 1899, K. 1.
200 Schreiner, W.P., *op.cit.*

Dit was egter eers na die besetting van Stormberg deur die Boere dat Steynsburg, ongeveer 30 myl wes van Stormberg, die Boere se aandag geniet het. Tot dusver was die Boere net rondom Steynsburg bedrywig. Op 2 Desember 1899 is die dorp deur 'n Boerekommando binnegeval.[201] Die telefoondrade is geknip en die brug by Thebus opgeblaas. Hier is dieselfde prosedure gevolg as by al die ander dorpe.

Die Koloniale Afrikaner was verheug oor hierdie stap, maar die lojaalgesindes het duidelik hulle misnoeë oor die kommando se optrede te kenne gegee. Steynsburg is deur hierdie inval lamgelê. Alles het tot stilstand gekom. Die handel het gekwyn en daar was geen spoorverbinding met die buitewêreld nie.

Hiermee het die eerste Boere-inval in Noordoos-Kaapland feit=lik tot 'n stilstand gekom. Die meeste dorpe in die gebied was onder republikeinse beheer en dit was net die suidweste=like deel waar geen dorpe beset is nie.

Molteno, net suid van Stormberg, is dwarsdeur die oorlog deur die Boeremagte vermy. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat Molteno sterk pro-Brits was. Daar was baie inwoners wat wel die Boere se saak goedgesind was, maar wat nooit be=reid was om aan die oorlog deel te neem nie. Hulle stuur dan ook 'n boodskap aan kmdt. Swanepoel in Burgersdorp waarin hulle hom vra om nie die distrik binne te val nie.[202] Dat die dorp nie beset is nie, moet egter nie net hieraan toege=skryf word nie. Die optrede van Molteno se magistraat, J C P du Toit, het ook baie gehelp dat die distrik nie binne=geval is nie. Kort nadat Burgersdorp, met ander woorde, die distrik Albert, beset is, het hy daarin geslaag om Molteno, wat een van die wyke van Albert uitgemaak het, as 'n onafhank=

201 *The Eastern Province Herald*, 7 Desember 1899.
202 *Onze Courant*, 27 November 1899, K. 5, p. 2.

like distrik te laat verklaar. Hy kon dit dus aan die inwoners stel dat Molteno nie deel uitmaak van Albert nie en dat hulle nie gehoor moet gee aan die opkommandering nie.

Verder was die Boere daarvan bewus dat hoe verder suid 'n mens gaan, hoe meer pro-Brits was die gemeenskap, en omdat hulle nie die Engelssprekende bevolking van die gebied teen hulle in opstand wou laat kom het nie, het hulle die gebied vermy. Dit was een van hulle groot vrese dat die Engels=sprekende bevolking van die Kolonie die wapen teen hulle sou opneem.

Gesien in die lig van pres. Steyn se opdrag en die Boere se veldtogplan, is daar nie belanggestel om verder suid te beweeg nie, en omdat Stormberg van veel groter strategiese belang as Molteno self was. 'n Ander feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat genl. Gatacre alreeds besig was om in Queenstown 'n mag op te bou en in Penhoek en Boes=manshoek bedrywig was. In hierdie stadium het die Boere nie in 'n botsing met hom belanggestel nie. Dit verklaar die feit dat dorpe soos Hofmeyer, Tarkastad, Indwe, Maclear en ander eers veel later in die oorlog betrek sou word.

Die inisiatief in Noordoos-Kaapland was besig om uit die hande van die Boeremagte te glip. By Stormberg het die Boerekommando's passief gelê en wag op genl. Gatacre se aan=slag. Hier was drie kommando's: dié van hoofkmdt. Olivier, hoofkmdt. Grobler en hoofkmdt. Swanepoel en verskillende Rebelle-kommando's onder hulle kommandante saamgetrek.
Die vraag ontstaan egter wie van hierdie drie hoofkommandante eintlik by Stormberg in bevel was. Hoofkmdt. Swanepoel se posisie is maklik te verklaar. Hy was hoofkommandat van die Smithfield- en Bethuliekommando's en in pres. Steyn se opdrag was dit duidelik dat hoofkmdt. Olivier by hoofkmdt. Grobler moes oorneem en dat hoofkmdt. Grobler dan na genl.

Schoeman moes terugkeer, terwyl kmdt. Du Plooy en Swanepoel saam met hom moes gaan.[203] Ons kan dus met 'n mate van seker= heid sê dat volgens die leërleiding hoofkmdt. Olivier by Stormberg die bevelvoerder was.[204]

By Stormberg was die situasie egter anders. Op Vrydag, 8 Desember 1899, 'n dag ná hoofkmdt. Olivier se aankoms by Stormberg, is krygsraad gehou. Tydens hierdie krysraad was daar diepgaande verskille onder die lede daarvan. Waar= oor die verskille gegaan het, kan nie met sekerheid gesê word nie, maar een van die probleme was die verdere strategie wat gevolg moes word. Kmdt. Du Plooy het gevoel dat hulle nie hier moes stil lê nie, maar dat hulle tot die aanval moes oorgaan en dieper die gebied moes intrek.[205] Uit hoofkmdt. Grobler se telegram aan pres. Steyn is sy standpunt duidelik: "Na vele consultaties verneem ik onwenschlijk is om dieper integaan en de drie posities in kwestie te bezetten. Deze positie nl. junctie spoorlynen is al wat wy behoeven."[206] In die lig van pres. Steyn se opdrag aan hoofkmdt. Olivier kan ons aanneem dat hy ook van kmdt. Du Plooy verskil het en hy liewers by Stormberg stelling wou inneem. By Olivier kon ook kmdt. Swanepoel gevoeg word, want hy skryf oor die gebeure: "... het ek uit die krygsraad uitgestap en Olivier het my later gevolg."[207]

Meintjes vermeld egter die volgende: "Dit blyk dat die hele onenigheid gegaan het oor 'which division should have pas= senion of the solitary gun, a Krupp 12 pounder commanded by Sergeant Muller'."[208] Hoofkmdt. Olivier en kmdt. Swanepoel het gevoel dat hulle die 12-ponder moes hou, want waar hulle

---

203 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. I, p. 451; cf. Leyds Argief, *op. cit.*, p. 343.
204 *Ibid.*, p. 456; cf. Leyds 711 (c), telegram no. 56, 27 November 1899.
205 Hierdie inligting is aan my meegedeel deur F J du Plooy, skrywer van Aliwal-Noord Eenhonderd Jaar en kleinseun van kommandat Du Plooy.
206 Leyds Argief, *op.cit.*, p. 342.
207 A 104, p. 1.
208 *Stormberg*, p. 86.

by Stormberg-spooraansluiting sou vertoef sou hulle dit die nodigste hê. Hoofkmdt. Grobler, kmdte. Du Plooy en Steen=kamp, wat by De Kop op die Stormberg-Steynsburgpad posisie sou inneem, was weer van mening dat hulle die kanon die nodigste het.

Die Boere-kommando's was dus in twee kampe verdeel - 'n ver=deeldheid wat amper op 'n fiasko afgestuur het, want vroeg die oggend van 9 Desember was kmdte. Du Plooy en Steenkamp besig om na Steynsburg te beweeg. Of dit as gevolg van die verdeeldheid, of 'n uitvoering van pres. Steyn se opdrag was, naamlik om hulle by genl. Schoeman in Colesberg aan te sluit, is in onsekerheid gehul.

Op die vooraand van die slag van Stormberg was die situasie vir die Boere-kommando's in Noordoos-Kaapland dus nie so rooskleurig nie. Die grootste deel van Noordoos-Kaapland was onder beheer van die Boeremagte, maar hulle het hulle kanse verspeel om die inisiatief te behou. Die Koloniale regering en Britse leërleiding was besig om daadkragtig te reageer op hierdie eerste inval van die Boeremagte in Noordoos-Kaapland, soos in die volgende hoofstuk sal blyk.

---oOo---

# HOOFSTUK 3

## DIE BRITSE HERSTEL NA DIE INVAL IN NOORDOOS-KAAPLAND

Teen die bedreiging van die Boeremagte op die noordelike grens van Noordoos-Kaapland was die gebied geheel en al on= beskermd. Daar was wel Britse krygsposte by Kimberley, Orangerivierstasie, De Aar, Noupoort en Stormberg, maar hulle getalle was klein, en indien hulle 'n aanval sou moes afweer, sou hulle glad nie daartoe in staat gewees het nie. Die hoofdoel van hierdie krygsposte was nie om tot 'n aanval oor te gaan nie, maar slegs om voorraadopslagplekke op te rig en om, indien nodig, die spoorwegstasies te verdedig. Hierdeur wou die Britse leërleiding die pad- en spoorwegver= bindings met Kimberley en dié oor die Oranjerivier op die hoof-Kaap-Pretoriaroete oor Bloemfontein ook beskerm. Af= gesien hiervan het die Britse leërleiding gehoop dat 'n sterk noordelike front die plaaslike inwoners van Noordoos-Kaapland sou ontmoedig om hulle kragte by dié van die Boeremagte te voeg. Verder kon hierdie poste ook dien as 'n strategiese wegspringplek in die groot aanval op Transvaal en die Vry= staat.[1] Die krygsposte was dus geensins onnodig opgerig nie, en hulle kon wel van groot betekenis vir die Britse leër= leiding wees, maar die feit het bly staan dat "het Engelsche leger by het uitbreken van den oorlog niet gereed was om de taak van de staatkunde over te nemen."[2] Daarom was een van die opdragte aan hierdie krygsposte dat, indien 'n plek slegs deur twee polisiemanne beman is en deur 'n oormag aange= val word, hulle geen weerstand moes bied nie, "and the police should withdraw to the nearest police or military station."[3]

---

1 Duxbury, G.R., *The Battle of Magersfontein, 11th December 1899*, p. 2.

2 Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson in sake Anglo-Boereoorlog*, p. 10; cf. Maurice, F., *History of the War in South-Africa, 1899-1902*, vol. I, p. 51.

3 *A.G.*, 2069: *Correspondence instructions to Civil Commissioner and Cape Police, 1899* (2). In die lig hiervan is dit nou duidelik hoekom die Boeremagte nie teenstand ondervind het toe hulle Noordoos-Kaapland ingeval het nie.

Op grond van bogenoemde gegewens is dit dus te verstane dat die saamtrek van Boeremagte op die noordelike grens van Noordoos-Kaapland en die daarmee gepaardgaande bedreiging van 'n inval in die gebied, 'n reaksie sou uitlok van die Britse leërleiding en Koloniale ministerie. Dit was dan ook van laasgenoemde wat die eerste reaksie gekom het - nie omdat die Britse leërleiding nie van die gevaar bewus was nie, maar omdat die Koloniale ministerie eerste direk be= trokke was by hierdie gevaar. Wanneer hierdie reaksie ont= leed word, is dit dus nodig om ingedagte te hou dat die reaksie van twee verskillende groepe of persone gekom het. Aan die een kant was daar sir Alfred Milner, die direkte ver= teenwoordiger van die Britse regering in Londen, met sy pro= Britse siening en imperalistiese neigings, en aan die ander kant was daar W P Schreiner wat die Koloniale Afrikaner se belange moes beskerm, maar terselfdertyd ook die Engelsspre= kende en pro-Britsgesindes se belange in die Kaapkolonie moes behartig. Op grond van die twee groepe se reaksie sou hulle uiteraard in sekere aspekte heelwat van mekaar verskil, maar met die uitbreek van die oorlog het hulle egter een gemeenskaplike vrees gehad, naamlik dat die Koloniale Afri= kaner sou oorgaan tot die opneem van wapens teen die Koloniale regering en Britse leërleiding.

Milner se eerste reaksie was om op 12 Oktober 1899 'n prokla= masie uit te vaardig waarin hy verklaar dat "to assist the enemy or bear arms against the Queen was treason."[4] Hierdie proklamasie is onmiddellik opgevolg deur 'n tweede proklamasie deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade en die Eerste Minister. Hierin word die Koloniste gewaarsku "to abstain from sede= tious acts or words, or from abetting the Republics."[5] Schreiner het voorts aan alle magistrate en siviele kommis= sarisse telegramme gestuur, waarin hy hulle versoek "to quiet

---

4 Lewson, P. ed., *Selections from the Correspondence of J X Merriman, 1899-1905*, p. 96. 'n Proklamasie wat bogenoemde vrees duidelik uit= beeld.

5 *Ibid.*, p. 96.

and soothe race antagonism... and counsel and advise any (who) may be led into... wrong or rash action by the strength of their feelings."[6] Hierdie is opgevolg deur 'n proklama= sie van Milner op 17 Oktober 1899 waarin hy waarsku dat die proklamasies met betrekking tot die Vrystaat en Transvaal beskou moet word as "null and void" en Britse onderdane ge= waarsku word om nie sulke proklamasies te aanvaar nie.[7] Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat Milner en Schreiner met hierdie proklamasies die gemoedere van die Koloniale Afrikaner wou kalmeer. Daardeur sou hulle verhoed dat 'n algehele rebellie in die Kaapkolonie uitbreek, want hulle was deeglik daarvan bewus dat 'n groot groep Koloniale Afrikaners se simpatie en lojaliteit nie by die Britse rege= ring gelê het nie, maar by die Boeremagte. In hulle verdere maatreëls moes hulle hierdie feit deeglik in berekening bring, en dit is ook te verstane dat hulle optrede, en veral dié van Schreiner, sterk deur laasgenoemde beïnvloed is - in so 'n mate dat hy later daarvan beskuldig is dat hy die oorsaak was vir die inval in Noordoos-Kaapland, omdat hy nie van die begin af sterk genoeg opgetree het nie.[8] J X Merriman, wat op die hoogte van toestande in Noordoos-Kaap= land was, was immers van mening dat as die noordelike dele van die Kaapkolonie in die hande van die Boere sou val, Engeland 'n geweldige taak sou hê om dit weer te herwin. Sou dit nie gebeur nie, sou dit toegeskryf kon word aan "the earnest and pathetic efforts of the maligned leaders of the Afrikaner Bond."[9]

Milner het verder die probleem gehad dat hy nie genoeg troepe gehad het om die Kaapkolonie te beskerm nie. Die meeste van die Imperiale troepe is na die gevegsfront opgeroep en dit wat oorgebly het, was veels te min om enigsins iets uit te rig. Sy enigste uitweg, was om die Bondsministerie te

---

6 *Ibid.*, p. 96; cf. *Queenstown Representative and Border Chronicle*, 3 November 1899.

7 *Midland News and Karoo Farmer*, 28th October, 1899, K. 3, p. 5. Vergelyk proklamasie van OVS op p. 36 van Hoofstuk 2.

8 cf. *The Eastern Province Herald*, 16th November, 1899, K. 2.

9 Lewsen, P., *op.cit.*, p. 98.

versoek om die plaaslike burgermagte op te roep. As rede vir hierdie stap het hy aangevoer dat alle beskikbare troepe na die grens is; dat die enigste troepe wat hulle kan ver= vang die burgermag is en dat baie van hulle beskikbaar is by Oos-Londen, Port Elizabeth, Grahamstad, Queenstown en Cathcart. Hy gaan voort deur te sê: "Although no imme= diate danger is feared in that direction, it is necessary that these districts should be guarded against any possible raid from the North, and that for this purpose the Volun= teers should be called out on active service."[10] Sir Alfred Milner het dan ook nie gewag op 'n antwoord van die Bondsmini= sterie nie, maar nog dieselfde dag 'n proklamasie uitgevaardig waarin die Vrywilligers in Kaapland opgeroep is en onder die bevel van die Britse leërleiding geplaas is.[11] Die feit dat Schreiner dit onderteken het, moet egter nie beskou word dat hy wel ten gunste van so 'n stap was nie. Hy was daar= van oortuig dat as die Koloniale Afrikaner opgekommandeer word, hy van die standpunt sou uitgaan dat hy teen sy bloed= verwante moes gaan veg en dat dit hom sou aanspoor om in opstand te kom. Schreiner het dus hierdie stap afgekeur. Maar toe hy later die versekering van Milner kry dat hierdie Vrywilligers nie na die gevegsfront gestuur sal word nie, maar slegs vir verdediging gebruik sal word, het hy daartoe

---

10 Cd., 43, p. 137.

11 "*Proclamation by His Excellency Sir Alfred Milner.*
Whereas hostilities have commenced between Her Majesty's Government and the Government of the South African Republic, and also between Her Majesty's Government and the Government of the Orange Free State; and whereas the forces of the enemy have invaded this Colony; and whereas it is therefore necessary that the Volunteer Corps herein= after mentioned should be called out for active service for the de= fence of the several districts of this Colony in which they are en= rolled and should be placed under the command of the General Offi= cer commanding Her Majesty's forces in this Colony from the date of these presents until further notice:
Now therefore, under and by virtue of the authority in me vested by "The Colonial Forces Act, 1892", I do hereby declare that the following Volunteer Corps, viz:-
The Cape Garrison Artillery,
The Prince Alfred's Own Cape Artillery,
The Duke of Edinburgh's Own Volunteer Rifles,

(vervolg)

ingestem.[12] Die feit dat die Britse leërleiding ingestem het om die Vrywilligers net in 'n defensiewe posisie te ge= bruik, is 'n duidelike aanduiding dat hulle nie verwag het dat die Boeremagte die Kaapkolonie diep binne sou dring nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die onmiddellike reaksie op die uitbreek van die oorlog was om die Koloniale Afrikaner te laat afsien van 'n rebellie, en ten tweede, om die gebied militêr te beskerm. Om laasgenoemde effektief toe te pas, was die vestiging van Britse troepe in Suid-Afrika die volgende stap.[13] Die gebeure aan die westelike en oostelike front het veroorsaak dat die meeste van die ver= sterkings wat uit Brittanje en elders gekom het onmiddellik na die gebiede gestuur is. Op 17 November het die Boeremagte Belmont beset en dadelik word die *9th Lancers* en die afde= ling wat op die 14de, 15de en 18de vanaf Indië aangekom het na Oranjerivierstasie gestuur. Ook die Eerste Bataljon Northumberland Fusiliers wat op De Aar gestasioneer was, is soontoe gestuur en vervang deur 'n halwe bataljon van die *2nd King's Own Yorkshire Infantry*. Die garnisoen by Oranje= rivierstasie is versterk deur twee 12-ponder kanonne, beman deur *Prince Alfred's Own Cape Artillery*. Op 25 November is die 62ste, die helfte van die 75ste battery, ook na die Oranjerivierstasie gestuur. Die *1st Border Regiment* wat op die 22ste November by Malta in Kaapstad aangekom het, is on= middellik na De Aar gestuur, maar op versoek van sir George White is hulle egter na Natal gestuur. Dit is dus duidelik dat die westelike grens van groot belang was vir die Britse

---

11 (Vervolg)
The Cape Town Highlanders,
The 'B' Company Cape Medical Staff Corps,
The Prince Alfred's Volunteer Guard (Port Elizabeth),
The First City (Grahamstown Volunteers),
The Kaffrarian Rifles (East Londen),
The Frontier Mounted Rifles (Cathcart),
shall be and are hereby called out for active service as aforesaid and placed under the Command of the General Officer Commanding Her Majesty's Forces in this Colony. Cd., 43, p. 137.

12 Strydom, C.J.S., *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 60.

13 Maurice, F., *op.cit.*, p. 455.

krygsplan. Dit moet ook as rede aangevoer word vir die aanvanklike stilte in Noordoos-Kaapland. Hierdie stilte is aangehelp deur die feit dat die Boeremagte eers op 1 November begin het om te beweeg. Dit wil egter nie sê dat die Britse leërleiding nie versterkings na Stormberg ge= stuur het nie. So is daar byvoorbeeld twee 12-ponder en 8 cwt-vlootkanonne, vergesel van 357 offisiere en manskappe van die *Royal Navy and Marines* uit Simonstad na Stormberg gestuur. Alhoewel hierdie versterkings egter nog ver van die verlangde getal was, het genl. Forester-Walker dit as voldoende vir die oomblik beskou.

Die tweeduisend en meer Kaapse vrywilligers wat opgeroep is, is oor Kaapland versprei. So is van die *Kaffrarian Rifles* by Barkly-Oos, Cathcart, Molteno en Indwe geplaas. Teen die einde van Oktober is baie van die Koloniale vrywilligers egter ingespan om militêre poste op die drie hoof-spoorlyne na die binneland te beman, naamlik Touwsrivier, Fraserburg en Beaufort-Wes op die westelike roete, Cookhouse en Wilmoss op die middelste roete, en Molteno en Sterkstroom op die oostelike roete. Die groot probleem was egter om die spoor= lyn van een punt na 'n ander teen aanvalle te beskerm. Eers= tens was die passe ver uitmekaar en tweedens was daar te min soldate om so 'n taak doeltreffend uit te voer.[14] Al waarin laasgenoemde kon slaag was om individuele pogings soos die ontspoor van treine of die opblaas van brûe, te verhoed.

Een van die grootste probleme van die Britse leërleiding was dus dat Noordoos-Kaapland nie daartoe in staat was om homself teen 'n inval van die Republikeinse magte te beskerm nie. Die *Cape Police* wat wel in die dorpe in die gebied teenwoordig was, was glad nie by magte om teenstand te bied nie, en in die meeste gevalle het hulle in opdrag van die Britse leër=

---

14 cf. *A.G.* 2069.

leiding, padgegee voordat hulle bedreig is.[15] Dit was ver= al die geval in die noordelike dele van Noordoos-Kaapland, en daar was die dorpe aan hulle eie lot oorgelaat. Die dorpe wat verder suid gelê het, was egter beter daaraan toe - nie omdat hulle beter beskerm was nie, maar omdat die Boere nie in hierdie stadium van plan was om hulle te beset nie.[16] Met die uitbreek van die oorlog was die grootste gevaar egter nie 'n inval van die Boeremagte in Noordoos-Kaapland nie, maar wel dat die Koloniale Afrikaner in die gebied kon rebelleer.

Op 31 Oktober 1899 het sir Redvers Buller, die Britse opper= bevelhebber, aan die Kaap geland. Sy opdrag was om die be= plande Britse aanval vanuit die Kaap ten uitvoer te bring, en hiervoor was hy toegerus met 'n volle leërdienskorps, bestaande uit 'n divisie kavallerie, drie divisies infanterie en die gewone aantal bykomstige afdelingstroepe - 'n totaal van 1 566 offisiere en 44 099 manskappe, met 'n battery van 19 kanonne en 47 masjiengewere. Die situasie wat hy egter hier aan die Kaap aangetref het, was iets waarvoor nóg hy, nóg die Britse leërleiding beplan het, en was dit duidelik dat "between his triumphant departure from England and his landing at Cape Town everything had changed."[17] Dit was ook nou duidelik dat die Britse mag tot sy beskikking nie vol= doende was om sy opdrag uit te voer nie.

Tydens Buller se seereis het die Boeremagte die Kaapkolonie, Natal en Betsjoeanaland ingeval en selfs die Limpoporivier oorgesteek met die doel om die vyandelike troepe aldaar lam te lê, asook die beste gevegstellings in die vyandelike ge= bied in te neem, en sodoende die verwagte Britse opmars af

---

15 cf. p. 75 van dié hoofstuk.
16 cf. Inleiding p. 12; Hoofstuk 2, p. 72.
17 Amery, L.S., *The Times History of the War in South Africa, 1899-1902*, vol. I, p. 279; cf. Leyds 710 (2) *telegram van Staatspres. van ZAR aan Staatspres. OVS*, 7.11.99; Gatacre, B., *General Gatacre*, p. 221.

te weer. Aangesien hierdie troepe dus moes verhoed dat die Boere nog dieper die gebiede inbeweeg of die see bereik, kon Buller hulle dus nie die Britse veldtogplan toepas nie. Wat Buller se situasie nog moeiliker gemaak het, was die feit dat die Boeremagte dwarsoor die gevegsfront die beste daaraan toe was. In Natal het genl. George White op die= selfde dag as met Buller se aankoms 'n nederlaag teen die Boere gely,[18] en terwyl Buller aanvanklik gehoop het dat White nog 'n maand weerstand sou kon bied, moes hy nou on= middellik versterkings soontoe stuur. In die Kaapkolonie was Mafeking en Kimberley afgesny, terwyl die Vrystaters gedreig het om die Oranjerivier by verskeie plekke oor te steek.

Dit was nie vir Buller duidelik hoe hy nou moes optree nie, en die veranderde omstandighede in Suid-Afrika het hom geen ander keuse gelaat as om eers op hoogte te kom van wat die werklike posisie van die Britse troepe in Suid-Afrika was nie. Een ding was vir hom baie duidelik, naamlik dat, as hy die Britse veldtogplan wou uitvoer, hy eers vir verster= kings vanuit Engeland moes wag. Om hierdie rede het hy hom tot sir Alfred Milner, White en die stafhoof, genl. sir A Hunter, gewend om hom op die hoogte van toestande te bring. Die inligting wat Buller van hierdie persone gekry het, was kommerwekkend. Vanuit Natal het White hom ingelig dat hy ten spyte van die Boere se oormag en beter toegeruste leër nog 'n ruk kon uithou, maar dit ook sterk onder Buller se aandag gebring dat sy troepe baie afgewerk was en dat Natal derhalwe so spoedig as enigsins moontlik versterkings moes kry.[19] Hunter se verslag oor die toestande by Ladysmith het

---

18 Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel I, p. 345.

19 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 2; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 198. Hierdie posisie van die Britse troepe in Natal en die feit dat hulle so gou as moontlik versterkings moes kry,het 'n geweldige invloed op die verloop van die oorlog in Noordoos-Kaapland gehad.

dit vir Buller nog moeiliker gemaak, en hy was oortuig daar=van dat "the position at Ladysmith is not too secure."[20] Ook die inligting wat hy oor die Kaapkolonie gekry het was nie te rooskleurig nie, en Buller kon nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die militêre situasie vir Groot-Brittanje in Suid-Afrika kritiek was nie. Kimberley moes herwin word,[21] Ladysmith was vir hulle verlore, en uit Noordoos-Kaapland het berigte van 'n moontlike inval in die gebied deur die Boere en dat die brûe by Norvalspont, Bethu=lie en Aliwal-Noord deur 'n al sterker wordende Boeremag be=dreig word, ingestroom.[22]

Om dus onder hierdie haglike omstandighede 'n krygsplan wat effektief sou werk daar te stel, was geensins 'n maklike taak nie, en dit is baie duidelik dat die strategie wat Buller nou sou volg "was thrust on him by circumstances, and was not his free choice."[23]

Ten spyte van alles het Buller besluit om voort te gaan met die Britse veldtogplan soos in Engeland beplan. Hiervolgens moes hy die twee Republieke vanuit die Kaapkolonie binne=dring. Hy het gehoop dat, as hy dit doen, die Boere sou terugtrek uit Kimberley en Ladysmith en hulle sou toespits op die verdediging van hulle suidelike grens.[24] Oortuig van hierdie stap se sukses telegrafeer hy op 1 November 1899 aan die Britse opperbevelvoerder in Engeland: "I ought to strike straight at Bloemfontein."[25] Dit is egter ironies dat hy sy hele strategie binne die volgende 20 uur moes ver=ander - nie omdat hy dit so verkies het nie, maar omdat be=

---

20 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, pp. 2-3.

21 "It was the supposed necessity of releaving Kimberley that prevented General Buller from following the right strategy..." Methuen, A.M.S., *The Tragedy of South Africa*, p. 87.

22 cf. Hoofstuk 2, p. 31.

23 Metheun, A.M.S., *op.cit.*, p. 86.

24 'n Plan wat natuurlik uitstekend gewerk het toe Lord Roberts die Opperbevel oorgeneem het. Ons moet egter dadelik hierby voeg dat hy nie met dieselfde probleme as Buller te kampe gehad het nie. Verge=lyk p.181 van Hoofstuk 5.

25 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 3.

rigte hom bereik het dat 'n sterk Boere-kommando "had crossed the Orange river at Norvals Pont, and another Boer force, stated 3 000 strong with two guns and a Maxim was crossing the Bethulie bridge."[26] Onmiddellik het Buller, wat sterk onder die invloed van sir Alfred Milner was, besef dat as hierdie magte die Kaapkolonie binnedring dit baie maklik aan=leiding kon gee tot 'n algehele opstand van die Koloniale Afrikaner wat die twee Republieke se saak goedgesind was.[27] Dit blyk egter dat Buller onnodig bekommerd was oor 'n op=stand onder die Koloniale Afrikaners, want hy het terselfder=tyd ook inligting ontvang dat die Koloniale Afrikaners se algehele aandag toegespits was op Ladysmith en Kimberley. "If the relief of those places could be effected, the hostile elements it held, would not stir; but if the two towns should fall a dangerous rising was thought probable."[28] Dus moes Buller ook besef het dát, indien hy met sy planne voortgaan en daarin sou slaag om Kimberley en Ladysmith te ontset, daar geen rebellie sou wees nie. Maar om van sukses ver=seker te wees, moes hy 'n sterk goedtoegeruste leër hê en in hierdie stadium was dit nie die geval nie. Die moontlikheid dat hy nie in sy doel sou slaag nie, was dus goed. Hy sou dan beslis 'n rebellie ophande hê, en as die Boere boonop Ladysmith beset, sou hlle ongehinderd nie alleen Pieter aritzburg nie, maar ook Durban kon verower en sodoende ook 'n verbintenis met die buitewêreld aanknoop. Daar moes ge=volglik vinnig opgetree word. Die vinnige ontsetting van Kimberley sou 'n rebellie afweer en optrede in Natal sou ver=hoed dat die Boere kontak met die buitewêreld maak. Daarom telegrafeer hy op 2 November 1899 sy veranderde krygsplan

---

26 Maurice, F., *op.cit.*, p. 198; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 4. Vergelyk ook hier p.31 van Hoofstuk 2 en as dit in aanmerking geneem word is dit duidelik dat Buller onnodig die skrik op die lyf geja is, maar hoe moes hy weet dat dit nie wel 'n groot gevaar vir hom inhou nie.

27 "It was said that Sir A. Milner's extreme pessimism with regard to the possibility of rebellion had a discouraging influence on General Buller." Amery, L.S., *op.cit.*, p. 280.

28 Maurice, F., *op.cit.*, p. 199; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 4.

aan die Britse Sekretaris van Oorlog. Dit lui soos volg: "I consider that I must reinforce Natal, and hang on to Orange River Bridge, giving myself time to organise the troops expected to arrive from England. I am therefore withdrawing the Waterfall River garrison at Stormberg and Naauwpoort. Gatacre's division as it arrives I shall send to Natal, and Methuen's and Clery's must try to keep main line open and to relieve Kimberley."[29] Uit hierdie tele= gram is dit duidelik dat Buller hom hoofsaaklik op die ont= setting van Kimberley en Ladysmith toegespits het. Sy aanvalsplan was dus toegespits op die oostelike en westelike grense van die Republieke. Aan die suidelike grens het hy hom nie veel gesteur nie. Daarom is dit verklaarbaar dat die Boere sonder enige teenstand Noordoos-Kaapland kon binne= dring. Die feit dat Buller op Kimberley en Ladysmith gekon= sentreer het sou ook daartoe aanleiding gee dat Noordoos-Kaapland eers veel later die troepe sou kry wat hy nodig gehad het om die Boere te verdryf. Met die eerste deel van sy krygsplan afgehandel, sit hy op 4 November sy verdere planne soos volg uiteen: "I propose to send to Natal to command, Clery and head-quarters 2nd Division; with him will go the first 3 brigade head-quarters that arrive excepting Guards. The 3 brigades will be composed of the first Line battalions that arrive. Headquaters, 1st Division, will land at Cape Town, and Lord Methuen will command the advance on Kimberley with Guards brigade and one other; head-quarters 3rd Division, will, as circumstances require, land at Cape Town, or East London, and will be completed with a new bri= gade under Fethersonehaugh formed of the 3 extra regiments, and one from the Lines of Communication or the Colonial regi= ment. I propose to take charge of the advance on Lady= smith."[30] Buller was daarvan oortuig dat as hy sukses te

29 *Ibid.*, p. 5; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 199.
30 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 5; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 200; cf. Cd., 457, p. 1.

Ladysmith en Kimberley kon behaal, die Boereweerstand in duie sou stort. Die veranderde krygsplan was net tydelik van aard, en Buller was van plan om na die oorspronklike plan terug te keer, sodra hy die onmiddellike probleme in Suid-Afrika opgelos het.

Om dus in sy nuwe doelwitte, soos hier bo uiteengesit, te slaag, was Buller genoodsaak om sy leërdienskorps in drie afdelings te verdeel. Die een afdeling, met Durban as basis en onder sy persoonlike leiding, moes alle verdere aan=valle van die Boere hokslaan en ook Ladysmith ontset. Die tweede moes met Kaapstad as basis en onder aanvoering van genl. lord Methuen Kimberley ontset en die oprukkende Boere in Noordoos-Kaapland stuit. As hy in hierdie doelwit geslaag het, was sy verdere opdrag om in Kimberley een-en-'n-half infanterie bataljonne met 'n langafstand-vlootkanon te vestig en om dan na Oranjerivierstasie terug te keer. Intussen moes lt.-genl. French, terwyl die versterkings aan=kom, 'n vlieënde kolonne by Noupoort vorm met die uitdruklike opdrag "to manoeuvre and worry the enemy, and thus check any invasion of the central districts of the Cape."[31] Om die oostelike flank van die Kaapkolonie teen die dreigende inval van die Boere te beskerm, het hy besluit om nie meer vir lt.-genl. sir William Gatacre na Natal te stuur nie, maar om hom as bevelvoerder van die 3de infanterie-divisie by Queenstown te vestig met die taak "to operate northwards, and endeavour to stop recruiting by the enemy and protect the loyal."[32] Met hierdie afdelings gevestig, en nadat Methuen sy taak uitgevoer het, moes hy ooswaarts beweeg en aansluiting met French vind, waarna hulle dan die brûe van Colesberg, Norvalspont en Bethulie moes beset. Daarna moes

31 Maurice, F., *op.cit.*, p. 201.

32 *Ibid.*, p. 202; cf. Breytenbach, J.H., red. *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 125. Hierna verwys as *Gedenkalbum*. Hier is dus 'n verandering in plan met Gatacre. Eers was die plan dat hy na Natal sou gaan, maar by sy aankoms is hy onmiddellik na Oos-Londen gestuur, vanwaar hy na Queenstown is.

hulle volgens die oorspronklike veldtogplan wag vir die op=mars na Bloemfontein.[33]

Buller het dus onmiddellik begin om die Britse troepe in Suid-Afrika volgens die nuwe veldtogplan te plaas. In Noordoos-Kaapland het dit verreikende gevolge vir die ver=loop van die oorlog en ook op die gebeure in hierdie gebied. 'n Totaal van ongeveer 4 299 offisiere, onderoffisiere en manskappe met 18 kanonne en sowat vier maxims is onder bevel van Lt.-genl. sir W Gatacre op die oostelike spoor=lyn met sy hoofkwartier te Stormberg en Oos-Londen as basis, geplaas. Hierdie mag was soos volg saamgestel:

"* Artillerie:

Een brigade-divisie *Royal Field Artillery* wat bestaan het uit 34 offisiere en 654 onderoffisiere en manskap=pe met 18 Armstrong-kanonne, soos volg saamgestel:

- Die staf van die 6de brigade-divisie: 4 offi=siere en 13 ondergeskiktes.
- Die 74 ste battery *Royal Field Artillery*: 5 offisiere en 170 ondergeskiktes met 6 kanonne.
- Die 77 ste battery *Royal Field Artillery*; 5 offisiere en 170 ondergeskiktes met 6 kanonne.
- Die 79 ste battery *Royal Field Artillery*: 5 offisiere en 173 ondergeskiktes met 6 kanonne.
- 'n Ammunisiekolonne van 5 offisiere en 128 onder=geskiktes.

* Infanterie en berede infanterie:

Drie bataljons infanterie en 'n halfbataljon berede in=fanterie, wat bestaan het uit 'n totaal van sowat 102 offisiere en 3 144 onderoffisiere en manskappe met drie of vier maxims, soos volg saamgestel:

---

33 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 6; cf. *Gedenkalbum*, p. 125.

- Die staf van die 3de divisie: 11 offisiere en 8 ondergeskiktes.
- Die *2nd Royal Irish Rifles*: 25 offisiere en 875 ondergeskiktes met een maxim.
- Die *1st Royal Scots*: 27 offisiere en 1 014 onder=geskiktes met een maxim.
- Die *2nd Northumberland Fusiliers*: 29 offisiere en 977 ondergeskiktes met een maxim.
- Die *Southern, Aldershot, South Eastern and Cork Mounted Infantry* (twee kompanies): ongeveer 10 offisiere en 270 ondergeskiktes, waarskynlik met een maxim.

* Korps- en genie-troepe:

ʼn Totaal van sowat 17 offisiere en 286 onderoffisiere en manskappe soos volg saamgestel:

- Die 33ste kompanie leërdienskorpstroepe: 8 offi=siere en 101 ondergeskiktes.
- Die 16de Veldhospitaal: 4 offisiere en 35 onder=geskiktes.
- Genie-troepe: sowat 5 offisiere en 150 ondergeskik=tes."[34]

Ook oor die res van Suid-Afrika is die Britse troepe volgens die nuwe veldtogplan ontplooi. So is daar te Noupoort, wat die middelste opmarsroete van die oorspronklike Britse veld=togplan uitgemaak het, sowat 4 948 offisiere, onder-offisiere en manskappe, met 18 kanonne en ses maxims, onder bevel van lt.-genl. J P D French geplaas. Hierdie Britse mag was onder andere veronderstel om kontak met genl. Gatacre te maak en daarom word hier ook melding van die mag se getal=sterkte gemaak. Die verspreiding van die res van die Britse

---

34 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 12; cf. Creswicke, L., *South Africa and the Transvaal War*, vol. I, p. 158; Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson in sake Anglo-Boereoorlog*, p. 13; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 455.

troepe het nie direk betrekking op Noordoos-Kaapland nie, maar wel indirek.

Om meer spesifiek terug te keer tot die gebeure in Noordoos-Kaapland moet daarop gewys word dat sir Redvers Buller hier sonder dat hy daarvan bewus was, nie die geleentheid gegun is om sy nuwe veldtogplan ten uitvoer te bring nie, want op 1 November 1899 het die Boeremagte op die noordelike grens van Noordoos-Kaapland in beweging gekom - eers deur klein verkenningstroepe oor die grens te stuur, maar later, op 14 November, met 'n volskaalse inval by Aliwal-Noord en Bethulie=brug. Vir Buller was dit 'n geweldige slag, want hierdie ge=bied kon homself nie verdedig nie en troepe om die magte aldaar te versterk, was daar nie. Alle versterkings wat aangekom het, moes vir eers na Natal gestuur word en die res na Kimberley. Enige versterkings wat oorgebly het, kon aan genl. Gatacre in Noordoos-Kaapland afgestaan word. Buller was in 'n tweestryd. Indien hy sy nuwe veldtogplan wou laat slaag, was daar net een uitweg, en dit was om die Britse troepe op die noordelike grens van Noordoos-Kaapland voor=lopig te laat terugtrek. Hy was bang dat as die Boeremagte tot diep binne die Kaapkolonie indring en die Koloniale Afrikaners in opstand kom, die Britse magte afgesny sou word en daar nog meer plekke sou wees om te ontset. Die enigste optrede om so 'n situasie te vermy was om terug te trek, en op 3 November 1899 gee hy die bevel dat alle troepe van Stormberg na Queenstown teruggetrek moet word.[35] Latere gebeure sou toon dat dit moontlik 'n verkeerde besluit was, maar om Buller se besluit in die regte lig te sien moet besef word dat sy posisie haglik was. Terwyl hy Kimberley en Lady=smith wou ontset, was hierdie inval net te veel gevra en moes hy terugval met sy troepe in Noordoos-Kaapland. Hiermee was die beleid van "bluff" wat tot nou toe baie effektief was,

35 Jeans, T.T. ed., *Naval Brigades in the South African War, 1899-1902*, p. 10; cf. Leyds 710 (6) *telegram van Staatspres. OVS aan Staatspres. van ZAR*, 16.11.99; A. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 101; cf. Penning, L., *De Oorlog in Zuid Afrika*, p. 417; cf. *The Tarka Herald*, 8.11.99, K. 4, p. 2.

ook nou verby. Daarby moes Buller net nog 'n week uitgehou het tot die versterkings vanuit Engeland aangekom het. Hy moes net die offisiere wat in bevel van die garnisoene was vra om 'n rukkie langer uit te hou, of om tot op die laaste te wag en dan pad te gee. Al sou hulle beleër word, was hulle op die hoofroete vir sir Redvers Buller se opmars. Hulle sou dus nie lank beleër gewees het nie. Hoe 'n mens ookal hierdie optrede van Buller beskou, die feit bly staan: "There was never any satisfactory military excuse for the hurried evacuation of thousands of square miles of British territory before a blow had been struck."[36]

Ten spyte van bogenoemde terugtrekking van troepe het hulle ook pogings aangewend om die inval van die Boeremagte te vertraag. Die Britse troepe in die noordelike deel van Noordoos-Kaapland kon die inval nie teenstaan nie. Al wat hulle kon doen, was om byvoorbeeld op 5 November 'n spoorweg=bruggie ten suide van Arundel, en op 6 November 'n brug 10 myl suid van Burgersdorp, op te blaas. Hierdeur het hulle gehoop om die vinnige opmars van die Boere, en spesifiek dié van die Bethulie-burgers, te vertraag.[37] Vanaf Sterkstroom, in die suide van Noordoos-Kaapland en weg van die onmiddellike gevaar, het die Britse magte waar moontlik verkenningstogte uitgestuur, spoorlyne gepatrolleer en brûe beskerm.[38] Hier=die pogings was egter halfhartig, en toe die Boeremagte met volle sterkte die Oranjerivier oorsteek, het die *Cape Poli=ce* wat in die gebied was, getrou aan hulle opdrag vinnig na Jamestown en Queenstown teruggeval. Buller se posisie in Noordoos-Kaapland was beslis nie voordelig nie, maar gelukkig was die Boere-leërleiding nie hiervan bewus nie, en het hulle die kans om hierdie gebied feitlik tot by die see binne te dring deur hulle vingers laat glip. Dit het egter aan sir

36 Methuen, A.M.S., *op.cit.*, p. 88.
37 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. I, p. 443.
38 Schreiner, W.P., *Miscellanious Reports*, 7 November 1899.

Redvers Buller die kans gebied om sy troepe te her-organiseer en sy aanvalsplanne te heroorweeg.

Die noordelike dele was nou vir hom verlore, maar by Queenstown was hy besig om 'n mag saam te stel wat die inval moes stuit en dan later deel moes uitmaak van die oorspronk= like Britse veldtogplan.[39] Om hierdie mag te versterk het hy egter ook vrywilligers opgeroep,soos byvoorbeeld *Colonel Brabant's Horse (1st Brabant's)* en die *South African Light Horse*.[40] Die eerste groep het hoofsaaklik uit Boere van die Oostelike Provinsie, en laasgenoemde uit uitlanders wat by hawens en in Natal gewerf is, bestaan.

Die hewigste reaksie op die inval van die Boeremagte in Noordoos-Kaapland het egter van die kant van die Koloniale regering, en wel van sir Alfred Milner en W P Schreiner ge= kom. Reeds met die uitbreek van die oorlog het Milner sekere proklamasies uitgereik wat ook in die gebied gegeld het.[41] Met die inval is van hierdie proklamasies herhaal, waarvan die een wat op 17 Oktober 1899 uitgereik is, seker die be= langrikste was.[42] Kortliks het hierdie proklamasie beswaar gemaak teen die proklamering van die gebiede, en die Britse onderdane gewaarsku dat dit onwettig was. Op 16 November het die goewerneur 'n telegram aan S Bekker gestuur waarin kapsie gemaak is teen die opkommandering van Koloniale Afrikaners.[43] Dit is verder opgevolg deur telegramme aan alle waarnemende magistrate, assistent-magistrate, veld= kornette en assistent-veldkornette waarin die Eerste Minister van die Kaapkolonie dit duidelik stel dat "he wishes you to know, and to inform all inhabitants of your district that no such commandering order must be obeyed."[44] Verder word

---

39 Gronum, M.A., *Die Ontplooiing van die Engelse Oorlog, 1899-1900*, p. 59; cf. *Gedenkalbum*, p. 128.

40 Hierdie was die begin van die latere Brabant's Horse wat deur Roberts ontwikkel is tot 'n volwaardige mag wat oos van genl. Gatacre nl. by Dordrecht moes optree, vgl. p. 183 van Hoofstuk 5.

41 cf. p. 76 van die hoofstuk.

42 cf. p. 77 van die hoofstuk.

43 Cd., 43, p. 215.

44 Cd., 43, p. 216; cf. Creswicke, L., *South Africa and the Transvaal War*, vol. 7, p. 155; *The Boer War 1899-1900*, p. 68.

hulle ook gewaarsku dat die sogenaamde proklamasie van die gebiede ook nie geldig was nie en dat dit geen beskerming aan enige persoon wat dislojaal teenoor die Britse regering optree kon bied nie. Die Koloniale Afrikaners is ook ver= seker dat "door lojaal te weigeren om te worden gecommandeerd als voornoemd, zij niet verzuimen zullen eene volle erkenning en redelijke schadevergoeding te ontvangen voor eenige werke= lijke schade zij lijden wegens het lojaal in standhouding van hunne getrouwheid."[45] Hierdie was dus alles pogings om die Koloniale Afrikaners in Noordoos-Kaapland te verhoed om tot 'n rebellie oor te gaan. Dit was pogings wat nie slegs van sir Alfred Milner gekom het nie, maar ook van W P Schreiner, Eerste Minster van die Kaapkolonie. Die algemene gevoel onder die lojaal-gesindes teenoor die Britse regering was dat Schreiner te lank gewag het voor hy opgetree het en dat dit 'n kwessie was van "shutting the stable door after the horse had been stolen."[46]

Die volgende stap waartoe die Koloniale administrasie oorge= gaan het, was om die Boere-leërleiding oor die inval oor die kole te haal. Schreiner telegrafeer op 17 November byvoor= beeld aan Staatspres. Steyn: "Have heard with surprise and regret that commandos from Orange Free State have invaded districts south of Orange River, have declared them Free State territory, and have commandeerd British subjects per= sonally to join them under pain of confiscation of goods and expulsion from their districts. Can scarcely believe that such action even in time of war, has your sanction, and must most emphatically protest and remonstrate against it."[47] Hierdie ernstige beskuldiging van Schreiner, in die lig van hulle (Schreiner en Steyn) briewewisseling net voor en met

---

45 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel I, p. 450; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 105; cf. Meintjes, J., *Stormberg*, p. 38.

46 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 296.

47 Cd., 43, p. 216; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 104.

die uitbreek van die oorlog, was egter heeltemal onregverdig.[48] Pres. Steyn se reaksie hierop was hewig toe hy aan Schreiner op 20 November 1899 telegrafeer: "that you, who know the truth, should, as you apparently now do, give credence to such false reports and accusations, grieves and surprises me." Hy verwys verder na die proklamasies en bring dit onder Schreiner se aandag dat "Those portions of the Colony occupied by our burgher forces have not been declared Free State territory, nor has any commandeering of British subjects taken place under pain of goods and expulsion from their districts. Commandeering has taken place, and has been deemed necessary to preserve and maintain order in the occupied districts."[49]

Hierdie aanval van Schreiner op pres. Steyn blyk dus onregverdig te wees, en hy het geen rede gehad om die Boeremagte en pres. Steyn van onregverdige optrede te beskuldig nie. In hierdie stadium was die Boere-inval in Noordoos-Kaapland egter in volle swang en die Britse leërleiding moes bo en behalwe die reeds genoemde optrede, alles in hulle vermoë doen om die situasie te red.[50] Daar is byvoorbeeld reeds voor die oorlog, op inisiatief van die inwoners en met die aanmoediging van die Britse leërleiding, Dorpswagte dwarsoor Noordoos-Kaapland gestig. Die uitsluitlike doel van hierdie Dorpswagte was om die dorpe te beskerm. Dit is egter ook so dat hulle nie aan die verwagtinge voldoen het nie en van hulle word gesê: "Many were delighted at the prospect of a few weeks camping out. Others bethought them of horses which they did not possess and of drills which they had not attended. A few took it very seriously and wrote letters of farewell all round, or hoped against hope that the doctor would reject them unfit for service "[51] - voorwaar 'n mag wat nie daartoe in staat sou wees om 'n volskaalse aanval van die

48 cf. p. 20 Hoofstuk 2.
49 Cd., 43, p. 217; cf. Lewsen, P., *op.cit.*, p. 107.
50 cf. Hoofstuk 2, p. 33.
51 *The Indwe Times*, 25th October 1899, K. 4, p. 2.

Boeremagte af te weer nie! Die meeste van hierdie Dorps= wagte is gevolglik nie in die noordelike distrikte tot stand gebring nie, maar in die suide by dorpe soos Queenstown, Indwe, Tarka, ensovoorts, waar die onmiddellike bedreiging van 'n Boere-aanval nie so groot was nie.

Ten spyte van al die vorige maatreëls en optrede om Noordoos-Kaapland in 'n mate teen 'n Boere-aanslag te beveilig, was daar nog geen werklike teenstand nie. Iemand moes vir hierdie onbeskermde situasie in Noordoos-Kaapland verantwoor= delik gehou word en die sondebok was die Bondsministerie. Met betrekking tot laasgenoemde word onomwonde gesê: "One would suppose that there had been virility enough in the Ministry of this country, and the party who supports them to resist invasion."[52] Die Koloniale regering het hom egter nie veel aan die beveiliging van Noordoos-Kaapland gesteur nie. As hulle egter wel deeglik aandag aan hierdie saak geskenk het, sou sir Redvers Buller baie makliker sy vraag= stukke kon oplos. Alle hoop is op hom gevestig om die pro= bleme op te los, en die Koloniale regering word gerus gestel deur dit wat in die koerante geskryf is: "Colonials may rest assured that general Buller will do with them all that is capable of being done."[53] Die vertroue dat Buller in sy onderneming sou slaag, was oorweldigend. Daar is uitdruklik gesê dat Buller nie hierdie Vrystaatse kommando's op sy flanke sou duld nie, en dit sou niemand verbaas as hulle een oggend wakker word en sou vind dat die Vrystaters se kommu= nikasies agter hulle afgesny is en hulle van voor bedreig word nie. "The three or four thousand men who have came in= to Colonial territory may find themselves in a trap and be forced to fight in the open or lock themselves up in Colesberg and Aliwal until it pleases General Buller to let them out."[54]

---

52 *The Eastern Province Herald*, 16th November 1899, K. 2.
53 *Ibid.*
54 *Ibid.*

Daar is dus baie hoë verwagtinge van Buller gekoester met sy aankoms in Suid-Afrika. Hy het onmiddellik opgetree, maar as gevolg van die moeilike situasie waarin die meeste Britse troepe hulle in Suid-Afrika bevind het, kon hy nie eintlik positief optree nie, maar moes hy, volgens sy mening, negatief te werk gaan om later te kon slaag. Hy het dan ook onmiddellik probeer om die oostelike roete te beveilig - "but until the arrival of re-inforcements from England, the north of the colony was in bad way."[55] Hier het die Boere vry rondbeweeg, en hulle was in volle beheer van die noorde= like deel van Noordoos-Kaapland. Hulle het oral vrywilli= gers gewerf en "fortified places of natural strength, such as Stormberg and Colesberg."[56]

Om hierdie probleem die hoof te bied moes sir Redvers Buller 'n poging aanwend om die gebied vir die Britse mag te ver= seker. Daarom het hy genl. Gatacre onmiddellik toe hy aan die Kaap land na Queenstown gestuur.[57] In die skrywe van Gatacre op 16 November blyk dit dat hy beveel is "to go to East London and take command of the district up to Bethulie Bridge... I become responsible for the railway line and adjacent country up to the Orange River. I have no definite orders, except that I am to hold Queenstown if possible but East London at any rate and aim to raise as many Volunteers as possible."[58] Dit is opmerklik dat Catacre se plasing by

---

55 Cassels, *History of the Boer War*, vol. I, p. 161. Die versterkings wat in hierdie stadium aangekom het was: 3rd Battalion Staffordshire, 1st Hegland Light Infantry and Mounted Infantry, 1st Battalion Scots Guards, 2nd Northampton Regiment, 2nd Battalion Royal Highlanders, part of 2nd East Surey, 3rd Battalion Grenadier Guards, 2nd Batta= lion Devonshires 12 Lancers, Engineers, R A M C, Field Hospitals, Post-Office Corps, Seamen and Marines, en 2nd Royal Irish Rifles - ongeveer 10 900 man.

56 *Ibid.*

57 Hierdie verandering in plan is insiggewend want vroeër in die hoof= stuk sou Catacre na Natal gaan. Die enigste rede vir hierdie ver= andering moet gesoek word in die inval in Noordoos-Kaapland.

58 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 222; cf. *Gedenkalbum*, p. 125; Norris, S.L., *The South African War 1899-1900 : a Military Retrospect up to the Relief of Ladysmith*, p. 146.

Queenstown en sy opdrag ooreenstem met dit wat Buller beplan het en nog meer dat dit verder pas by die Britse posisie in Suid-Afrika.

Op 16 November 1899 het genl. Gatacre, vergesel van die *2nd Irish Rifles*, 898 man sterk, in Oos-Londen aangeland.[59] Die eerste wat hy hier opgemerk het, was 'n sterk Vrywilligers=mag. Hy het ook besef dat die dorp goed deur laasgenoemde bewaak word, en hy vertrek dadelik na Queenstown, waar hy twee dae later aangekom het. Hier het hy die troepe, wat met die inval van die Boere in Noordoos-Kaapland op 14 Novem=ber, suidwaarts gevlug het, aangetref. Genl. Gatacre self het ook nie oor sy eie *3rd Division* bevel gevoer nie, want hulle was verdeel om by Kimberley en Natal te gaan help veg.[60] Sy mag het uit 'n halfbataljon en 'n berede infanterieafdeling van die *2nd Berkshire Regiment*, altesaam 574 man sterk, 'n klein afdeling van die *Royal Garrison Artillery* met twee 12-ponder-skeepskanonne en 'n halwe kompanie genie-troepe bestaan. Verder het hy twee verouderde kanonne gekry. Hierdie kanonne was die ou 9-ponder-veldkanonne en moes eint=lik na die vloot gestuur word, maar omdat daar nie genoeg muile beskikbaar was om die toerusting te vervoer nie, het hulle by Gatacre uitgekom. Die troepe wat alreeds by Queenstown was, het uit 'n groot groep vrywilligers bestaan, naamlik die *Kaffrarian Rifels* (285 man sterk), die *Frontier Mounted Rifles* (sowat 229 man sterk), die *Brabant's Horse*, 'n berede infanteriekorps wat kol. E G Brabant besig was om uit die geledere van die lojaalgesinde ingesetenes van die Oostelike Provinsie te vorm, die Kaapse Polisie en 'n afdeling *Cape Mounted Rifles*.[61] Laasgenoemde het sy artil=lerie aangevul met 'n battery 7-ponder-kanonne en 'n maxim-battery. Hierdie vrywilligers was egter nie almal op

---

59 Gatacre self het egter voor die Koninklike Kommissie gesê dat dit 800 man was. Cd., 1791, p. 272.

60 Dit blyk dus dat genl. Gatacre se eie troepe wel volgens die plan van Buller na Natal gestuur is en dat Gatacre alleen na Queenstown is. Ons moet dus die afleiding maak dat Buller, Gatacre Queenstown toe gestuur het omdat hy hom daar as bevelvoerder nodig gehad het.

61 cf. Hoofstuk 5, p. 184.

Queenstown nie, maar was verspreid oor Noordoos-Kaapland. So het hulle uitkykposte by Indwe en Molteno beman, terwyl die *Kaffrarian Rifles* die basis te Oos-Londen bewaak het. Van die troepe wat wel op Queenstown was, moes Gatacre 'n gedeelte, naamlik die bemanning van die twee skeepskanonne, na Kaapstad stuur, waar hulle gereorganiseer moes word vir versending aan lord Methuen. Gatacre het dus kort na sy aankoms oor slegs 1 600 Britse troepe op Queenstown en 800 plaaslik vrywilligers beskik, hulle was oor verskillende sentra versprei, met tien verouderde kanonne, 'n battery maxims, en 'n gepantserde trein wat deur 'n afdeling van die Berkshires onder bevel van luitenant F J Gosset beman is.[62] Alhoewel genl. Gatacre se veldtog beskou is as, "the most important expedition in the campaign,"[63] en alhoewel hy in staat sou wees om Bloemfontein vinnig oor 'n onbewaakte gebied te nader, "as the Boers have spent their strength upon the eastern and western frontiers,"[64] het hy in daardie stadium egter nie 'n troepe-mag besit om dit ten uitvoer te bring nie. Genl. Gatacre was baie deeglik hiervan bewus en dit het seer seker= lik 'n groot invloed op sy verdere beplanning gehad. Hy stel dit baie duidelik dat "the area held by me was long and broad, full of sedetion, and the force was inadequate for the work I was expected to perform with it."[65] Gatacre het ongeveer 'n 250 myl lange spoorlyn gehad om te bewaak en daarby 'n ge= weldige groot distrik waar daar nog altyd die moontlikheid van 'n Koloniale Afrikaneropstand was. Ook Buller was bewus van Gatacre se tekortkominge en telegrafeer die volgende raad aan hom: "the great thing in this sort of warfare is to be pretty certain that one position is safe before you advance to another."[66] 'n Waarskuwing wat Gatacre ter harte moes

---

62 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. II, p. 197; cf. Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 170; cf. Maurice, F., *op. cit.*, p. 286; cf. Norris, S.L., *op.cit.*, p. 146; cf. Gatacre, B., *op.cit.*, p. 222.

63 Davitt, M., *The Boer Fight for Freedom*, p. 229.

64 *Ibid.*

65 Cd., 1791, p. 272; cf. Cassels, *op.cit.*, p. 265.

66 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 223; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 287; Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 197.

geneem het, want hy was nie bekend met die omgewing en toe= stande in die oostelike distrikte nie - 'n faktor wat later sou bydra tot een van die grootste ontnugterings wat die Britse leërleiding vir tot dusver ondervind het. Dié feit en Buller se telegram het gevolglik Gatacre se optrede met sy aankoms in Queenstown bepaal.

In Queenstown is genl. Gatacre met ope arms ontvang - en van die grootste gebeurtenisse wat in die dorp se geskiedenis plaasgevind het. Niemand sou kon dink dat dié stil dorp binne enkele dae in 'n militêre kamp omskep sou word nie. "Suddenly train load after train load of troops arrived."[67] Vir die eerste keer vandat die oorlog uitgebreek het, het die inwoners nou die erns van die saak besef. Vir die lo= jale Engelsman en selfs ook vir die Afrikaner was dit 'n heuglike gebeurtenis. "Confidence was now restored to the lojalist population."[68]

Hier in Queenstown was een van Gatacre se eerste take om sy mag wat uit verskillende troepe bestaan het saam te snoer. In 'n toespraak versoek hy hulle om van die plaaslike vry= willigers te leer, want hulle is bekend met die omgewing en het ook die gewoontes van die Boere geken. Hy het hulle ook duidelik laat verstaan dat "there was hard work before them and he believed every man was ready and willing to do his share of that work."[69] Gatacre was ook bereid om sy deel by te dra en het sy troepe verseker dat hy nooit iets van hulle sal vra wat hy nie self bereid was om te doen nie.

Hy het nie stilgesit nie, maar dadelik begin om patrollies van die *Cape Police* na Dordrecht, Stormberg en Tarkastad te stuur met die uitsluitlike doel om die gebied te verken.

---

67 *The Tarka Herald*, 8 November 1899, K. 4, p. 2.
68 Cassels, *op.cit.*, p. 162.
69 *Midland News and Karoo Farmer*, 21st November, 1899, K. 6, p. 11.

Hy het betroubare inboorlinge as verkenners gewerf en die magistraat van Queenstown versoek om hom van betroubare berede mans te voorsien, sodat hy hulle kon gebruik om die dorpe te beskerm en om as spioene op te tree.[70] Op 21 November het hy self 'n reis per trein tot by Boesmanshoek onderneem om die terrein na die noorde persoonlik te besigtig. Op dieselfde dag het Gatacre ook 'n telegram van Buller ont=vang, waarin hy dit duidelik aan Gatacre stel dat hy hom nie binne die volgende vyf dae van enige versterkings kan voor=sien nie, maar dat hy van hom verwag om sy posisie so te verander dat hy die Indwemyne kan beskerm. Verder wou Buller ook weet: "Do you think it would be safe for you to advance your force or part of it to Stormberg, and hold that instead of Queenstown? I am told it is a good position for a force the size of yours. Of course you will have no support."[71]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat genl. Gatacre graag sy posisie in Noordoos-Kaapland sou wou verstewig. Buller se telegram moes hom egter verwar het, want sy uitdruklike opdrag was om nie tot 'n aanval oor te gaan nie; tog versoek Buller hom om Stormberg in te neem, ten spyte van die feit dat hy nie genoeg troepe het nie en ook nie versterkings kan verwag nie. Hierdie onsekerheid van Gatacre oor wat hom nou presies te doen staan, is nog verder vergroot toe Buller besluit om Natal sy hoofkwartier te maak, omdat "it looks as if his presence is more needed in Natal than anywhere else."[72] Die probleem was nie dat Buller nou in Natal was nie, maar dat hy genl. F W Forestier-Walker in Kaapstad aangestel het as hoof van kommunikasies. Genl. Gatacre het nou soms sy bevele direk van Buller ontvang en soms van Kaapstad af. Met bogenoemde as sodanig is daar nie fout nie, maar 'n mens kan aanvaar dat die duplisering van opdragte vir Gatacre nog

---

70 cf. Schreiner, W.P., *Miscellaneous reports*.

71 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 223; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 197; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 287.

72 *Midland News and Karoo Farmer*, 2nd November, 1899, K. 3, p. 10.

verder verwar het. Dit is dan ook glad nie eienaardig dat Gatacre op Buller se telegram van 21 November antwoord dat die versoek om Stormberg te beset vir hom onmoontlik is, want hy beskik nie oor die nodige troepe nie.[73] Die feit dat Gatacre nie Stormberg wou beset nie, moet egter nie net toegeskryf word aan 'n tekort aan manskappe nie, maar ook aan die onsekere posisie wat Gatacre hom soos hier bo uit=eengesit, bevind het - veral as daarop gelet word dat Storm=berg op daardie oomblik nog nie deur die Boere beset was nie,[74] en ofskoon Gatacre onmiddellik opgetree het, hy Storm=berg sonder veel weerstand kon beset het.[75] Gatacre was voorts nie vertroud met die omgewing nie, en nog minder met die manier van oorlogvoering.

Tot in daardie stadium het hy vir hom 'n goeie naam verwerf met 'n tipe oorlogvoering wat geheel en al verskil het van dit waarmee hy in Suid-Afrika te doen sou kry. Tot nog toe het hy teen inboorlinge in Indië en ander plekke geveg, en nie teen 'n mag wat maklik as sy gelyke beskou kon word nie.[76] Die feit dat die noordelike dele van Noordoos-Kaapland deur die Boere ingeneem was, en dat hulle selfs so ver suid as Dordrecht deurgedring het, moes Gatacre ook laat huiwer het voor hy opgetree het. Ook toe Buller net ná die besetting van Dordrecht deur die Boere aan hom laat weet het om ver=sigtig te wees en dat hy nie dink dat Gatacre sterk genoeg is vir 'n opmars - ten minste nie verder as Putterskraal nie, was Gatacre totaal en al in die war.[77] Hy skryf aan sy vrou: "I have had a terribly anxious time the last two days, the Boers wrecking everything in my front, and no troops to drive them out."[78]

---

73 cf. Gatacre, B., *op.cit.*, p. 223; Maurice, F., *op.cit.*, p. 287.
74 cf. Hoofstuk 2, p. 69.
75 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 266.
76 Penning, L., *op.cit.*, p. 417.
77 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 224.
78 *Ibid.*, p. 225.

Tog wou Gatacre graag aan Buller se versoek voldoen en hy was self gretig om sy mag verder noord te verskuif om so= doende die noordelike deel van Noordoos-Kaapland te beskerm. Gatacre was egter bewus van die tekortkominge van sy mag: "it, was quite inadequate for the purpose; the tract of country was very large and broad, and communication very difficult."[79] Om hom dus in 'n gunstiger posisie te plaas en in 'n mate aan Buller se versoek te voldoen, het hy besluit om hom by Putterskraal te vestig en om Boesmanshoek en Penhoek as buiteposte te gebruik. Dit sou hom in staat stel om die spoorwegaansluiting by Sterkstroom, sowel as die spoorlyn na die steenkoolmyne te beheer. Dit sou ook help om die lojale bevolking van Noordoos-Kaapland tevrede te stel en om die dislojales in toom te hou. Laasgenoemde was vir hom 'n groot probleem en skryf hy aan sy vrou: "The whole country is seething with rebellion, and to put it down we require a lot of men."[80]

Hoe dit ook al sy, op die 22ste November 1899 het Gatacre se mag in beweging gekom om 'n beter posisie in te neem (vergelyk kaart 1). As hoofkwartier is Putterskraal uitge= kies en hier is die *Irish Rifles*, die *Berkshire Mounted In= fantry* en sommige *Cape Police* gevestig. Intussen het daar ook versterkings vanuit Engeland aangekom, onder andere twee kompanies berede infanterie onder kapt. E J Duvar aan die Kaap. Hulle was die *Kings Royal Rifles* en die *2nd Northum= berland Fusiliers*. Gatacre kon dus nou alle berede troepe op een plek konsentreer, en is die *2nd Northumberland Fusiliers* en die *2nd Royal Irish Rifles* dienooreenkomstig by Putters= kraal, en die *Berkshire Mounted Infantry* en vier kompanies van *Irish Rifles* en *Kaffrarian Rifles* by Boesmanshoek ge= plaas.

---

79 Cd., 1791, p. 274.
80 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 225.

Putterskraal was nou genl. Gatacre se hoofkwartier, maar hy het hom hier geensins gelukkig of gerus gevoel nie. Hy het hom te swak toegerus geag om aktief teen die vyand op te tree. In die verband skryf hy aan sy vrou: "I am perfectly sick at such a display of inefficiency, unpre= paredness and apathy."[81] Hierdie negatiewe en mismoedige houding van Gatacre is verder aangehelp deur die optrede van die Boeremagte wat hy moes beveg. Anders as genl. Hendrik Schoeman, wat tevrede was om slegs Colesberg te be= set, het hoofkmdt. E R Grobler en kmdte. Swanepoel en Du Plooy hulle aktiwiteite nie net beperk tot die besetting van Aliwal-Noord nie, maar ook die omliggende dorpe en distrikte beset.[82] Die hele omgewing in Noordoos-Kaapland was dus spoedig in rep en roer. Veral die noordelike dele van die gebied was die ene bedrywigheid. Dit is dus te verstane dat hoogs verontrustende berigte Gatacre in sy hoofkwartier, en die militêre en siviele outoriteite in Kaapstad, bereik het. Berigte het ingestroom dat die Afrikaners in Noordoos-Kaapland in hul honderdtalle by die Boerekommando's aange= sluit het; dat rebellie besig was om soos 'n veldbrand te ver= sprei; en dat die Britse gesag besig was om te verkrummel. Ook veral die berigte oor wat besig was om in die noordelike dele van Noordoos-Kaapland plaas te vind was verontrustend. Dié berigte het gelui dat die Boere Stormberg beset het en deur 3 000 Boere wes van hulle bygestaan is; dat die spoor= lyn ten suide van Stormberg, asook tussen Stormbergstasie en Steynsburg op verskillende plekke opgebreek was; dat hulle Dordrecht bedreig en dat Afrikaners van sover suid as Cradock en Cookhouse noordwaarts gery het om hulle by die Boerekomman= do's te voeg.

Hierdie berigte oor die vordering wat die vyand maak, veral die nuus dat Stormbergstasie beset is en dat die spoorlyn en

---

81 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 198.
82 cf. Hoofstuk 2, p. 44.

telegraaflyne ten weste daarvan ook beskadig is, en dat Gatacre se verbinding met French dus verbreek is, was vir hom iets waaraan hy nie wou dink nie.[83] Dat Gatacre hom nou in 'n baie haglike posisie bevind het, en dat hy as gevolg daarvan baie neerslagtig was, blyk duidelik uit 'n brief aan sy vrou: "I fear this is a grumbling letter, but I am in a miserable state of inefficiency... the Boers are eating up the country in our front, and forcing the farmers to join them, because I cannot move and consequently they are getting stronger every day."[84]

Dit was voorwaar 'n onbenydenswaardige posisie waarin genl. Gatacre verkeer het, maar hy was desnieteenstaande,ten spyte van alles, nie van plan om die land sonder weerstand aan die vyand af te staan nie, maar om te red wat moontlik gered kan word. By Putterskraal het hy dadelik aan die werk gespring om hom so ver as moontlik in te grawe, en die kamp was hard aan die werk. Die veldkompanie het van vroeg tot laat gewerk en die heredienste het steenforte gebou en paaie gemaak. Die artillerie is in gereedheid gebring en die perde wat vir 'n maand op see was, is geoefen. "The restless general kept his men actively employed - manoeuvring, skirmishing, shooting, marching. Everything and anything to keep them fit and well for the work in hand."[85] Afgesien van bogenoemde voorbereidings moes Gatacre ook nog rekening hou met die omgewing se bevolking, en veral die feit dat hulle gereed gesit het om by die Boeremagte aan te sluit. Hy het dus streng militêre maatreëls toegepas "for the intimidation of Dutch sympathisers with his foes on the line of his progress north."[86] Genl. Gatacre het in Noordoos-Kaapland sterk opgetree. Die gebied was vol spioene vir die Boere en daar moes streng teen hulle opgetree word. Indien daar egter té

---

83 cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 287.
84 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 226.
85 Cassels, *op.cit.*, p. 266; cf. Norris, S.L., *op.cit.*, p. 147.
86 Davitt, M., *op.cit.*, p. 229.

streng opgetree sou word, sou die plaaslike bevolking dalk net aangemoedig word om hulle by die Boeremagte te voeg. Desnieteenstaande is daar streng teen enigeen opgetree wat die krygswet oortree het. Op 24 November 1899 is drie boere, Bosch, Reinders en Coetzee by Penhoek gevang "for inciting natives to rebel and making use of rebellious words tending to incite disaffection and disloyalty."[87]

Met genl. Gatacre redelik goed ingegrawe by Putterskraal, met buiteposte soos Sterkstroom, Penhoek en die strategiese Boesmanshoek, kon hy waag om troepe so ver noord as Molteno te stuur.[88] Sodoende het hy op 29 November verhoed dat 'n groot hoeveelheid koring in die hande van die Boere val deur dit feitlik onder hul neuse na Putterskraal te verskuif.[89]

Genl. Gatacre se vreugde oor hierdie sukses wat hy bereik het, was egter van korte duur, want kort hierna, op 2 Desember, beset die Boeremagte Dordrecht. Vir genl. Gatacre het dit baie groot gevaar ingehou, want alles het daarop gedui dat die Boere van plan was om nog verder suidwaarts te beweeg en die distrik agter sy rug binne te trek. Sy enigste uit=weg was om by Buller raad te vra, en op 2 Desember stuur hy 'n telegram aan Buller waarin hy sy lot bekla. Uit die tele=gram blyk dit duidelik dat genl. Gatacre se mag in daardie stadium uit twee regimente bestaan het, en dat hy by Boesmans=hoek sou poog om te verhoed dat die Boere die gebied nog dieper indring. Hy was ook vas van plan om sy troepemag te versterk met versterkings wat op 5 Desember in Queenstown sou aankom.

Die reaksie op hierdie telegram moes vir genl. Gatacre baie ver=warrend gewees het. En die feit dat hy vanuit twee oorde sy

---

87 Schreiner, W.P., *op.cit.*, Mag. Queenstown to Sekr. Law Department 24.11.99; cf. Pollock, A.W.A., *With Seven Generals in The Boer War*, p. 43.

88 Boesmanshoek was strategies omdat die spoorlyn en hoofpad na Storm=bergstasie oor die pas gegaan het.

89 Volgens genl. Gatacre was dit 7 000 sakke koring. Gatacre, B., *op. cit.*, p. 226, Breytenbach dui dit aan as 3 trokke vol. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 200; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 288; cf. Creswicke, L., *op.cit.*, p. 161.

opdragte ontvang het, het sy verwardheid verder vergroot. Vir eers ontvang hy 'n telegram van Buller waarin hy hom daar=op wys dat hy (Gatacre) oor 'n mag beskik wat sterker is as die van die Boere en dat dit wenslik sou wees om die Boere aan te val. As hy egter nie daarvoor kans sien nie, moes hy 'n verdedigbare stelling inneem vanwaar hy die opmars kon stuit. Buller wys Gatacre ook daarop dat as die Boere oor Dordrecht opmars, Boesmanshoek nie eintlik van betekenis is nie. Buller wou egter nie 'n definitiewe opdrag aan Gatacre gee nie, en het dit aan hom oorgelaat om op te tree soos hy goed dink.[90] Kort hierna ontvang genl. Gatacre egter die volgende boodskap van Forestier-Walker: "General Buller inquires whether you can safely leave your present position and advance to Henning's Station (vergelyk kaart 1) or some=where near where you can get a safe position, and also institude a policy of worry."[91] Verder deel hy Gatacre mee dat Buller voel dat as Gatacre Henningstasie beset, die Boere na Burgersdorp terug sou val. Indien Gatacre dan nog 'n nagaanval op Burgersdorp kan loods sou alle onrus in die gebied op 'n einde wees.[92] Dit blyk egter dat Buller hier=die telegramme gestuur het voor hy van die besetting van Dordrecht gehoor het en dat Gatacre dit dus ná die besetting ontvang het. Want die volgende telegram wat Gatacre via Forestier-Walker ontvang, het 'n heel ander opdrag, naamlik: "tell Gatacre he will have to take care of himself till 5th Division arrives."[93]

Hierdie duplisering en teenstrydige boodskappe moes Gatacre beslis verwar het, want die een oomblik word hy aangemoedig om aan te val en die volgende om versigtig te wees en selfs passief te lê en wag vir die vyand. Die telegramme het egter 'n definitiewe invloed op Gatacre se verdere optrede

90 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 227; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 200; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 288.
91 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 227.
92 'n Gedagte wat Gatacre later ten uitvoer sou bring maar nie op Bur=gersdorp nie, maar wel by Stormbergstasie.
93 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 227.

gehad en veral dié wat 'n nagaanval op die Boeremagte voorgestel het. Tot op hierdie tydstip het Gatacre se defensiewe taktiek, naamlik om met 'n sterk mag noord van Queenstown stil te lê in die hoop dat sy aanwesigheid aldaar die Boere in hul laer sou hou, geen vrug gedra nie; inteendeel, "General Gatacre felt frustration and impatience. For a man with such turbulent energy it was a severe strain to play a waiting game."[94] Meer nog, die Koloniale Afrikaners wat by die vyand wou aansluit, is nie deur sy troepemag afgeskrik nie. Die Boere het gedoen wat hulle wou, daagliks sterker geword en 'n steeds dreigender houding ingeneem. Verder is Gatacre deur sy verkenners ingelig dat die bevelvoerder by Stormberg versterkings uit Transvaal verwag en as dié sou aankom, sy posisie nog slegter daaraantoe sou wees. Die beste wat hy kon doen, was om die bron van al die onheil, die Boeremag by Stormberg, so gou moontlik aan te val en te verdryf, en Stormberg te herbeset.[95] Daardeur sou hy nie alleen die hartaar van die rebellie in Oos-Kaapland vernietig nie, maar ook die spoorwegaansluiting aldaar, wat van groot militêre waarde vir die Engelse was, herwin.[96] Die gedagte van Gatacre om 'n aanval op Stormberg te loods is nog verder deur verskeie faktore versterk, en in sô 'n mate dat Gatacre geen ander keuse gehad het as om dit ten uitvoer te bring nie. Hy stel dit: "I was repeatedly asked from Cape Town whether I could not make an advance on Stormberg, whether it would not be good business to make a night attack at Stormberg. When one gets suggestions from the Commander in Chief one tries to act up to them."[97] Bogenoemde moet egter nie as die belangrikste rede of oorweging vir 'n aanval op Stormberg beskou word nie; inteendeel, so 'n aanval en 'n moontlike oorwinning sou talle voordele vir Gatacre inhou.

---

94 Meintjes, J.M., *op.cit.*, p. 73.

95 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 201. Buller se telegram se invloed blyk hier duidelik en na die Slag van Stormberg voer hy juis Buller se telegram aan as een van die redes hoekom hy Stormberg in die nag aangeval het. cf. Hoofstuk 3, p. 151.

96 cf. Cassels, *op.cit.*, p. 266.

97 Cd., 1791, p. 274.

So sou daar 'n einde gemaak kon word aan die aansluiting van rebelle by die Boeremagte; hy en genl. French kon mekaar die hand reik oor die Rosmeadspoorwegaansluiting. En aangesien Kimberley enige dag voor Methuen se opmars kon swig, sou die weg vir genl. Buller se beplande opmars vanuit die Kaap=kolonie na Bloemfontein en Pretoria gebaan wees.[98]

'n Ander faktor wat 'n groot invloed op genl. Gatacre kon gehad het, was die feit dat daar in Engeland besondere betekenis en waarde aan sy veldtog geheg is: "it excited very sanguine hope in England. He was spoken of as one of the ablest of British officers,"[99] en daar is algemeen ver=wag dat hy die persoon sou wees wat vanuit die Kaapkolonie 'n aanval op Bloemfontein sou loods. Toe daar verder deur die koerante geskryf is: "This is perhaps the most important expedition in the campaign, and, as the Boers have spent their strength upon the eastern and western frontiers, General Gatacre may be able to make a dash over the open country upon Bloemfontein, which, if it does not 'stagger humanity', will at least astonish the world,"[100] moes dit Gatacre aangespoor het om so 'n stap te waag. "For strategical reasons, and for the purpose of reassuring the British population, however, General Gatacre had decided that some sort of advance must be made."[101] Toe Gatacre se spioene hom ook nog inlig dat 'n deel van Olivier se mag die 9 Desember in Steynsburg se rigting sou beweeg en dat daar nou net 1 700 boere met twee of drie kanonne by Stormberg was, was die geleentheid om Stormberg te herbeset uiters gunstig, en om dit ten uitvoer te bring moet die aanval 'n verrassing wees.[102] Genl. Gatacre het intussen ook verskeie versterkings ontvang en het hom ook nou as sterk genoeg geag om die Boere aan te durf. Dit het hom genoegsame selfvertroue gegee om 'n aanval te loods.

---

98 cf. Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 64.
99 Davitt, M., *op.cit.*, p. 229.
100 Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 64; cf. Davitt, M., *op.cit.*, p. 229; cf. *Gedenkalbum*, p. 131.
101 Creswick, L., *op.cit.*, p. 161.
102 Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson in sake Anglo-Boereoorlog*, p. 170; cf. Cd., 1792, p. 409.

Reeds vanaf 23 November is Gatacre se mag deur twee kompanies van kol. Alderson se bataljon van berede infanterie en op 27 November deur die *2nd Northumberland Fusiliers* ver= sterk. Op 6 Desember het daar nog versterkings aangekom, naamlik die 74ste en 77ste batterye *Royal Field Artillery*, tesame met 'n ammunisiekolonne, die 12de kompanie genie-troepe, die 20ste bataljon van die *Royal Scots Regiment*, die 33ste kompanie leërdienskorpstroepe en die 14de Veldhospitaal.[103] Laasgenoemde versterkings was egter nog nie geveggereed nie. Die lang skeepsreis het hulle uitgeput en boonop was hulle nie fiks genoeg in daardie stadium om 'n opmars aan te pak nie. Selfs die perde was uitgeput en talle het tydens die bootreis gevrek. Vir die Britse troepe was die omgewing ook vreemd en sou dit hulle 'n week neem om aan te pas. Gatacre het hom egter nie veel aan die fisiese toestand van sy troepe gesteur nie. Al waarin hy belanggestel het, was 'n sterk genoeg mag om die Boeremagte by Stormberg aan te durf, en met die vyand so naby was dit in sy aard om hulle te wou aan= val.[104]

Genl. Gatacre se totale mag het nou tot ongeveer 4 500 man gegroei, met twaalf moderne en twee verouderde veldkanonne en minstens drie masjiengewere.[105] Hierdie mag het uit die volgende bestaan: die *2nd Irish Rifles* (25 offisiere en 875 onderoffisiere en manskappe met 'n masjiengeweer), die *2nd Northumberland Fusiliers* (29 offisiere en 977 onder-offisiere en manskappe met 'n masjiengeweer), die *1st Royal Scots* (27 offisiere en 1 014 onder-offisiere en manskappe met 'n masjiengeweer), 'n halfbataljon en twee berede seksies

---

103 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. II, p. 201; cf. Maurice, F., *op. cit.*, p. 289; Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 266; Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 115; cf. Amery, L.S., *op.cit.*, vol. II, p. 296.

104 cf. Doyle, A.C., *The Great Boer War*, p. 168.

105 Oor die getal troepe is daar in die verskillende bronne egter nie ooreenstemming nie. Meintjes, J. sê: "His total force usually given as 3 000 was in fact 2 600 (Meintjes, J., *op.cit.*, p. 81). Penning, L., *op.cit.*, p. 419 noem 2 000 en Cassells 2 500 ens. Genl. Gatacre se vrou skryf egter dat daar 3 035 was (Gatacre, B., *op.cit.*, p. 235), wat seker die getrouste syfer behoort te wees.

van die *2nd Berkshire Regiment* (574 man), die 74ste en 77ste batterye *Royal Field Artillery* (minstens 10 offisiere en 340 onder-offisiere en manskappe met 10 Amstrong-veldkanonne, asook 'n ammunisiekolonne (5 offisiere en 128 onder-offisiere en manskappe) en 2 verouderde veldkanonne, die 12de kompanie genie-troepe en 'n seksie van die 29ste kompanie (minstens 300 man), die 16de veldhospitaal (4 offisiere en 35 onder-offisiere en manskappe), en die 33ste kompanie leërdienskorps=troepe (4 offisiere en 66 onder-offisiere en manskappe). Hierby moet nog gereken word 'n mag van minstens 800 vry=willigers met ses kanonne en ses masjiengewere.[106] Daar was dus 'n totaal van ongeveer 4 413-5 212. Volgens Buller se verdeling van Gatacre se troepe het sy mag uit ongeveer 4 299 troepe bestaan, met 18 kanonne en sowat vier maxims.

---oOo---

106 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 102; cf. Cd., 1792, p. 409; cf. Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 169.

# HOOFSTUK 4

## DIE SLAG VAN STORMBERG

Tydens Methuen se opmars in die weste na Kimberley en Buller in Natal se poging om deur die Boere-linies te breek, het Gatacre in die noordooste van die Kaapkolonie besluit dat hy ook 'n aanval wou waag. Sy troepemag, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, was nou heelwat sterker en hy wou graag aan die versoek van Buller, om 'n beter posisie in te neem, voldoen.[1] Hy het tereg gemeen dat 'n onverwagte oorwinning oor die Republikeine en Rebelle die Kolonialers versigter sou stem, en dat die rebellie gevolglik nie so vinnig sou uitbrei nie. Ten spyte van die feit dat Gatacre bewus daar=van was dat sy mag nog nie sterk genoeg was om enige kanse te waag nie,[2] wou hy net soos Methuen ook die Boere verras met 'n nagtelike aanval.[3] Toe die Skotte in die weste hul noodlottige opmars begin, het 'n ramp alreeds daardie selfde dag die manskappe van Gatacre by Stormberg getref.

Kennis aangaande die omgewing rondom Stormbergstasie waar die vyand se hoofkwartier was, en die ligging van hul laers, het by genl. Gatacre ontbreek. Hy was persoonlik nooit op die terrein nie en het selfs nie eens oor 'n betroubare kaart wat vir militêre doeleindes bruikbaar was, beskik nie. Die troepe wat Stormberg ten tye van die uitbreek van die oorlog beset het, het geen moeite gedoen om 'n skets van die terrein te teken nie. Hulle was tevrede met 'n plan van die onmiddel=like omgewing van die spoorwegaansluiting wat meer as 'n jaar tevore geteken en in een van die *Intelligence Hand Books* afgedruk is. Dit was ook al kaart wat Gatacre besit het, afgesien van die gewone landmeterskaart van Kaapland wat op

---

1 cf. p. 99 van Hoofstuk 3.
2 cf. Cd., 1791, p. 272.
3 'n Gedagte wat reeds lankal deur Buller by hom tuisgebring is. cf. p. 99 van Hoofstuk 3.

ŉ skaal van een duim = 12½ myl geteken en spesifiek vir tak=
tiese doeleindes waardeloos was.

Gatacre het egter nie agteroor gesit en dit so gelaat nie. Van die begin van Desember het hy alles in sy vermoë gedoen om meer oor die gebied uit te vind.[4] Hy het ook vir eie gebruik ŉ skets van die omgewing van Stormbergstasie opge= trek, waarop hy die heuwels om die stasie en die paaie wat daarheen lei aangetoon het, geteken het. Dit was nie alles op persoonlike waarneming gegrond nie, maar het alle moont= like inligting bevat wat hy van elke persoon wat met die om= gewing vertroud was, kon kry. Ofskoon laasgenoemdes se beskrywings en inligting aangaande die afstande en dies meer nie ooreengestem het met die werklike situasie nie, het dit Gatacre nietemin ŉ redelike idee gegee van hoe die terrein daar uitgesien het en waarlangs hy moes trek om dit te be= reik.[5] Hy het geweet dat Stormbergstasie, wat sowat 25 myl noordwes van Putterskraal geleë is, omring was deur heuwels wat dit veral van die ooste-, die suide- en die suidwestelike kant deeglik beskut het. Hy was ook bewus van die ligging, aard, vorm en strategiese waarde van die verskillende heuwels, maar van die terreingesteldheid en fynere detail wat ŉ veld= tog se sukses bepaal, het hy nie veel kennis gehad nie.

Aan die oostekant van die dal was Rooikop, ŉ hoë steil kop wat soos ŉ wagter bo die stasie uitgetroon en die hele om= gewing beheers het (vergelyk kaart 2). Aan die westekant was Rooikop deur ŉ nek met Kissieberg verbind.[6] Laasgenoemde,

4 cf. Gatacre, B., *General Gatacre*, p. 229.

5 Gatacre het hom verlaat op ander persone om ŉ idee te kry van die ge= bied wat hy wou aanval. Uit die gebeure wat later gevolg het, is dit duidelik dat hy hier reeds sy eerste fout begaan het en dat hierdie onvoldoende kaarte en inligting ŉ groot deel bygedra het tot die mis= lukking van sy veldtog.

6 Daar is heelwat verwarring oor hierdie "Kissieberg", want die berg is naby Steynsburg, en ver van die slag wat sou volg, geleë. Die berg is vernoem na Kesie of Keesje, ŉ Boesman- of Hottentotperdedief, wat die perde wat hy gesteel het in ŉ kloof in dié berg versteek het. Kesie is deur die boere in die gebied agtervolg en by sy perde in die berg

(vervolg)

Die eerste probleem waarmee Gatacre in sy aanvalsplanne te doen gekry het, was om 'n roete te kies. Daar was drie roetes: die oudste was die regterkantse roete, wat 'n myl buite die dorp van die spoorlyn weggedraai het en ongeveer vier myl oos van Stormberg deur 'n bergagtige gebied na Burgersdorp geloop het; die middelste roete het reguit van Molteno na Stormbergstasie gelei, vanwaar dit met kronkels en draaie na Burgersdorp geloop het; die derde roete, aan die linkerkant, het Molteno en Steynsburg met mekaar verbind.

Genl. Gatacre het nou aandag aan hierdie probleem gegee. Ten einde die Boere te verras, het hy besluit om gedurende die nag na hulle stellings op te ruk.[8] Vir die doel was die ou pad, wat ooswaarts deur klowe en passe gegaan het, te bedrieglik in die donker. Maar ten spyte hiervan was dit tog die beste roete waarlangs die aanval geloods kon word.[9] Die middelste roete weer, wat die spoorlyn twee keer gekruis het en reguit na die Stasie geloop het, was aan beide kante deur die Boere bewaak, en 'n verrassingsaanval vanaf hierdie roete sou onmoontlik wees, aldus Gatacre. Dit was egter 'n baie korter roete en baie makliker om in die nag te volg as die ander twee. Omdat dit egter die verrassingselement sou uitskakel, het nog net die derde roete oorgebly, naamlik die een wat Steynsburg met Molteno verbind het. Deur hier=die pad vir ongeveer agt myl te volg en dan skerp regs te draai na Stormbergstasie sou dit makliker wees om 'n verras=singsaanval te loods as op die ander twee roetes. Nadat Gatacre al die voor- en nadele van die drie roetes oorweeg het, het hy op die middelste besluit.[10]

Die mees uitstaande kenmerk van genl. Gatacre se plan was dat dit reeds dae voor dit uitgevoer is, bekend was. In

---

8 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel II, p. 204; cf. Meintjes, J., *op. cit.*, p. 76; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 290.

9 Generaal Kemp meen juis dat die Stormberg-posisie van die oostekant af die kwesbaarste was. Van Zyl, P.H.S., *Die Helde-Album. Verhaal en Foto's van aanvoerders en helde uit ons Vryheidstryd*, p. 67.

10 cf. Davitt, M., *Fight for Freedom*, pp. 231-232.

wat in die vorm van 'n elmboog die dal aan die suide- en ge=deeltelik ook aan die westekant omvat en noordwaarts dood=geloop het in 'n drietal laer koppies, was die noordelike eindpunt van die heuwels wat ten weste van die dal gelê het. Noordwes van hierdie drie koppies, wat deur nekkies van me=kaar geskei was, het heeltemal geïsoleerd nog 'n koppie, enigsins laer as die ander drie, gestaan. Verder noord was die dal aan die westekant oop, en deur die opening het die spoorlyn van Stormberg na Rosmead, en daarvandaan af verder na Noupoort, geloop. 'n Sytak van Bamboesspruit **het** uit die dal gevloei. Aan die noordekant was die dal weer deur heu=wels begrens, waarvan die mees opvallende 'n plat kop was, waarop die Britse garnisoen gedurende die tydperk wat hulle die stasie beset het forte gebou het.[7]

Hoeveel Gatacre werklik van die posisie van die Boeremagte in hierdie dal geweet het, is nie duidelik nie, maar dit blyk duidelik dat hy wel bewus was van die feit dat die hoofmag van die Boere in die dal versprei was, en dat die Boere hulle kanonne op die nek tussen Kissieberg en Rooikop geplaas het (vergelyk kaart 2). Dit was juis hierdie kennis wat hom tot die gevolgtrekking laat kom het dat hulle 'n front na die suide gevorm het, met ander woorde,dat hul sentrum op die nek tussen Kissieberg en Rooikop, asook op die suidelike deel van Kissieberg, geleë was. Hy het ook gemeen dat die Boeremagte se flanke op die grensende heuwels geleë was: hul regter=flank op die deel van Kissieberg wat van suid na noord gestrek het en op die drie koppies ten noorde daarvan, en hul linker=flank op Rooikop. Op grond van hierdie veronderstelling het hy na oorlegpleging met sy offisiere sy aanvalsplanne beraam.

---

6 (Vervolg)
vasgekeer. Hy is doodgeskiet en die perde aan hul eienaars terug besorg. Hierna is die berg Kesieberg genoem. Die verkeerdelike benaming "Kissie" het egter nou sy beslag by die Britte gekry en is daar in die Britse verslae oor Stormberg verkeerdelik na die bergreeks suidoos van Steynsburg verwys as Kissieberg. Meintjes, J., *Stormberg*, pp. 78-79.

7 cf. Maurice, F., *History of the War in South Africa, 1899-1902*, vol. I, p. 289; Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheids=oorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel II, p. 203.

verband met hierdie feit is Doyle van mening: "It is to the credit of our generals as men, but to their determined as soldiers, that they seem throughout the campaign to have shown extraordinarily little power of dissimulation. They did the obvious, and usually allowed it to be obvious what they were about to do." Hy gaan voort: "it remains strange and deplorable that in a country filled with spies any one should have known in advance that a so-called 'surprise' was about to be attempted."[11] Die Boeremagte by Stormberg was inderdaad bewus daarvan dat genl. Gatacre besig was om sy leër by Molteno te mobiliseer, maar dit is te betwyfel of hulle wel bewus was van sy detailbeplanning, want uit die latere gebeure blyk dit duidelik dat hulle geweet het dat hy gaan aanval, maar nie geweet het wanneer en hoe dit sou ge= beur nie.[12]

Of genl. Gatacre daarvan bewus was dat sy plan uitgelek het, is onbekend, maar daar kan met sekerheid gemeld word dat hy vas van plan was om gedurende die nag van 8 Desember sy hoofmag ongemerk na die nek tussen Kissieberg en Rooikop, waarop die Boerekanonne onder Willem Hendrik Muller, 'n ser= sant in die Oranje-Vrystaat artillerie geplaas was, te laat beweeg. Hy was van plan om dié nek, asook Rooikop, met dagbreek die 9de deur 'n kragtige frontaanval vanuit die suid= ooste en met swaargeskut te beset. Van hieraf sou hy dan met sy stormtroepe, ondersteun deur die artillerie, op die Boerelaers in die dal aanval, terwyl 'n troepe-afdeling wat intussen uit Penhoek ooswaarts om Rooikop moes beweeg, die vyand op hul terugtog na Burgersdorp moes afsny en hom in die pan moes hak.[13] Met die oog op bogenoemde plan het hy bepaal dat die troepe wat die aanval moes deurvoer eers gedurende die middag van die 8ste van Putterskraal en Boes=

---

11 Doyle, A.C., *The Great Boer War*, p. 168; cf. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 77.

12 cf. A 104; A 119; Meintjes, J., *op.cit.*, 10 Desember 1899.

13 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 204 (Hierdie troepemag was die van De Montmorency).

manshoek per trein na Molteno sou reis. Daar sou die afde= ling van Penhoek, wat die vyand moes omvleuel, die middag laat by hulle aansluit. Om 19h00 sou die mag van Molteno af met die grootpad, wat langs die spoor na die nek geloop het, by tye ten ooste en soms ten weste daarvan opruk tot by Goosen se plaas, wat sowat twee myl van die nek af geleë was. Daar sou hulle twee of drie uur rus voor hulle met die aanval begin.

Die twee troepeafdelings sou soos volg saamgestel wees: die mag van Putterskraal en Boesmanshoek wat die frontaanval moes uitvoer uit twee infanterie-bataljons, te wete die *Northumberland Fusiliers* en die *2nd Irish Rifles*, twee veld= batterye, die 74ste en 77ste; drie kompanies berede infan= terie; die 12de kompanie *Royal Engineers* en 'n afdeling *Cape Police* - 'n totaal van sowat 2 600 man met twaalf ka= nonne en vier masjiengewere.[14] En die mag van Penhoek wat die Boere se terugtog moes afsny, het bestaan uit 160 man van die *Brabant's Horse*, 235 van die *Cape Mounted Rifles* met vier 7-ponder kanonne en 'n masjiengeweer onder bevel van kapt. R de Montmorency en maj. Springer. Ondertussen moes daar ook 'n afdeling van die *Cape Mounted Rifles* onder sir H Elliott in die rigting van Dordrecht opruk om te verhinder dat die Boere uit daardie koers versterkings na Stormberg kon stuur. Die res van die Britse mag[15] moes die Britse basisse by Putterskraal, Boesmanshoek, Penhoek en Queenstown bewaak, met uitsondering van twee kompanies van die *Royal Scots* wat die ekspedisie tot by Molteno moes vergesel om die basis daar te beskerm.[16]

---

14 Doyle, A.C., meen dat hulle 3 000 man sterk was. Hy gee die getalle soos volg aan: 2nd Northumberland Fusiliers 960 met een Maxim, 2nd Irish Rifles 840 sterk met 1 Maxim, 250 Cape Mounted Rifles met 4 ligte kanonne en 250 Mounted Infantry. Twee batterye veldartillerie die 74th and 77th. (Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 169).

15 cf. Hoofstuk 3, pp.108-109.

16 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 204; Maurice, F., *op.cit.*, p. 290; Gatacre, B., *op.cit.*, p. 230; Creswicke, L., *South Africa and the Transvaal War*, vol. 7, p. 163.

Aangesien Gatacre nie betyds genoeg trokke kon kry vir die vervoer van die troepe vanaf Putterskraal en Boesmanshoek na Molteno op die 8ste nie, was hy uiteindelik genoodsaak om die beplande aanval 'n dag lank uit te stel.[17] Die ver= voer van die troepe na Molteno is vir die middag van die 9de, die opmars van Molteno na Stormberg vir die nag van die 9de, en die aanval op die Boerestellings by Stormberg vir dag= breek op Sondagoggend die 10de vasgestel.[18] Dit was die begin van die veranderde reëlings wat later sou uitloop op 'n algehele fiasko.

Reeds so vroeg soos 16h00 die oggend van die 9de is die laer by Putterskraal opgebreek en het die waens, belaai met kamp= gerei, na Molteno vertrek. Omdat daar nie genoeg spoor= wegwaens was wat die hele mag per trein kon vervoer nie, het die waens met die grootpad langs getrek, onder begeleide van die berede troepe, te wete die twee kompanies berede-infante= rie en 42 man *Cape Police* wat te Putterskraal gestasioneer was, en die berede kompanie van die *Royal Berkshire*-regiment wat op Boesmanshoek by hulle aangesluit het. Die res van die troepemag, te wete die divisiestaf en die personeel van die artillerie - en genie-afdelings, die twee veldbatterye, die 12de kompanie *Royal Engineers*, die *2nd Royal Irish Rifles*, die Veldhospitaal en die afdeling draers, wat almal op Putterskraal gestasioneer was, en vier kompanies van die *Royal Irish Rifles*, wat op Boesmanshoek was, is met treine na Molteno geneem. Hulle het in oop kooltrokke gereis, aangesien daar geen passasierswaens beskikbaar was nie.[19]

Hulle het teen 12h00 die middag op Putterskraal in die treine begin klim - 'n proses wat die hele middag geduur het, omdat daar so min syspore en platforms op die klein stasie=

---

17 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 204; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 77; Maurice, F., *op.cit.*, p. 290.

18 Dit blyk dat dit 'n maanskynaand was en dat dit sou help met die opmars na Stormberg. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 77.

19 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 205; cf. Maurice, F., *op.cit.*, pp. 290-291.

tjie was. Dit was al 17h00 voordat die laaste troepe uiteindelik 'n plekkie in die oop kooltrokke gekry het en die reis kon begin. Hulle moes vir die res van die dag op die trein bly, omdat daar toegelaat is dat 'n trein met muile die spoorlyn vir 'n paar uur lank blokkeer, sodat die troepetreine wat deur 'n gepantserde trein begelei is, vir ure moes talm. Eers om 20h30 die aand, 'n uur en 'n half ná sononder, het die laaste trein Molteno binngestoom.[20]

Dit was dus in hierdie stadium duidelik dat daar alreeds met die mobilisering van Gatacre se mag foute ingesluip het wat nadelig vir enige mag sou wees. Dit is heeltemal onverstaanbaar waarom hy nie in hierdie stadium besef het dat hy nie met sy aanval kan voortgaan nie. Moontlik was hy nie bewus van al die probleme nie, maar dit is heeltemal onwaarskynlik. Dit kan moontlik toegeskryf word aan sy geaardheid - 'n mens wat ontsaglike deursettings- en uithouvermoë gehad het, en nie altyd besef het dat ander mense nie dieselfde vermoëns as hy het nie. Dit was duidelik dat sy manskappe afgemat, loom en tam was van die lang dag in die skroeiende somerson op die platforms en in oop kooltrokke. Hulle was beslis nie geestelik en fisies weerbaar om die nagtelike ekspedisie wat voorgelê het aan te pak nie. Voor hulle vertrek uit Putterskraal het hulle wel geëet en kos ontvang vir die lang pad, maar in dié ontstemde toestand was hulle nie juis lus vir kos nie.

Op Molteno het verskeie gebeure daartoe aanleiding gegee dat Gatacre van sy oorspronklike aanvalsplan moes afsien - iets wat 'n duidelike rooi lig vir die ekspedisie moes gewees het. Volgens 'n verslag van sy verkenners was dit duidelik dat "the enemy had fortified and entrenched the pass between the Kissieberg and Rooi Kop, over which runs the main road and the railway to the junction."[21] Volgens Meintjes was

20 cf. Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 169; A 770, Leyds, p. 652.
21 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 230; cf. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 82; Maurice, F., *op.cit.*, p. 291.

hierdie 'n vals berig, want slegs 'n week tevore het die groot slag by Modderrivier plaasgevind waar die Boere met groot sukses van loopgrawe gebruik gemaak het. En "after this serious setback to the British, nerves were jittery and imaginations fertile."[22] Gatacre is ook verder ingelig dat die Boere, wie se mag op 1 700 geskat is, se hooflaer in Kissieberg geleë was en baie maklik vanuit die weste aan=geval kon word. Dit was dus die aangewese plan om af te sien van die oorspronklike frontaanval, want "if they had now resorted to trenches and barbed wire of a closely guarded spot such as Stormberg Junction, then the direct approach to it was out of the question."[23] Daarby het die afdelings van die *Brabant's Horse* en *Cape Mounted Rifles*, wat vanaf Penhoek die Boere uit die ooste moes omsingel en van Burgers=dorp afsny, nie opgedaag nie. Vir Gatacre was dit nie 'n onmiddellike probleem nie, aangesien hy daarvan bewus was dat De Montmorency slim en vol inisiatief was, en omdat hy ge=weet het wat van hom verwag word, het Gatacre hom nie daar=deur laat ontstel nie. Dit sou egter 'n ander situasie ge=wees het as Gatacre presies geweet het wat die toedrag van sake was, veral die feit dat De Montmorency op daardie oom=blik gereed gemaak het om bed toe te gaan en nooit Gatacre se opdrag, wat alreeds by Putterskraal aan hom gestuur is, ontvang het nie. Die telegraafklerk op Putterskraal het nagelaat om die bevel van Gatacre, naamlik dat De Montmorency die Boeremagte vanaf die ooste moes aanval, na De Montmorency en Springer deur te stuur. Verder het Gatacre geen voor=sorg getref om seker te maak dat die aanvoerder in Penhoek wel die bevel ontvang het nie. Hy kon net versoek het dat die ontvangs daarvan telegrafies erken word, of die bevel 'n paar uur later herhaal het, maar hy het nie.[24] Dit was 'n

22 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 82.
23 *Ibid.*, p. 83, cf. Norris, S.L., *op.cit.*, p. 149.
24 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 206 ; cf. Penning, L., *De Oorlog in Zuid Afrika*, p. 419; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 84; Maurice, F., *op. cit.*, p. 291; A 770 Leyds: Nierstratz, p. 651.

fout wat hom duur te staan sou kom en waaroor Doyle sê: "One feels as if one were describing the operations of Magersfontein once again and the parallel continues to be painfully exact."[25]

Met bogenoemde feite in gedagte en na beraadslaging met sy hoofaanvoerders (en ook nie almal nie), het Gatacre nou be= sluit om die Boeremagte se westelike of regterflank aan te val, want aan hierdie kant was hulle die swakste deur hoog= tes beskut en hulle sou dus gedwing word om 'n front aan die westelike kant te vorm. Die aanvalspunt wat hy in gedagte gehad het, was die westelike aansig van Kissieberg (verge= lyk kaart 2) vanwaar hy dan die Boere se loopgrawe aan die regterflank kon beskiet en deur ooswaarts te beweeg, hul kanonne kon bemeester. Afgesien van die middelste roete, kon Gatacre twee paaie volg om teenoor die suidwestelike punt van Kissieberg te kom. Die een wat hy wou volg (verge= lyk kaart 2) het by die plaas van D Foster, sowat agt myl buitekant Molteno, uit die grootpad van Molteno na Steynsburg noordwaarts geswaai in die rigting van Bamboesaansluiting, waar die spoorlyn na die steenkoolmyne by die hoofspoorweg= lyn na Rosmead aangesluit het. 'n Entjie noord van die opstal van Van Zyl, wat teenoor die suidwestelike punt van Kissie= berg geleë was, het die pad na Stormbergstasie weggedraai. Dit het al langs Kissieberg geloop, tussen sy noordelike uitlopers en die geïsoleerde koppie deur, en dan ooswaarts geswaai die Stormbergdal in.

Die ander roete, waarvan Gatacre klaarblyklik nie bewus was nie, het byna drie myl anderkant Foster se plaas uit die grootpad na Steynsburg geswaai - dit wil sê, by J Roberts se plaas, wat ten weste van die spoorlyn wat na die steenkool= myne geloop het, geleë was. Daarna het dit ooswaarts van

25 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 169.

Van Zyl se plaas geloop en net suid van die reedsgenoemde uitdraaipad na Stormberg by die pad wat by Foster se plaas weggeswaai het, aangesluit. Beide eersgenoemde en laas=genoemde roetes het dus by Van Zyl se plaas verbygegaan. Laasgenoemde was egter 'n ompad en langer. Die latere verwarring wat oor hierdie roetes ontstaan het, het direk aanleiding tot Gatacre se neerlaag gegee.

Gatacre se plan was verder om, nadat hy eersgenoemde roete gevolg het en by Van Zyl se plaas gekom het, Kissieberg met dagbreek vanuit die weste met gevelde bajonet te laat be=storm en te verower. Hierna wou hy dan kanonne op die westelike deel van die berg oprig, waarmee hy die hele vlakte en al die Boerestellings op die suidelike deel van Kissieberg en op die nek ten ooste daarvan, kon laat bombardeer.

Die grootste probleem wat hy egter in die uitvoer van sy plan gehad het, was dat hyself nie die terrein waarlangs die opmars moes gaan en die terrein waarop sy aanval geloods gaan word, geken het nie. Hy het ook nie oor 'n behoorlike kaart daarvan beskik nie, en was volkome op sy gidse, ser=sant Morgan van die *Cape Police* en verskeie swart polisiemanne wat vooraf sorgvuldig gekeur is, aangewese. Van die gebroke aard van die terrein aan daardie kant van Stormbergdal was hy nie bewus nie. Hy is egter vooraf verseker dat sy gidse elke duim van die gebied ken. Volgens hulle was die af=stand wat die leër moes aflê om by Van Zyl se plaas te kom slegs nege myl en was die pad geskik vir kanonne en konvooi=waens. Dit was twee myl verder as wat hulle volgens sy oorspronklike plan moes marsjeer. Op grond van hierdie in=ligting het Gatacre bereken dat hy, met inbegrip van die ge=wone rustye wat sy manne tydens die tog tussenin moes geniet, maklik met dagbreek op die bepaalde punt, Van Zyl se plaas, kon wees - gereed vir die bajonetstormloop.

Nadat genl. Gatacre sy nuwe aanvalsplan mondelings aan die verskillende bevelvoerende offisiere en aan die wat hy by=een kon kry, uiteengesit het, en aan hulle verduidelik het watter roete gevolg moes word, het sy leër teen 21h00 op 9 Desember in beweging gekom. Dit was 'n halfuur na die aankoms van die laaste uitgeputte troepe op Molteno en sowat twee uur later as wat die aanvanklike plan was. Uit boge=noemde feite kom daar dadelik verskeie vrae na vore, byvoor=beeld hoekom Gatacre nie gesorg het dat hy al sy offisiere byeen kry nie en hy die laaste troepe wat in Molteno aange=kom het net 'n halfuur rus gegee het. Voorts, waarom hy, toe hy besef het dat die sukses van sy plan op perfekte tydsberekening berus en dat daar geen twyfel moes wees oor watter roete gevolg moes word nie, nog twee uur na die tyd met sy plan voortgegaan het, sonder die versekering dat almal geweet het watter roete gevolg moes word.[26] Die ant=woorde op hierdie vrae sal seker nooit met sekerheid gegee kan word nie, maar daar kan van die veronderstelling uitge=gaan word dat Gatacre begin besef het dat die sand vinnig besig was om uit die uurglas te loop, en dat as hy nog enigsins 'n aanval wou loods, daar nou handelend opgetree moes word.

Daar was nie tyd om seker te maak dat die nuwe aanvalsplan en die feit van die veranderde roete by almal tuisgebring is nie. Hy was seker wat om te doen, maar het vergeet dat hy 'n onbekende gevegsterrein betree - en dit nog in die donker ook - en dat sy troepe dalk glad nie weet wat om te doen nie.[27]

Die Boere het niks van die Britse aantog geweet nie.[28] Hul=le het egter die heuwels rondom die dal deeglik bewaak ten

---

26 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 77.
27 cf. pp. 125-126 van dié hoofstuk.
28 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 210; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 295. Hierdie is egter 'n gewaagde stelling, want in 'n verklaring van Johannes Jurgens Swanepoel, kommandant van die Smithfield-kommando (vervolg)

einde enige aanval wat die vyand uit die rigting van Queens= town sou waag, af te slaan. Om in hierdie doel te slaag was die kommando's op 8 Desember 1899 soos volg uitgeplaas (vergelyk kaart 2): aan die voet van Rooikop, digby die stasie, was die Bethulie-kommando onder kmdt. Du Plooy, by= gestaan deur 'n kommando Kaapse rebelle onder aanvoering van kmdt. P Steenkamp.[29] Regs daarvan, aan die suidwestelike hang van Rooikop, was die Smithfield-kommando, onder bevel van kmdt. J J Swanepoel. Die burgers van kmdte. Du Plooy en Steenkamp moes die dal bewaak teen aanvalle vanuit die noordooste, ooste en suidooste. Aan Swanepoel en sy burgers is die bewaking van die suidelike toegange tot die dal opge= dra, dit wil sê, van die suidelike deel van Kissieberg en die nek tussen Kissieberg en Rooikop. Die bewaking van die westekant van die dal, dit wil sê, van die westelike aansig van Kissieberg en van die koppies ten noorde daarvan, was die verantwoordelikheid van die Rouxville-kommando van hoofkmdt. J H Olivier.[30] Hy is deur pres. Steyn as hoof= bevelvoerder by Stormberg benoem, met die opdrag om die vyand te stuit wat die Vrystaat vanuit Oos-Kaapland bedreig het.[31]

Na oorname van die bevel te Stormberg deur hoofkmdt. Olivier moes hoofkmdt. E R Grobler volgens bevel van pres. Steyn met die Smithfield- en Bethulie-kommando's weswaarts trek. Hy moes in samewerking met genl. Hendrik Schoeman die Britse mag beteuel wat die sentrale deel van die Vrystaatse suid= grens bedreig het. So gebeur dit dat hoofkmdt. Grobler

---

28 (Vervolg)
sê hy baie duidelik: "Ons wis toe deur gedurige rapport dat 'n groot mag Engelse soldate op pad is van Oos-Londen en ons was (van) plan om Stormberg te hou." A 104, p. 1. Die Boere was dus deeglik be= wus van Gatacre se bewegings en was gereed vir 'n aanval. Of hulle egter geweet het wanneer dit sou plaasvind, is te betwyfel.

29 Meintjes noem Veldkommandat Du Plooy (Meintjes, J., *op.cit.*, p. 86) maar dit is duidelik dat hy die rang van kommandant beklee het. cf. A. 104 *Verslag van slag by Stormberg*, p. 1; *Dagboek* van Simon Johannes du Plooy, p. 74, seun van kommandant Du Plooy en wat self aan die geveg deelgeneem het.

30 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 210; cf. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 86; A 104, pp. 1-2; A 770 Leyds, Nierstratz, p. 651.

31 cf. Hoofstuk 1, pp. 13-14.

Stormberg gedurende die middag van 9 Desember verlaat met minstens 400 man van die Bethulie-, Venterstad- en Burgers=dorp-kommando's onder kmdte. Du Plooy, L P Steenkamp en P Steenkamp onderskeidelik.[32] Hulle het in die rigting van Steynsburg getrek, wat Grobler volgens 'n krygsbesluit op 6 Desember 1899 as besette gebied moes proklameer. Hulle het die dag egter nie verder as nege myl van Stormberg af gevorder nie, waar hulle op die plaas Kalkoenkrans oornag het. Penning beweer dat dit as gevolg van die breek van 'n speek van die ambulanswa was dat hulle verhoed is om verder te trek. Hy sê onder meer: "Het was een effen, gladde weg; de burgers hadden niet begrijpen hoe het mogelijk was en standen hoofschuddend bij het gebroken achterwiel.. niet vermoedend, dat God dit gebroken achterwiel wilde gebruiken, om Olivier's kommando voor den ondergang te bewaren, en de dreigende nederlaag in een schitterende overwinning te veranderen."[33] Wanneer 'n mens na die gebeure rondom die slag kyk, kan jy nie anders as om baie waarde aan hierdie stel=ling te heg nie. Davitt, aan die anderkant, beweer egter dat hulle daar gehalt het om die beslissing af te wag van president Steyn oor 'n kanon wat hulle graag van Stormberg af wou saamneem en wat hoofkmdt. Olivier nie aan hulle wou afstaan nie.[34]

Die aand van 9 Desember was die Boeremagte, ná die wegbeweeg van Grobler, volgens kmdt. Swanepoel soos volg geplaas: 50 burgers by Kissieberg, hoofsaaklik by die drie koppe, 50 van Swanepoel vanaf Rooikop tot by die nek tussen Kissieberg en Rooikop. Gedurende die nag moes die helfte van die burgers om die beurt op slaggereed wees, perde opgesaal. Selfs die burgers wat in die kamp was se perde moes opgesaal wees

---

32 Aan die redes vir hierdie wegtrek word nog 'n ander teorie toegeskryf cf. Hoofstuk 2, p.73.

33 Penning, L., *op.cit.*, pp. 418-419; cf. A 770 Leyds.

34 Davitt, M., *op.cit.*, p. 233.

"want dit was duidelik uit die ophoop van troepe in Molteno, dat die aanval die nag sou gebeur."[35]

Dit was dus die posisie by die Boeremagte toe genl. Gatacre met sy nagmars om 21h00 vanaf Molteno begin het. "The order of progress was in companies, marching by fours in colomn - a close formation but necessary. For the men must 'keep touch', or else all order would be gone in a moment and you cannot set confusion right in the pitch dark without speaking."[36] Voor was 'n agttal verkenners - infanteriste - wat onder leiding van 'n ondergeskikte offisier seker moes maak dat die pad veilig en skoon was. Die leër moes in drie afdelings opruk wat mekaar moes volg met 'n ruimte tussen die drie afdelings. In die voorste afdeling was die staf van die divisie en die infanterie, in die middelste die artille=rie en die berede troepe, en in die agterste afdeling die masjiengewere, waens met reserwevoorrade ammunisie, proviand=waens met voedselvoorrade vir drie dae, die hospitaal-afde=ling en genie-troepe.[37] Maar as ons die afmars volgens name uiteensit, was dit soos volg:

*Royal Irish Rifles*
*Northumberland Fusiliers*[38]
74ste en 77ste Batterye, vergesel deur twee kompanies berede infanterie
die *Cape Police*
*Berkshire MI Company*
Masjiengeweer-ammunisiereserwes en die Veldhospitaal, verge=sel deur die 12de kompanie *Royal Engineers*.[39]
Aan elke eenheid is 'n gids toegeken in wie die eenheid se volle vertroue gestel was. Verder was albei Inligtings=

---

35 A. 104, p. 1. Deur hierdie stelling is alle twyfel of die Boere bewus van Gatacre se bewegings was, verwerp. cf. Van Zyl, P.H.S., *Die Helde-Album*, p. 67.

36 Cassels, *History of the Boer War, 1899-1902*, vol. I, p. 269, K. 1.

37 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 207; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 293.

38 "A hardened lot of seasoned warriors. Some who had seen them, and who pretended to speak with authority, said they were the finest regiment turned out of Aldershot for many a year." Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 269.

39 Maurice, F., *op.cit.*, p. 292; cf. A 770 Leyds, p. 653; Davitt, M., *op.cit.*, p. 234; Norris, S.L., *The South African War, 1899-1900*, pp. 149-150.

offisiere van Gatacre besig met kommunikasie-pligte en kon hulle dus nie die kolonne vergesel nie. Kol. Waters, die Divisie Inligtingsoffisier, moes in Molteno agterbly om daar die bevel te voer oor die Veldhospitaal en 'n Maxim, asook die reserweammunisie wat eers later sou vertrek en met dagbreek by genl. Gatacre sou aansluit. Dit was 'n besluit wat later verkeerd sou blyk te gewees het, want "so curious were Gatacre's arrangements that even this officer had not been told of the change in route."[40]

Genl. Gatacre en die res van die staf was vooraan die eerste en leidende bataljon. Hierdie bataljon was die *Royal Irish Rifles* en hulle het met gevelde bajonette die Steynsburgpad gekies. Agter hulle het die res, soos reeds uiteengesit, gevolg. Die kanonne en waens se wiele was met nat bees=velle toegedraai sodat die Boere nie dalk gewaarsku kon word deur die geluid van die wiele nie.[41] Volgens Maurice het dit nie veel gehelp nie, maar slegs die taak nog verder bemoeilik. Dit was in hierdie stadium gedurende die nagmars dat dinge begin skeefloop het. In Molteno het maj. A W A Pollock, oorlogkorrespondent vir die *Times*, met die afmars van die troepe dit nie nodig geag om saam met hulle uit te beweeg nie, maar om eers die gselligheid by die hotel daar te geniet. Hy het eers later die kolonne, wat hy en die ander wat saam met hom was, geglo het op die middelste roete na Stormberg was, op 'n gemaklike pas gevolg. Nadat hulle die roete vir 'n uur en 'n kwart gevolg het, en nog nie die kolonne ingehaal het nie, het hulle agterdogtig begin raak en besluit om terug te draai en by die artillerie aan te sluit. Ongeveer twee myl, nadat hulle omgedraai het, kom hulle tot hulle grootste verbasing nie by die artillerie uit nie, maar by die Veldhospitaal, ammunisiewaens en Maxim

40 Meintjes, F., *op.cit.*, p. 87; cf. Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 117.

41 Penning, L., *op.cit.*, p. 419; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 293; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 87; Doyle, M., *op.cit.*, p. 169; De Wet, P.J.T., *Eeufees - Gedenkboek, Burgersdorp, 1846-1946*, p. 165.

wat intussen uit Molteno vertrek het en nie daarvan bewus was dat hulle nie die middelste roete soos dit oorspronklik beplan was moes volg nie, maar die Steynsburgroete moes volg. Vooraan was kol. Edge, wat volgens sy oorwoë mening die artillerie gevolg het, en tot sy grootste verbasing moes verneem dat hy alles behalwe die regte roete volg.[42] 'n Mens kan verstaan dat daar op hierdie oomblik groot ver=warring moes gewees het. Toe daar boonop twee sersante van die *Cape Mounted Police* opdaag wat vas onder die indruk was dat hulle hul eie korps volg, moes daar dadelik opge=tree word. Een van die korrespondente het aangebied om by kol. Waters in Molteno te gaan uitvind wat aan die gang was. Nog groter was die ontnugtering aan beide kante toe Waters verneem dat die hoofmag nie op die middelste roete was nie, en toe die korrespondent besef dat Waters van mening was dat dit die regte roete was.[43] "At this point a considerable portion of Gatacre's force was scattered and all - including Gatacre - were lost."[44]

Intussen het die *Irish Rifles* voortbeweeg. Hulle was blyk=baar die enigste wat geweet het waarheen hulle op pad was, want Gatacre was met hulle. Tot dusver het alles nog volgens plan verloop en was genl. Gatacre verseker van 'n oorwinning. Om 01h00 kruis hulle egter onverwags 'n spoorlyn en kort daarna nader hulle die opstal van J Roberts. Teen hierdie tyd was die maan ook al onder en dit het die nagmars net nog verder bemoeilik.[45] Genl. Gatacre en sy troepe was dus nou verby die eerste afdraaiplek, verby die roete wat Gatacre beplan het.[46] Hy het onmiddellik die gidse byme=kaar gekry om uit te vind waar hulle hulle bevind. Volgens

---

42 Norris, S.L., *op.cit.*, p. 150.
43 cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 293; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 88; Penning, L., *op.cit.*, p. 420; A 770 Leyds, p. 656.
44 Farwell, B., *op.cit.*, p. 118.
45 cf. Penning, L., *op.cit.*, p. 420; *The Boer War, 1899-1900*, p. 71.
46 cf. p. 119 van dié hoofstuk.

die hoofgids, sers. W S Morgan, was daar geen rede om be= kommerd te wees nie. Al wat gebeur het, was dat die gidse verder aangegaan het om 'n omheining en 'n slegte stuk pad, wat die spoed van die kanonne sou beïnvloed, te ontduik. Hulle was egter, volgens Morgan, nou in direkte lyn met die vyand se posisie. Die gidse wou dus hier die tweede roete waarvan Gatacre nie bewus was nie na Stormberg volg.[47] Gatacre was dus onnodig onrustig. Hy begaan ook nou 'n tweede flater. Hy gee aan die troepe 'n uur ruskans. Dit was 'n fout, want die meeste van die uitgeputte troepe het aan die slaap geraak, en hulle kon slegs weer met moeite aan die beweeg gekry word. Hierdie moes vir Gatacre 'n teken gewees het om nie met die aanval voort te gaan nie, maar hy het hom weer eens nie daaraan gesteur nie.

Toe die mars om 02h00 hervat is, was dit duidelik dat die gidse van plan was om die kolonne deur middel van 'n wapad wat die Steynsburgpad by Roberts se plaas verlaat en na Bamboesspruit lei, en die steenkoolmynspoorlyn naby Van Zyl se plaashuis kruis, na die agterkant van Kissieberg te lei. Hier sou hulle dan die roete wat Gatacre beplan het, volg. Die afstand wat nou afgelê moes word was nie meer een en 'n half myl nie, maar wel twee en 'n half myl. Nadat hulle die spruit en spoorlyn gekruis het, het hulle boonop uitge= vind dat "the track traverses the northern slopes of a stony irregular underfeature which guards the approaches to the Kissieberg from the south and west."[48] Roberts se plaas was ongeveer tien en 'n half myl verder van Molteno as dié van D Foster - dus het die troepe alreeds verder gemarseer as wat oorspronklik beplan was.

Dieselfde volgorde is gevolg as wat by Molteno begin is, be= halwe dat die kanonne en berede infanterie nader aan die

47 cf. p. 119 van dié hoofstuk.
48 Maurice, F., *op.cit.*, p. 294.

infanterie was. Nadat hulle egter die spoorlyn gekruis het, het die terrein al moeiliker geword om oor te beweeg. Dit het alles van die troepe geëis: "A terrible nightmarch this, which none who undertook it can ever forget."[49] Genl. Gatacre was ook nou redelik van stryk af. Hy was nou geheel en al verdwaal. Want toe hy 'n tweede keer 'n spoor=lyn kruis, was hy van mening dat dit die hooflyn na Rosmead was, en dat die gidse hom baie verder om geneem het as wat hy beplan het. Hy het nou gedink dat hulle hulle iewers noordwes van Stormbergstasie bevind en dat hulle die Boere se posisie van agter nader. Dit was egter nie die Rosmead=spoorlyn nie "and Gatacre was in fact where he had wanted to be - in the first place - without knowing it."[50]

Met die eerste tekens van dagbreek het hulle die plek op Van Zyl se plaas bereik vanwaar Gatacre beplan het om sy aanval op die Boeremagte te loods. Maar ten spyte van die feit dat Rooikop, wat die middelpunt van die Boeremagte se posisie uitgemaak het, duidelik uitgestaan het, was die inligtingsafdeling nie daarvan bewus dat dit wel Rooikop was, en hulle dus die Boeremagte nader nie.

Die Britse troepe het nou by die plaas, Klipfontein, van Louis Jacobus van Zyl verby beweeg. Die geraas wat die troepe gemaak het, het die honde by die plaasopstal en by die Swartes se huise gewek. Soos dit goeie waghonde betaam, het hulle die bedrywighede met 'n geblaf begroet. Van Zyl is deur die geblaf gewek en tot sy verbasing moes hy opmerk dat dit Britse troepe was wat die oorsaak van die onrus on=der die honde was. Dit was Britse troepe wat in hierdie stadium baie uitgeput en honger was. Die rante voor hulle was in silwer getooi en baie van hulle het blykbaar besef

---

49 Creswicke, L., *op.cit.*, vol. 7, p. 163.
50 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 90.

dat, as die son oor die rante gaan opkom, dit reg in hulle oë sou skyn. Dog, wat nie een van hulle, en ook nie genl. Gatacre besef het nie, was dat die vyand in daardie selfde rante geskuil het. Die kolonne het steeds voortbeweeg, met die infanterie in kolonne van vier vooraan, gevolg deur die artillerie en berede infanterie. Genl. Gatacre, wat heel voor gery het, en in hierdie stadium 'n verdwaalde en be=kommerde aanvoerder was, was nie daarvan bewus dat sommige van sy uitgeputte en honger soldate dit nie langer meer kon volhou nie, en uitgeval het. Van hulle het skape in 'n land opgemerk en met die nagedagtenis aan die vleis wat hulle by Putterskraal geëet het, onmiddellik besluit om van die skape te slag. In hierdie stadium was Van Zyl aangetrek en by sy kraal, en moes hy tot sy verbasing opmerk dat die "Tommies" besig was om van sy grootuier-ooie te slag. Dit is 'n ge=noegsame rede om enige boer met ontsteltenis te vul en Van Zyl het hom onmiddellik na sy huis gehaas om sy geweer te kry.

Oor wat toe gebeur het, is daar uiteenlopende menings. Vol=gens Johannes Meintjes was daar op 'n koppie, regs van die troepe, 'n Boere-pos van 60 man onder Swanepoel se bevel. Een van hierdie manne "had the common disorder of the day, a running stomach, and as the Boers were very strict about defecation near the camp, this man wandered up to the summit of the koppie and began to undo his trousers."[51] Dit was egter in hierdie stadium dat hy die Britse troepe onder in die vlei opmerk. Onnodig om te meld dat hy nie gou genoeg sy broek aangetrek kon kry nie, en nog besig om dit te doen, het hy terug gehardloop na sy pos, al skreeuende: "Die Kakies! Die Kakies! Hier kom hulle!"[52] In 'n oogwenk was die kamp in rep en roer. Elke man het sy geweer gegryp en stelling ingeneem en terselfdertyd begin vuur toe Van Zyl

---

51 *Ibid.*, p. 92.
52 *Ibid.*

op die skaapslagters geskiet het. Onder die Britse troepe was daar verbasing en verwarring. Vir hulle was dit asof hulle deur die vyand omsingel was.

Volgens Davitt het die geblaf van die honde toe die Britse troepe by die plaashuis van Van Zyl verby beweeg, twee burgers wakker gemaak, wat dadelik die Britse troepe opge= merk het. Hulle het hul gewere gegryp en na 'n klipmuur, ongeveer 200 tree van die pad af, gehardloop en op die agterhoede van die kolonne begin vuur. Dit het die 60 Smithfield-burgers regs van die troepe en ook die Rouxville-burgers meer links van die aansluiting gewek. Laasgenoemde groepie burgers het in die ou fortifikasies van die Britse troepe wat aan die begin van die oorlog in besit van Storm= berg was stelling ingeneem.

Genl. Gatacre het onmiddellik beveel dat die voorste batal= jon moes ontplooi en 'n heuwel net agter die nek moes beset. Ongelukkig vir hom het net drie van die kompanies die bevele gehoor en uitgevoer, want die *Northumberland Fusiliers* en die res van die Britse troepe het met koeëls wat om hulle fluit, nie gewag vir bevel nie, maar in 'n donga wat teen 'n vertikale rots doodloop skuiling gesoek.[53] Daar was paniek onder hierdie troepe, as gevolg van "the belief obtaining among them that the shots from behind came from a large concealed force in that direction, and that the column had landed itself into a trap."[54] Tog beweer 'n soldaat later dat daar geen paniek of verwarring was nie, en dat genl. Gatacre en sy offisier die mag met merkwaardige kalmte in gereedheid gebring het.[55] Dit mag miskien so wees dat Gatacre en sy offisier kalm voorgekom het en dat die voorste drie kompanies ontplooi het, maar die verdere verloop van die

---

53 Kritzinger, P.H. en McDonald, R.V., *In the Shadow of Death*, p. 23; cf. Gronum, M.A., *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog, 1899-1900*, p. 66.

54 Davitt, M., *op.cit.*, p. 235.

55 *The Boer War, 1899-1900*, p. 74.

slag toon baie duidelik dat dieselfde nie van die res van die troepemag gesê kan word nie. Bogenoemde bewering moet dan ook toegeskryf word aan 'n poging om verlore prestige te behou.

Aan Boerekant was daar met die val van die eerste skote ewen= eens groot konsternasie. Sommige van die burgers was nog aan die slaap, terwyl ander hul eerste koffie geniet het. Hoe dit ookal sy, met die eerste skote het die Boere besef dat spoed hulle enigste redding sou wees, want as die vyand die kruin eerste gaan bereik, sou algehele chaos en 'n neer= laag hulle lot wees.[56] Vir 'n paar minute was daar algehele verwarring in die kamp, en is daar naarstiglik na perde, gewere, saals en bandeliere gesoek. Sommige burgers was egter gereed en was binne 'n paar minute in posisie bo-op die kruin van die berg met die res van die burgers, wat nou oor die ergste skok was, vinnig op pad om by hulle aan te sluit.

Die Smithfield-kommando was egter gereed vir so 'n situasie, en kmdt. Swanepoel het onmiddellik met die val van die eerste skote, om 04h00, by die noordelike punt van Kissieberg tot aksie oorgegaan. Aan veldkornet Potgieter van Smithfield en tien man is opdrag gegee om Stormberg uit te klim en die gebied van daar te bespied. Swanepoel het hom ook gereed gemaak vir 'n aanval vanuit die ooste, en Potgieter moes hom laat weet as daar nie so 'n aanval geloods word nie, sodat hy die burgers na hoofkmdt. Olivier, waar die groot aanslag was, kon verskuif.[57] Hierna is kmdt. Swanepoel self en sy adjudante, Tom Butler en Gert Human, asook twee burgers, Piet Swanepoel en Philip (Spekies) Swanepoel na die nek tussen Rooikop en Kissieberg waar sy kanon onder bevel van Willem Hendrik Muller gestaan het.[58] Muller se hooftaak was om

56 Kritzinger, P.H., *op.cit.*, p. 22.
57 A 104, p. 1; cf. *The Boer War, 1899-1900*, p. 81.
58 cf. p.135 van dié hoofstuk; A119; Davitt, M., *op.cit.*, p. 236.

te verhoed dat daar 'n gepantserde trein vanaf Molteno met die spoorlyn langs kom.[59] Nadat Swanepoel seker gemaak het dat alles hier in orde was, het hy na die mees suidelike deel van Kissieberg gegaan waar veldkornet Du Plessis met 80 man ingegrawe was. Hier het hy hulle verskuif na 'n posisie in die deel van Kissieberg wat weswaarts geswaai het. By hoofkmdt. Olivier, wie se burgers in die drie koppe van Kissieberg wat noordwaarts swaai, stelling in geneem het, was die geveg in volle gang.

Genl. Gatacre se posisie was haglik. Dit was vir hom on=moontlik om bevele langs so 'n lang kolonne af te stuur, en elke kompanie-offisier was aan sy eie inisiatief oorgelaat. Die ironie van die saak was dat baie min van hierdie offi=siere geweet het waar hulle hulle bevind of waar die vyand was wat hulle moes aanval. "They also have no sort of formation, no sort of order. It is go-as-you-please."[60] Die regte stap wat genl. Gatacre nou moes geneem het, was om sy troepe terug te trek na 'n posisie waar hy hulle kon herorganiseer en 'n nuwe plan van aanval kon bedink, maar blykbaar het dit nie by hom opgekom om so iets te doen nie. Daar kan verskillende redes vir hierdie optrede gegee word, waarvan die feit dat hy nie bewus was van die verwarring wat verder agtertoe in sy kolonne geheers het, die aanvaarbaarste is. Verder het hy ook nie presies geweet waar hy was nie, en ook nie waar die vyand geskuil het nie.

In plaas daarvan om terug te val en te herorganiseer, het Gatacre dus voorberei om dadelik tot die aanval oor te gaan, wat daartoe aanleiding gegee het dat die een verkeerde op=trede na die ander gevolg het. In plaas daarvan dat die sleutelposisies by die nek verower is, voordat hoofkmdt. Olivier en kmdt. Swanepoel se burgers dit kon beset, is 'n

59 cf. A 119; cf. A 104, p. 1.
60 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 270, K. 2; cf. Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 170.

onsamehangende stormaanval deur die grootste deel van die troepe teen die rant, vanwaar die eerste skote gevuur is, geloods.

Die drie voorste kompanies van die *Irish Rifles*, onder bevel van lt.-kol. H A Eagar, het vinnig reghoekig met die pad ont= plooi en die onderste terrein van die verste noordelike uit= loper van Kissieberg beset. In hulle stormloop na hierdie posisie was hulle egter blootgestel aan dwarsvuur van regs af, en was daar 'n groot aantal ongevalle onder die troepe.[61] Die ander vyf kompanies van die *Irish Rifles* en *Northumber= land Fusiliers* wat die regterflank gevorm het, het die hoof= rif met agtereenvolgende aanvalle bestook. Soos hulle vorentoe beweeg het, het die kompanies ontplooi en kon daar 'n vuurlyn en ondersteuningsvuur gevorm word. Die westelike deel van Kissieberg was egter besonder steil, en moeilik klimbaar. Hulle taak is nog verder bemoeilik deur 'n reeks kranse, of loodregte mure van rotse, wat hul weg versper het. Hier en daar was daar wel plekke waar die reeks kranse openings gevorm het, maar dit is weer deur ondeurdringbare bosse en groot rotse versper. Die enigste manier om oor hierdie hindernisse te kom was om mekaar op te help, met die gevolg dat 'n groot deel van die troepe nie in staat was om te veg nie. Gelukkig vir hulle was hulle redelik beskut teen die vuur van die Boere op die kruin, en omdat laasge= noemde dit besef het, het hulle ook nie nou meer so hewig ge= skiet nie. Dit het die Britse troepe 'n kans gegee om bo-op die kranse te kom, waar hulle gerus het. Van hier het hulle in klein groepies van twee en drie verder opwaarts na die skouer van die heuwel, waar die Boere-kanon was, beweeg. Hierdie voorwaartse beweging van die Britse troepe het weer 'n hewige vuur van die Boere ontlok sonder dat hulle hulleself bloot gestel het. Dit het die Engelse natuurlik ontstel, want hulle het geen teiken gehad om na te skiet nie. Verder

61 cf. Davitt, M., *op.cit.*, p. 235; Kritzinger, P.H., *op.cit.*, p. 23.

het die bosse en rotse ook verhoed dat daar 'n effektiewe kommunikasie tussen die verskillende dele van die aanvals= lyn was. Oor hierdie aanval van die *Irish Rifles* en *Northumberland Fusiliers* sê 'n soldaat die volgende: "There were really two hills, frightfully steep and rocky. A heavy fire opened on us as we gained the summit of the first and lowest. Then bullets simply splashed, hailed, and rained round us. Several hit close to my head or feet, and the worst of it was never one of us spied a Boer to hit at in return... We could not have attempted the next hill - as well try the wall of a house; and, besides, we were dead beat!"[62]

Toe die eerste skote gevuur is, het die artillerie onder bevel van lt.-kol. H B Jeffreys, vir ongeveer 1 000 treë na links beweeg, en gevolglik al met die vallei op. Daar was geen gunstige posisie vir die Britse kanonne nie, behalwe 'n rif wat ongeveer 2 000 treë wes van Kissieberg geleë was.[63] In hierdie stadium moes die infanterie egter ondersteun word en was daar nie nog tyd om eers die rif te beset nie.[64] In opdrag van genl. Gatacre het die 77ste Battery naby 'n koppie in aksie gekom, terwyl die 74ste Battery wes daarvan in die oop veld afgehok is. In hulle poging om in posisie te kom is die artillerie deur die berede infanterie byge= staan. Dit kon egter nie verhoed dat een van die kanonne van die 74ste battery in 'n donga vasgeval het toe een van die perde deur 'n Boere-koeël getref is nie. Die drie drywers is feitlik onmiddellik gewond en die res van die span perde doodgeskiet.[65] Die kanon is onmiddellik buite werking ge= stel en verlaat.

Intussen het die drie kompanies van die *Irish Rifles*, wat na die verste noordelike punt van Kissieberg beweeg het, stap

---

62 *The Boer War, 1899-1900*, p. 78.
63 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 232.
64 Maurice, F., *op.cit.*, p. 297.
65 Kritzinger, P.H., *op.cit.*, p. 23.

vir stap daarin geslaag om teen die hange van die deel uit te beweeg tot feitlik by die kruin. Die deel van die berg is intussen deur die Boere van die hooflaer beset, maar hulle kon nie veel uitrig nie, want die Britse kanonne het dié deel deeglik bestook en selfs die Boere-kanon, wat in= tussen hiernatoe verskuif is, moes vir 'n ruk sy vuur staak. Hierdie kanon was onder bevel van kpl. Frikkie Jacobs en is deur sers. Muller vanaf die nek tussen Rooikop en Kissieberg daarheen gestuur.[66] Oor dié geveg sê Muller dat die Engelse met ses 15-pond Armstrong-agterlaaier-kanonne, met rooklose kruit op hulle gevuur het. Die Boere moes egter met rook= kruit op die Engelse vuur, wat dit vir laasgenoemde baie maklik gemaak het om die Boere-kanonne se posisie te bepaal. Só hewig was die geveg tussen die kanonne dat Muller dit as 'n tweegeveg tussen hulle beskryf het.[67] Dat die Boere nie die slegste daarvan afgekom het nie, is baie duidelik uit 'n skrywe van 'n Britse soldaat: "It was thought we should have a great advantage in guns, for lying Kaffirs had told us that the enemy had only one cannon."[68] Terwyl hierdie ge= veg aan die gang was, is kmdt. Swanepoel, wat aan die suide= kant van Kissieberg die Engelse aanval afgeweer het, gewond.[69]

Die aanval het ongeveer 'n halfuur geduur, en die Britse infanterie het stadig vordering teen die heuwel gemaak, toe die vyf kompanies van die *Northumberland Fusiliers*, wat aan die regterkant van die aanvalslyn was, bevele gekry het om terug te val. Hulle bevelvoerende offisier was van mening dat sy manskappe die heuwel moes verlaat. Die drie voorste kompanies, wat amper die skouer van die berg bereik het, het egter nie die bevel ontvang nie, en onder bevel van kapt. W A Wilmot het die *Irish Rifles* op lewe en dood hulle posisie probeer behou.[70] Die Boere-vuur was ook nie meer so hewig

66 cf. A 119.
67 *Ibid.*
68 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 271; cf. *The Boer War 1899-1900*, p. 75.
69 A 104, p. 2.
70 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 232.

nie en die groepe offisiere en manskappe was daarvan oortuig dat as hulle die nodige ondersteunende vuur kon kry, hulle die kruin van die berg sou kon bereik. Die terugval van 'n deel van die aanvalslyn het egter enige verdere sukses feitlik onmoontlik gemaak. Asof dít nie genoeg was om 'n neerlaag te verseker nie, merk die artillerie op dat die *Northumberland Fusiliers* terugval en onder die indruk dat al die aanvallers terugval, span hulle hul tot die uiterste toe in om die terugval met vuur te dek. "The sun was now rising immediately behind the western face of the Kissieberg, so that all the upper part presented to the British guns a black target, on which neither friend nor foe could be distingui= shed."[71] Gevolglik het 'n koeël wat bedoel was om net kort van die Boere-stellings te tref, binne 'n groep van die heel voorste klompie *Irish Rifles* getref en lt.-kol. Eagar, maj. H J Seton, wat tweede in bevel was, maj. H L Welman, kapt. F J H Bell en drie man gedood.[72] Dit was die finale keer= punt in die aanval en daar is besluit om so gou moontlik terug te val. "Therefore a general retirement now began from the main ridge of the Kissieberg downwards, towards the rising ground a mile to the westward."[73]

In hierdie stadium het daar ook nou 'n nuwe wending in die aanval gekom - "One which might have proved fatal to the British force had the Boers then possessed the discipline and vigour in counter-attacks they acquirred in the later stages of the war,"[74] want om ongeveer 06h00 het die res van die Boeremagte wat die vorige dag in die rigting van Steyns= burg getrek het, hulle verskyning op die gevegstoneel gemaak.

---

71 Maurice, F., *op.cit.*, p. 298. Die son het by Stormberg op 10 Desember 1899 om 04h38 opgekom. Dit is volgens die Cape Government Railway time.

72 cf. Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 271; Gatacre, B., *op.cit.*, p. 233. In 'n offisiële verslag van 'n offisier wat daar was, is hy van mening dat, as dit nie vir hierdie voorval was nie, 'n oorwinning dalk be= haal kon gewees het.

73 Maurice, F., *op.cit.*, p. 298.

74 *Ibid.*, p. 299.

Hoofkmdt. Grobler en Kmdte. Du Plooy en Steenkamp was die aand voor die geveg by Kalkoenkrans, ongeveer nege myl van Stormberg.[75] By nadere ondersoek oor die posisies van die kommando's blyk dit egter dat Steenkamp se kommando die voor= hoede gevorm het, terwyl Du Plooy by De Kop was en Grobler se kommando vir die nag by Kalkoenkrans vertoef het.[76] Oor hoe hierdie burgers by die slag betrokke geraak het, is daar meningsverskil. Sommige bronne beweer dat hulle die skote van die geveg gehoor het en hulle toe daarheen gehaas het.[77] Uit 'n telegram van Grobler aan die Vrystaatse rege= ring blyk dit egter dat hy 'n berig gekry het van die geveg wat 04h00 daardie oggend begin het.[78] Dit blyk ook dat kmdt. Du Plooy glad nie bewus was van die geveg nie en dat hy seker glad nie daarvan sou geweet het as dit nie was dat twee bur= gers, van wie een 'n ene Willem Smit van Vischfontein was, by sy kamp opgedaag het nie, met die woorde: "My God, here you are sitting while our people are fighting the English."[79] Die verbasing onder die kommando was groot, maar dit was eers nadat Smit hulle presies ingelig het wat aan die gang was, dat die kommando tot aksie oorgegaan het. Dit is moeilik om te glo dat dit moontlik was dat hierdie kommando's nie bewus was van die geveg nie. Slegs nege myl van die ge= vegsterrein af moes die grofgeskut van die Boere en Engelse, wat op 'n tydstip baie hewig was, tog hoorbaar gewees het, veral in die vroeë oggendure. Dit is heel moontlik dat Du Plooy na aanleiding van die gebeure by die krygsraad by

---

75 cf. p. 123 van dié hoofstuk.

76 cf. Penning, L., *op.cit.*, p. 425; Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 67; Leyds Argief, *Rapoort van Kapt. Ram en Lt. Thomson oor Anglo-Boere= oorlog*, p. 347; Leyds 712, telegram Staatspres. OVS aan Staatspres. Pretoria, 10 Desember 1899; Van Zyl, P.H.S., *op.cit.*, p. 67; *Gedenk= album*, p. 132; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 96.

77 *Gedenkalbum*, p. 132, K. 2; cf. Van Zyl, P.H.S., *op.cit.*, p. 67; Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 67; Penning, L., *op.cit.*, p. 425; Davitt, M., *op.cit.*, p. 236.

78 Leyds, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 347; cf. Leyds 712 (g) telegram Staatspres. OVS aan Staatspres. Tvl, 10 Desember 1899.

79 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 96.

Stormberg en die geskil oor die besitreg van die kanon, 'n gedwonge doofheid vir die geveg gehad het.[80] Dit is 'n bekende feit dat die wind die dag besonder sterk gewaai het en dat die klank van die grofgeskut dalk daardeur uitge= doof kon gewees het, maar aan die ander kant is dit tog moontlik dat die rook wat veral deur die Boere se kanonne gemaak is, opgemerk kon word. Voorts het die kommando's sekerlik nie die nag te ruste gegaan alvorens brandwagte uitgeplaas is om die hele gebied te bespied nie. Dit is moeilik om te glo dat ook hulle niks gehoor of gesien het nie.

Hoe dit ook al sy, toe Grobler, Du Plooy en Steenkamp eers bewus was van die geveg, het hulle snel opgetree. Grobler telegrafeer byvoorbeeld: "Ik trok dadelijk uit met 400 man en toen ik op het vechtterrein kwam tegen 7 uur was comdt Olivier met die Rouxville en Aliwal burgers nog in hunne posities en hewig aan het vechten."[81] Naby die gevegs= terrein het kmdt. Du Plooy sy kommando in twee verdeel: 50 burgers moes saam met hom gaan en die res saam met veldkmdt. Barend Kruger om die vyand vanuit 'n suidelike rigting aan die voet van die berg aan te val. Du Plooy en sy 50 man het die vyand op die westelike front aangeval.[82] Vyftig man van kmdt. Swanepoel is saam met Kruger, en die res saam met Du Plooy.

Op 'n hoogte naby die gevegstoneel het die hele prentjie voor Du Plooy ontvou. Die Britse troepe was besig om om hoofkmdt. Olivier se posisie te beweeg, en dit het gelyk asof genl. Gatacre se offisiere in hierdie stadium besef het dat hulle 'n poging moes aanwend om om die rif te beweeg. Dit kon maklik gedoen word deur 'n entjie wes van die pad te beweeg

80 cf. p. 123 van dié hoofstuk.
81 Leyds, 712 (g); cf. Leyds, *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 172.
82 *Dagboek* van S. du Plooy, p. 74.

waar dit weswaarts draai na Steynsburg en dan weer die pad te volg na die draai en sodoende na Stormbergstasie te be= weeg vanuit Steynsburg se rigting. Wie ook al hierdie plan uitgedink het, moes akkuraat ingelig gewees het oor die topografie van die gebied. En was dit nie vir Du Plooy wat in hierdie stadium sy verskyning gemaak het nie, sou die Britse troepe dalk daarin kon slaag om Olivier se posisie te beset en moontlik selfs ook vir Stormbergstasie.

Kmdt. Du Plooy het onmiddellik opgetree en vorentoe gejaag na 'n bult nie ver van die Britse troepe nie. Dit was die oomblik wat Gatacre gevrees het - "the arrival of the other commandos which would certainly rule out dismissal of a more skirmish, and of course he did not know how many Boers there were for his estimates of them were all times incorrect."[83] Ten spyte van hewige vuur vanaf die Britse kanonne, het Du Plooy en sy kommando 'n posisie veilig bereik vanwaar hulle op die Britse troepe kon vuur. Hierdie troepe was onver= hoeds betrap. Vasgevang tussen twee vure, en gedagtig daaraan dat die hele geveg die oggend so begin het, en omdat hulle nie presies geweet het hoe sterk die nuut-aange= kome kommando's was nie, het hulle nie 'n oomblik gehuiwer om die witvlag op te steek nie, en deur "the unprecendented battlefield ceremony of surrendering their arms - 8 officers and 300 men - to Commandant Du Plooy and his 50 burghers,"[84] moes gaan.

Bang dat hy van voor, agter en van links vasgevang sou word, het Gatacre bevele gegee om terug te val. Die Britse troepe wou graag nog 'n stormloop waag, maar Gatacre wou nie nog verdere lewens in gevaar stel nie.[85] Aan die regterkant van die gevegsfront, waar die *Northumberland Fusiliers* alreeds

83 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 97.
84 Davitt, M., *op.cit.*, p. 236. Hier word die interessante feit ge= gee dat, nadat die witvlag gehys is, 'n sekere Greyling van Smith= field deur 'n Swartman swaar gewond is. K.G. 374 (iii) telegram van Inligtings Kommissie, 10 Desember 1899.
85 cf. *The Boer War, 1899-1900*, p. 72.

aan die terugval was, is die Britse troepe met geweldige vuur agterna gesit deur die burgers van kmdt. Swanepoel wat vanaf die nek tussen Rooikop en Kissieberg aan die oor= beweeg was na hoofkmdt. Olivier se burgers. "The material effect of this was not great, because the Boers shooting throughout the day was remarkably indifferent."[86] Dit het egter tot gevolg gehad dat 'n groot deel van die Britse troepe wat aan die terugval was, in 'n diep donga gaan skuiling soek het. Die donga was egter te diep om as 'n verdedigingslyn gebruik te word, en kon die Britse troepe niks anders doen as om net daarin te skuil nie. Dit was dan ook hier waar die probleme met die terugval begin het. Goed beskut teen die vuur van die Boere, het die uitgeputte troepe gaan lê en in 'n toestand van ooreising aan die slaap geraak. Hulle kon nie weer sover gekry word om te beweeg nie. Die meeste troepe was geheel en al uitgeput en het nie omgegee wat met hulle gaan gebeur nie. "It was awful! awful! I was so done I could hardly breathe scarcely crawl, and took my chance of being shot, feeling as if I didn't care if I was."[87] Wat die terugval nog verder in 'n fiasko laat ver= ander het, was die feit dat baie van die Britse troepe nog in die berg was - sommige omdat hulle nie die bevel om terug te val gehoor het nie, en ander bloot weens die feit dat hulle eenvoudig net te moeg was om pad te gee en aan die voet van die berg aan die slaap geraak het.

Aan die linkerkant van die gevegsfront het die terugval glad verloop. Eers het die drie kompanies van die *Irish Rifles* teruggeval, gevolg deur die artillerie, die berede infante= rie, wat die eerste fase van die terugval gedek het, en die hele tyd in aanraking met die Boere was, totdat kol. Jeffreys weer sy kanonne in werking kon stel. Gedurende hierdie be=

86 Maurice, F., *op.cit.*, p. 298.
87 *The Boer War 1899-1900*, p. 78.

weging is maj. C Perceval ernstig gewond, maar hy het met sy bevel oor die 77ste Battery voortgegaan tot aan die einde van die dag se gebeure. Die artillerie het hierdie posisie van hulle vir langer as 'n uur gehou sodat die infanterie agter hulle kon vorm. Intussen het die Boerekanonne nie op hulle laat wag nie en die terugval bestook, "but fortuna= tely the large majority of its shells only burst on inpact, or not at all."[88] Aan die kant waar Grobler en die res van die Boere-kommando's was, was hulle vuur egter so effektief dat maj. Perceval sy kanonne op hulle moes rig.

Die stroom vlugtelinge van die oorkantste heuwels en donga het nou opgehou en Gatacre het aangeneem dat almal terug was. Hy het gevolglik bevele gegee vir die algemene terugval na Molteno, onwetend dat daar nog ongeveer 600 offisiere en manskappe aan die voet van die Boere-stellings onder 'n krans, tussen die klippe en bosse en in die donga was. Dit is moeilik om te glo dat die regimentsoffisiere nie kon agterkom dat amper 'n derde van hul bataljons nie daar was nie. 'n Redelike verklaring hiervoor is dat die offisier wat hul manskappe agter die rif hervorm het, aangeneem het dat die afwesige kompanies besig was om die rif te dek, terwyl laas= genoemde weer gemeen het dat almal agter hulle was. Wat egter meer aanvaarbaar is, is die feit dat Gatacre tot in hierdie stadium van die veldtog nooit seker gemaak het dat almal bewus was van sy nuwe bevele nie, waarvan die verander= de roete in Molteno seker die beste voorbeeld is. Dit is dus moontlik dat al sy troepe nie bewus daarvan was dat daar teruggeval word nie. 'n Groot groep van die Britse mag het egter ook nie kans gesien om die vlakte onder vuur van die Boere oor te steek nie, "while a good number were still sleeping soundly, insensible to a world of Boers, battles and Gatacre's - such was their utter exhaustion."[89] Wat

---

88 *Ibid.*, p. 299.
89 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 99.

Gatacre betref, was hy te besig om 'n aanvaarbare verskoning te soek vir wat gebeur het, om agter te kom dat 'n derde van sy infanterie nie daar was nie.

Gelukkig vir die Britse troepe was die terugvalroete na Molteno redelik beskut teen die vuur van die Boeremagte, want dit het wes van die rif, wat tussen die steenkoolspoor= lyn en Kissieberg geleë was, langs gegaan (vergelyk kaart 2).

Dit was die geleentheid vir die Boeremagte om met 'n vernieti= gende agtervolging die Engelse die finale nekslag toe te dien, en Gatacre se mag finaal te verslaan. 'n Mens wonder onwille= keurig wat die finale uitslag van die geveg sou gewees het as so 'n agtervolging wel sou plaasgevind het. Die Boere se Krupp-kanon het wel op die terugvallende troepe gevuur, maar nie veel skade aangerig nie, behalwe dat 'n ambulanswa per ongeluk getref is. Volgens Muller het hy op die terug= trekkende Britse troepe gevuur, toe die ambulanswa in lyn met sy vuur gekom het en die bom die tou net voor die disselboom afgeskiet het met die gevolg dat daar net twee agter-esels voor die wa agtergebly het en dié dit dus nie kon beweeg nie. Twee burgers, 'n ene Jan Barnard, sestig jaar oud, van Barkly-Oos en Petrus Swanepoel, 'n jong burger van Rouxville, het toe na die ander esels, wat 'n ent van die wa tot stil= stand gekom het, geja en hulle voor die wa ingespan en dit na die Boeremagte geneem. Die buit op die wa was nie juis noemenswaardig nie.

Wat die kommando's betref wou kmdte. Du Plooy en Steenkamp die Britse mag agtervolg en by Sandfontein omsingel. Hoofkmdt. Olivier kon egter nie besluit wat om te doen nie. Eers het dit gelyk of hy by hierdie kommando's wou inval, maar later het hy die besluit herroep. Dit was Sondag, en die hoofkmdt. het gevoel dat dit nie die regte ding sou

wees om op 'n Sondag te doen nie.[90] Dit het gelei tot 'n hewige argument tussen Du Plooy en Olivier, want eersge= noemde was oortuig daarvan dat die Engelse mag finaal ge= breek sou wees as hulle sy plan uitvoer. Olivier was egter onoortuigbaar, en toe die burgers alles sien wat die Engelse agtergelaat het, was hulle nie meer geïnteresseerd in 'n agtervolgingstog nie, maar eerder om soveel as moontlik van die buit in die hande te kry. Dit was juis tydens hierdie aas-proses dat Jacobus Petrus Bosman, 'n jong onder= wyser, 'n Britse soldaat gevind het waarvan albei bene ge= breek was en hy hom gehelp het om behandel te word.

Terwyl die Boere besig was met hulle buitery, het die verslane mag van genl. Gatacre na Molteno teruggeval. Só demorali= seerd en uitgeput was die Britse troepe, dat hulle 'n kanon wat by Klipfontein in die modder vasgeval het, net so ge= laat het. Hulle het wel die sluitstuk probeer verwyder, maar toe hulle dit op 'n wa laai, het dit vasgeval.[91] "By 11 o'clock that morning the population of Molteno watched with dumb astonishment as the British troops ashen in the face and grey with dust tottered back through the wide streets of the town."[92]

Die aand is die Britse troepe soos volg verder teruggetrek:
na Syfergat: divisie personeel en *Royal Artillery* per trein en die berede infanterie, per pad;

na Sterkstroom: *Northumberland Fusiliers* en *Royal Irish Rifles*, per trein;

na Boesmanshoek: *Royal Engineers* en twee kompanies *Royal Scots*, per trein.[93]

---

90 Farwell, B., *op.cit.*, p. 119.
91 Maurice, F., *op.cit.*, p. 301.
92 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 100; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 300.
93 cf. *Ibid.*, p. 301; Norris, S.L., *op.cit.*, p. 154.

Die hele terugtrek vanaf Molteno is deur die *Brabants' Horse*, wat te laat vir die slag opgedaag het, gedek. Hulle het verkenningstogte na Stormberg onderneem en in Molteno uitge= kamp, vanwaar hulle die volgende dag na Syfergat vertrek het. Op die 11de het die hele mag Sterkstroom bereik. Daar word vertel dat genl. Gatacre die dag gehuil het toe hy sien in watter toestand sy troepe is.[94] Hier het die Britse mag gelê, besig om sy wonde te lek, en dit was nie voor die einde van die jaar dat hulle weer aanvallend kon optree nie.

Aan Boerekant was die vreugde groot en het daar 'n stille dankbare eerbied teenoor God wat aan hulle hierdie oorwinning, op Sondag 10 Desember, gegee het geheers. Na die slag het die Burgers elk 'n klip aangedra en 'n gedenkteken opgerig met die opskrif: "Met God Voor Vrijheid." Om hierdie een= voudige monument het hulle hul toe geskaar en 'n dankdiens gehou.[95]

Vir genl. Gatacre en sy mag het die Slag van Stormberg ge= voelige gevolge ingehou. Vereers was die getal gewondes, gesneuweldes en die wat gevange geneem is, 'n aardige getal. Om hier 'n definitiewe getal te bepaal is feitlik onmoontlik, want die verskillende bronne verskil so dat dit baie moeilik is om 'n juiste getal te gee. As uitgangspunt gebruik ons egter Maurice se weergawe en sal dan na aanleiding daarvan die res bespreek.

Volgens hom was die verliese soos volg:

| | Dood | Gewond | Vermis |
|---|---|---|---|
| BRITTE | | | |
| Offisiere | - | 8 | 13 |
| Ander range | 25 | 102 | 548 |
| Totaal | 25 | 110 | 561 |

94 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 172.
95 De Wet, P.J.T., *op.cit.*, p. 166; cf. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 107.

| | Dood | Gewond | Vermis |
|---|---|---|---|
| Groottotaal: 796 | | | |
| Aan Boerekant | 8 | 26 | |
| Totaal: 31 | | | |

Maurice sê dan ook dat: "Commandant Swanepoel afterwards died of his wounds."[96] Dat Swanepoel gewond is, is wel waar, maar dat hy na die slag aan sy wonde beswyk het is 'n ver= sinsel, want in my besit is 'n beëdigde verklaring deur hom= self onderteken oor die slag by Stormberg en wat meer is, dit is eers heelwat later na die *Volksblad* gestuur vir die rubriek "*Stop van myne*."[97]

Doyle, A.C. dui die getalle weer soos volg aan:

| | |
|---|---|
| Dood | 26 |
| Gewond | 68 |
| Gevang | 600 |
| Totaal: | 694 |

Twee kanonne is ook verloor.[98] Hy maak nie 'n onderskeid tussen offisiere en manskappe nie, maar die groottotaal behoort ooreen te stem.

Farwell, B., dui dit soos volg aan:

| | |
|---|---|
| Dood | 29 |
| Gewond | 57 |
| Gevang | 633 |
| Totaal: | 719 |
| Boere | 6 dood en 27 gewond - Totaal 33.[99] |

96 Maurice, F., *op.cit.*, p. 301. Wat hier interessant is en wat Maurice se getal redelik betroubaar maak, is die feit dat die getalle wat in Gatacre, B., *op.cit.*, p. 235 gegee word, dieselfde is.

97 A 104; cf. Davitt, M., *op.cit.*, p. 237.

98 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 172.

99 Farwell, B., *op.cit.*, p. 120.

Kritzinger, P.H., gee 'n totaal van 700 gedood, gewond en gevange geneem.[100]

Davitt, M., se uiteensetting lyk weer so:

| | Dood | Gewond | Gevang |
|---|---|---|---|
| BRITTE | | | |
| Offisiere | | | 14 |
| Manskappe | 26 | 70 | 618 |
| Groottotaal: 728 | | | |
| BOERE: | | | |
| By hoofkmdt. Olivier | 4 | 13 | |
| By hoofkmdt. Grobler | 1 | 3 | |
| Ander | 5 | 17 | |
| Totaal: | 10 | 33 | |
| Groottotaal: 43[101] | | | |

Penning, L.

| | Gedood en gewond | Gevang | Totaal |
|---|---|---|---|
| BRITTE | 130 | 633 | 743 |

2 Kanonne, 1 ammunisiewa met 1 700 patrone en muile

BOERE: 8 dood en 26 gewond - Totaal 34[102]

Gronum, M.A., dui dit soos volg aan:

BRITTE:

634 gevang 28 dood 61 gewond - Totaal 723

Boerekant: 8 dood en 26 gewond.[103]

In die *Gedenkalbum* is die volgende opgeteken:
25 dood, 110 gewondes en 561 gevang - Totaal: 696
Aan Boerekant: 5 dood, 17 gewond - Totaal: 22.[104]

---

100 Kritzinger, P.H., *op.cit.*, p. 24.
101 Davitt, M., *op.cit.*, p. 237.
102 Penning, L., *op.cit.*, p. 427.
103 Gronum, M.A., *op.cit.*, p. 67.
104 *Gedenkalbum*, p. 133.

Selfs die Boere se weergawe, wat hoofsaaklik afgelei word uit telegramme wat ná die slag aan die regerings gestuur is, stem nie ooreen nie. As voorbeelde word die volgende ver=meld:
Maj. Sturges met 20 offisiere en ses offisiere plus 220 man van *Northumberland Fusiliers* en twee offisiere, asook omtrent 250 man van *Royal Irish Rifles* gevange geneem. "onmogenlijk getal dooden en gewonden van vyand thans op te geven."[105]

Uit bogenoemde word egter afgelei dat 498 Britte gevange geneem is. Aan Boerekant was 8 dood en 26 gewond. Hier word egter aangedui dat drie kanonne en twee ammunisiewaens gebuit is.

Hoofkmdt. Grobler noem die volgende: 500 man deur Olivier gevang en hyself het 60 gewond. 'n Totaal van 560. Aan Boerekant dui hy dit soos volg aan: by Olivier is 4 ge=dood, 3 swaar gewond en 10 lig, en van Grobler 1 dood, 1 swaar gewond en 2 lig gewond. 'n Totaal van 21 ongevalle, 5 dood en 16 gewond.[106]

Op die 11de Desember telegrafeer Olivier die volgende: "672 Engelschen gevangen naar Burgersdorp gezonden, buiten de getal gewonden dit ik niet kan opgeven."[107] Die volgende berig is ook ontvang van die landdros te Burgersdorp: "ik ben gisteren teruggekeerd van Stormberg, 548 gevangen mans=chappen en 11 officieren zijn op weg naar Burgersdorp. Van vyand hebben wij 54 gewond en ik het 30 dooden zelf op slag=

---

105 A. 254, telegram van landdros aan pres. Steyn; cf. 155/60/2.
106 A 254; cf. *De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Republiken, 1899-1900*, p. 65.
107 A. 254; cf. Leyds 712 (g), telegram Pres. OVS aan Pres. Tvl. 11 Desember 1899.

veld gezien." Aan Boerekant word 5 as dood en 16 as gewond aangegee.[108]

Uit bogenoemde gegewens is dit dus duidelik dat 'n presiese getal van die Engelse verliese nie so maklik gegee kon word nie, en dat daar nie sekerheid oor die presiese getalle ge= wondes, gevangenisse en gesneuweldes was nie. Daar is verskeie faktore wat tot hierdie verwarring kon bydra. Daar kan byvoorbeeld genoem word dat die Engelse weergawe van die getalle miskien die naaste aan korrek is, want hulle was die persone wat die verlies gely het, terwyl die Boere se weergawe as minder korrek aangedui moet word, want die meeste van die opnames is net ná die slag gedoen. Daarby het elke kommandant sy eie sukses aangedui en kon, om dit goed te laat lyk, net sowel 'n bietjie meer kleur daaraan gegee het. Dit kan egter ook waar wees van die Engelse.

108 155/60/2, *Bethlehem official bericht*, Dinsdag 12 Desember 1899; cf. Leyds 721 (g), telegram van pres. OVS aan Staatspres. Pretoria, 12/12/99; cf. *S.P. Engelbrecht versameling*, Band 20, lêer 47, tele= gram Staatspres. OVS aan Staatspres. Pretoria, 12/12/99. Die name van die Burgers wat gedood en gewond is tydens die slag word soos volg aangegee: Gedood: veldk. J Olivier (Baie bronne dui dit aan as kmdt. Olivier wat foutief is) van Aliwal-Noord; J Goerke, Aliwal-Noord; P van Staden, Rooidam, Rouxville; H Slabbert, Brande= wijnsgat, Rouxville. Gewond: veldk. Olivier; A Greyling, Groot= fontein, Smithfield; A du Toit, Cijferfontein, Bethulie; kmdt. Swanepoel, Smithfield; H Davies, Rouxville; P van Wyk, Schelkspruit, Smithfield; H Jansen van Rensburg, Vlakplaats, Rouxville; J Theron, Rouxville; F Pienaar, Brandspruit, Venterstad; F Hollman; N van Rensburg; veldk. Visagie; veldkt. S Naude; C Fourie, Lemoenkloof, Aliwal-Noord; G Smit; J v/d Walt, Kraairivier, Aliwal-Noord; A Liebenberg en H D Roux, Lockshoek, Bloemfontein: *De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Repuliken, 1899- 1900*, p. 69; cf. Leyds 712 (9) telegram Staatspres. OVS aan Staatspres. ZAR, 12/12/99; 155/60/2 *Bethlehem official bericht*, Dinsdag 12 Des. 1899; *S.P. Engelbrecht versameling*, Band 20, lêer 47; *The Friend*, 15 Des. 1899, p. 17.

In hulle geval is dit dalk dat hulle nie die slag in sy werklike lig wou stel nie, en dus die getalle heelwat minder kon gemaak het as wat dit werklik was. Hoe dit ook al sy, uit die gegewens hierbo is dit baie duidelik dat die Engelse verlies met sekerheid as tussen 690 en 720 aangedui kan word. Wat die verliese aan Boerekant betref, blyk die ge= talle, 8 gesneuwel en 26 gewond die mees aanvaarbare te wees. As in aanmerking geneem word dat die Britse mag se sterkte tussen 2 000 en 3 000 was, en die Boeremag se sterkte tussen 700 en 800, kon die Boere hulle gelukkig ag dat hulle so lig daarvan afgekom het. Was dit nie vir 'n aantal tydige gebeure nie, kon die Slag inderdaad anders verloop het, en kon dit die Boeremagte gewees het wat 'n neerlaag ge= ly het: daar was die breek van die wawiel wat verhoed het dat hoofkmdt. Grobler se mag binne bereik was; die verwarring by genl. Gatacre oor waar hy presies was met dagbreek; die betydse wakker word van die burger wat die Britse troepe op= gemerk het; die aandeel van Van Zyl om die Britse troepe te verwar; die betydse opdaag van kmdt. Du Plooy by die gevegs= toneel toe die Engelse juis besig was om agter Olivier om te beweeg.

Vir die magtige Brittanje was die Slag van Stormberg egter die begin van wat later bekend sou staan as die *Black Week*, want dit het juis gekom op 'n tydstip toe Suid-Afrika en die hele Britse Ryk geskud is deur die nuus van die rampspoedige geveg by Magersfontein, waar die Britte ongeveer 1 000 onge= valle gely het. Slegs vier dae daarna is die sout nog ver= der in die magtige Britse Ryk se wonde ingevryf toe die slag by Colenso plaasvind. "Drie groote slagen en één week: Stormberg (10 Desember), Magersfontein (11 Desember), Colenso (15 Desember); de Engelschen verslagen, tijdelijk vernietigd op de drie hoofdwegen, waarlangs zij de Boerenrepublieken hadden willen binnendringen, en ingesloten in drie plaatzen,

die voorlopig zick staande wisten te houden. Ladysmith, Kimberley, Mafeking: Wel mochten de Boeren dit jaar op bijzondere wijze Dingaansdag herdenken."[109] Vir die Britse regering en leërleiding moes bogenoemde veldslae 'n gewel= dige ontnugtering gewees het, want hulle het gemeen dat die oorlog binne 'n paar maande verby sou wees. En binne 'n week word hulle byna 'n algehele nederlaag toegedien! Die Britte het onmiddellik besef dat hulle die Boeremagte onder= skat het en het dus duisende troepe as versterking na die oorlogstoneel gehaas. Lord Roberts het boonop die opper= bevel van Buller oorgeneem. Dit is dus duidelik dat die Britte 'n sondebok vir die drie nederlae gesoek het. Vir die nederlaag in die Slag van Stormberg het die gramskap van die Britse regering - leërleiding en volk dan ook op genl. Gatacre geval. Van hom is daar baie verwag en die Britse hoop is op hom gevestig om die knoop vir hulle deur te haak, maar "Gatacre suffered by having his disaster too early in the war, at a time when the public expected too much."[110] Selfs die koningin, meen 'n Londense korrespondent, was "profoundly grieved at the Stormberg reverse, and there is reason to believe, expressed her opinions to Lord Wolsely in very decided language. For a moment it is said, there was some question at War Office of superseding General Gatacre..."[111] En in Suid-Afrika skryf Milner aan Wise: "with Gatacre's stupid fiasco clouding our whole horizon."[112] Selfs die Afrikaner skryf nou van Gatacre: "Het zenden van een blinden man in een donkere kamer om te zoekin naar een zwarten hoed, die niet daar was."[113] . Uit bogenoemde is dit duidelik dat 'n sondebok gevind is en dat genl. Gatacre se aansien heelwat gedaal het. Tog was daar ook diegene wat dalk beter insig gehad het in Gatacre se posisie en hom nie te kras wou veroordeel nie, genl. Maurice skryf: "General

---

109 Andriessen, W.F., *Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika*, p. 230; cf. Nasionale Museum Versameling: 2/5.956, *The Morning Leader*, London, Friday 11 October, 1901.

110 QR BC. 8/5/00, K. 2, p. 3.

111 155/173/1, p. 47, Desember 13, 1899.

112 *Milner: Letters, 1899-1900* to B. Wise 11/12/99, p. 2.

113 *Onze Courant*, 16 Des. 1899, K. 4, p. 2.

Gatacre was one of the most active, zealous, and energetic officers that he knew. But in addition to the smalness of the force, he had a task of peculiar difficulty assigned to him - that of suppressing excitement in an enormous territory, with the additional disadvantage of not knowing who were friends and who were foes."[114] By nadere onder=soek in genl. Gatacre se optrede blyk dit dat Gatacre wel kortsigtig opgetree het.

"Sir William Gatacre's decision to advance on Stormberg was fully justified by the strategical situation. General Buller's telegram, although it left him a free hand as to time and opportunity, had suggested that operation."[115] Verder moes hy ook besef het dat die teenwoordigheid van die Boeremagte in die gebied net die rebellie kon aanmoedig, en toe hy die berig ontvang dat 'n groep Boere weggetrek het, moes hy besef het dat dit die beste geleentheid was om, voor hulle versterkings uit die Boere-republieke ontvang, hulle aan te val. Die feit dat hy op 'n verrassingsaanval besluit het, is ook te verstane, want alhoewel hy hom nou sterk ge=noeg geag het om 'n aanval te loods, het hy ook besef dat sy mag nog nie sterk genoeg was om die goed verskanste Boeremagte in Stormberg aan te durf nie. Deur dus van die verrassingselement gebruik te maak het hy op sukses gehoop. Sy plan, alhoewel gewaag, was deeglik en sou miskien ge=slaag het as dit nie vir sekere onvoorsiene gebeure was nie.[116] Selfs die beskuldiging dat sy plan voor die tyd bekend was[117] moet in 'n sekere mate uitgeskakel word, want uit die voorafgaande gebeure is dit immers duidelik dat die Boere in 'n mate onkant gevang was.

---

114 155/173/1, p. 47, Desember 13, 1899.

115 Maurice, F., *op.cit.*, pp. 301-302; cf. p. 99 van hoofstuk 3.

116 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 236; cf. Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 173; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 112.

117 cf. p. 114 van dié hoofstuk.

Waar het die probleem dan ontstaan? Die antwoord lê daar= in dat genl. Gatacre by die uitvoering van sy aanval foute begaan het iets wat 'n mens nie van 'n generaal van sy aansien en stoffasie verwag nie. Eerstens het hy nie oor voldoende kaarte van die gebied beskik nie. Hy moes hom dus op tweedehandse gegewens van troepe wat daar was voor die be= setting van Stormbergstasie deur die Boeremagte, verlaat. Voorts was hy aangewese op inligting van goedgesinde Swartes, of wat voorgegee het dat hulle die Britte goedgesind was, en gevolglik was die kaart van die area "utterly unreliable. The configuration of the hills was incorrectly presented and the distances badly judged. The general knowledge of the direction was so imperfect that none was sufficiently well informed to put a check upon movements of the guide."[118] Die vraag ontstaan nou waarom Gatacre dan nie verkennings= togte uitgestuur het nie. As hy dit egter gedoen het, was die belangrikste element van sy aanval, naamlik verrassing, verlore. Hy het dus geen ander uitweg gehad as om hom te verlaat op 'n onvolledige kaart en "ontroue" gidse nie. Laas= genoemde word dan ook aangegee as die hoofrede vir genl. Gatacre se nederlaag by Stormberg.

Daar word uitdruklik gesê: "The failure of General Gatacre's attack on the Boers at Stormberg was wholly due to defective and misleading intelligence concerning the numbers of the Boers, the strength of their position and the nature of the country."[119] Hiervoor en vir die feit dat die punt van aanval op die Boeremagte verby gesteek is, word die gidse geblameer. Vanaf die oomblik toe die steenkoolmynspoorlyn gekruis is, was daar 'n ernstige wantroue tussen genl. Gatacre en die gidse. Lt. Christie het byvoorbeeld gedurende die mars die gids ondervra, "and finding his answer unsatisfac= tory, had reported this to General Gatacre. Another guide

---

118 Creswicke, L., *op.cit.*, p. 167.

119 155/173/1, p. 47, Desember 13, 1899; cf. *The Friend*, 22 December, 1899, K. 3, p. 3.

was brought from the rear, and the two guides accused each other of cowardice and wished to go back. After daybreak the General and witness were in the front with the guides when one of them exclaimed, 'There are the Boers up there'. The general replied:'By God you have ruined us'."[120]
Daar kan heelwat in hierdie getuienis van Christie steek, maar in die eerste plek is dit baie duidelik uit die vorige gebeurtenis dat toe Gatacre, Van Zyl se plaas bereik het, hy nie geweet het waar hy was nie. Meer nog, as die gids hom eerste gewys het waar die Boeremagte is, kon hy verhoed het dat daar verwarring ontstaan het toe die Boere op hulle gevuur het. Davitt sê byvoorbeeld: "The story of the false guides is a pure invention, and only one of the many sorry expedients reported to by the English war correspondent when a disaster has to be explained away in any or every manner which may for a time tend to disguise the ugly facts of a defeat."[121] Slegs die feit dat Gatacre se mag deur die gidse tot by hulle bestemming gebring is sonder om deur die Boere opgemerk te word, staaf hierdie stelling van Davitt en weerlê enige verwysing na verraad. Verder moet daar besef word dat daar onder genl. Gatacre se troepe offisiere en manskappe was wat vroeër, aan die begin van die oorlog, hier gestasioneer was en tog die wêreld moes geken het en self die fortifikasie hier gebou het. Dit is dus heeltemal onverstaanbaar dat hierdie mense hulle deur gidse laat uitoorlê het, as dit so is. Verder moet daarop gewys word dat die ekstra gidse wat aangewys was, swart polisie was van die Fingo- en Tembostamme wat die Britte goedgesind was en glad nie hulle samewerking aan die Boere sou gegee het nie. Hulle was bekend met elke duim van die gebied en sou dus ook nie kon verdwaal nie. Dit is ook ondenkbaar dat Gatacre en sy offisiere in 'n oorwegende pro-Britse Molteno nou juis

---

120 Cd., 1792, p. 410.
121 Davitt, M., *op.cit.*, p. 232.

'n pro-Boer as gids sou aanwys. Selfs die hoofgids, sers. W S Morgan, 'n inwoner van Molteno kan nie van verraad aangekla word nie, want sy goeie naam was op die spel. 'n Mens kan dus nie anders as om hierdie "hoofrede" vir die mislukking van Gatacre se aanval as 'n versinsel af te skryf nie.

Wanneer ons egter begin kyk na die samestelling van genl. Gatacre se mag en die toestand van sy troepe kom ons nader aan die werklike rede, of een van die redes, waarom hy 'n nederlaag gely het. "... the units composing the force had only just come together for the first time, ... General, staff and troops were all new to one another, and ... men engaged were not yet in hard condition."[122] Die feit dat Gatacre en die res van sy mag mekaar nie geken het nie, kon in 'n groot mate bygedra het tot verwarring en bevele wat nie uitgevoer is nie en wat tot verkeerde optrede gelei het. Die toestand waarin hierdie mag hom bevind het, is egter veel belangriker. 'n Groot deel van hierdie aanvalsmag was al reeds van 04h00 die oggend van 9 Desember by Putterskraal aan die gang, en tot 04h00 die oggend van 10 Desember het hulle nie veel ruskans gehad nie. Meer as die helfte van die troepe wat 'n lang, vermoeiende bootreis agter die rug gehad het, was nog nie gevegsgereed nie. Die feit dat hulle vanaf Molteno verder gestap het as wat beplan is en dat hulle oor 'n baie moeilike terrein in stikdonker nag moes beweeg, moes nog baie meer bygedra het tot hulle geestelike en fisiese moegheid. Toe die eerste skote val, was hulle dus uitgeput en tot die dood toe honger.[123] Dit verklaar dan ook die feit dat van hulle onder die geveg aan die slaap geraak het en nie meer verder wou beweeg toe daar teruggeval is nie.[124] Genl. Gatacre het hier 'n oordeelsfout begaan en hy moes omgedraai het toe hy besef dat sy aanval

122 Maurice, F., *op.cit.*, p. 303.
123 Vandaar die soldate wat Van Zyl se grootuier-ooie geslag het.
124 cf. p. 140 van dié hoofstuk.

later sou plaasvind as wat hy beplan het. Die feit dat dit egter nie in sy geaardheid was om ander mense se fisiese swakhede raak te sien nie, en hy nie terugval geken het nie, moet as 'n belangrike rede beskou word vir hierdie fiasko. As hy gesorg het dat sy troepe nie uitgeput was nie, sou gebeure dalk 'n ander wending geneem het. "Some say that had the men not been dead beat by six-and-twenty hours of travelling and marching and duty they would, in spite of all, have taken the heights."[125]

Die feit dat kapt. De Montmorency se magte nie die Boere van= uit die ooste aangeval het nie, is 'n flater wat Gatacre aan die telegrafis wou toeskryf, maar hy moes gesorg het dat hy 'n ontvangsbewys van De Montmorency gekry het. Deur dit te gedoen het, sou hy gesorg het dat sy boodskap wel De Montmo= rency bereik, iets wat lord Roberts hom ook nie kon ver= gewe nie.[126] 'n Mens wonder wat die uitslag van die geveg sou gewees het as hierdie bevel by De Montmorency uitgekom het. Dit wil dus vóorkom asof genl. Gatacre nie voorbereidings getref het vir foute wat kon insluip in sy aanvalsplan nie. So kon hy byvoorbeeld deur deeglike verkenning van die aan= valsroete verhoed het dat die verkeerde afdraaiplek geneem word. Deur middel van kontrolepunte kon hy ook verhoed het dat 'n groot deel van sy mag die middelste roete geneem het in plaas van die Steynsburgpad. Foute, dus, wat nie van 'n generaal verwag word nie.

Na aanleiding van bogenoemde feite kan 'n mens nie anders as om nou ook te dink dat daar geen sprake van 'n sterk leiding aan die troepe in die vreemde was nie.[127] Dit is duidelik dat Gatacre nie by magte was om die opmars te beheer nie. Dit word weerspieël in die fiasko wat daar ontstaan het toe

---

125 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 271.
126 cf. Leyds Argief: *Rapport van Kapt. Ram en Lt. Thomson*, p. 174.
127 cf. *Ibid.*, Cd., 1792, p. 410.

die eerste skote gevuur is.[128] Toe daar bevele gegee is om terug te val, was al die Britse troepe nie daarvan bewus nie en het hulle eers daarvan bewus geword toe dit te laat was. Selfs met die algehele terugtrekking was Gatacre nie daarvan bewus dat 'n derde van sy troepe nie terugval nie.

Wanneer lord Roberts sê: "I am of opinion that the failure of Lieut-General Gatacre's attempt to seize the Stormberg railway junction was mainly due to reliance on inaccurate information regarding the ground to be traversed and the position held by the Boers, to the employment of too small a force, and to the men being tired out by a journey by train, followed by a long night march, before they came into contact with the enemy,"[129] som hy die redes vir Gatacre se mislukking baie goed op. As in ag geneem word dat genl. Gatacre aan sy vrou skryf: "The fault was mine, as I was responsible of course. I went rather against my better judgment in not resting the night at Molteno, but I was tempted by the shortness of the distance and the certainty of success. It was so near being a brilliant success,"[130] is daar geen twyfel meer aan wie die rede vir die mislukking van die opmars toegeskryf moet word nie.

In vergelyking met wat by Magersfontein gebeur het, moes die Slag van Stormberg vir die Engelse net 'n skermutseling gewees het. Vir die Boeremagte by Stormberg was dit egter 'n wonderlike oorwinning. Hulle het ten minste die Engelse teruggedryf en byna 'n derde van hulle buite aksie geplaas. Dwarsoor die land is hierdie oorwinning met groot vreugde ontvang. Die gemeente van Reitz het 'n telegram aan die Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur waarin hulle hom, die land, volk en "de geliefde broeders op

---

128 cf. p. 132 van dié hoofstuk.

129 Cd., 1792, p. 410; cf. *Eastern Province Herald*, 13 Desember 1899, p. 4.

130 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 236; cf. *Eastern Province Herald*, 12 Desember 1899, p. 6.

het slagveld hartlijk geluk wens met die heerlijke over= winningen te Modderrivier, Stormberg en Colenso," en die wens uitspreek dat "Afrika voor de Afrikaners zijn steeds onze verwachtingen er is hier algemene vreugde en dankbaar= heid."[131] Dit was 'n telegram wat die gevoel van die Afrikaner weerspieël het. Selfs aan Engelse kant merk ons 'n erkenning van die Boeremagte se sukses: "the Boers had gained a victory of such a kind that it must improve their morale while we had sustained a nerve-shaking defeat."[132]

Vanuit 'n militêre oogpunt het die Boeremagte by Stormberg egter die fout begaan om nie die verslane mag van genl. Gatacre te agtervolg en finaal te verslaan nie. Dit was 'n fout wat hulle later duur te staan gekom het, want dit het Gatacre die kans gebied om sy wonde by Penhoek, Putterskraal en Molteno te lek, en om te herstel tot 'n mag waarmee reke= ning gehou moes word. 'n Mens wil dan 'n gebrek aan visie en ondernemingsgees aan die Boeremagte toedig, maar terselfder= tyd moet daar onthou word dat die slag op 'n Sondag plaasge= vind het - 'n dag waarop die Boere nie wou veg nie, tensy dit op hulle afgedwing is. Dit kan as rede aangevoer word vir die Boere se huiwering om die Engelse te agtervolg, maar daar moet ook genoem word dat toe die Boere die Engelse buit op die slagveld sien lê, hulle geen begeerte meer gehad het om verder te veg nie.

Op die Koloniale Afrikaners het die suksesse by Stormberg, Magersfontein en Colenso 'n geweldige invloed uitgeoefen. Dit was nou die beste tyd om Koloniale Afrikaners vir die Boeremagte te werf, en daar het inderdaad 'n hele aantal vry= willigers by die Boeremagte aangesluit, maar nog nie in sulke groot getalle as wat verwag is nie. Toe kmdt. L P Steenkamp tydens 'n krygsraad voorstel dat hy met 500 man die

131 *S P Engelbrecht versameling*: Band 20, lêer no. 48, telegram Predikant Reitz aan Staatspres. 16 Desember 1899.

132 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 274.

omliggende gebiede proklameer om sodoende die opstand te help, is dit egter nie aanvaar nie en het die Boeremagte passief by Stormberg gelê en teer op hulle oorwinning. Dit was 'n besluit wat nie 'n duidelike rede voor gegee kan word nie en wat net toegeskryf kan word aan 'n gebrek aan goeie generaals en goeie leiding. Dit is dan ook nie vreemd nie dat Doyle skryf: "No doubt the recruiting of rebels was helped, but there was no forward movement."[133]

Ook vir die inwoners van Molteno en omgewing het die slag gevolge gehad. Daar word beweer dat die persoon wat die eerste skoot gedurende die slag gevuur het, 'n ene Hendrik Coetzee, seun van Johannes Coetzee van Glen Rock, was. Nadat die Engelse weer Molteno beset het, is die name van boere in die distrik wat aan Boerekant geveg het aan die Britte gegee, ook dié van Hendrik Coetzee. Gevolglik is sy pa en ma, Annie Coetzee, beveel om van hulle plaas pad te gee en na Molteno geneem waar hulle onder militêre be=waking gebly het tot aan die einde van die oorlog. Sonder enige inkomste moes dit vir hierdie gesin 'n baie moeilike tyd gewees het en was hulle finansieël jare lank gebreek.

Dan was daar ook nog die geval van maj. Beamish van Burgers=dorp. Tydens die Slag van Stormberg was hy 30 jaar oud, en anders as sy ander Engelse vriende wat Burgersdorp ver=laat het, het hy agtergebly. Op die dag wat die geveg plaasgevind het, het hy en dr. J T Bolger hulle na die toneel gehaas, elk met 'n tuisgemaakte rooi kruis. Hier het hulle die gewondes behandel. Later, met Gatacre se opmars, is Beamish deur die Britte versoek om uit te vind watter per=sone aan Boerekant geveg het, waarop hy geantwoord het: "Most of them did, but I can't tell you their names. There

133 Doyle, A.C, *op.cit.*, p. 174; cf. Penning, L., *op.cit.*, p. 428; *Milner: Letters 1899-1900 to B. Wise*, 11 Desember 1899, p. 2.

is Irish blood in my veins and a Irishman never betrays his friends."[134] Kort hierna is hy en 'n hele aantal Afrikaners gevange geneem en was dit nie dat Milner, wat oortuig was van Beamish se skuld, hom begenadig het omdat hy tydens die slag die Britse gewondes versorg het nie, sou hy sy straf moes uitdien.

---oOo---

134 Meintjes, J., *op.cit.*, p. 109.

# HOOFSTUK 5

## DIE BRITSE HERSTEL NÁ DIE SLAG VAN STORMBERG

Intussen het genl. Gatacre sy verslane mag by Sterkstroom en Putterskraal laat rus. As daar ooit 'n Britse mag was wat sonder enige betekenisvolle weerstand volkome uitgewis kon gewees het, was dit dié van genl. Gatacre. Die Boere het egter versuim om hulle oorwinning af te rond. Hulle was ook nie daarvan bewus nie dat: "A vigorous advance in= to the heart of Cape Colony after Stormberg and Magersfon= tein would have been as successful as at the outbreak of war."[1] Die aangewese ding om nou te doen, nadat hulle genl. Gatacre en lord Methuen se leërs 'n loesing toegedien het, was om daardie leërs kragdadig aan te val en hulle te vernietig, of te verdryf en dan van drie kante af - die noorde, die ooste en die weste - op French se krygsmag, wat nie sterk was nie, toe te sak en die ook uit die pad te vee. Dit moes egter baie vinnig gedoen word, voordat daardie leërs van agter versterk kon word deur die versterkings wat van= uit Engeland en elders na Suid-Afrika gestuur is. Nadat hierdie Britse magte uit die weg geruim was, moes die Boeremagte vinnig en baie deeglik die spoorlyn suidwaarts vernietig. Hierdeur sou hulle die Britse toevoerlyne afgesny het en selfs 'n opmars vanuit die Kaapkolonie kon lamgelê het.

Die Boeremagte wat die maklikste tot die offensief kon oor= gaan, was dié van hoofkmdt. J H Olivier wat uit die kommando's van Rouxville, Bethulie, Smithfield en Caledonrivier, asook 'n aantal Kaapse rebelle bestaan het. Daar was sowat 1 100 man altesaam - met minstens vier kanonne. Twee van hulle was Armstrongs wat met die slag van Stormberg gebuit is. Vir die Boeremagte was die vernietiging van die Britse

---

1 Amery, L.S., *The Times History of The War in South Africa, 1899-1902*, vol. III, p. 78.

leërs egter ondergeskik aan die werwing van Koloniale-Afri= kaners vir hulle kommando's. Bogenoemde gedagte het nie by hulle opgekom nie, want die groot rede vir die inval in die Kaapkolonie was nie om die Britse leërs te verdryf nie, maar om die sluimerende opstand aan te moedig. Die oor= winning by Stormberg was vir hulle net om een rede betekenis= vol, naamlik dat dit verdere aansluiting van die Koloniale Afrikaner by die Boeremagte sou aanmoedig. Die strategiese belangrikheid van Stormberg was vir hulle ondergeskik hier= aan. Bevry van 'n onmiddellike Britse opmars vanuit die Kaapkolonie het die Boeremagte hulle posisie in die verowerde gebiede verstewig en meer aandag aan die administrasie van die gebied gegee, sodat hulle by die Republieke kon inpas. Nooit het die gedagte by hulle opgekom dat solank daar 'n Britse leër aan die opkom was, hulle anneksasie van korte duur sou wees nie.

Deur egter passief te lê en wag, het hulle meer vrywilligers verloor as wat by hulle sou aangesluit het as hulle 'n krag= dadige inval in die Kaapkolonie geloods het. In plaas daarvan om die inisiatief te behou na hulle suksesse het die Boeremagte al hoe meer tot 'n benadering van passiewe ver= dediging oorgegaan. Hierdeur het Olivier die geleentheid wat hy gehad het om genl. Gatacre se mag finaal 'n nekslag toe te dien, die spoorweg na Queenstown en verder na die kus te vernietig en om vanuit die ooste op genl. French se regterflank toe te sak, deur sy vingers laat glip. Die inisiatief was skielik nie meer in sy hande nie, maar in die van die Engelse.[2]

Met sy hoofmag by Sterkstroom, by die spooraansluiting van Dordrecht na Indwe, sterk buiteposte noord en noordoos by Boesmanshoek en Penhoek onderskeidelik en 'n afdeling

---

2 *Ibid.*, p. 118; cf. Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel 4, p. 2.

*Cape Police* by Syfergat, wat die vlakte van Molteno na Storm=berg kon dophou, was genl. Gatacre ten spyte van sy neder=laag, goed geplaas vir sowel defensiewe as offensiewe op=trede sodra die nodige versterkings opdaag.[3]

Totdat dit egter gebeur, was Buller se aanbeveling aan Gatacre: "I don't think you will find them (Boere) attack you when in position, but it would be better to retire than run the risk of being surround; as to this you must judge for your=self, but military consideration should be held paramount."[4]

Uit hierdie opdrag van Buller aan Gatacre is dit duidelik dat Buller besef het dat genl. Gatacre se posisie haglik was. "The force here was sadly depleted both in infantry and artillery by the effects of the 10th December, and the con=dition of the artillery horses was such that their ribs could plainly be counted."[5] Genl. Gatacre se mag het op 18 Desem=ber bestaan uit die *Derbyshire*, *Royal Scots* en *Royal Irish Rifles*, want in opdrag van Buller moes hy die *Northumberland Fusiliers* na Oos-Londen stuur, om die basis daar te beskerm, en die *Howitzer Battery* moes hy na Natal stuur om Clery by te staan.[6] By Sterkstroom het hy wel 'n groot kamp met 'n voorraadstoor gehad en hom deeglik ingegrawe, maar aan Buller se verdere versoek om met sy berede troepe die distrik te patrolleer, kon hy moeilik voldoen, want volgens hom het hy baie min opgeleide manskappe gehad en "the Boers are so mobile (all mounted) that it is a very difficult matter to catch them."[7] Daar kon dus nie veel van Gatacre verwag word nie, want die mag om effektief op te tree het hy nie gehad

---

3 Maurice, F., *History of the War in South Africa, 1899-1902*, p. 408. Genl. Gatacre was eers van plan om tot in Queenstown terug te val, maar op aanbeveling van lt.-kol. Jeffreys van die Royal Artillery, het hy besluit om net tot by Sterkstroom terug te val.

4 Gatacre, B., *General Gatacre*, p. 237; cf. Gilson, C.J.L., *History of the 1st Battaljion Sherwood Foresters in the Boer War 1899-1902*, p. 6.

5 Cassels, *History of the Boer War*, vol. I, p. 528; cf. Maurice, F., *op.cit.*, p. 376.

6 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 237.

7 *Ibid.*, pp. 237-238.

nie. Hy kon ook nie waag om sy kommunikasielyne onbeskermd te laat nie. Selfs die distrik rondom hom was in 'n toestand van sluimerende opstand en hy moes enige dag iets te wagte wees. Al wat hy dus kon doen was om hom behoorlik in te grawe, want daardeur sou hy kon slaag om aan sy berede troepe 'n mate van vryheid van beweging te gee.

Genl. Gatacre was dus genoodsaak om vir versterkings vanaf Engeland te wag. Hierdie versterkings was nog op see of nog besig om in Engeland bymekaar te kom. Daar was onder andere die 5de Divisie wat binnekort aan die Kaap sou land - 'n 6de Divisie wat aan die einde van November gemobiliseer is en op die punt van vertrek gestaan het, asook die 7de Divisie wat na die nuus van Stormberg en Magersfontein, ge=mobiliseer is. In Suid-Afrika kon Gatacre nie veel verster=kings vanaf Buller en Methuen verwag nie, want dié was ook in 'n haglike posisie. Die enigste versterkings wat hy ge=kry het, was vanaf Buller wat aan hom 'n ekstra veldartille=rie, die 79ste en 'n sterk bataljon, die *1st Derbyshire*, ge=stuur het. Die mag het Gatacre op 16 en 17 Desember bereik en by die sogenaamde *Third Division* aangesluit, wat bestaan het uit die *2nd Northumberland Fusiliers* (wat in hierdie stadium in Oos-Londen gestasioneer was) die *2nd Royal Irish Rifles*, die *1st Royal Scots*, die *77th* en *74th Batteries of Field Artillery* onder kol. Jeffreys en 'n groot mag berede infanterie wat die *Cape Police*, *Cape Mounted Rifles*, *Berkshire Regiment*, *Mounted Infantry* en *De Montmorency's Scouts* inge=sluit het.[8]

---

8 Gilson, C.J.L., *History of the 1st Battalion Sherwood Foresters in the Boer War, 1899-1902*, p. 6; cf. Pollock, A.W.A., *With Seven Gene=rals in The Boer War*, pp. 82-83; Leyds Argief: Rapport van kapt. Ram en lt. Thomson, pp. 174-175. Kapt. R H L J De Montmorency was die seun van genl. Viscount Frankfort De Montmorency. Kapt. De Montmorency was nog 'n baie jong offisier, maar het alreeds heelwat ondervinding van oorlogvoering gehad. Hy het byvoorbeeld onder Kitchener in die Soedan aan die slag van Omdoerman deelgeneem. Hier het hy dan ook die Victoria-kruis vir dapperheid verwerf. Omdat hy 'n offisier met groot moontlikhede was, is hy dan ook na Suid-Afrika gestuur vir spesiale diens. "He was an ideal leader of men, a soldier at once daring and cool, with that indispensable eye for country necessary to the scout." Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 528.

Afgesien van die feit dat genl. Gatacre se mag nie sterk genoeg was vir 'n aanval op Stormberg nie, moes hy ook reke= ning hou met die sluimerende opstand in Noordoos-Kaapland - 'n faktor wat 'n groot invloed gehad het op sy militêre op= tredes. Die situasie ná die Boere-oorwinnings by Storm= berg, Magersfontein en Colenso was kritiek. Baie Koloniale-Afrikaners het net gesit en wag vir nog 'n oorwinning aan Boerekant en die finale versekering dat die Republieke die oorlog gaan wen, om by die Boere aan te sluit. As die Britse magte egter beter sou vaar en dit sou blyk dat Brit= tanje die oorlog in haar guns gaan beklink, sou hulle nie in opstand kom nie. Talle het getwyfel waar hulle lojali= teit in werklikheid lê, en was nie van plan om hulle plase en voortbestaan te waag as hulle nie aan die wenkant sou wees nie. Selfs in die Bondsministerie was daar ook 'n weifelende houding teenoor die oorlog. W P Schreiner, die eerste minister van die Kaapkolonie, was die broer van Olive Schreiner, 'n pro-Boer, en sy vrou was die suster van Francis Reitz, staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Re= publiek. Schreiner se verbintenis met die Republieke was dus baie sterk en dit het 'n groot invloed op sy optredes en besluite teenoor die dreigende opstand in die Kaapkolonie en selfs teenoor die oorlog gehad. Hy het die optrede van Milner en Chamberlain, wat aanleiding tot die uitbreek van die oorlog gegee het, verwerp en was die Republieke simpa= tiek gesind. Maar terselfdertyd moes hy ook lojaal teenoor sy regering en land wees en moes hy dié se belange behartig en beskerm. Enersyds moes hy die rebelle beskerm en sy bes doen om krygswet te verhoed en die strawwe wat die rebelle opgelê is te verlig, maar andersyds moes hy verhoed dat die Kaapkolonie omskep word in 'n algehele opstand en geheel en al by die oorlog betrek word. Sy optredes was dan ook dienooreenkomstig, en hy was die spreekwoordelike draadsitter:

"In the end he was damned by the British for doing too little to help them win the war and by the Afrikaners for doing too much."[9]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Kaapkolonie 'n kruitvat was, wat met die geringste vonkie sou ontplof. Genl. Gatacre moes dus sorg dat hy nie daardie vonk veroor=saak wat die brand sou laat ontstaan nie. Hy moes hom vergewis van die feit dat, as hy die Boerestellings by Stormberg aandurf, hy verseker sou wees van 'n oorwinning, want as dit nie die geval sou wees nie, en die Boere weer 'n oorwinning behaal, kon hy verseker wees van 'n algehele op=stand in Noordoos-Kaapland. As gevolg hiervan en die feit dat hy moes wag vir versterkings, kon hy niks anders doen as om 'n passiewe defensiewe stelling in te neem nie.

In Noordoos-Kaapland was daar dus nou die situasie dat twee magte teenoormekaar in passiewe afwagting gelê het - genl. Gatacre by Sterkstroom met die selfopgelegde taak om die suidelike grens by Penhoek en Boesmanshoek te verdedig, en hoofkmdt. Olivier by Stormbergstasie. Beide plekke was spoorwegaansluitings: Sterkstroom het 'n smal steenkool=spoorlyn na Indwe en 'n verbinding met Penhoek gehad, terwyl Stormberg 'n aansluiting na Steynsburg gehad het, wat weer op sy beurt verbind was met die hoofspoorlyne na Norvals Pont. "Strategically, therefore Stormberg was by far the more im=portant place."[10]

Dit wil egter nie sê dat hierdie tydperk van passiewe afwag=ting nie wel sy sporadiese skermutselings opgelewer het nie. Dit was skermutselings wat geleidelik sou ontwikkel tot die finale aanslag van die Britse magte.

9 Farwell, B., *The Great Boer War*, p. 156.
10 Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 7.

Eie aan genl. Gatacre se eindelose energie kon hy nie lank stil bly sit nie, en ten spyte van sy troepe en perde se swak toestand het hy na 'n paar dae se rus, ná die slag van Stormberg, weer met krygsoefeninge begin. Kol. Smith Dorrien, van die *Derbyshires*, was nou in bevel van die infanterie en dit was nie lank nie, of sy manskappe was druk besig om hulle in te grawe en aanvalsformasies te oefen. Aktiewe operasies was op hierdie oomblik beperk tot die be=rede troepe en meer spesifiek 'n handvol uitgesoekte ver=kenners onder kapt. De Montmorency van die *21st Lancers*. Hierdie groep verkenners is deur hul leier aangespoor tot 'n gees van "daring and enterprise that made them the terror of Boers and rebels, and served more than anything else in these critical weeks to re-establish British prestige and prevent the spread of rebellion in the Eastern Province."[11]

Op die 22ste Desember het De Montmorency met ongeveer 50 man op patrollie gegaan om die omgewing in Dordrecht se rigting te verken. Ongeveer nege myl van Dordrecht af het hy op 'n groep Boere, min of meer dieselfde sterkte as sy mag, afgekom, besig om 'n wa te vergesel. Kapt. De Montmorency het onmiddellik een groep van sy manne na die regterflank van die Boere gestuur en 'n ander na die linkerflank. Sy plan was om die groep Boere van voor af te bestorm, terwyl die ander twee groepe van links en regs op die Boere sou afstorm. Die eerste teken wat die Boere van die Engelse se teenwoordigheid gekry het, was toe De Montmorency van voor af 'n aanval op hulle geloods het. Hulle wou net die aanval beantwoord toe hulle die Britse troepe aan die regterkant opmerk. Die enigste uitweg was om so gou as moontlik na Dordrecht terug te val. In hulle haas om weg te kom het sommige van die Boere hulle gewere net so gelaat en selfs

---

11 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 119.

ook die wa agtergelaat. Nadat De Montmorency gesien het dat dit nodeloos was om die Boere te agtervolg, het hy sy buit met 'n klein troepemag teruggestuur kamp toe, en die res van sy manskappe in klein verkennersgroepe opgedeel.[12]

By Koupshoogte het hy 'n Boerelaer opgemerk, maar omdat hulle te sterk was om aan te val, het hy na sy kamp teruggekeer en toestemming gevra om met versterkings terug te keer na Dordrecht. Die volgende dag het genl. Gatacre aan De Mont=morency se versoek voldoen en het hy vroeg die oggend van 23 Desember met 'n gepantserde trein en 170 man na Dordrecht vertrek.[13] Suid van Koupshoogte het De Montmorency hom gereed gemaak vir die aanval.[14] Die Boere was by Joubertskop, ongeveer veertien myl van Dordrecht af, geleë. As gevolg van die sukses wat hy die vorige dag met sy aan=valsmetode gehad het, het hy nou weer op dieselfde metode besluit. Hy wou die Boere se flanke bedreig, iets wat wel moontlik was, omdat sy troepe berede was. Hy stuur dien=ooreenkomstig een groep na die regter- en 'n ander na die linkerflank. Hy sou met die hoofmag - ongeveer 60 man - 'n frontaanval loods. Die Boere was die aanval te wagte en het gevrees dat hulle terugvalroete deur die Britse troepe op hul flanke afgesny sou word. Om dit te verhoed het hulle na rantjies wat agter hulle geleë was teruggeval. De Montmorency het hulle agternagesit, maar in die skermut=seling wat hierop gevolg het, het hy besef dat hy te min manskappe gehad het om die Boere - ongeveer 300 - uit die rantjies te dryf. Daarom besluit hy om weer sy vorige taktiek te herhaal, met die gevolg dat die Boere weer terug=geval het. So het dit aangehou totdat die Boere in

---

12 Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 91.

13 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 530; cf. Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 91.

14 Sommige bronne beweer dat dit generaal Brabant was, maar dit is baie duidelik dat hy nie deel gehad het aan die geveg nie. Daar was wel 'n afdeling van die Brabants Horse onder kaptein Friedlin maar ook hy het nie aan die geveg deelgeneem nie. Penning, L., *De Oorlog in Zuid Afrika*, p. 430; Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 91.

Dordrecht was. Dit het kapt. De Montmorency laat besluit om die dorp aan te val. Hy moes egter eers versterkings van genl. Gatacre kry. Hy het sy kamp op 'n rif, ongeveer twee myl van Dordrecht, opgeslaan en die gepantserde trein onder bevel van 'n offisier gestuur om die versterkings te gaan haal. Groot was sy teleurstelling toe hy in plaas van versterkings die bevel kry om terug te val en dat 'n mag gestuur sou word om sy terugval te dek.

In hierdie stadium het kol. Dalgety, wat suidoos van Dordrecht geopereer het, egter sy verskyning met 240 man gemaak,[15] en sonder enige teenstand van die rebelle die dorp op Oukers= aand beset.[16] Vanuit 'n militêre oogpunt was die herowering van Dordrecht vir die Engelse van besondere belang. Dit het hulle in staat gestel om al die grensdistrikte onder hul bevel te bring. Van hier af kon 'n aanval op Barkly-Oos geloods word, en as daar later 'n aanval op Stormberg uitge= voer word, kon Gatacre sy vyand van twee kante af aanval. "It enables General Gatacre, in fact, to turn the tables on his enemy and to give them an exceedingly unpleasant time as long as they elect to stay in the Stormberg Mountains."[17]

Met die verowering van Dordrecht deur die Engelse moes die Vrystaat se landdros, mnr. P J de Wet, vinnig na Lady Grey toe padgee.[18] Daarvandaan het hy hoofkmdt. Olivier inge= lig oor die gebeure by Dordrecht. In sy verslag het hy ook melding gemaak van die feit dat die vroue in die dorp aange= rand is en in 'n betreurenswaardige toestand verkeer het. Hy het ook aan Olivier laat weet dat kmdt. Van Aard om ver= sterkings vra. Olivier het dadelik 300 man met 'n kanon ge= stuur om die rebelle wat verdryf is te gaan versterk. Hier= die mag het teen 12h00 op 30 Desember 1899 by Labsuchagnesnek aangekom.[19]

---

15 Sy troepe was van die Cape Mounted Rifles (CMR) en is uit die Bantoe= gebiede bymekaar gemaak.
16 cf. Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 119.
17 *Eastern Province Herald*, 27 Desember 1899, K. 4.
18 Uit 'n telegram van die Landdros te Aliwal-Noord aan die Staatspresi= dent van die OVS blyk dit egter dat De Wet na Jamestown toe padgegee het en nie na Lady Grey nie. Leyds 712.
19 *Eastern Province Herald*, 3 Januarie 1900.

Intussen het kapt. De Montmorency sy kamp tot op die dorp verskuif, vanwaar hy verkenningsgtogte onderneem het. Genl. Gatacre het gevoel dat Dordrecht te ver oos was en Dalgety op 29 Desember beveel om sy mag na Bird's River Siding te verskuif. Hierdeur wou hy blykbaar verhoed dat die kommu= nikasie tussen sy magte te moeilik word.

Op 30 Desember het kapt. De Montmorency tydens een van sy verkenningstogte kontak gemaak met ongeveer 500 Boere by Labuschagnesnek, ongeveer ses myl noord van Dordrecht.[20] De Montmorency het met ongeveer 30 man voor die hoofmag wat onder bevel van lt. De Cerjat was, uitbeweeg. Toe daar kontak met die Boere gemaak is, het hy onmiddellik vorentoe beweeg na 'n donga en vandaar teen die hange van die nek, onder hewige vuur, uitgeklim. Aan die hoofmag het hy be= vele gegee om na 'n ander donga te gaan, terwyl 'n derde groep na die westelike uitgang van die kloof gestuur is met die op= drag om dit teen enige omsingelingsbeweging te beskerm. Die Boere het nie op hulle laat wag nie, maar 'n mag gestuur om die hoofmag te onsingel, met die gevolg dat hierdie mag ge= weldige vuur moes weerstaan. Die Britse troepe kon nie hierdie aanslag afweer nie, en het dit gelyk asof die Boere daarin gaan slaag om hulle te omsingel. Nege-en-dertig perde is hier doodgeskiet en lt. Warren van *Brabant's Horse* is gewond.[21] Lt. Milford kon nou nie anders as om terug te val na 'n koppie naby hulle nie. Van hieraf het hulle probeer om die Boere te stuit.

Intussen moes ook De Montmorency die aftog blaas, en onbewus van Milford se posisie, gee hy bevele dat die hele mag moet terugval. Milford en sy manskappe wat in die koppie skui= ling gesoek het het ongeveer 40 getel.[22] Hier het die ge=

---

20 Dit is interessant om daarop te let dat Cassels, p. 536 1 000 bur= gers noem - iets wat heel onmoontlik is, want daar was ongeveer 300 rebelle, en Olivier het 'n mag van 300 man gestuur om hulle te ver= sterk. Dus kon daar op die meeste 700 burgers gewees het.

21 *The Friend*, 2 Januarie 1900, K. 1, p. 4.

22 *De Oorlog tussen Groot Brittanje en Republieke*, p. 84; cf. Brown, H., *War with the Boers*, vol. III, p. 160.

veg voortgeduur tot donker toe. Die Boere het wagte uitgeplaas om die Britse troepe daar vas te keer. Deur die nag het Milford egter daarin geslaag om vyf manskappe deur die Boerelinies te stuur om hulp te verkry. By hulle aankoms by die kamp moes hulle egter verneem dat kapt. Goldworthy al reeds met 100 man van die *C M R* en twee kanonne na die gevegstoneel vertrek het. Daar het hy aan die rand van die vlei waar die koppie was vir De Montmorency en 30 verkenners omgestuur na die donga waar Milford oorspronklik was. Hierdie groep was vasbeslote om Milford en sy manskappe met voorrade en ammunisie te bereik. Hulle moes uithou tot Goldworthy se 7-ponder kanonne reg was. Die geluk was aan De Montmorency se kant. Voor die Boere behoorlik geweet het wat aangaan, was hy en sy manne by Milford se manne. Intussen het Goldworthy se kanonne in werking gekom en met effektiewe vuur op die Boere losgetrek, terwyl die *Cape Mounted Rifles* nader beweeg het. Die Boere kon hierdie aanval nie afweer nie, en moes terugval en hulle kanon uit die stryd onttrek. Eers nadat die burgers deur middel van fynbeplande strategie hul kanon ongemerk baie na aan die vyand geplant kon kry, en met effektiewe kanon - en geweervuur kon verras het, het De Montmorency se afdeling gevlug - dwarsdeur die dorp tot by hulle kamp, en daarvandaan na Indwe en Sterkstroom.[23] Nadat die burgers voortdurend kort op hulle hakke gebly het, is agt uit hul geledere gevange geneem. Onder die groep was 'n Kleurling wat aan die geveg deel geneem het. Aan Boerekant het een offisier, veldkornet Gert Barnard, gesneuwel, terwyl sewe man lig en een swaar gewond is.[24] "As for the Boers", skryf Cassels, "they had sustained loss far more serious, in addition to the discredit of being held at bay by a force whom they outnumbered by thirty to one. Thirty three of their horses were found dead round the posi=

---

23 119.200/8921, p. 103; cf. *The Friend*, 2 Januarie 1900, K. 4, p. 2.
24 *De Oorlog tussen Groot Brittanje en Republieke*, pp. 83-84. Die persoon wat swaar gewond was, was D Jacobs van Edenburg, cf. Leyds 714 (1).

tion. Swanelef, a commandant was wounded mortally, and more than a dozen were killed in a single rush."[25] Hierdie stelling van Cassels is egter 'n bietjie gewaagd en moet eerder beskou word as 'n poging om verlore Britse prestige te herwin. Vir eers is dit heeltemal onmoontlik dat die Boere die Britse troepe met 30 teenoor 1 oorskry het, want toe De Montmorency op die 23ste Desember kontak met die Boere by Joubertskop gemaak het, is hulle getalle aangegee as 300 - 400[26] en selfs 200.[27] Laasgenoemde getal is te laag geskat, maar as 'n gemiddeld van die getalle geneem word, is 300 mis=kien die naaste aan korrek. Toe hierdie Boeremag terugge=val het, het hulle deur Dordrecht getrek. As daar veronder=stel word dat nog 200 by hulle aangesluit het, bring dit die getal op 500 te staan. Voeg hierby die 300 man wat Olivier gestuur het, dan is die getal 800. Vanaf Barkly-Oos het hulle 70 man bygekry,[28] wat die totaal nou op 870 te staan bring. As daar nog 'n dertig man bygevoeg word, is die totaal 900. Wat die getal Britse troepe betref, merk ons dat De Montmorency met 170 man uit Sterkstroom na Dordrecht getrek het.[29] Later het Dalgety met 240[30] man bygekom en op die 28ste het nog 'n 100 *C M R* as versterkings aangesluit,[31] wat die totaal van die Britse troepe op 510 te staan bring. As die Boere dus hierdie getal met 30 teenoor 1 oorskadu het, beteken dit dat 15 300 Boere hier geveg het - feitlik die helfte van die totale burgermag wat in die oorlog te velde was. As hy die 40 wat op die koppie vasgekeer was in ge=dagte het, beteken dit dat daar 1 200 Boere moes gewees het - 'n getal wat baie nader aan korrek is. Maar as in gedagte ge=hou word dat ons hierbo die Boere ruim op 900 geskat het, kan ons nie anders as om hierdie stelling van Cassels te

---

25 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 537.
26 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 119; cf. Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 530.
27 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel 4, p. 3.
28 Leyds 714 (1).
29 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 530.
30 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 119.
31 *Ibid.*, p. 119.

verwerp nie. Selfs waar hy meen dat meer as 'n dosyn Boere in een enkele stormloop gedood is, moet ons dit verwerp. Die Boere het twee stormlope op die koppie alleen uitgevoer. Dit beteken dus dat meer as 24 dood is, en in alle verslae word daar slegs van een wat gesneuwel het melding gemaak, naamlik een swaar - en sewe ander lig gewond.[32] Dit is met ander woorde in totaal nege wat buite aksie was, wat aan=sienlik minder as 24 is. Daar word ook nêrens melding ge=maak van 'n kmdt. Swanelef wat swaar gewond is nie.

Dit is interessant dat die verliese aan Britse kant nie ge=noem word nie. Volgens die landdros van Dordrecht moes dit aansienlik gewees het, want selfs nadat die Engelse hul ge=sneuweldes en gewondes gedurende die nag van die 30ste ver=wyder het, is op die 31ste nog lyke tussen die karkasse van die 39 perde gekry. Die burgers het ook 'n aantal opgesaalde perde gebuit.[33] Hierdie buit was egter nie so belangrik as die inligting wat hulle van een van die krygsgevangene gekry het nie.[34] Volgens hom was die mag van die vyand 1 300 man sterk en het bestaan uit die *Cape Mounted Rifles*, *Cape Police*, *Frontier Mounted Rifles* en *Brabant's Horse*, byge=staan deur 'n sterk afdeling Bantoes. Laasgenoemde was onder die bevel van magistraat Cambell en was tussen Indwe en Dordrecht gestasioneer. Sewehonderd blanke troepe was by die renbaan en die res by *Clarke's siding*.[35] Die gevangene het ook bekend gemaak dat hulle versterkings vanaf Sterk=stroom verwag.

Wat hierdie inligting vir die Boere by Dordrecht waardevol gemaak het, was dat hulle nou geweet het wat die sterkte van die vyandelike mag in die omgewing min of meer was, en waar hulle stellings was. Uit die gegewens kon hulle ook aflei dat die stryd hier nog nie verby was nie en dat hulle hul

---

32 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 3; cf. Leyds 714 (1); *De Oorlog tussen Groot Brittanje en Republieke*, p. 84.
33 *Ibid.*, p. 84.
34 Hierdie krygsgevangene was 'n Afrikaner.
35 cf. Leyds 714 (1).

moes voorberei op 'n baie groter aanslag. Na aanleiding hiervan het hulle dan ook versterkings en ammunisie vir Martini Henri-, Lee Metford- en Mausergewere aangevra. Hulle was ook van plan om Dordrecht te herbeset en die spoorlyn op te breek.[36]

Op 3 Januarie 1900 het die Boere Dordrecht herbeset.[37] Hulle was egter hoogs verontwaardig toe hulle opgemerk het dat die vyand, tydens hul verblyf op die dorp, die huise van die Afrikaners wat nie daar gewoon het nie oopgebreek het en die meubels en klere op 'n jammerlike wyse verniel het.[38] Die Britse troepe het die mans se manelpakke aangetrek en ook die klere van die vrouens en hulle dogters, en toe straat op en straat afgery om die spot te dryf met die Boere. Toe hulle genoeg daarvan gehad het, het hulle dit aan die "Ladies en Gentlemen" in die swart woonbuurt gegee. "Ons dorpshuise het daar treurig uitgesien na hulle so geplunder was."[39]

Die Engelse troepe was nou terug in hulle kampe by Birds River en Sterkstroom, en die algemene gevoel oor hierdie poging om Dordrecht te beset, was soos volg: "Under the actual circumstances it naturally appeared as if we had de= liberately occupied Dordrecht, and subsequently realized that we could not retain our hold upon it."[40]

Die Britse bedrywighede by Dordrecht het hoofkmdt. Olivier só verontrus, dat hy om 02h00 op 3 Januarie 1900 met 'n kommando van 1 000 man onder kmdte Du Plooy, Steenkamp en Van Aardt met twee kanonne, Stormberg verlaat en in die rig= ting van Boesmanshoek getrek het om die Engelse stellings aldaar te verken, en hom te vergewis van die sterkte van

---

36 *Ibid.*; cf. *De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Republieken*, p. 86.

37 cf. *Eastern Province Herald*, 6 Januarie 1900, K. 4.

38 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 4; cf. Penning, L., *op.cit.*, p. 431; cf. KG. 374 (IV) Telegram 19 Januarie.

39 *Dagboek van mev. M. de Wet*, Somersetstraat 84, Graaf Reinet 19.3.33; pp. 6-7; cf. *Bethlehem Officieel Bericht*, 3.1.00; *The Friend*, 2 Januarie 1900, K. 6, p. 3.

40 Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 110.

genl. Gatacre se krygsmag.[41] Daar ontstaan onmiddellik twyfel of Olivier slegs 'n verkenningstog beplan het. As daar in aanmerking geneem word, dat hy met 'n mag van 'n 1 000 man hierdie verkenningstog onderneem het, is daar twyfel of dit wel net verkenning was en of dit nie 'n poging was om Gatacre 'n les te leer nie. 'n Verkenningstog kan immers met 'n veel kleiner mag uitgevoer word en net soveel inligting versamel as 'n groot mag. Hierdie optrede moet eerder gesien word as 'n poging om vas te stel hoe sterk genl. Gatacre se mag op daardie oomblik was, en of daar nog 'n moontlikheid bestaan het om hom uit sy stellings te dryf, want op 2 Januarie het Olivier die inligting van 'n ver= kennersgroep van die Boere ontvang dat die Engelse besig was om by Syfergat saam te trek. Uit laasgenoemde het dit ge= blyk dat hulle voorbereiding getref het vir 'n aanval op die Boeremagte by Stormberg.[42] Hoofkmdt. Olivier het dus nou besef dat die Britse mag besig was om te herstel en dat hy sy kanse verspeel het om Gatacre finaal as 'n bedreiging uit te skakel. Hy moes dus nou ôf 'n poging aanwend om Gatacre te verdryf, ôf vasstel hoe sterk sy mag was, sodat hy hom op 'n aanval te Stormberg kon voorberei.

Hoe dit ook al sy, Gatacre moes baie vroeg van Olivier se bewegings kennis geneem het, want Olivier het pas deur Molte= no onderweg na Syfergat getrek, toe hy hom vasloop teen 'n Britse gepantserde trein wat inderhaas deur Gatacre vanaf Sterkstroom gestuur is om sy swak voorposte in die omgewing van Syfergat te help beskerm. Op die trein was infanterie, berede infanterie en 'n battery veldkanonne wat die 150 *Cape Mounted Police* onder inspekteur Neylon en 'n kompanie *Kaffrarian Rifles* by Syfergat moes versterk.[43]

---

41 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. IV, p. 4; cf. *De Middelansche Afrikaander*, 5 Januarie 1900, K. 5, p. 3; cf. 119.792.

42 cf. Meintjes, J., *Stormberg*, p. 125.

43 *Ibid.*, p. 126.

Genl. Gatacre se hoofdoel met die troepe by Syfergat was dat dit as 'n soort van 'n buite-fort vir Boesmanshoek moes dien. 'n Besluit wat, soos dit sal blyk, skynbaar die regte vrugte afgewerp het. Noord van Syfergat en oos daarvan is 'n aantal heuwels - sommige redelik hoog, en ander klein koppies. Aan dieselfde kant, maar 'n bietjie verder noord is 'n berg met die naam Boesmanshoek, èn direk noord daarvan is Loperberg. Loperberg oorheers Syfergat vanuit die noord=ooste en Boesmanshoek vanuit die suidooste, en op laasge=noemde was 'n redelike sterk Britse mag.[44]

Toe die Boere die trein opmerk, het hulle onmiddellik met hulle kanonne gevuur en dit teruggedryf, waarna hulle in Loperberg stelling ingeneem het.[45] Hier het hulle die Britse aanval ingewag en intussen oor 'n lang afstand 'n statiese ge=veg met die troepe op die trein aangeknoop. Intussen het die Britse versterking vanaf Sterkstroom opgedaag en het hulle hul bes probeer om die Boere in Loperberg 'n nederlaag toe te dien.[46] Alhoewel die geveg tot laat in die middag geduur het, was dit net 'n oor en weer skietery en het daar niks noemenswaardig gebeur nie. Nie een van die twee kante was juis begerig om die geveg in 'n oorwinning om te sit nie.

Toe hoofkmdt. Olivier besef dat genl. Gatacre se troepe by Boesmanshoek en elders in die omgewing goed ingegrawe was,[47] het hoofkmdt. Olivier terneergedruk na Stormberg teruggekeer met 'n buit van vyf opgesaalde perde, 'n paar reënjasse en ander kleinighede wat hy van die troepe afgeneem het.[48] Die ontdekking dat genl. Gatacre se mag baie sterker as syne was, het enige voorneme van Olivier om Gatacre aan te val, verdryf en hom laat besluit om hom eerder goed in te grawe by Stormberg, en daar 'n verdere Britse aanval af te wag.

---

44 Hierdie mag het bestaan uit die Irish Rifles, die Mounted Infantry, 'n afdeling Berkshires, die Kaffrarian Mounted Infantry en die Frontier Mounted Rifles.

45 cf. 119.200/8921, p. 104; cf. KG. 374 (iv).

46 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 120.

47 *The Friend*, 5 Januarie 1900, K. 1, p. 4.

48 *Bethlehem Officieel Bericht*, 4 Januarie 1900.

Genl. Gatacre was op sy beurt bang om die Boeremagte met hulle terugval agterna te sit, want hy was bang hy word in 'n hinderlaag gelok. Verder het hy sy mag nog nie as sterk genoeg geag om die Boeremagte aan te durf nie.[49] Dit het daartoe aanleiding gegee dat die twee magte weer eens na hul passiewe verdediging te Sterkstroom en Stormberg terug=gekeer het.

Van toe af en tot met die koms van Roberts was daar geen noemenswaardige gevegsbedrywighede in Noordoos-Kaapland nie. Net in een geval het 'n patrollie Kaapse Rebelle by Dordrecht, gedurende die nag van 7-8 Januarie 1900 'n vyandelike patrol=lie verras en dit verdryf. Twee van die vyand is gedood of gewond en ses gevange geneem onder wie 'n Bantoe was. Die Burgers het ook 'n perd en vyf saals gebuit.[50]

Op 10 Januarie 1900 het veldkmdt. lord F S Roberts, die nuwe Britse opperbevelhebber, by Kaapstad aan wal gestap en die opperbevel oor die Britse leër in Suid-Afrika aanvaar. "The new commander-in-chief was the one man in the army in whom the whole empire had supreme faith."[51] Op hom was almal se hoop gevestig om verlore Britse prestige te herstel. Deur hierdie aanstelling as bevelvoerder van die Britse mag=te te aanvaar, het lord Roberts egter sy eie reputasie op die spel geplaas. Hy het meer gehad om te verloor as wat hy kon wen. Deur sy intelligensie, galantheid, karakter en 'n mate geluk het hy vir homself die *Victoria Cross*, lidmaat=skap van die adelstand en 'n veldmarskalkrang verwerf. Verder was hy ook een van die gewildste Britse soldate.[52] Daar was dus baie min wat hy in die vorm van toekennings nog kon verwerf, terwyl daar 'n sterk moontlikheid was dat sy

49 *Het Oosten*, 11 Januarie 1900, K. 1, p. 3.
50 *De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Republieken*, p. 91.
51 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 517.
52 *Onze Courant*, 29 Desember 1899, K. 1, p. 4.

militêre reputasie 'n geweldige knou kon kry.[53] Ten spyte van die feit dat hy twintig jaar nie aktief aan 'n oorlog deelgeneem het nie, was Roberts egter, anders as Buller, oortuig daarvan dat hy sukses sou behaal. Almal het ook verwag dat Buller Roberts se aanstelling nie sou aanvaar nie, en dat hy sou bedank sodra hy daarvan sou verneem. Buller se reaksie was egter presies die teenoorgestelde. In plaas daarvan om verneder te voel, was Buller bloot verlig om sy amp as bevelvoerder van die Britse leër in Suid-Afrika neer te lê. Hy telegrafeer boonop aan lord Landsdowne dat hy al vir 'n hele ruk daarvan oortuig was dat dit vir een man onmoontlik was om aktiewe militêre operasies in twee plekke, 1 500 myl van mekaar, te loods, en sê voorts: "Lord Landsdowne is kind enough to suggest that the decision may be distasteful to me, but I trust that any decision intended for the interests of the Empire will always be acceptable to me."[54] Hierdeur het Buller duidelik laat blyk dat hy be= reid was om alles af te staan, net solank dit tot voordeel van Brittanje sou wees. Dit is egter moeilik om te aanvaar dat Buller, wat die hoogste posisie beklee het, sonder enige kapsie die degradering - nie eens na tweede in bevel nie (dié eer het Kitchener te beurt geval), maar na 'n afdelings- bevelvoerder in Natal sou aanvaar. Daar moet egter besef word dat Buller nie veel selfvertroue gehad het nie, en dus moontlik maar te dankbaar was om van hierdie verantwoordelik= heid onthef te word.

Reeds twee jaar voor die uitbreek van die oorlog het Roberts met 'n paar ywerige offisiere in die intelligensie-afdeling 'n plan van aanval uitgewerk. Hy het toe reeds tot die ge= volgtrekking gekom dat die regte manier van aanval "was not to push up along the railway lines leading directly to the

---

53 cf. Farwell, B., *op.cit.*, p. 153.
54 *Ibid.*, p. 153.

enemy's capital, either through Natal or Central Cape Colony, but to utilize the line of railway running along the Western frontiers of the Republics as the jumping point of a flank march at Pretoria or Bloemfontein, whose success should afterwards open up the direct and natural lines of communi= cation."[55] Die verskil tussen hierdie plan en die een van die Britse leërleiding, naamlik om die opmars met die middel= ste roete te loods, was nie soseer ŉ verskil in keuse van roete nie, maar was gebaseer op ŉ fundamentele afwyking van= uit ; strategiese oogpunt gesien. Roberts se aanvalsplan het egter vele gevare en probleme ingehou. Die uitvoer van die plan het beteken dat dit ŉ hele leër se onderhoud op een enkele spoorlyn aangewese was, en daarby was die spoorlyn die langste en die mees onbeskermde van almal. Om hierdie pro= bleme te oorbrug moes daar dus voorsiening gemaak word vir ŉ veldtransport-stelsel wat in staat sou wees om ŉ honderd myl of meer van sy spoorbasis te beweeg. Verder kon die hele mag bedreig word in geval van ŉ onsuksesvolle opmars, en ŉ derde spoorlyn vir kommunikasie dus nie gou bewerkstel= lig kon word nie. Hierteenoor het die Britse leërleiding se plan dit vir die troepe moontlik gemaak om by drie hawens aan wal te gaan en vanuit drie rigtings die opmars te loods. Dit het ook verseker dat daar te alle tye tydens die opmars ŉ oop spoorlyn agter die troepe beskikbaar sou wees waarlangs hulle kon terugval as hulle verslaan sou word. Hierdie plan het egter nie die weerstand van die vyand in berekening ge= bring nie, en verder het dit die Britse aanval tot ŉ voorge= skrewe roete beperk. Dit is dan ook hier waar die Britse aanvalsplan gefaal het. Hulle het gereken dat hulle baie sterker as die Boeremagte was en enige weerstand sou kon laat verkrummel - iets wat deur die sogenaamde *Black Week* as ver= keerd bewys is.

---

55 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 338; cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 26.

Lord Roberts het die hele saak vanuit 'n ander standpunt be=nader. Hy het nie die Boeremagte onderskat nie, en vir hom was die grootste probleem nie hoe om in Bloemfontein te kom en die Boere terselfdertyd te onderdruk nie, maar hoe om die Boeremagte in omstandighede wat vir hom meer gunstig as vir hulle was, aan te durf. Om die Oranjerivier oor te steek, terwyl die vyand daarvan bewus was en hulle intussen kon ingrawe op plekke waar hulle die opmars met die grootste ge=mak kan afweer, het vir hom geen voordele ingehou nie. Hy het dus ten spyte van al die probleme en gevare, 'n plan ver=kies wat hom in staat sou stel om die Oranjerivier sonder kon=flik oor te steek. Dit sou die Boeremagte dwing om 'n front=verskuiwing te maak. Dit sou Roberts in staat stel om hulle kommunikasielyn en hoofstede te bedreig en om in enige rigting oor 'n oop gebied te beweeg.

Alhoewel bogenoemde plan en moontlikhede voor Roberts se ver=trek vanaf Engeland alreeds in sy gedagtes vorm aangeneem het, het hy ook deeglik besef dat hy nie hierdie plan van stapel kon stuur, voor hy nie met die werklike toestand in Suid-Afrika te doen gekry het nie. Hy het besef dat, as hy toe enige be=vele in die verband sou gee, dit "might not only have prematu=rely betrayed his intensions, but have proved confusing and even mischievous."[56]

Roberts se eerste telegram aan Buller het dan ook nie sy nuwe voornemings onthul nie, maar Buller laat verstaan dat hy met die oorspronklike aanvalsplan wou voortgaan. Hy het Buller egter versoek om met sy aankoms in Suid-Afrika aan hom 'n verslag oor die situasie in Suid-Afrika voor te lê. Verder het hy Buller beveel om indien hy daarin sou slaag om Ladysmith te ontset, tot by die Tugela terug te trek en om hom dan te laat weet hoeveel troepe hy aan Roberts kon

56 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 341.

afstaan vir die opmars deur die Kaapkolonie. Methuen moes weer nadat hy Kimberley ontset het, terugval tot by die Modderrivier waar hy dan moes wag so lank as wat hy kon.[57]

Tydens Roberts se bootreis na Suid-Afrika het sy aanvalsplan sy finale beslag gekry. Die plan is streng geheim gehou en die versekering kon gegee word dat "Roberts of Kandahar would treat the obstacles of the theatre of war in a style very different from that manifested up to this time."[58]

Roberts was van plan om die opmars direk oos, of selfs suid=oos van Oranjerivierstasie te laat plaasvind. Hierdeur sou hy gebruik maak van die middelste spoorlyn wat deur Edenburg of Springfontein loop. Deur hierdie opmarsroete sou hy die kommunikasielyne van die Boere suid van die Oranjerivier be=dreig en Bloemfontein terselfdertyd onder druk plaas. Deur die Boeremagte se kommunikasielyne agter hulle te skaad, kon hy daarin slaag om die Kaapkolonie van Boeremagte te be=vry.[59] Dit sou hom dan in staat stel om die beheer oor die spoorlyne wat deur Springfontein na Port Elizabeth en Oos-Londen gaan, te kry.[60] Deur Bloemfontein te bedreig het hy gehoop om die Boeremagte rondom Ladysmith en Kimber=ley na Bloemfontein te trek en daardeur vir Buller en Metheun kans te gee om die plekke te ontset. Reeds sedert Napoleon se dae is daar besef dat 'n leër se kommunikasie=lyne sy Achilleshiel is, en dat dit eerste aangeval moet word - iets wat Roberts blykbaar nie vergeet het nie. Hy het ook besef dat hy wel met 'n vyand te doen het wat enige tyd op gelyke voet met die Britse magte kon meeding en dat hy hulle moes dwing om te veg in omstandighede wat hom be=gunstig en nie vir hulle nie. Roberts het ook besef dat sy

---

57 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 24.
58 Cassels, *op.cit.*, vol. I, p. 522.
59 cf. p. 196 van hoofstuk 6.
60 Maurice, F., *op.cit.*, p. 412.

plan nog verander kon word, maar hy was verseker dat "it should neither be obvious in its direction nor slow in its execution."[61]

Met Roberts se aankoms in Kaapstad op 10 Januarie 1900 het hy twee volledige inligtingstukke van Buller oor Natal ont= vang. Die eerste stuk het die Boere se posisie by die Tugela beskryf as slegs deur geweld veranderbaar, en die tweede het gemeld dat Buller besig was met sy omsingelingsbe= weging by die Bo-Tugela.[62] Roberts sou verkies het dat Buller eers met hierdie beweging moes wag to hy, Roberts, ook gereed was om tot die aanval oor te gaan. Omdat hy egter nie oor die nodige kennis beskik het betreffende die posisie by die Tugela nie, het hy besluit om Buller aan sy eie diskresie oor te laat.[63]

In sy geheel gesien, het Roberts egter nie ŉ te maklike taak in Suid-Afrika gehad nie. In die Kaapkolonie het lord Methuen ŉ nederlaag by Magersfontein gely, en moes hy na Modderrivier terugval. Op die middelste roete het lt.-genl. French, met drie kavalier-regimente en 1½ bataljon infante= rie, alles in die stryd gewerp om die spoorlyn te bewaak. Aan die Oos-Kaap het genl. Gatacre hom na die slag van Stormberg met twee batterye artillerie en vier en ŉ half bataljons by Sterkstroom ingegrawe. Afgesien van bogenoemde moes Roberts ook nog rekening hou met die moontlikheid van ŉ opstand in die Kaapkolonie.[64] Op die oomblik was die erg= ste verby, en aangesien die Britte nie nog ŉ nederlaag gely het nie, het Roberts gehoop om die toestand vir ŉ paar weke so te hou. In Natal kon Buller Ladysmith nie ontset nie,

---

61 Amery, L.S., *op.cit.*, vol. III, p. 342.
62 Maurice, F., *op.cit.*, p. 410.
63 cf. Cd., 457, p. 4.
64 Cd., 457, p. 4.

en moes hy terugval na Chieveley waar hy op versterkings van die *5th Division* onder lt.-genl. sir Charles Warren gewag het.[65]

Na aanleiding van bogenoemde situasie het Roberts dan ook besluit dat "it would be best to remain on the defensive until sufficient force was available to enable an advance to be made into the Orange Free State."[66] Hy kom dan ook tot die gevolgtrekking dat "no sensible improvement in the military situation could be hoped for until we were pre= pared to carry the war into the enemy's country, and all my efforts have accordingly been exerted in that direction."[67]

Lord Roberts se onmiddellike optrede was dus nie om tot die aanval oor te gaan nie, maar om slegs die bestaande Britse stellings te beveilig en te verbeter.[68] Die 6de Divisie het nou in Suid-Afrika aangekom. Laasgenoemde is gretig deur Methuen as versterkings aangevra, sodat hy Kimberley kon ontset. Hiervan wou Roberts egter niks weet nie en hy het Methuen beveel om net op die verdediging te bly. Roberts het selfs geskimp dat hy dalk een van Methuen se brigades en 'n deel van sy kavallerie gaan onttrek.[69] Roberts het dus hierdie divisie na Noupoort gestuur om French te versterk, sodat hy sy berede soldate vir ander belangrike werk kon spaar. Indien Buller se bedrywighede in Natal die Boere sou dwing om 'n aanval in die Kaapkolonie te loods, sou French

---

65 Hier het veral sir Alfred Milner vir hom probleme geskep,want "Zijn vrees was zoo groot, (vir 'n opstand in die Kaapkolonie) dat hij Lord Roberts zelfs zocht te bewegen zijn inval in den Vrijstaat uit te stellen, om die Kolonie niet te zeer van troepen te ontblooten." Van Everdingen, W., *De Oorlog in Zuid-Afrika : Eerste Tijdvak, Okt 1899-Maart 1900*, p. 241; cf. Farwell, B., *op.cit.*, p. 191; *Roberts se briewe*, pp. 19-20; cf. Lord Roberts Papers (Manuscripts) Opera= tions Telegrams vol. 60 Date: February-Arpil 1900, pp. 1-178.

66 Cd., 457, p. 4; cf. *The Friend*, 14 February 1900, K. 2.

67 Cd., 457, p. 4; cf. A155 *Nieuwe Amsterdamsche Courant*, 10 Februarie 1901, K. 2.

68 cf. *Ibid.*

69 Telegrams and Letters sent by Field-Marshal Lord Roberts from 23rd December 1899 to 19th April, 1900 : No. C1 to C1214: 11 Jan. 1900, p. 4.

ook sterk genoeg wees om dit te verhoed. Lt.-genl. T Kelly-Kenny moes ook vanaf Noupoort ooswaarts soveel as moontlik van die Rosmead-Stormbergspoorlyn herstel, "both to take the immediate pressure off Gatacre and to facilitate the strategical transference of troops after the main advance should have taken effect in clearing Cape Colony."[70] In Noordoos-Kaapland wou Gatacre 'n aanval op Stormberg loods, maar ook hy is ten strengste beveel om sy verdedigende stel= lings te behou.[71] Dit wil egter nie impliseer dat Roberts geen inisiatief vir Noordoos-Kaapland beplan het nie; inteen= deel, hy sou graag die deel ontruim wou gehad het van die Boere en met dié doel voor oë het hy 'n Koloniale divisie onder kol. Brabant, wat nou die rang van brigadier-generaal gekry het, tot stand gebring. Hierdie divisie se uitdruklike op= drag was om aan Gatacre se regterkant op te mars en Dordrecht en Jamestown te beset, en indien moontlik, die Boere uit hulle posisie by Stormberg te verdryf.[72]

In die lig van die belangrike rol wat bogenoemde mag later in die Britse opmars gespeel het, is dit noodsaaklik om hierdie mag 'n bietjie van nader te beskou.

Kort na die slag van Stormberg is die koloniale mag onder Brabant, wat toe al redelik aktief was in Oos-Kaapland, dubbel sy sterkte vergroot en in regimente opgedeel. Dit was in hierdie stadium dat Brabant besluit het om die koloniale mag

---

70 Amery, L.S., *op.cit.*, p. 343; cf. Cd., 457, p. 4; *Roberts se tele= gramme*, p. 10.

71 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 26; cf. Cd., 457, p. 4; *Roberts se telegramme*, p. 4.

72 cf. Cd., 457, p. 4; *Roberts se telegramme*, p. 7; *The Friend*, 24 Jan. 1900, K. 4., p. 3; Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 8. Hierdie was maar een van die talle Koloniale magte wat nou deur Roberts tot stand ge= bring is. Daar was ook nog om maar net 'n paar te noem die sogenaamde Kitchener's Horse en Roberts's Horse: Cassels, *op.cit.*, vol. I, pp. 526-527. Oor hierdie stigting van Koloniale magte wat hoofsaaklik uit Kolonialers bestaan het, was Roberts die volgende mening toege= daan: "A subject which from the first, attracted my special atten= tion was the development and organization of the Colonial forces, of which I was inclined to think that sufficient use had not been made." Cd., 457, p. 4; cf. Brown, H., *op.cit.*, vol. III, p. 162.

*Brabant's Horse* te noem. Sy mag het bestaan uit 'n aantal man uit Port Elizabeth wat een afdeling onder bevel van kapt. Crallan, 'n offisier van die Natal Polisie, uitgemaak het. Die eerste regiment was onder bevel van maj. Hinderson van die *8th Hussars*, en die tweede regiment onder die bevel van maj. Grenfell van die *1st Life Guards*. Tweede in bevel van hierdie regimente was onderskeidelik kapt. Feldin (*7th Hussars*) en lt. Cooksan (*1st Life Guards*). Hulle hoofkwartier was by Imvani-stasie aan die Swart Kei= rivier. Hier het hulle hul vir die oorlog voorberei en is die manskappe gereed gemaak. Intussen het daar nog talle ander persone by die mag aangesluit, waaronder ook 'n aantal voormalige imperiale offisiere. In hierdie stadium het lord Roberts vir Brabant na Kaapstad ontbied, waar hy, Roberts, Kitchener samesprekings gevoer het. Uit hierdie samesprekings blyk dit dat Brabant voorgestel het dat hy met 'n koloniale divisie Dordrecht moet herower en dat kol. Dalgety tot net binne die Bantoe-gebiede moes terugval. Drie van sy afdelings moes ook na Penhoek en Sterkstroom terugval. Nadat hy Dordrecht herower het, wou hy na Burgers= dorp beweeg "so as to threaten the cummunications of the Boer Commando at Stormberg with Aliwal and Bethulie,"[73] aangesien hy daarvan seker was dat, indien dit sou gebeur, die Boere onmiddellik uit Stormberg sou padgee. Roberts was tevrede met hierdie plan en het ingestem tot die samestelling van die mag wat Brabant 'n getalsterkte van 3 000 man met ses kanonne (15 pd) gegee het. By die samestelling kon egter net vier 15-ponder kanonne aan hom gegee word en later is dit nog na net twee kanonne verminder. Gelukkig het hy nog 'n 13-pond Hotchkiss-kanon gehad wat deur Würnher Beit & Co. aan die *2nd Brabant's Horse* geskenk is. Wat die manskappe be= tref sou hy sy twee regimente hê, 'n gedeelte van die

---

73 A 459, *The life of general Sir E G Brabant*, p. 147.

*Cape Mounted Riflemen* wat onder Dalgety se bevel was, die *Kaffrarian Rifles,*[74] *Queenstown Rifles*, ŉ regiment wat nou deur kol. Crewe tot stand gebring is en bekend gestaan het as die *Border Horse* en verskeie ander klein groepies. Verder sou hy ook afdelings kry wat afkomstig was van byna al die *Colonial Volunteer Corps*. Laasgenoemde is egter later verander.[75] Daar is egter ook besluit dat, aangesien Brabant bevel moes voer oor ŉ aantal Britse offisiere, hy die rang van brigadier-generaal sou beklee.[76] Oor hierdie rang wat Brabant nou beklee het, het die Hoë Kommissaris die volgende opmerking teenoor Brabant gemaak: "he hoped my promotion to the rank of General would not have the effect of depriving me of the brains I now possessed."[77]

---

74 An infantry regiment of great merit, with Maxim, signalling and cycling sections, and one mounted company. Brown, H., *op.cit.*, vol. III, p. 164.

75 Brabant se finale mag het uit die volgende bestaan: 1st Regiment Brabant's Horse onder kapt. (Brevet Luitenant-Kolonel) Henderson, 478 man sterk; 2nd Regiment Brabant's Horse, onder maj. (Brevet Luitenant-Kolonel) Grenfill, 601 man sterk; Frontier Mounted Rifles, onder maj. Hart, 145 man sterk; Queenstown Mounted Rifles onder kapt. Williams, 96 man sterk; Kaffrarian Mounted Rifles, onder kapt. Maclean, 60 man sterk; Cape Mounted Rifles, onder kol. Dalgetty, 492 man sterk; ŉ totaal van 1 872. Hierby is later ŉ derde regiment Brabant's Horse gevoeg wat bestaan het uit vrywilligers van Kol Bayly's District Mounted Rifles, ongeveer 400 man; Queenstown Mounted Rifles, 100 man; Kaffrarian Mounted Rifles, 180 man, wat ŉ groottotaal van 2 852 man gevorm het. Saam met die mag was twee 15-ponders, ses 7-ponders, twee Maxims beman deur die C M R, en twee Maxims beman deur die Kaffrarians. Die ambulans afdeling was onder die welbekende dr. lt.-kol. Hartley V.C. met drs. Carter, Perkins en Rand as assitente, 60 man en 5 ambulanswaens en karre. Genl. Brabant se stafhoof was kapt. Ferguson, van die South Wales Borderers en sy ander staf-offisiere was kapt. Little, A D C; maj. Maxwell, R E. Verder was daar ook kapt. Taylor, A C S voorrade offisier, maj. Tomplin, Q C, ekstra A.D.C.; en lte. Elliot en Leigh (*Ibid.*, pp. 164-165).

76 A 459, *op.cit.*, p. 147.

77 *Ibid.*

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die *Brabant's Horse* reeds bestaan het toe lord Roberts in Suid-Afrika aangekom het, en dat hy dit net ontwikkel het tot 'n effektiewe mag. Dit wil ook voorkom asof die opdrag aan Brabant[78] nie in werklikheid van Roberts gekom het nie, maar wel deur Brabant voorgestel is.[79]

Lord Roberts se aanvalsplan het nou stadig begin vorm aanneem. Hy was nou deeglik bewus van die Britse leër se posisie in Suid-Afrika en het 'n baie beter begrip gehad van wat hom te doen staan. Dit, en die feit dat daar 'n droogte in Suid-Afrika geheers het en daar gevolglik nie genoegsame water vir sy troepe was nie, het die beplanning vir die opmars sy finale vorm laat aanneem. Dit was egter nie voor die nederlaag by Spioenkop, op 26 Januarie 1900, dat Roberts se plan finale beslag gekry het nie. Daar is besluit om Ramdam, die enigste plek waar voldoende water vir die troepe was, as die beginpunt van die opmarsroete te gebruik. Vandaar moes die kavalerie die naaste drif by Rietrivier oorsteek, en reg noord trek na Modderrivier en Kimberley. Die infanteriedivisies moes dan volg en Jacobsdal beset. Gevolglik moes hulle met die *First Division* by Modderrivier kontak maak. Die berede infanterie sou die regterflank van die beweging dek, want Roberts het gevrees dat die Boere dalk versterkings vanaf Colesberg sou kry. Roberts het dus nou besluit dat "the advance must be through the Orange Free State, but by one not by three lines through Cape Colony, as was orginally intended."[80] Daar was egter drie roetes waaruit hy kon kies: die westelike, middelste en oostelike roete. Maar soos dit uit die voorafgaande blyk het hy op die westelike roete be=

---

78 cf. p. 184 van dié hoofstuk.

79 Een ding was egter seker, en dit was dat die Brabant Horse "in con= junction with General Gatacre", die taak gehad het "of clearing the districts north-east of the Colony so impudently annexed by President Steyn, and so insolenty overrun with rebels and Free Staters." Brown, H., *op.cit.*, vol. III, p. 163.

80 Maurice, F., *op.cit.*, p. 412. Roberts se oorspronklike plan toe hy nog in Engeland was het dus nou inwerking gekom, cf. p. 177 van dié hoofstuk.

like spoorlyn. Hierdie spoorlyne sou onontbeerlik wees vir sy leër wanneer hy die omstreke van Bloemfontein bereik, want dit was vir hom baie moeilik om sy leër vanaf Paardeberg met konvooie aan die gang te hou. En as hy eers Bloemfon= tein bereik het, sou dit heeltemal onmoontlik gewees het en sou sy leër dus afhanklik gewees het van die sentrale en oostelike spoorlyne. Hy het dan ook aan Milner en die Minister van Oorlog erken dat dit vir sy leër onmoontlik sou gewees het om sonder die steun van die sentrale en ooste= like spoorwegroetes klaar te kom, en ook dat sy groot leër ten spyte van sy getalsterkte hom in 'n debakel sou bevind het as die Boeremagte, wat die middelste en oostelike spoor= wegroetes beheer het, nie noordwaarts teruggekeer het nie. Om dit te verseker het hy sy stafhoof, lord Kitchener, op die 22ste na die leërs van genls. Clements en Gatacre ge= stuur om toe te sien dat die Boere wel oor die Oranjerivier teruggedryf word.[83]

Intussen was die Boereleërleiding deeglik bewus van die be= wegings van die Britse leër en was prese. Kruger en Steyn se opvatting oor wat Roberts van plan was om te doen volkome korrek.[84] Hulle teenoffensief was om die bedreigde deel van die Vrystaatse grens met 'n krygsmag te beskerm, wat nie alleen aanvalle van Britse troepe kon afweer nie, maar wat selfs in staat sou wees om hierdie troepe suid van Oranjerivierstasie - of nog beter - suid van De Aar aan te durf en te vernietig, of suidwaarts te verdryf. Met die oog hierop het pres. Kruger tot op 12 Januarie 1900 minstens 950 burgers met 'n kanon en 'n maxim aan pres. Steyn in Bloemfontein gelewer. Dit het bestaan uit 450 man van die Berede Polisie wat uit Natal teruggetrek is, 100 polisieman uit Pretoria waarvan net die helfte berede was, 100 burgers uit Waterberg, 150 Sout=

---

83 cf. Leyds 714 (d) telegram Staatspres. OVS aan Staatspres. ZAR, no. 8, 13/1/00; *The Friend*, 13 April 1900. Dit is ironies dat Roberts se aanvalsplan so goed beplan was dat dit nie eers vir hierdie magte nodig was om die Boere terug te dryf nie.

84 cf. A.155, *Nieuwe Amsterdamsche Courant*, 10 Februarie 1901, K. 3, p. 1.

panbergers en 150 Johannesburgers. Hulle sou onder bevel van genl. F A Grobler van Waterberg staan. Pres. Steyn kon hulle getalle aanvul met 150 man onder veldkornet Strauss, wat hy van die Drakensberge teruggetrek het, en 300 man van veldkornet Visser wat Kuruman beset het.

As die Boereleërleiding dadelik opgetree het en hierdie mag soos beplan is op die suidwestelike grens gevestig het, kon hulle Roberts se opmarsplan deeglik in die wiele gery het. Hierdie plan is egter nie uitgevoer nie, en Roberts kon onge= stoord met sy planne voortgaan. Die persone aan wie lord Roberts dit te danke gehad het dat sy veldtogplan nie in die wiele gery is nie, was genl. J P D French en die Boereaan= voerders wat hom moes weerstaan, naamlik genl. Hendrik Schoe= man en hoofkmdt. E R Grobler.

In Noordoos-Kaapland was die Britse magte ook nou vinnig be= sig om die inisiatief uit die hande van die Boeremagte te neem. Hier het hoofkmdt. Olivier nie daarin geslaag om sy primêre doel, naamlik om genoegsame vrywilligers vir die Boeremagte te werf, te bereik nie. Daar het wel getalle Koloniale Afrikaners by sy mag aangesluit, maar 'n groot deel van hulle was teen hulle sin opgekommandeer, of was persone wat nie ontevrede was met hulle regering of selfs met Britse onderdaanskap nie, maar wat bloot uit simpatie met die Boere= republieke by hulle aangesluit het. Dit was 'n simpatie wat met die suksesse van die Boeremagte al hoe sterker geword het en hulle aangemoedig het om by die Boeremagte aan te sluit.[85] Hulle het nie geveg omdat hulle 'n Republiek wou hê of by die Vrystaat ingelyf wou word nie,[86] maar slegs om= dat hulle simpatie by die Republieke gelê het. Hulle be= lange het in die Kaapkolonie gelê en nie in die Vrystaat nie,

85 cf. p. 157 van hoofstuk 4.
86 Daar was wel by 'n klein minderheidsgroep so 'n begeerte. Leyds 717 (d) Telegram van Staatspres. ZAR aan STaatspres. OVS, no. 22, 23/2/00.

en soos die oorlog gevorder het en die Britse magte toege=neem het, het die opgesweepte volksgevoel en simpatie met die Boererepublieke afgeneem. Die feit dat Olivier passief by Stormberg gelê het, het ook hierdie gevoel aangehelp.

Teen die einde van Januarie 1900 het die rebelle begin besef dat hoofkmdt. Olivier meer belanggestel het in die beskerming van die Vrystaatse bodem as die beskerming van Noordoos-Kaapland. Hy het die beskerming van die geproklameerde ge=biede in Noordoos-Kaapland as die verantwoordelikheid van die Rebellekommando's beskou. 'n Goeie voorbeeld hiervan is dat Olivier na die herowering van Dordrecht deur die Boeremagte[87] sy 300 burgers wat hy as versterking soontoe gestuur het, teruggetrek het na Stormberg en die beskerming van Dordrecht en die omgewing aan kmdt. D Schoeman en 840 rebelle oorgelaat het.[88] Deur hierdie optrede van Olivier word dit dus duidelik dat hy Noordoos-Kaapland nie te diep wou binnedring nie, omdat hy bang was dat die groeien=de Britse mag sy terugroete na die Vrystaat agter sy rug sou afsny - iets wat Roberts besef het en met welslae gebruik het om die Boeremagte uit Noordoos-Kaapland te trek.

Die feit dat die geproklameerde gebiede deur die rebelle ver=dedig moes word, is te verstane. Maar dat die rebelle nie dieselfde voorregte as die Republikeinse burgers geniet het nie, is onverstaanbaar, en daar moet besef word dat dit iets was wat die veglus van hierdie mense gedemp het en daartoe bygedra het dat, toe die Britse opmars in sy felheid begin is, hierdie mense nie meer lus was om te veg nie. Ook het die Vrystaters oor goeie, moderne Mausergewere beskik, ter=wyl die rebelle met Martini Henry's, waarvan die patrone ge=rook het as hulle afgevuur is, moes klaarkom. Gevolglik is die rebelle belet om tydens 'n geveg met die gewere te vuur,

---

87 cf. p.173 van dié hoofstuk.

88 Die rebelle het bestaan uit 485 burgers van Dordrecht, 230 uit Barkly-Oos en 125 van elders. cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 452; *Eastern Province Herald*, 3 Januarie 1900.

"aangesien het gebleken is dat de vyand steeds zeijne kanonnen op de schietende Martini Henry's richt."[89] Hulle is ook nie van tente en bokseile voorsien nie en suiker en koffie het hulle glad nie gehad nie. Toe hulle dan ook by die proviandmeester by Bethulie om koffie en suiker vra, was hy net bereid om aan hulle 'n sak koffie te leen.[90]

Daar was ook nie veel samewerking tussen die Rebelle-komman=do's en Vrystaatse kommando's nie. Daar is byvoorbeeld op 31 Januarie 1900 deur 'n krygsraad besluit om 300 Kaapse rebelle uit te stuur om Kromhoogte naby Steynsburg te beset. Die rebelle het dit gedoen, maar toe hulle kmdt. Du Plooy om versterkings vra, want 300 man was te min om die hoogte te verdedig, het hy net eenvoudig geweier om aan hulle ver=soek te voldoen. Ook het hy geweier om Steynsburg op ver=soek van die Burgersdorpse kommando te proklameer. Dit was 'n noodsaaklike stap want daar het 'n klompie Steynsburgers by die kommando op Kromhoogte aangesluit, en indien die distrik geproklameer sou wees, kon hulle van kommandeerbriewe voorsien word wat 'n mate van beskerming aan hulle kon ver=leen het.[91]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die mag van Olivier in Noordoos-Kaapland uit twee groepe bestaan het. Hulle uitgangspunte en belangstellings was verskillend en die enigste faktor wat hulle gemeen gehad het, was om die Britse magte uit die geproklameerde gebiede te hou. Ook hier het Olivier egter gefaal, want die enigste manier om te verseker dat die geproklameerde gebiede nie deur die Britte beset word nie, was om Gatacre se toevoerlyne agter sy rug af te sny. Olivier het egter sy kanse verspeel, en ná sy ver=kenningstog 'n maand te vore[92] het hy besef dat Gatacre se mag

---

89 Leyds 715 (h) telegram Staatspres. ZAR aan Staatspres. OVS. no. 20, 31/1/00.
90 *Ibid.*
91 Leyds 715 (h) telegram no. 18, 31/1/00.
92 cf. p. 173 van dié hoofstuk.

te sterk was en het hy na Stormberg teruggekeer om daar op die vyand te lê en wag. Of dit die regte ding was om te doen, is ŉ ope vraag, want hier het Olivier slegs drie kanonne gehad: ŉ eersteklas Krupp in die Rouxville-laer en twee 15-ponder Armstrongs in die Bethulie-laer.[93] In die Smithfield-laer, wat ŉ gevaarlike posisie moes ver= dedig, was daar geen grofgeskut nie.[94] Daarby was hul voorraad ammunisie besig om uitgeput te word, "hun getal= sterkte nam zeer af, hun voorraden waren niet ruim meer."[95]

Aan Engelse kant in Noordoos-Kaapland, was dit nou ŉ heel ander prentjie. Die Britse mag van genl. Gatacre was vinnig besig om te herstel en daar het nog steeds versterkings van= uit Engeland en elders aangekom. Daar is gereed gemaak om volgens Roberts se veldtogplan aan die groot opmars deel te neem. Tussen Dordrecht en Penhoek sowat 25 myl suidwes van Dordrecht was die Britse troepe in drie kampe gestasio= neer:[96] 12 myl suidwes van Dordrecht was daar in ŉ kamp van meer as 100 tente, meer as 500 berede *Cape Police*, *Cape Mounted Rifles* en *Brabant's Horse*[97] geplaas. Sowat 3 myl verder was daar volgens inligting deur ŉ ene Grobbelaar verskaf, nog 260 berede troepe. By Penhoek was daar meer as 1 200 man, gedeeltelik berede en origens voetvolk. Nader aan Queenstown was daar ŉ kamp van 30 tente waar *Cape Police* en Kleurlinge gehuisves is. Die Engelse tussen Dordrecht en Penhoek het oor ses kanonne en ŉ maxim beskik.[98]

93 Een van hierdie kanonne het geen ammunisiewag gehad nie en kon dus nie verskuif word nie.
94 Leyds, 716, telegram no. 14, 2/2/00.
95 A. 155, *Nieuwe Amsterdamsche Courant*, 10 Februarie 1901, K. 4, p. 1.
96 cf. p. 161 van dié hoofstuk.
97 cf. p. 183 van dié hoofstuk.
98 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 455.

Genl. Gatacre se divisie by Sterkstroom, 15 myl wes van Penhoek, het uit 5 418 man, waarvan 174 offisiere was, be= staan. Hy het 20 kanonne en 4 majsiengewere by hom gehad. Hierdie mag was soos volg saamgestel: artillerie : 3 veld= batterye (die 74ste, 77ste en 79ste) en 2 12-ponder vloot= kanonne met 'n ammunisiekolonne : 671 man (onder wie 21 offisiere). As die artillerie-personeel van 17 man (onder wie 4 offisiere) hierby gereken word, kan die sterkte van die bemanning van sy artillerie op 688 man van wie 25 offi= siere was bereken word; berede troepe : 661 man berede infan= terie (onder wie 22 offisiere) en die *De Montmorency's Scouts*, 60 man (onder wie 2 offisiere); voetvolk : 5 bataljons, te wete die *1st Royal Scots* (919 man onder wie 24 offisiere), die *2nd Northumberland Fusiliers* (570 man onder wie 20 offi= siere), die *1st Derbyshire* (914 man onder wie 25 offisiere), die *2nd Royal Berkshires* (512 man onder wie 12 offisiere) en die *2nd Royal Irish* (700 man onder wie 12 offisiere) - totaal van 3 615 man onder wie 93 offisiere; genietroepe: die 12de kompanie van 198 man (onder wie 8 offisiere) korpstroepe: 63 man (onder wie 3 offisiere) *Royal Army Medical Corps*: 108 man (onder wie 8 offisiere) en die staf van die 3de divisie: 25 man (onder wie 11 offisiere).[99] Afgesien van hierdie 5 418 man kon Gatacre ook reken op die 3de bataljon *Durban Light Infantry* (708 man onder wie 28 offisiere) wat sy verbindingslinies bewaak het en ook op die mag van genl. Brabant wat op 11 Februarie reeds 1 600 man sterk was. Alte= saam kon hy dus op 11 Februarie 1900 op byna 8 000 man met 26 kanonne staatmaak om Olivier se krygsmag uiteen te jaag.

Die Boeremag by Stormberg was nie onbewus van hierdie saamtrek van Britse troepe nie, want Olivier het reeds op 13 Januarie 1900 aan pres. Steyn getelegrafeer dat hy versterkings moes

---

99 cf. Pollock, A.W.A., *op.cit.*, p. 131.

stuur, want die Britse troepe was besig om by Sterkstroom, Boesmanshoek en selfs by Syfergat saam te trek.[100] As Olivier se latere verkenningstog in die rigting ook nog in aanmerking geneem moet word, moes hy deeglik bewus gewees het van die Britse mag. Dit was egter te laat om iets te doen. As hier ook nog in aanmerking geneem word dat daar op 27 November 1899 tydens 'n krygsraad besluit was om 'n aantal burgers saam met kmdt. Swanepoel weswaarts na De Aar te stuur, en dat Boesmanshoek aan die westekant van Molteno, Penhoek tussen Jamestown en Queenstown, en die pas tussen Dordrecht en Sterkstroom deur die nuwe burgers beset moes word, kan 'n mens nie anders as om die posisie waarin die Boeremagte hulle nou in Noordoos-Kaapland bevind het, aan hulle self toe te skryf nie. Indien hulle reeds handelend opgetree het toe die krygsraad se besluit geneem is, kon hulle baie maklik die genoemde strategiese punte beset het, want in daardie stadium was daar geen noemenswaardige Britse mag in die omgewing nie. Deur hierdie punte te beheer, kon hulle verhoed het dat die mag van Gatacre nou in die besonder=se posisie was om aan die Boere voor te skryf wat om te doen.

---oOo---

100 Leyds 714 (d), telegram no. 217, 14 Januarie 1900.

# HOOFSTUK 6

## DIE BRITSE OPMARS EN DIE TERUGVAL VAN DIE BOEREMAGTE UIT NOORDOOS-KAAPLAND

Lord Roberts was nou gereed om met sy opmars te begin. Uit sy beplanning skyn dit dat die oostelike spoorlyn nie vir hom belangrik was nie. Die teendeel was egter waar. In sy beplanning was hy deeglik daarvan bewus dat hierdie spoor=lyn vir hom uiters noodsaaklik was en dat Noordoos-Kaapland in dier voege beveilig moes word, want, skryf hy aan die hoëkommissaris: "unless the Eastern and Midland Railway lines can be made sufficiently strong to push the enemy north of the Orange River at Bethulie and Colesberg. My force will be in a very difficult position when I strike the railway... with a powerful enemy in my front and cut off from all communication in my rear."[1] Clements, op die Kaapse spoorlyn, en Gatacre, op die Oos-Londenlyn, het dus ŉ belangrike taak in die opmars gehad. Hulle kon weer die spoorlyn tussen Rosmead en Stormberg oopstel en sodoende met mekaar kontak maak en self ten tye van nood versterkings aan mekaar stuur - iets waarna hulle al lank gestreef het, maar wat deur die Boere se optrede en besetting van Stormberg ver=ydel is.[2] Die Boeremagte het egter nie hierdie voordeel behou nie, want reeds op 12 Januarie 1900 het die Britse magte ŉ poging aangewend om met French by Steynsburg kontak te maak. Vir die doel is ŉ patrollie van die *Frontier Mounted Rifles*(FMR) na Steynsburg gestuur.[3] "The object of this move was, I understand, to impose upon the Boer commanders by leading them to expect joint action against Stormberg by French and Gatacre."[4] Pollock het hier ŉ juiste afleiding gemaak, want in werklikheid was die twee aanvoerders se op=

---

1 No C1 - C1214 : Telegrams and letters sent by Field Marshal Lord Roberts from 23rd December 1899, to 19th April 1900, vol. I, p. 37.
2 cf. p. 69 van Hoofstuk 2.
3 Pollock, A.W.A., *With Seven Generals in The Boer War*, p. 132.
4 *Ibid.*, p. 147.

drag "to push on along his own line of railway, Clements to cross by Norval's Pont, and Gatacre by way of Bethulie."[5] Gatacre, wie se mag deur Roberts as swak beskou is, moes in samewerking met brig.-genl. Brabant sy opmars uitvoer.[6] Brabant sou Dordrecht beset en dan na Jamestown en Burgers=dorp opmars, waarnā Gatacre 'n garnisoen na Dordrecht moes stuur om dit te beskerm. Hierna moes hy net verdedigend optree.[7] Die plasing van Brabant op Gatacre se regterflank het egter vir hom baie probleme geskep. Een hiervan was die vraag of Brabant onder sy bevel val of op sy eie is. Gatacre het ook getwyfel of hy sy mag oor Brabant moes laat geld. In antwoord hierop het lord Roberts dit duidelik gestel: "Brabant will be under your orders, but he has been instructed to communicate direct with the Chief of Staff, sending you copies of any reports he may make to Head-quarters."[8] Dit wil egter voorkom asof Brabant hom nie veel hieraan gesteur het nie en telkemale oor Gatacre se hoof met hoër instansies kontak gemaak het. Hy moes dan ook taamlik gereeld daaraan herinner word dat Gatacre sy direkte hoof was, en dat hy eers deur hom met hoër instansies moes kontak maak.[9] Dat Gatacre nie veel van hom gedink het nie, blyk baie duidelik toe hy skryf: "He has a very mixed lot, and their procedure is sketchy, but Lord Roberts wishes him to have a free hand."[10]

Hoe dit ook al sy, een ding het soos 'n paal bo water gestaan: nie een van hierdie twee kon, ten spyte van hulle gevoel jeens mekaar, sonder die ander se hulp opereer nie. Omstandighede het dit vereis dat hulle ten nouste moes saamwerk. Gatacre het daarop gehoop dat Brabant se teenwoordigheid in James=town of Burgersdorp hom die geleentheid sou bied om Stormberg te herower. Brabant het weer nā die verowering van

5 Cassels, *History of the Boer War, 1899-1902*, p. 815.
6 cf. p. 183 van Hoofstuk 5.
7 No C1 - C1214, p. 7. Telegrams and letters send by Field Marshal Roberts.
8 *Ibid.*, pp. 7-55.
9 *Ibid.*, p. 68.
10 Gatacre, B., *General Gatacre*, p. 241.

Dordrecht, en toe hy gevoel het dat sy mag te swak was om verder op te mars, die hoop gekoester dat Gatacre se teen=woordigheid wes van hom, hom die geleentheid sou bied om met sy opmars voort te gaan.[11]

In Noordoos-Kaapland is die groot opmars ingelei deur genl. Brabant se opmars na Dordrecht op 16 Februarie 1900. Dit was 'n opmars wat aangemoedig is deur die gebeure aan die Vrystaat se grens. Op 11 Februarie 1900 het lord Roberts se magte hier in beweging gekom. 'n Week later op 15 Februa=rie, het genl. French se mag Kimberley ontset; op 27 Februarie is genl. Cronje tot oorgawe by Paardeberg gedwing en op 15 Maart 1900 is Bloemfontein deur die Britse magte ingeneem. "By that time this advance in force into the enemy's country had had its effect in the east and south."[12]

In Noordoos-Kaapland was die skrif aan die muur vir hoofkmdt. Olivier en sy Boeremag. Die kommando's wat verspreid oor die gebied was, is na Stormberg teruggetrek, en die rebelle moes die verdediging van talle plekke oorneem. Met lord Roberts se opmars na Bloemfontein het hy hierdie Boeremagte in Noordoos-Kaapland se kommunikasie- en toevoerlyne bedreig, en hulle het net op die bevel om terug te trek, gesit en wag. Toe Gatacre en Brabant se opmars begin, was die weer=stand van die Vrystaatse magte huiwerig en die rebelle-kommando's is skandelik aan hulle eie lot oorgelaat.[13]

Brig.-genl. Brabant het op 13 Februarie 1900 met sy opmars na Dordrecht begin. Net kort tevore het die Boere 'n aan=val op Dalgety se posisie by Bird's River geloods, en heel=wat skade aangerig.[14] Dit het Brabant verontrus, en hy het

11 cf. p. 199 van die Hoofstuk; cf. No C1 - C1224, pp. 38-43.
12 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 240.
13 cf. p. 205 van die Hoofstuk.
14 Leyds 714 (c) : Tel. Nr. 18, 11 Januarie 1900.

baie stadig na Dordrecht opgeruk. Sy mag het bestaan uit die *Royal Scots*, 'n afdeling van die *79th R F A*, die *Colonial Brabant's Horse*, die *Cape Mounted Rifles (CMR)*, die *Kaffrarian Mounted Rifles* en *Cape Police*. Verder was daar ook die vrywilligers van Queenstown en Oos-Londen - altesaam dus ongeveer 1 600 man met twee 15-pond en vier 2.5 dm. kanonne.[15]

Vyf myl van Dordrecht het Brabant kamp opgeslaan en hom voorberei vir die volgende dag se beplande geveg. Omdat die meeste van Brabant se troepe nog nie in 'n geveg betrokke was nie, het hy besef dat 'n nederlaag aan die begin van sy opmars sy troepe kon demoraliseer en skryf hy: "I there=fore determined to feel my way very carefully, and trust to luck to get an opening which would give me a good chance of success."[16] Hierdie benadering van hom het in 'n groot mate sy sukses by Dordrecht, Jamestown en Aliwal-Noord bepaal.

Vroeg die oggend van 16 Februarie 1900 het Brabant se mag in beweging gekom. Vooraan was 'n verkennersgroep wat uit 16 verkenners, 1 afdeling *2nd Brabant's Horse* en 1 afdeling *CMR* wat die kanonne (2-pond kanonne en een Maxim) begelei het, bestaan het. Hierna het die hoofmag gevolg, naamlik drie afdelings van die *2nd Brabant's Horse* met die *Queenstown Volunteers* wat die agterhoede gedek het. Brabant het verder aan elke flank 'n verkenner gehad wat die mag in geval van enige gevaar moes waarsku.[17] Om 10h00 daardie oggend is met die Boere kontak gemaak. Hulle was in 'n sterk posi=sie by Pramkop, net noord van die hoofpad na Dordrecht. Die Boeremag het net uit rebelle bestaan, met Danie Schoeman

---

15 Doyle, A.C., *The Great Boer War*, p. 359.
T9/2, Telegram nommer 118, 26 Februarie 1900.

16 A459 : *The life of general sir E G Brabant*, pp. 151-152.

17 Rapport of fight at Doredrecht, p. 142; cf. T9/2; A459, p. 152.

van Rietpoort, Dordrecht en Cornelius Olivier van Lafkrans as hulle kommandante. Die veldkornette was A Klee en D W Schoeman van Moordenaarspoort.[18]

Die geveg het net buite die dorp plaasgevind. Die dorp is geleë in 'n leegte en net daaragter is daar 'n hoë berg met 'n plato wat oor die leegte uittroon. Laasgenoemde grens aan 'n reeks lae rante wat van die plek waar Brabant se mag was, geleidelik steiler word, maar skerp na die vallei daal en dus 'n goeie vededigingslyn bied. Daar is ook 'n droë sloot wat omtrent 1 myl van die pad reghoekig deur die reeks rante, waar die Boere stelling ingeneem het, sny. Hier het die geveg tot donker voortgeduur. Geeneen van die magte was bereid om iets te waag nie, en in die lig van Brabant se benaderings is sy optrede te verstane.[19] Teen donker het kapt. Flanagan besluit om die rebelle se stellings met 'n bajonet-stormloop aan te val.[20] Toe hy egter die Boere=stellings bereik, was daar geen spoor van hulle nie. Hulle het intussen van hierdie stelling verskuif na 'n posisie aan die oostekant van die dorp. Kmdt. Schoeman was tot hierdie stap genoodsaak omdat baie van die rebelle van Barkly-Oos en ander distrikte die kommando verlaat het en hy met nog net die helfte van die kommando die geveg moes voortsit.[21] Die Britte het twee konvooiwaens en 1 200 skape gebuit.

Met dagbreek het Brabant besef dat, alhoewel hy die boere se stellings verower het, hy nog steeds die dorp sou moes aan=val. Hy beveel dan ook vir kapt. Goddard en sy afdeling om posisie in te neem. In hierdie stadium was die Boeremag egter weer gereorganiseer, en toe hulle kanonskote vanuit

18 Toespraak van Danie Wilhelmus Schoeman van Moordenaarspoort, Dordrecht.

19 cf. p.197 van die Hoofstuk.

20 In kol. Grenfell se verslag oor die geveg is hy van mening dat dit maj. Henderson was wat die stormloop gewaag het. Volgens Brabant was dit egter Flanagan. cf. *Report of fight at Dordrecht, 16th and 17th February, 1900*, p. 144; A 459, p. 153; no. C1 - C1214, p. 33.

21 cf. Breytenbach, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel 4, p. 456; cf. K9.341 (11), p. 2. Volgens D W Schoeman se toespraak het die Rebelle by die wolwas padgegee en was die regterflank van die Boere bedreig.

Penhoek se rigting hoor, het hulle gehoop dat die Engelse daar sou moes gaan help. Toe Goddard posisie inneem om Dordrecht aan te val, het hulle dit met geweervuur be= antwoord. Die Boere se 9-pond Krupp het met verbasende akkuraatheid een van Lukin se kanonne getref.[22] Brabant het egter nie sy mag na Penhoek gestuur nie, maar die Boere uit hulle stellings verdryf, en Dordrecht op 19 Februarie herower.[23] Aan Boerekant het 1 gesneuwel en is 8 gewond. Die Britte se verlies was 7 gedood en 8 gewond. Oor die terugtrek van Schoeman en sy rebelle-kommando was die landdros te Aliwal-Noord glad nie gelukkig nie. Hy was van mening dat daar eerder Vrystaters in die plek van die rebelle moes veg want, telegrafeer hy: "thans is hier groot gebrek aan een bekwaam leider die iets van oorlogvoeren verstaan en die officieren hier zullen zelf die toezending van zulk een leider toejuichen"[24] - voorwaar nie 'n goeie getuigskrif vir Schoeman se leierskap nie! Die Vrystaters kon dit egter nie meer bekostig om nog manne af te staan nie, en het die Rebelle skandelik in die steek gelaat. Selfs 'n pleidooi van die landdros te Aliwal-Noord kon hulle nie oortuig om versterkings na Labuschagnesnek te stuur nie, want Gatacre het al hulle aandag vereis.

Brig.-genl. Brabant het nou gehoop om sy opmars na Jamestown voort te sit, maar sy divisie was nog nie sterk genoeg daarvoor nie. Selfs lord Roberts laat weet deur Gatacre: "If General Brabant is too weak to make further advance he must hold on to Dordrecht until the country in his front is somewhat cleared of the enemy which, I hope, will be the case ere long."[25] Dit was egter nie voor 3 Maart dat

---

22 Dit is interessant om daarop te let dat die Rebelle se Krupp-kanon 'n gevegsafstand van 6 000 tree gehad het, terwyl dié van die Engelse slegs 'n gevegsafstand van 4 000 tree gehad het. (cf. A 459, p. 153.)

23 Oor die Boerestellings sê Brabant die volgende: "The enemy had as we afterwards ascertained, meant to hold two or three favourable positions, but were so afraid of being outflanked by our long line of skirmishers that they hurriedly retreated." (*Ibid.*, p. 157).

24 KG.34 (11), p.3; cf. Leyds 717 (3), Telegram nommer 4, 20 Februarie 1900; Leyds 716 E, Telegram nommer 15, 10 Februarie 1900.

25 No. C1 - C1214, p. 43.

Brabant met sy opmars kon voortgaan nie, want toe is hy deur die *Royal Scots* en 'n afdeling van die *79th Royal Field* versterk.

Met die versterkings was hy gereed om sy opmars na Jamestown voort te sit. Die Rebelle-kommando het na die inname van Dordrecht by Labuschagnesnek stelling ingeneem en Brabant moes hulle eers verdryf voor hy na Jamestown kon opmars. In die lig hiervan het hy maj. Maxwell beveel om die gebied deeglik te bespied. Terselfdertyd het hy ook alle moont=like inligting van mnr. Clark, wat die gebied baie goed ge=ken het, verkry. So het Brabant van 'n Swartman verneem dat die Rebelle hul wagte op die hoogste punte van die berg uit=plaas. Dit gebeur ook net vroeg-oggend, met die gevolg dat daar deur die nag geen wagte uitgeplaas is nie. "Acting upon this I determined to seize the position thus indicated as an important one, during the night."[26] Die situasie herinner aan Gatacre se nagmars, en die vraag ontstaan of Brabant dan nie van die fiasko geweet het nie. Dalk wou hy vir Gatacre wys hoe dit gedoen word. Een ding was egter seker: Brabant was beter toegerus vir so 'n nagmars, en hy het voortgegaan met sy beplanning. Maj. Maxwell moes die mag wat 'n aanval op die rebelle se stelling sou loods aanvoer, terwyl Brabant 'n skynaanval op die "nek" sou loods om sodoende te verhoed dat Maxwell se mag, wat die hoë kop sou verower, deur die rebelle aangeval word.[27] Die aanval is soos volg beplan: Maxwell se mag het uit 300 *CMR*; 300 *Kaffrarian Rifles*; 300 *2nd Brabant's Horse*; 100 *FMR*; 12 *Royal Engineers*; twee 15-pond - twee 2,7-pond - *Cape Mounted Rifles Artillery Troop* bestaan.[28] Hulle moes die nag van 3 en 4 Maart om 24h00 bymekaar kom en na die agterkant van die heuwel by Treurfontein marsjeer, waar 'n stormtroep-afde=ling soos volg saamgestel sou word: 100 *FMR* en *100th*

---

26 A 459, p. 156.
27 cf. Maurice, F., *History of the War in South Africa, 1899-1902*, vol. 2, p. 245.
28 T 21/8, pp. 16-17.

*Brabant's Horse* met die uitdruklike opdrag om die spitskop te beset terwyl dit nog donker was. Die res van die mag sou só geplaas word dat hulle òf Maxwell se posisie, as hy die spitskop ingeneem het, kon versterk, òf sy terugval kon dek. Wat die frontaanval betref, moes hierdie mag om 01h00 posisie inneem op 'n rantjie ongeveer 2 000 tree van die "nek" af, en deur 'n skynaanval verhoed dat die Rebelle die stellings by Spitskop versterk. Hierdie mag het uit 3 kompanies *Royal Scots*, 2 afdelings *1st Brabant's Horse*, 40 man *Xalanga Rifles*,[29] 40 man *Cape Police*, twee 15-pond-*Royal Artillery* en twee 7-pond-*CMR Artillery* bestaan.[30] Die totale getal van die mag was dus ongeveer 1 800.[31]

Nadat alle reëlings afgehandel was, het die offisiere gaan slaap. Om 23h00 is die kamp skielik deur 'n sarsie geweer=vuur gewek. Brabant was dadelik onder die indruk dat dit die Rebelle was wat hulle aanval, maar by nadere ondersoek het dit geblyk dat 'n offisier die horries gekry het, op 'n perd gespring het, en terwyl hy in die kamp rondja, met sy rewolwer 'n skoot afgevuur het. Toe 'n wag hom wou voorkeer, het hy op hom gevuur, met die gevolg dat elke wag in die kamp op hom gevuur het.[32] Die vraag het nou ontstaan of die Rebelle deur die skote gewaarsku is en of daar met die nag=mars voortgegaan moes word. Na deeglike oorweging is daar besluit om met die aanval voort te gaan.

Presies om 24h00 het Maxwell met sy nagmars begin.[33] Sy mag het al met die Indwepad langs na Treurfontein se heuwel beweeg. Die *CMR* het die voorhoede gevorm. Daar was geen maan nie en ten spyte van die feit dat hierdie mag net soos Gatacre ook sy rigting verloor het en selfs verdwaal het, het hulle veilig by Treurfontein aangekom. Nadat Maxwell

---

29 Hierdie 40 man was afkomstig vanuit die Transkei.
30 T21/8, pp. 17-18; cf. *Eastern Province Harold*, 10/3/00.
31 *Ibid.*
32 A 459, p. 157.
33 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 360.

die stormmag, soos beplan, saamgestel het en die res van die *FMR* en *Queenstown Volunteers* op die heuwel by Dordrecht en Treurfontein vir 'n moontlike terugval agtergelaat het, het hy die opmars van die Stormtroepe beveel. Die hele nag=mars het onder die leiding van mnr. Clark plaasgevind. Behalwe dat hy die gebied baie goed geken het, het hy 'n goeie kennis van die Rebelle se metode van oorlogvoering gehad.[34] Clark was seker daarvan dat daar geen Boeremagte op Spitskop sou wees nie, en alhoewel dit al byna dagbreek was, was hy seker dat hulle voor dagbreek die Spitskop sou bereik. So het dit gebeur dat "the storming party actually ran against the Boer picquet, leisurely proceeding to their daily position on the Spitskop."[35] Die Engelse het hulle kans benut en met 'n paar skote die Boeremagte verdryf, en die belangrikste stelling van die gevegsgebied was in die hande van Brabant se Koloniale troepe.

Op 4 Maart om 01h00 het maj. Birkbeck met sy skynaanval op die front begin. Hierdie mag het deur Dordrecht, al met die Indwepad langs, tot by die afdraaipad na Labuschagnesnek beweeg. Van hier af het hulle met die pad tot ongeveer 2 000 tree van die Rebelle af beweeg en op 'n lae rantjie om ongeveer 03h00 stelling ingeneem. Twee 15-pond kanonne was aan hulle regterflank en twee 7-pond kanonne aan hulle linkerflank. Laasgenoemde twee was die naaste aan die Boerestellings. Die oomblik toe die stormtroepe die Spits=kop beset, het die mag met hulle skynaanval begin en Brabant stel dit: "Our job now was to make such an attack as would prevent any serious attempt to retake it."[36] Hulle aanval was op die nek, waar 'n groot groep Boere verskyn het, gekonsentreer. Later het Brabant twee afdelings *Royal Scots*, gesteun deur *Xalangas* en *Cape Police*, onder

---

34 T21/8, p. 19. Die stormtroepe wat die Spitskop beset het, was onder die direkte bevel van kapt. Taplin van die Cape Mounted Rifles. cf. T21/8, p. 23.

35 A 459, p. 157.

36 *Ibid*., p. 157.

die dekvuur van die kanonne en infanterie na 'n reeks rantjies nader aan die Boerestellings gestuur. Dit het hulle sonder enige voorval bereik. Die rantjies het egter nie die nodige dekking teen 'n aanval van die Boere gebied nie en hulle moes terugval. Brabant het egter in sy doel geslaag, en die mag kon teen donker teruggetrek word.

Maxwell en sy mag het daarin geslaag om hulle posisie te behou. Die *2nd Brabant's Horse* kon egter, as gevolg van die donkerte, nie daarin slaag om die "fort" te beset nie. Eers teen dagbreek, toe Notrien met 30 sappeurs hulle te hulp gesnel het, kon hulle dit inneem. Met die "fort" ook nou in hulle besit, was die Britse stelling baie beter daar=aan toe. Hierdie geveg was nie sonder verliese aan Britse kant nie: vier man, Schruder en kapt. Robertson is lig gewond.[37]

Daardie nag het die Rebelle 'n poging aangewend om hulle verlore posisie te herwin, maar is deur maj. Maxwell terug=gedryf.[38] Hierdie uitstekende gevegsman het ook daarin ge=slaag om twee kanonne van lt. Altcard teen die heuwel op te trek en met sy tweede skoot die Boere se kanon stil te maak. Die stryd was nou verby en die Rebelle-kommando het in aller yl na Aliwal-Noord teruggeval. "Het succes van de werksaamheden was hoofzadelyk te danken aan Majoor Maxwell van die Royal Engineers."[39]

'n Interessante voorval is dié waarin mev. M de Wet wat haar tydens die geveg reg tussen die Boere- en Britse magte bevind het, betrokke was. Sy was alleen met haar kinders en 'n Swartman te perdekar op pad na Aliwal-Noord, waar sy haar

---

37 Dit blyk dat kapt. Robertson in bevel was van die Border Horse wat pas van die Kaap aangekom het. (cf. A 459, p. 158; Amery, L.S., *The Times History of the War in South Africa, 1899-1902*, vol. 3, p. 95.

38 Hierdie rebelle wat hier van gepraat word, was hoofsaaklik die 80 man wat onder leiding van kmdt. van Aard as versterkings na Labuschag=nesnek gestuur is. (cf. 119.916/11, 186 : *Weervaringe van oom Gerrie van Rensburg in die Boere-Oorlog, 1899-1902*.

39 *Onze Courant*, K. 5, p. 4.

man, wat vir die Engelse gevlug het, sou ontmoet.[40] By haar het sy ook baie beskuit, sewe geslagte hoenders, 'n opgestopte boud en kop-en-pootjies gehad. Dié wou sy vir haar swaer, Frans de Wet, wat lid van die Rebelle-kommando was, gee. Toe die kanonvuur vroeg die Maandagoggend van 5 Maart begin,[41] het sy haar net duskant die Nek bevind. Van omdraai was daar nie sprake nie en sy moes deurdruk na Aliwal-Noord. Sy het op 'n rebel afgekom wat sy broer wou gaan begrawe. By hom was ook 'n ene Dail Schoeman. Op hulle aanbeveling het sy toe by 'n dam daar naby uitgespan, waar 'n groepie boere haar besoek het. Hulle was doodmoeg en baie honger, want volgens hulle het hulle van die Saterdag af niks geëet nie. Hulle moes die hele Saterdag veg en die nag mag hulle nie hul stellings verlaat het nie. Die Sondag was die hele omgewing in digte mis gehul en wou hulle uit vrees dat hulle hul teen die Engelse sou vasloop, ook nie hul stellings verlaat nie.[42] Die kos wat sy saamgebring het, het hier dus handig te pas gekom.

Die geveg was nou verby en sy het deel uitgemaak van die terugval van die Rebelle-kommando. Op die grootpad na Aliwal-Noord het sy kmdt. Schoeman teëgekom waar hy te voet vir die Engelse gevlug het. Sy perd is doodgeskiet en sy ekstra perd, waarvoor hy gestuur het, het nog nie opgedaag nie. Sy het hom toe opgelaai en verder geneem totdat sy perd opgedaag het. Daarna het sy op haar eie haar tog na Aliwal-Noord voortgesit.[43]

Brig.-genl. Brabant het met hierdie oorwinning oor die Boere sy verdere suksesse met sy mag verseker. Hulle moreel was hoog en die eerste vuurdoop was verby. Hierdie oorwinning het ook verhoed dat die rebellie verder toeneem. Boonop het die meeste rebelle nou besef dat "further resistance here is useless."[44]

---

40 *Dagboek van mev De Wet*, p. 35.
41 cf. Brief van G N Sweetman, 79 Grey Street, Queenstown, 9th Feb. 1974.
42 *Dagboek van mev de Wet*, p. 35.
43 *Ibid.*, p. 37.
44 T21/8, p. 26; cf. Maurice, F., *op.cit.*, vol. II, p. 246.

Vir die Boeremagte was hierdie oorwinning egter 'n gevoelige slag. Behalwe dat hulle ongevalle gehad het, was die Rebelle se moreel laag.[45] Hulle het nie meer lus gehad om te veg nie, veral nie toe die Vrystaters hulle net so aan hulle lot oorgelaat het nie. Hulle het na aanleiding van lord Robers se proklamasie besluit om oor te gee.[46] Van die eerste Rebelle wat oorgegee het, het 'n sekere H R Giddy ontmoet en hulle wapens aan hom op sy plaas, Lauristone, oorhandig. Van die ander Rebelle het op Lundeans Nek oorgegee.[47]

Terwyl brig.-genl. Brabant besig was met sy offensief te Dordrecht, het genl. Gatacre voorbereidings begin tref vir sy opmars na die Vrystaat. Lord Roberts se opmars en die teenwoordigheid van sy magte in die Vrytaat[48] het die Boerestelling suid van die Oranjerivier nutteloos gelaat. Die Engelse was 'n vroeë ontruiming van Stormberg te wagte, en om seker te maak of daar nog enigsins 'n noemenswaardige Boeremag by Stormberg teenwoordig was, het genl. Gatacre op 23 Februarie 1900 'n verkenningstog na die gebied onderneem. Hierdie verkenningsmag het uit die volgende bestaan: vier kompanies van die *Mounted Infantry*, die *Royal Scots*, die *Berkshire Regiment*, die *Royal Irish Rifles*, die *Cape Police*, *De Montmorency's Scouts*, die *74th-* en *77th Batteries RFA* en 500 man van die *Batallion E* en *A* wat in die kamp agtergebly het.[49]

Genl. Gatacre het met hierdie verkenningstog twee oogmerke gehad: eerstens wou hy vasstel wat die Boeremag aldaar se sterkte was, en tweedens wou hy die Boeremagte uit hulle stellings lok. Laasgenoemde wou hy bereik deur 'n defensiewe

---

45 Onder die Rebelle wat gesneuwel het, was N de Bruin, Hans Labuschagne en Theuns van der Merwe. D W Schoeman maak in sy toespraak ook melding van die feit dat sy veldkornet 'n skoot deur die hare gehad het, "zoo dat dit gelijk het zoos een paadjie wat hij gekam het." cf. Toespraak van D W Schoeman.

46 cf. No. C1 - C1214, p. 99.

47 cf. p. 225 van Hoofstuk 7.

48 cf. Gilson, C.J.L., *History of the 1st Batallion Sherwood Foresters in the Boer War, 1899-1902*, p. 12; T 9/3, p. 172.

49 Volgens Gatacre, B., *op.cit.*, was daar 5 en nie 4 kompanies nie.

stelling in te neem en dan sy berede troepe na vore te stuur met die hoop dat dit die Boere sal uitlok om hulle stellings te verlaat. Die terrein by Rooikop was hoogs geskik vir hierdie plan. Gatacre kon sy infanterie per spoor tot by Molteno stuur en vandaar kon hulle, deur ver wes van die spoorlyn en onder dekking van 'n aantal koppies te beweeg, tot naby Stormberg marsjeer. Hier het 'n reeks rantjies parallel met die Boerestelling van oos na wes gestrek. Deur hier stelling in te neem kon hy die Boerestellings bedreig. Hy kon ook bo-op hierdie rantjies met sy kanonne stelling in=neem. Die 74ste Battery was regs en die 77ste Battery links, met die hoofmag net agter hulle. Die berede troepe was soos volg uiteengesit: *De Montmorency's Scouts* regs en die *Irish Rifles Mounted Infantry*, *Berkshire Mounted Infantry*, *Derby Mounted Infantry*, *Royal Scots Mounted Infan=try* en die *Cape Police* links - in totaal 'n mag van 455 man. Hulle uitsluitlike opdrag was "to draw the enemy on to the position occupied by the guns and infantry."[50]

Die Boere was egter daarvan bewus dat Gatacre 'n verkenningstog beplan. Reeds so vroeg as 3 Januarie 1900 het 'n sekere Hans Viljoen 'n swart spioen gevang. Laasgenoemde het hom stom gehou toe Viljoen hom ondervra het en toe hy uit radeloosheid sy oorringe, wat uit patroondoppies gemaak was, afruk, moes hy tot sy ontsteltenis ontdek dat daar binne die patroondoppies 'n uiteengesette plan van die aanval was.[51] Vanaf hierdie oomblik was daar gereeld 'n Boerewag op Rooikop en is daar selde in die Boerekamp geslaap. Hulle het hulle ook goed by Onverwacht, die plaas van S J Schoeman ingegrawe, want vanaf die plaas kon hulle elke beweging van Gatacre se mag dophou.

---

50 T 9/3, p. 172; cf. *Bethlehem Officieel Bericht*, 23/2/00; *The Friend*, 24 Februarie 1900.

51 Meintjes, J., *Stormberg : A lost oppotunity*, p. 128; cf. *Bethlehem Officieel Bericht*, 24 Februarie 1900.

Aan die linkerflank het Gatacre se aanval volgens plan ver= loop. Die Britse troepe het daarin geslaag om die getal= sterkte van die Boeremag te bepaal (200 - 300 man), en toe die Engelse soos beplan, terugval, het die Boere hulle stellings verlaat en hulle agtervolg. Die Engelse het ook daarin geslaag om die Boere se kanonne in werking te kry.[52] Boonop is kmdt. Du Plooy deur hulle verras, en in die geveg wat daarop gevolg het, is hy in die skouer gewond.[53] Daar kan dus met reg gesê word dat hierdie deel van die verkennings= mag hulle sending suksesvol voltooi het.

Aan die regterflank het alles egter nie volgens plan ver= loop nie. Hier was die gevegsterrein heelwat ongelyker as aan die linkerflank, en was daar ook 'n aantal koppies wat binne vuurafstand van mekaar geleë was. In een van hier= die koppies, wat volgens die Engelse Schoemanskop (sien kaart 2) was, wou kapt. De Montmorency sy verkenners laat stelling inneem, "and anxious to gain an advantageous position he had advanced his men well to the front of the general alignment at the very time the remainder of the mounted troops had begin to retire."[54] In sy haas het De Montmorency nou 'n hele aantal fatale foute begaan. Behalwe dat hy die ge= vegslyn verontagsaam het, het hy ook nie seker gemaak dat al sy manskappe hom volg nie. Hy was ook nie daarvan bewus dat die Boere in daardie stadium reeds besig was om dieselfde koppie van agter te bestyg nie. Hy het hom ook misreken met die helling van die koppie, want toe hy dit bereik, was dit sô steil dat hulle dit te voet moes bestyg. Aan die Boere se kant was dit egter nie so steil nie, en kon hulle dit te perd bestyg. Gevolglik kon die Boere daarin slaag om die kruin van die koppie voor die Britte te bereik. Genl. Gatacre het onmiddellik die gevaar waarin De Montmorency en

---

52 Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 13; cf. Meintjes, J., *op.cit.*, p. 132; No C1 - C1214, p. 171; T 9/3, vol. 1, p. 173.

53 cf. *The Friend*, 24 Feb. 1900; A 254; *Dagboek van S J du Plooy, Diep= fontein, Bethulie*, p. 93.

54 Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 13; cf. No. C1 - C1214, p. 171; T 9/3, vol. 1, p. 173; Meintjes, J., *op.cit.*, p. 132; Gatacre, B., *op.cit.*, p. 240.

sy verkenners verkeer, besef en alles in sy vermoë gedoen om die nodige steun aan hom te verleen. Beide kanonne is as dekvuur ingespan, en selfs die regiment is aangewend om kapt. De Montmorency te ondersteun. Dit was egter te laat. Die Boere se vuur was dodelik, en De Montmorency, lt.-kol. Frank Hoskier, Herbert Vice en F S Collet het onder hulle vuur gesneuwel.[55] Toe die res van die verkenners besef wat aan die gang was en skuiling soek, is nog 'n paar manskappe gewond en gedood. So is lt. Hockley deur 'n bomskerf ver=blind. Toe sy mede-verkenners hom te hulp wou snel, het hy hulle beveel om na hulle self om te sien en skuiling te soek. Kort hierna is hy ernstig deur 'n koeël gewond. Hy is later gevange geneem.[56] Sommige van die verkenners het in 'n grot skuiling gesoek waar hulle vasgekeer was. In hierdie stadium het daar egter 'n hewige donderstorm, gepaard met hael, uitgebreek.[57] Dit het die verkenners die geleentheid gebied om terug te val. Toe hulle buite gevaar was, het hulle 'n flankaanval op kmdt. Du Plooy se kommando geloods. Kmdt. Steenkamp het onmiddellik Du Plooy te hulp gesnel, met die gevolg dat toe die Engelse om die koppie kom, hulle reg in Steenkamp se kommando vasgejaag het. Dit was te veel vir hulle en hulle het die aftog geblaas. Die Boeremagte, wat intussen deur kmdt. Potgieter se kommando versterk is, was daarvan bewus dat daar op Molteno 'n groot groep Britse troepe saamgetrek was, en het besluit om nie die Verkenners=mag agterna te sit nie.

'n Mens is geneig om genl. Gatacre te bejammer oor sy mislukte verkenningstog. Ten spyte van deeglike beplanning en 'n

---

55 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 457. Die dood van De Montmorency was vir die Britte 'n gevoelige slag, want hy was een van die be=lowendste jong offisiere in die Britse leer. 'n Klompie klippe is later op die plek waar hy gesterf het, gestapel. Amper 30 jaar later het sy suster na Suid-Afrika gekom om sy graf te besoek en om 'n steen op te rig waar hy gesterf het. (Meintjes, J., *op.cit.*, p. 135; cf. Meintjes, J., *Dorp van my drome*, p. 107).

56 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 457; cf. Meintjes, J., *Stormberg*, p. 138.

57 "De lucht werd zoo donker, dat die omtrek in duisternis werd gehul en de vechtenden werden geteisterd door regen, hagel en storm." Penning, L., *De Oorlog in Zuid-Afrika*, p. 432.

vorige nederlaag, kon hy weer eens nie daarin slaag om die beste daarvan af te kom nie. Alhoewel die sending aan die linkerflank suksesvol was, het die fiasko aan die regter= flank alle kleur uit die verkenningstog geneem. Dit is ongelooflik dat De Montmorency ten spyte van spesifieke opdragte die gevegslyn verontagsaam het, en juis sy aanval moes geloods het toe die res van die Britse mag alreeds be= sig was om terug te trek. Die afleiding kan gemaak word dat genl. Gatacre weer eens nie aan die vereistes van 'n aanvoerder voldoen het nie. Aan Britse kant was daar die vol= gende verliese: gedood : kapt. R de Montmorency, lt.-kol. F H Hoskier, kapt. A R Rudd, kapt. J Weatherley; verkenners : J Maasdorp, F Collet, mnr. Vice, 'n burgerlike; gewond : kpl. Macdonald, verkenners E Kriel, J Selby; vermis : lt. W Hockley, verkenners : A S Meiring, H H Powell. In totaal is 88 troepe gedood en gewond[58] - 'n buitengewoon groot getal manskappe om tydens 'n verkenningstog te verloor.

Alhoewel die Boere die beste daarvan afgekom het, is 5 burgers tog gewond. Een van hulle was kmdt. Du Plooy. Sommige bronne is van mening dat 3 gedood en 7 gewond is. Dit is ook interessant om daarop te let dat Breytenbach van mening is dat dit kmdt. Swanepoel is wat gewond was, S J du Plooy, seun van kmdt. Du Plooy was deel van die geveg, en stel dit egter baie duidelik in sy dagboek dat dit sy vader was wat gewond is.[59] Penning noem ook Maasdorp en Collet, onder= skeidelik landmeter en die uitgewer van die *Burgersdorp Gazette*, as twee van die Boere se verliese, terwyl die Britte hulle weer aandui as verliese aan Engelse kant.[60]

---

58 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, p. 45; cf. No. C1 - C1214, p. 1721; T 9/3, vol. 1, p. 174; Gatacre meld egter in 'n skrywe van 24 Feb. dat ongeveer 70 man vermis word. (Gatacre, B., *op.cit.*, p. 240 ; cf. *The Friend*, 26 Feb. 1900, K. 5, p. 3. Ander bronne is weer van mening dat die verlies 55 was. cf. *Bethlehem Offisieel Bericht*, 24 Feb. 1900; Von Everdingen, W., *De Oorlog in Zuid-Afrika*, p. 361.

59 cf. Breytenbach, J.H., *op.cit.*, Deel IV, p. 457; Penning, L., *op. cit.*, p. 432; *Dagboek van S J du Plooy*.

60 Penning, L., *op.cit.*, p. 432; cf. No C1 - C1214; Meintjes, J., *Stormberg*, pp. 138-139; A 119.1099/11,491.

Ten spyte van die feit dat Gatacre met die verkenningstog weer eens aan die kortste end getrek het, het hy belangrike inligting bekom. Dit was vir hom nou duidelik dat die Boeremag by Stormberg aan die opbreek was en dat daar nie 'n groot kanon in hulle besit was nie. Wat hom ontstel het, was dat die Boere van sagtepunt-patrone gebruik gemaak het. Hy het dan ook daarteen beswaar gemaak.[61] Wat sy eie mag betref kon hy nou rapporteer dat die nuutgestigde berede infanterie, uit die *Royal Scouts*, *Royal Irish Rifles* en *Derbyshire Regiment*, hulle baie goed van hulle taak gekwyt het, terwyl die *Royal Berkshires* getoon het waartoe 'n goed=opgeleide berede infanterie in staat is. Dit was ook nou vir hom duidelik dat hy met sy opmars kon begin, maar slegs met die hulp van brig.-genl. Brabant by Dordrecht. Daarom beveel hy Brabant "to cut in between Dordrecht and Jamestown, which I think should have the effect of making them fall back from Stormberg, in which case I occupy it without evacuating some place behind me."[62] Dit was 'n bevel waaruit die vrees van Gatacre vir die Boere by Stormberg nog duide=lik blyk. Verder kom ook sy onvermoë om 'n situasie alleen te hanteer na vore. Hy was ook nog steeds bang vir 'n rebel=lie in Noordoos-Kaapland - vandaar die verskoning dat hy sommige plekke onbeman sou moes laat, en miskien die belang=rikste van alles, dat hy Stormberg as 'n uitstekende stelling wat baie moeilik beset kon word, beskou het - 'n feit wat die Boereleërleiding nie altyd besef het nie. As hulle hierdie stelling en dié by Labuschagnesnek kon behou, kon hulle heelwaarskynlik Roberts se opmars baie bemoeilik, indien nie heeltemal verhoed het nie.

Genl. Gatacre was egter verniet so versigtig, want na die geveg op 23 Februarie 1900 het die situasie in Noordoos-Kaapland drasties verander. Kapt. McNiel, wat nou in be=

---

61 cf. No. C1 - C1214, p. 171.
62 Gatacre, B., *op.cit.*, p. 241.

vel van die *De Montmorency's Scouts* was het tot sy vreugde op 5 Maart ontdek dat die Boere Stormberg ontruim het. Gatacre het onmiddellik aan sy leërleiding getelegrafeer dat hy Stormberg beset het "with one battalion of Infantry, four companies of Mounted Infantry, two field batteries and some Cape Police."[63] Dit was 'n boodskap wat vir die Britse leërleiding groot verligting moes gebring het, maar vir Gatacre 'n bitter smaak in die mond moes gelaat het. Dit is wel waar dat hy Stormberg beset het, maar hy kon nie daarop roem dat hy dit verower het nie, want die Boere het vir hom die volgende boodskap agtergelaat: "Well General Gatacre seeing that we thrashed you twice with very inferior numbers, we will give you Stormberg to avoid futher British bloodshed, for you will never succeed in taking it, wishing you a quick and safe return to England, I am yours, A Boer."[64] Bo-aan hoofkmdt. Olivier se sinkkantoor het daar geskryf gestaan: "We have waited for you 24 hours and cannot wait any longer - Good bye."[65]

Dit is seker dat hierdie boodskappe vir Gatacre 'n doring in die vlees moes gewees het. Uit die boodskappe kan 'n aan=tal afleidings gemaak word. Veral uit die laaste boodskap blyk dit duidelik dat die Boeremagte by Stormberg op bevel hulle stellings moes verlaat en redelik vinnig ook.[66] Dit kom ook voor dat hierdie terugtrekking kort na 'n besoek van pres. Paul Kruger aan Bloemfontein geskied het. Die redes vir die onttrekking van die Boere by Stormberg is talryk, maar die mees aanvaarbare rede is die feit dat die Boeremagte gevrees het dat hulle verbindingslyne en kommunikasiestelsel agter hulle afgesny sou word. Hierdie vrees is bewaarheid toe Roberts met sy opmars begin het. Hoe dit ook al sy, die roete vanuit Noordoos-Kaapland na die Oranje-Vrystaat was nou oop en het Roberts in sy doel geslaag.

---

63 Cd., 457, p. 25.

64 *Northern Post and Border News*, 27 April 1900, K. 1, p. 2. Hierdie boodskap was geskryf op 'n boek wat deur dr. Isaacs van Molteno op 'n lokomotief gevind is.

65 *Ibid.*

66 cf. p. 180 van Hoofstuk 5.

Aan die oostekant van Noordoos-Kaapland het Brabant, volgens opdrag, sy opmars na Jamestown begin. Hy skryf in sy dagboek: "There was nothing to prevent my advance and as we heard that the Stormberg had been evacuated Aliwal North was clearly the objective I should make for with the hope of saving the bridge."[67] Dit was inderdaad so, want nie soseer die rebelle of Boeremagte was sy grootste probleem nie, maar wel om die regte roete na Jamestown te kies. Sonder enige noemenswaardige teenstand het Brabant tot by Jamestown gevorder. Net eenmaal het ongeveer 'n 1 000 man sy opmars probeer stuit. "Toe is ons aangesê, so (een) 1 000 man om een nag uit te trek in die rigting van Jamestown, daar was een Engelse laer, wat die fout was weet ik nie, maar toe ons die rant moes inneem was die vyand reeds daar. Hulle het ons so net toe die son opkom met 6 kanonne ontvang. Daar was dadelijk een harwar onder die burgers, en daar het kommandant Coetzee ook dadelijk aan sy burgers gesê hy draai om, die wat hom wil volg moet kom. Die rede hiervoor was blykbaar verkeerde leiding."[68]

Sonder enige verdere teenstand het brig.-genl. Brabant James=town op 7 Maart 1900 herower. Nadat hy die Boere-landdros gevange geneem het, het hy die volgende dag tot 11 myl vanaf Aliwal-Noord gemarsjeer.

In Noordoos-Kaapland was daar nie meer enige weerstand van die Boeremagte nie. Abraham Griesel skryf byvoorbeeld in sy oorlogsherinneringe: "Een nag so teen 2 uur, nog vol moed en met luide stem sing ons terwyl ons deur Burgersdorp vlug: 'O, Engeland roem gerus al op jou grote mag, ons is

---

67 A 459, p. 158.

68 A 119.1099/11,491. Wat hierdie gegewens belangrik maak is die feit dat daar wel 'n poging was om die opmars te stuit. Dat dit egter deur 1 000 man gedoen is, is 'n bietjie verregaande, want dit is te betwyfel of daar in die stadium nog soveel burgers in die gebied was. Dat daar wel so 'n poging was, word gestaaf deur die volgende: "On 7th March Brigadier-General Brabant reported that the enemy had retired from their position in front of Jamestown, and that the road to that place was now open." cf. Cd., 457, p. 25.

vir jou nie bang, ook nie 'n enkel dag. By jou is broodsgebrek en somtyds hongersnood, by ons is geld genoeg, en al wat werk, het brood, ensovoorts'"[69] - voorwaar 'n optimistiese siening vir die toekoms! Uit die gedeelte is dit egter duidelik dat die Boere nie uit Noordoos-Kaapland moes padgee omdat die Britse magte hulle daartoe gedwing het nie, maar dat hulle nog vol moed vir die toekoms die streek verlaat het.

Op dieselfde dag as wat Brabant Jamestown herower het, het genl. Gatacre Burgersdorp ingeneem. Hy kon ook nou rapporteer dat hy besig was om die spoorlyn tussen Steynsburg en Stormberg te herstel. Alle weerstand in Burgersdorp was iets van die verlede; trouens, Gatacre se mag is met ope arms daar ontvang. Gevolglik skryf hy aan die Britse leërleiding: "Many rebels in the vicinity were stated to be anxious to lay down their arms, if their lives would be spared."[70]

Na die herowering van Burgersdorp was Gatacre se volgende stap om die brug by Bethulie te beveilig, want in Roberts se opmars was dit een van die brûe wat die sukses van sy opmars sou bepaal. Reeds so vroeg as 22 Februarie het Roberts aan lord Kitchener opdrag gegee om die brug by Norvalspont goed te verdedig en dat "the Bethulie Bridge would appear to be the one we could secure the more easily. This would require assistance from General Gatacre's troops, and you are authorized to call upon him for such assistance as he may be able to afford."[71] Om aan hierdie opdrag van Roberts te voldoen het Gatacre dadelik vanaf Burgersdorp troepe na die brug gestuur. Op 11 Maart laat weet hy aan die Britse leërleiding dat die brug by Norvalspont opgeblaas

---

69 Griesel, A.J., *'n Oud-stryder kyk terug : Kinder en Oorlogsherinneringe van Abraham Jacobus Griesel*, p. 23.
70 Cd., 457, p. 25.
71 No C1 - C1214, p. 38.

is, maar dat die pilare nog staan en dat die Boeremagte noord daarvan stelling ingeneem het. In verband met die brug by Bethulie skryf hy die volgende: "The road bridge at Bethulie was uninjured, though the piers had been wined. It would appear that the charges had failed to explode, and the Boers had no time to attach fresh fuses."[72]

Wat in werklikheid hier gebeur het, was dat die Boere onver= hoeds gevang is. Hulle het nie gedink dat die Britse magte so gou hulle verskyning by die brug sou maak nie, en was nog besig om gereed te maak om die brug op te blaas, toe hulle inderhaas moes vlug. 25 Burgers het agtergebly om te ver= hoed dat die Engelse die brug oorsteek.[73] Die nag voor die geveg het 20 egter die brug verlaat en huiswaarts gekeer sodat daar net 6 man oorgebly het, naamlik S G Pienaar, Piet Roux, Jan Kruger (Rooikoppies), John Venter, 'n ene Coetzee en A J Griesel.[74] Oor die name van hierdie burgers wat by die brug agtergebly het, is daar egter by die verskillende oud-stryders 'n verskil. So skryf mnr. Frikkie Cronje by= voorbeeld aan *Die Volksblad* dat die vyf burgers wat by die brug teenwoordig was die volgende was: Piet van Vrede (ons korporaal), At Roux, John Venter, Diederichs en hyself.[75] As die name vergelyk word, blyk dit dat net twee name ooreen= stem, naamlik dié van John Venter en Piet, wat net sowel At Roux kon gewees het. As ons nou ook nog in aanmerking neem wat mnr. M G Toerien aanvullend tot bogenoemde brief aan *Die Volksblad* skryf, is die verwarring nog groter. Hy meld ook die name van Piet van Vrede en Jan (John) Venter, maar laat dit blyk dat hyself ook daar was. Dus kan ons met sekerheid sê dat Piet van Vrede, Jan Venter, A J Griesel, Frikkie Cronje en M Toerien daar was.[76] Aangaande die ander

---

72 Cd., 457, p. 25; cf. Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 16; Maurice, F., *op.cit.*, vol. 2, p. 249; T 9/2.

73 119.560.

74 Griesel, A.J., *op.cit.*, p. 23.

75 A 119.560.

76 *Ibid.*

name wat deur die onderskeie persone genoem word, kan dit wees dat hulle net die verkeerde name verstrek het. Die res van die Boeremag het hulle noord van die groot hoogte by Bethulie bevind.[77]

Die Saterdag al was daar kontak tussen die Britse magte, wat hulle suid van die Oranjerivier by die plaas Holmsgrove ingegrawe het, en die Boere by die brug.[78] Op Sondag 13 Maart[79] wou kmdt. Grobbelaar met al die burgers die brug bestorm het, want kmdt. Du Plooy was in die skouer gewond,[80] maar "Oor die oop veld en die vyand in goeie posisie, was die vuur te dodelik vir ons en ons kommando moes retireer."[81] Die taak om die Engelse anderkant die brug te hou, is dus aan die manne by die brug oorgelaat. Hulle was redelik goed ingegrawe in 'n sloot wat as 'n loopgraaf kon dien. Twee van die manne het egter Martini-Henry-gewere gehad, met die ge= volg dat, as hulle 'n skoot gevuur het, dit geweldig baie rook veroorsaak het. Dit was 'n groot nadeel, want dit het on= middellik hulle posisie aan die Engelse verraai, wat hulle met kleingeweervuur en selfs bomme kon bestook. Gevolglik was kmdt. Grobbelaar gedwing om na hulle te kruip en hulle te beveel om nie met die gewere te skiet nie, want hulle "sal al die manne hier laat dood skiet."[82] Om 16h00 daardie middag het die Britse mag met kanonvuur op die burgers by die brug losgetrek.[83] Die Boere het met hulle kanon vanaf hulle kamp die Engelse vuur beantwoord, maar kon nie sukses behaal nie. Een van die Engelse se bomme het egter met ver= reikende gevolge tussen die burgers by die brug geval: "drie man is getref. Piet van Vrede het, volgens my eie ondersoek, 7 wonde van daardie bom se inhoud gekry. At Roux het die voorste punt van die bom voor teen sy hoof gekry en

---

77 A 119,541; 119,560; Griesel, A.J., *op.cit.*, p. 23.
78 *Ibid.*; Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 17; Cassels, *op.cit.*, p. 815.
79 *Ibid.* Griesel noem die datum 10 Maart, maar Gilson en Cassels se datums is dieselfde, naamlik 13 Maart.
80 Griesel, A.J., *op.cit.*, p. 23. Dit is ook nou duidelik dat dit Du Plooy was wat by Schoemanskop gewond is. (cf. p.209 van die Hoofstuk).
81 *Ibid.*
82 *Ibid.*, p. 24.
83 Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 18; A 119,560; A 119,541; Griesel, A.J., *op.cit.*, p. 24.

sy hele hoof is stukkend geslaan. Venter het net een koeëltjie in die bors gekry, toe het ek hom onder die brug gebring en sy klere uitgetrek, maar daar het geen druppel bloed uit die wond geloop nie."[84] Hier onder die brug het Venter op die skoot van Toerien gelê terwyl hy op 'n dinamiet=kissie gesit het. Diedericks het intussen 'n ambulans gaan soek, wat eers daardie aand as gevolg van die Britse ge=weervuur by hulle kon uitkom. Jan Venter het gesterf toe hulle hom in die ambulans gelaai het. Dit was nodeloos om enige verdere teenstand te bied en die brug is aan die Engelse afgestaan.

Aan die Britse kant was daar die vrees dat die Boere die brug sou opblaas. Hulle het dan ook duidelike tekens ge=vind dat die Boere dit wel probeer het, maar hulp is soos hier bo uiteengesit deur die koms van die Britse troepe ge=fnuik. Die hoofdoel van die Engelse gedurende die geveg was om ten alle koste te verhoed dat die Boere hulle werk voltooi, en ltd. Popham het daarin geslaag "to cross the bridge, cut the wire, remove the detonators from the mines, and then to recross and carry away several boxes of dyna=mite, which had been observed under the last span of the bridge."[85] Deur die optrede van kapt. Grant, wat seker ge=maak het dat alle dinamiet uit die gate is wat die Boere in die brug geboor het, is die brug finaal beveilig. Die weg na die noorde was nou oop en Roberts se opmars verseker.

Intussen het Brabant met sy mag tot ses myl vanaf Aliwal-Noord gevorder. Die 11de Maart 1900 het hy by Elandslaagte kamp opgeslaan. Die heuwels by die dorp was onbeset en het dit gelyk asof die Boere die dorp sonder slag of stoot afgestaan het. Hy was egter daarvan oortuig dat hulle 'n poging sou

---

84 A 119.541; cf. A 119.541. Oor Piet van Vrede sê Toerien ook die volgende: "Piet van Vrede was 'n baie dapper man." (A 119.541).

85 Cassels, *op.cit.*, vol. 1, p. 816; cf. Gilson, C.J.L., *op.cit.*, p. 19.

aanwend om die brug op te blaas, en net soos Gatacre by Bethulie, moes hy dit ten alle koste vermy. Om dié rede besluit hy toe om 'n sterk "advance guard with two guns under Col. Henderson (1st Brabant's) with the instructions to approach the town with care, to attempt to seize the bridge and hold it, but on no account to go beyond the bridge until I came up with the main body,"[86] na Aliwal-Noord te stuur. Die boeremagte het teen hierdie tyd die dorp ontruim want Olivier het die vorige dag reeds die sleutels van die land=droskantoor aan vk. H Taggert oorhandig.

Brabant was nog besig om uit te span toe hulle kanonvuur hoor. Hy het onmiddellik sy mag gemobiliseer en in alle haas na Aliwal-Noord vertrek. Sy groot vrees was dat Henderson te ver sou gaan en onnodig in die moeilikheid sou beland. Hierdie vrees van hom is nog verder versterk toe hy van kapt. George Farrar verneem dat "our men were in the Free State, and there was a Boer Laager in sight."[87] Brabant was woedend en het met 'n gedonder van hoewe deur die strate van Aliwal-Noord na die toneel gejaag waar Henderson, ongeveer 1 500 tree in die Vrystaatse grondgebied, besig was om die terugvallende Boere met kanonvuur te bestook. Dit was Sondagoggend en die meeste mense was in die kerk "but the Clergyman afterwards confided... that on this occasion for the first time in his life he conducted a service without a congregation."[88] Toe Brabant die plek bereik waar Lukin se kanonne stelling ingeneem het, het hy onmiddellik gemerk dat dit waarvoor hy bang was, inderdaad besig was om te gebeur. Een van die afdelings was in 'n posisie waaruit hulle moeilik onttrek kon word. Intussen het die Boere ook met dodelike kanonvuur dié van die Britte beantwoord.[89]

---

86 A 459, p. 159.
87 *Ibid.*, p. 160.
88 *Ibid.*
89 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 360; cf. Amery, L.S., *op.cit.*, vol. 3, p. 593.

Hy het onmiddellik beveel dat daar teruggeval moes word. Die Boere het hierdie terugval opgemerk en het probeer om al langs die regteroewer van die rivier op te kruip. Aan= gesien Brabant egter daarin geslaag het om 'n leë meule aan die linkerkant van die rivier te beset, kon die Britte terugval tot 'n posisie vanwaar hulle die brug kon beskerm. Die Boere se aanslag is afgeweer, en daar was geen verdere gevaar dat die brug deur hulle opgeblaas of ingeneem sou word nie.

Aliwal-Noord was nou weer deur die Britse magte herower, en vir die pro-Britte op die dorp was dit 'n vreugdevolle dag. So het 'n dame byvoorbeeld vir Brabant, toe hy in die hotel gaan eet het, gesê: "I don't know what General you are, but I thank you from the bottom of my heart."[90] Die Britte het egter nie die dorp sonder verlies beset nie. Daar was ongeveer 25 ongevalle, en om hulle te behandel is die skool as 'n hospitaal ingerig.[91] Die vrouens van die dorp het die beseerdes behandel en hulle kos gegee.

Intussen het genl. Brabant sy kamp in Aliwal-Noord opgeslaan en was daar groot bedrywighede aan die gang. Die munisi= paliteit, sowel as die inwoners het hul lojaliteit op on= dubbelsinnige wyse betoon. Tydens 'n massavergadering op die markplein is die volgende mosie eenparig aangeneem: "As British Subjects assembled we desire to express our en= tire concurrence with the refusal of Her Majesty's Ministry to allow the South African Republic and the Orange Free State to retain their independence, and we hereby declare our Solemn Conviction that the incorporation of those states within the British Empire can alone secure peace, prosperity and public freedom throughout South Africa."[92]

---

90 A 459, p. 161.
91 Du Plooy, F.J., *Aliwal-Noord : Eenhonderd Jaar*, p. 112.
92 *Ibid.*, p. 113.

Noordoos-Kaapland was nou in die hande van die Britte. Die Boeremagte het hulle kans verspeel om die Britte in die Kaap=kolonie vas te pen, en het lord. Roberts die inisiatief oorgeneem. "Die Boereleërs het in Kaapland in 'n uitstekende posisie verkeer om met die hulp van die talle Kaapse Afrika=ners wat bereid was om hulle te help, lord Roberts se inval in die Vrystaatse Republiek 'n haas onmoontlike onderneming te maak. Al wat hulle moes doen, was om met alle mag op die Britse leër se verbindingslinies toe te sak - dit wil sê lord Roberts se aanval met 'n teenaanval in sy rug te beant=woord. Dit was die aangewese strategie om te volg. In plaas daarvan het hulle egter die onmoontlike probeer. Hulle het hulle in die front van daardie leër gewerp en daar=die oormagtige leër deur defensiewe optrede probeer stuit."[93] Die onttrekking van die Boeremagte uit Noordoos-Kaapland het groot nadele vir die rebelle in die gebied ingehou. Die Boeremagte het die burgers in Kaapland wat by hulle aange=sluit het, geheel en al in die steek gelaat. Die rebelle het nou in 'n groot mate hulle vertroue in die Afrikaners in die Republieke verloor, en terwyl baie Afrikaners eers die Republieke se saak goedgesind was, het baie nou hulle rug op die Republieke gekeer. Baie moes ook hier die smaad en hoon van hulle mede-Kolonialers verdra en verhore deurstaan. "The rebellion in the Colony was now absolutely dead as far as the north-east goes."[94]

---oOo---

93 Breytenbach, J.H., *op.cit.*, vol. 4, p. 459.
94 Doyle, A.C., *op.cit.*, p. 360.

# HOOFSTUK 7

## SLOT

Die suksesse wat die Boeremagte aan die begin van die oor= log in Noordoos-Kaapland gehad het kan aan baie faktore toegeskryf word. Die belangrikste hiervan moet miskien in die Boeremagte se samestelling en funksionering gesoek word. Anders as die Britse magte was die kenmerkendste eienskap van die Boeremagte dat hulle krag nie soseer in hul Kommando's, kompanies of afdelings geleë was nie, maar in die individu. Die Boeremagte was ook voor die voet berede, en dit het aan hulle ŉ beweeglikheid gegee waarmee die Britse magte nie kon meeding nie. Dit het aan hulle ŉ sterkte verleen wat opgemaak het vir hulle tekort aan weer= bare manne. Die feit dat hulle egter nie offensief wou optree nie, het die doeltreffendheid van die mag verminder. Konvensionele oorlogvoering was iets waaraan hulle nie ge= glo het nie, en dit het gevolglik nie deel van hulle krygs= beleid uitgemaak nie. Hul taktiek was om met so ŉ klein verlies aan eie kant as wat enigsins moontlik was, aan die vyandelike leërs die maksimum skade te berokken. Hulle terreinkennis en vaardigheid as skuts was ook veel beter as dié van hul vyand. Om dié rede het hulle verkies om die vyand op die oop veld aan te durf en nie in verskanste stede of dorpe nie. Dit was dus hulle taktiek om waar die vyand in dorpe verskans was, sodanige dorpe slegs so doeltreffend as moontlik te isoleer. Hulle het besef dat pogings om sulke vestings deur swaar stormaanvalle te probeer inneem baie hoë offers aan menselewens sou verg. Die dorpe wat hulle in Noordoos-Kaapland ingeneem het, het geen noemens= waardige teenstand gebied nie; inteendeel, daar was geen Britse troepe om hulle teen te staan nie. Aliwal-Noord, Burgersdorp, Jamestown, ensovoorts dien as voorbeeld.[1]

---

1 cf. p. 32 van Hoofstuk 2.

Die feit dat hulle gehuiwer het om Molteno, wat 'n Britse voorpos was, te beset, en eers Stormberg nā die terugtrek=king van die Britse troepe aldaar beset het, staaf hierdie uitgangspunt van die Boere-leërleiding. Hulle het begryp dat Groot-Brittanje die sterkste van alle moondhede was, en oor bykans onbeperkte getalle soldate beskik het. Hulle sou dus spaarsaam met hul eie strydkragte moes omgaan. In die lig hiervan is dit deels te begrype waarom die Boeremagte nā die Slag van Stormberg nie daartoe oorgegaan het om genl. Gatacre se mag te agtervolg en geheel en al te verslaan nie.[2]

Uit die gebeure in Noordoos-Kaapland blyk dit dat die Boere=kommandante soms heel onprofessioneel opgetree het, en dat opdragte van die hoofkommandant of bevraagteken of selfs verontagsaam is. Hierdie swakheid moet gesoek word in die wyse waarop offisiere in die Boeremagte aangestel is. Die gebruik was dat die burgers op demokratiese wyse self hul leiers gekies het. In baie gevalle is militêre eienskappe nie in ag geneem nie, maar eerder rykdom, aansien, familie=belange en politieke standpunte. Op die gevegsfront was die gevolge rampspoedig. Die burgers was vindingryk genoeg om uit die onbekwaamheid van hul leiers voordeel te trek. So het elke burger op sy demokratiese reg ten opsigte van besluitneming aanspraak gemaak. In die meeste gevalle was die individu se belange bo dié van die oorlog gestel. Ver=al tydens 'n krygsraad, wat deur vanaf die laagste rang tot die hoogste rang bygewoon is, is min werklike militêre be=sluite geneem. As sprekende voorbeeld hiervan dien die krygsraad wat by Stormberg gehou is om te besluit oor watter kommando die kanon moes behou. Die feit dat kmdt. Du Plooy sy kommando eenvoudig net onttrek het uit die belegging by Stormberg, terwyl 'n aanval van die Britse magte vermoed is, staaf die voorafgaande stelling.[3]

---

2 cf. p. 142 van Hoofstuk 4.
3 cf. p. 73 van Hoofstuk 2.

Dit is ook begryplik waarom daar ernstige en haas onbegryp= like militêre en strategiese flaters aan die Oranjerivier-front en Wesfront begaan is. So is die wesfront van Transvaal met Mafeking as sentrale punt meer as 'n maand lank oorlaai met sowat 6 000 man wat hul kosbare tyd daar verspil het. Die kommando's van kmdte. Grobler, Swanepoel en Olivier, wat verreweg die belangrikste en gevaarlikste front moes bewaak, is daardeur só ernstig afgeskeep dat hulle hul verdedigingspligte nie kragdadig kon uitvoer nie. Dit het die Britse leërleiding die geleentheid gebied om hulle vrylik in die Kaapkolonie by belangrike spoorwegaan= sluitings en stasies in te grawe. Dit het ook aan genl. Buller die gulde geleentheid gebied om lord Methuen met sy ontsettingsmagte oor De Aar en Oranjerivierstasie na Kimber= ley in te stoot; om genl. Gatacre deur Queenstown te stuur om Stormberg te herower en om Noupoort te laat herbeset deur genl. French, wat dan Colesberg ook moes verower. Van hierdie strategiese punte af het die beplande Britse veldtog oor Kimberley en Bloemfontein na Pretoria plaasgevind.

'n Inval of indringing tot diep binne die Kaapkolonie sou nie slegs voordele vir die Boeremagte ingehou het nie - die ver= bindinglinies van die Boere sou baie verleng wees. Dit sou ook die proviandvoorsiening aan die Boeremagte diep in die Britse gebiede heelwat bemoeilik. Die groot vrees van die Boere-leërleiding was dat hulle verbindingslinies agter hulle rug deur die Britse troepe afgesny sou word en dat hulle dan in die Kaapkolonie vasgekeer sou word. Dit verklaar waarom hoofkmdt. Olivier hom by Stormberg ingegrawe het. Dit was nie ver van die suidelike grens van die Vrystaat nie en hy kon, in geval van enige bedreiging, hom baie maklik by die Boeremagte in die Vrystaat voeg. Met lord Roberts se opmars was dit dan ook presies wat gebeur het.

Die Engelssprekende bevolking van die suidwestelike, die suidelike en oostelike dele van die Kaapkolonie het hulle met net so veel geesdrif teen die Boeremagte wat daardie gebiede binne getrek het verset, as wat die Afrikaanse element in Noordoos-Kaapland dit gesteun het. Die militêre voordeel wat die Boere deur die steun van die Afrikaners ge= kry het is in 'n groot mate deur die teenstand van die Engelssprekendes uitgewis. Die belangrikste voorbeelde van hierdie teenstand was die *De Montmorency's Scouts* en *Brabant's Horse*, wat hoofsaaklik uit Koloniale vrywilligers bestaan het. In die Britse opmars het hulle 'n baie be= langrike rol in die herbesetting van Noordoos-Kaapland ge= speel.[4]

Die feit dat die Kaapkolonie by die oorlog betrek is moet nie aan die houding van die regering of die inwoners van die gebied toegeskryf word nie. Dit is 'n feit dat die leiers van die Afrikaners in die Kaapkolonie, ten spyte daar= van dat hulle ook met die verontregte landgenote in die republieke gesimpatiseer het, eerder neutraal sou wou bly.[5] Die meeste van hulle volgelinge het dieselfde begeerte ge= koester en wou nie van staatsvorm verander en by die repu= blieke ingelyf word nie. Dit is dan ook verkeerd om te beweer dat die Boeremagte die gebiede wat hulle beset het, geannekseer het. Die enigste stap wat die Boeremagte ge= neem het, was om besettingproklamasies in die gebiede af te kondig, en om in ooreenstemming daarmee die gebiede onder beheer van die Republikeinse militêre bevelvoerders te plaas.[6] Daar moet aanvaar word dat daar wel in die noorde van Noordoos-Kaapland Afrikaners was wat begeer het dat die republieke hulle moes regeer, maar hulle was nie die meerder= heid nie.

---

4 cf. p. 91 Hoofstuk 3.
5 cf. p. 21 Hoofstuk 2.
6 cf. p. 36 Hoofstuk 2.

Dit was ook nie die skuld van die twee republieke dat Kaap=land die stryd ingesleep is nie. Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit duidelik dat hulle geen begeerte gehad het om die Kaapkolonie te verower nie. Hulle het wel die hoop gekoester dat, as hulle die gebied binnedring, daar van die Afrikaners by die Boeremagte sou aansluit. Dit was egter nie die enigste rede vir hulle inval in die gebied nie. Die republieke was selfs bereid om te waarborg dat hulle die Kaapse grense nie sou oorskry as die Britse leërleiding sou onderneem om die neutraliteit van die gebied te eerbiedig en geen troepebasis daarvan te maak nie. Die teendeel was egter die geval, en dit was juis hierdie gebied vanwaar die finale aanslag op die Boererepublieke gemaak sou word. Britse troepe is hier gekonsentreer en voorrade het hier opgehoop. Die republieke het dus geen ander uitweg gehad as om uit selfverdediging op die Kaap=kolonie toe te sak nie. Die rede vir die inval in die Kaapkolonie moet dus toegeskryf word aan die optrede van die Britse leërleiding.

Dit het tot gevolg gehad dat die Afrikaner in Noordoos-Kaap=land by 'n oorlog betrek is waarby hulle in werklikheid nie betrokke wou wees nie. Hulle het besef dat die republieke deur Engeland tot die inval gedwing is, en het hulle nie as agressors ontvang nie, maar as patriotte en volksgenote.[7] Die Britse leërleiding het van hulle verwag om die invallers met vyandskap te bejeën, maar dit kon hulle nie doen nie. Die bande tussen die Afrikaners dwarsoor Suid-Afrika was te sterk. Die Afrikaner in die Kaapkolonie was ook daarteen dat hul vaderland gebruik word as 'n basis om die Afrikaners in die republieke te beveg. Toe die oproep tot hulle kom om teen die bedreiging van die Britse magte te kom help, het hulle daaraan gehoor gegee. Die Boere-leërleiding het aan hulle die versekering gegee dat by 'n eventuele vredesluiting

---

7 cf. p. 35 van Hoofstuk 2.

hul belange net so veel in ag geneem sou word as die van die onderdane van die republieke self. Dit was waarvoor die Afrikaner in Noordoos-Kaapland gewag het, en honderde het by die Krygsmagte aangesluit. Die Afrikaner in Kaapland het nou alles op die spel geplaas om die saak van die republieke te beveg, en indien die Boeremagte hulle aanvanklike suksesse opgevolg het, sou baie meer by hulle aangesluit het. Die republieke het egter hulle krygskanse in Noordoos-Kaapland op 'n jammerlike wyse verspeel - tot groot teleurstelling van die rebelle, wie se lewens deur die mislukking van die inval in Kaapland op die spel ge= plaas is. Vir die Afrikaners wat by die Boerekommando's aangesluit het, was dit 'n bittere ontnugtering. Hulle het gevoel dat hulle deur die republieke in die steek gelaat is, en baie van hulle het die Transvalers en Vrystaters op hier= die tydstip met bitterheid bejeën.[8] Hulle is aan die ge= nade van die Britse leërleiding oorgelaat en die Britse troepe het op hulle toegesak. Talle is in tronke gestop, eiendomme is òf gekonfiskeer, òf verwoes, terwyl diegene wat moes help om dit te verdedig na die noorde gevlug het om eie huis en haard te gaan beskerm. Die goeie gesindheid waarmee die Afrikaner in Kaapland die Transvalers en Vry= staters aanvanklik bejeën het, het 'n ernstige knou onder= vind.

Lynreg hierteenoor, het die Britse leërleiding se optrede in die Kaapkolonie gestaan. Daar kan met reg gesê word dat indien die vrywilligermagte in Kaapland saam met die beskikbare troepe aldaar opgeroep was en na die Oranjerivier gestuur was, hierdie grens nie sommer deur die Boeremagte oorgesteek sou gewees het nie. Sonder die morele onder= steuning van die kommando's wat die gebied binnegedring het, sou daar ook nie rebelle optrede gewees het nie. Van die kant van die Britse leërleiding was daar dus ook 'n huiwering

---

8 cf. p. 219 van Hoofstuk 6

om op te tree. Hierdie huiwering kan egter nie soos by die Boeremagte aan hulle krygsbeleid toegeskryf word nie, maar wel aan die feit dat hulle die Boere-leërleiding se aandag nie onnodig op hierdie gebied wou vestig nie. Die groot fout wat genl. Redvers Buller as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika begaan het was om die Britse magte in Suid-Afrika te verdeel en sodoende hulle effektiwi= teit te verminder. Die aanstelling van genl. William Gatacre, as bevelvoerder van die Britse magte wat die opmars vanuit Queenstown na die noorde moes onderneem, was ook 'n fout. Hy kon nie daarin slaag om aan die verwagtinge te voldoen wat aan hom gestel is nie, en moes uiteindelik terug= geroep word. Indien Gatacre daarin kon geslaag het om met sy eerste aanval op Stormberg die Boere te verdryf, sou die oorlog in Noordoos-Kaapland waarskynlik heel anders verloop het. Hoe dit ook al sy, dit het eers 'n man van die for= maat van genl. Roberts gekos om die Britse eer in Suid-Afrika te herstel en die Boeremagte uit Noordoos-Kaapland te ver= dryf.

Op die vraag of die inval van Noordoos-Kaapland van enige nut vir die Boeremagte was, kan daar met sekerheid geantwoord word dat, behalwe dat sommige Afrikaners by die Boeremagte aangesluit het, die inval van geen noemenswaardige militêre voordeel vir die republikeinse magte ingehou het nie. Dit was eerder 'n inval van verspeelde kanse - maar die uitwerking wat die sukses wat met die Slag van Stormberg behaal is op Boer en Brit gehad het, kan nie sonder meer oor die hoof ge= sien word nie. Vir die uiteindelike verloop van die oorlog het dit egter geen betekenis gehad nie. Die betekenis van hierdie inval in Noordoos-Kaapland is bloot histories van aard.

---oOo---

# B I B L I O G R A F I E

## PRIMÊRE BRONNE

### A ONGEPUBLISEERDE BRONNE

#### 1 ARGIEF BEWAARPLEK PRETORIA


J.A. Dreyer - Versameling A.455

S.P. Engelbrecht - Versameling A.371

Kommandant-Generaal - versameling K.G.

Leyds-versameling Leyds

Leyds:Nierstratz: band 2 A.7701n1
Leyds:Rapport van kapt. Ram en lt. Thomson in sake Anglo-Boereoorlog.

Lord Roberts Papers (Manuscripts) operations Telegrams, vol. 25:vol. 60

Lord Roberts' Operations Reports, vols. 1-14. T.9/2, T.9/3, T.21/3 - T.21/8

Magisterial Reports A. 5


#### 2 ARGIEF VAN DIE DEPARTEMENT VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL VAN DIE KAAPKOLONIE


Brabant Collection: The life of General Sir E.G. Brabant. A.459

Defence Department Collection DD 7/12/13/18

Pieter Cornelius Joubert-Volksraadslid van die Z.A.R.: 'n Beëdigde verklaring A424

H. Lichstein versameling A.1417

Prokureur-Generaal van die Kaapkolonie A.G. 2069/2086/2045/2135

Schreiner, W.P., Correspondence with State President of the O.F.S.

Schreiner, W.P., Magistrate to Minister: Matters in Albrecht Destrict since the outbreak of War between Great Britten and the Transvaal and Orange Free State - Reportno. 27/11/99.

3 ARGIEF BEWAARPLEK BLOEMFONTEIN


| | |
|---|---|
| Oorlogsmuseum versameling | A.155 |
| Renier versameling | A.119 |
| Steyn versameling | A.156 |
| Dagboek van J.S. van der Walt | A.254 |


4 PRIVATE STUKKE (PERSOONLIKE VERSAMELING)

Dagboek van Simon du Plooy oor die Anglo-Boereoorlog

Dagboek van mev. M. de Wet oor die Anglo-Boereoorlog

Toespraak van Danie Welhelmus Schoeman van Moordenaarspoort, Dordrecht.

Dokument van gebeure in Aliwal-Noord tydens inval van Boere. Artikel 1.

Persoonlike onderhoud oor die Slag van Stormberg met Johannes Meintjes.

Persoonlike onderhoud oor Kommandant F J du Plooy met mnr. F J du Plooy, kleinseun van dié kommandant

B GEPUBLISEERDE BRONNE

AMPTELIKE BRONNE

Blouboeke

Cd. 43

Cd. 261

Cd. 264

Cd. 420

Cd. 421

Cd. 426

Cd. 457

Cd. 1789

Cd. 1791

Cd. 1792

## SEKONDêRE BRONNE

### 1 GERAADPLEEGDE WERKE


ACKERMAN, W.H., Opsaal, Herinneringe aan die Tweede Vry=heidsoorlog. Johannesburg, 1969.

AMERY, L.S., The Times History of The War in South Africa, 1899-1902, vol. 1, 2, 3, 2nd ed. London.

BREYTENBACH, J.H., Die Geskiedenis van die Tweede Vryheids=oorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, Deel 1, 2, 4. Kaapstad, 1978.

BROWN, H., War with the Boers: an account of The Past and Present Troubles with the South African Republics, vol. 3. London.

CRESWICKE, L., South Africa and the Transvaal War, vol. 7. Edenburg.

DAVITT, M., The Boer Fight for Freedom. New York, 1902.

DE BLOCK, J., Lord Roberts's Campaign and its Consequences. London.

DE KOCK, W.J. red., Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, vol. 1. Kaapstad, 1968.

De Oorlog tussen Groot Brittanje en de Republieken, 1899-1900: De Boeren Zijde: Eene versameling van Telegram=men uitgevaardgd voor Publieke Informatie door die OVS Informatie Commissie van het begin van de Vijan=delijkhede tot het innemen van Bloemfontein door de Engelschen, en verdere belangrijke uittreksels. Jagersfontein, 1900.

DOYLE, A.C., The Great Boer War. London, 1901.

DUXBURY, G.R., Die Slag van Magersfontein, 11 Desember 1899. Nr. 9 in die reeks Veldslae in die Tweede Vryheids=oorlog 1899-1902, Vertaal deur Merle Davies Suid Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis. Johannesburg, 1975.

FARWELL, B., The Great Boer War.s.l. 1976.

GASKELL, H.S., With Lord Methuen in South Africa, February 1900 - June 1901: Being some notes on the War, with extracts from letters and Diaries. Londen, 1906.

GATACRE, B., General Gatacre: the story of the life and services of Sir William Forbes Gatacre, K.C.B., D.S.O., 1843-1906. London, 1910.

GILSON, C.J.L., History of the 1st Batt. Sherwood Foresters in the Boer War 1899-1902. London, 1906.

GRIESEL, A.J., 'n Oud-Stryder kyk Terug: Kinder- en Oorlogs=herinneringe. s.l. s.a.

GRIFFITH, K., Thank God we kept the Flag Flying: the Siege and Relief of Ladysmith, 1899-1900. New York, 1975.

GRONUM, M.A., Die Ontplooiing van die Engelse Oorlog, 1899-1900. Kaapstad, 1977.

HANCOCK, W.K., Smuts: The Sanguine Years, 1870-1919. 1962.

HEADLAM, C., The Milner Papers, South Africa 1899-1905, vol. 2. London, 1933.

KRITZINGER, P.H., McDonald, R.V., In the Shadow of Death. London, 1904.

LEWSEN, P. ed., Selections from the Correspondence of J.X. Merriman, 1899-1905. Kaapstad, 1966.

MARRIOTT, Wm., The War and its Cost who should pay: Letters from South Africa. London, 1901.

MEINTJES, J., Stormberg a Lost Opportunity: The Anglo-Boer War in the North-Eastern Cape Colony, 1899-1902. Elsies Rivier, 1969.

Naval Brigades in South African War, 1899-1900: Written by officers attached to the various Brigades. Ed. by T.T. Jeans. 2nd ed. London, 1902.

NORRIS, S.L., The South African War, 1899-1900: A Military Retrospect up to the Relief of Ladysmith. London, 1900.

PENNING, L., De Oorlog in Zuid-Afrika: Die Strijd tusschen Engeland en de verboden Boeren-Republieken Transvaal en Oranje-Vrijstaat, in zijn verloop geschetst, Deel 2. Rotterdam, 1901.

POLLOCK, A.W.A., With Seven Generals in The Boer War: A Personal Narrative. London, 1900.

REITZ, D., Commando: A Boer Journal of the War. London, 1935.

ROODT, Adriaan, die Kaapse Rebel. Johannesburg, 1945.

ROBERTS, J.M., Wreking the Empire. London, 1901.

SANDERSON, E., Fight for the Flag in South Africa: A History of the War from the Boer Ultimatum to the Advance of Lord Roberts. London, 1900.

SNYMAN, C.C., Avonture uit die Tweede Vryheidsoorlog: Die stryd in Kaapland, 1 Junie 1901 - 6 Junie 1902. Bloemfontein, s.a.

SPIES, S.B., Methods of Barbarism? Kaapstad, 1976.

STEEVENS, J.W., From Cape Town to Ladysmith: An unfinished Record of the South African War. Edinburgh, s.a.

STRYDOM, C.J.S., Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, 1937.

SYMONS, J., Buller's Campaign. London, 1963.

The Boer War, 1899 - 1900: From the Ultimatum to the Ocupation of Bloemfontein. (Compiled from Authentic Sources). London, 1900.

VAN EVERDINGEN, W., De Oorlog in Zuid-Afrika: Eerste Tijdvak. Delft, 1902.

VAN ZYL, P.H.S., Die Helde-Album: Verhaal en Foto's van aan= voerders en helde uit ons Vryheidstryd. Johannesburg, 1944.

## 2 GEDENKUITGAWES

ANDRIESEN, W.F., Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika, met afbeeldingen en portretten, benewens kaart van Zuid-Afrika. Amsterdam, 1904.

BREYTENBACH, J.H., red. Gedenkalbum van die Tweede Vryheids= oorlog. Kaapstad, 1949.

DU PLOOY, F.J., Aliwal-Noord Eenhonderd Jaar, Deel 1. Bloem= fontein, 1977.

DE WET, P.J.T., Eeufees-Gedenkboek: Burgersdorp, 1846-1946. Burgersdorp, 1946.

MEINTJES, J., Dorp van Drome: Die Geskiedenis van Molteno, 1874-1974. Kaapstad, 1974.

OBERHOLSTER, J.A.S., <u>'n Eeu van Genade</u>: Dordrecht, 1857-1957. Kaapstad, 1956.

ROODT, L.F.P., Gedenkboek uitgegee tydens die Eeufeesviering (1876-1976) van die Nederduitse Gereformeerde Ge= meente Steynsburg. s.1. 1976.

SMIT, A.P., <u>Ligglans oor die Berge:</u> Eeufeesgedenkboek Nederduitse Gereformeerde Kerk en Gemeenskap, Barkly-Oos, 1973-1973. Kaapstad, 1973.

WAGENAAR, E., <u>Jamestown,</u> 1974-1974. Queenstown, 1974.

Barkly East Reporter: Eeufees Byvoegsel, 1973-1973.

Gedenkboek van die Vyf-en-Sewentigjarige Bestaan van die Ge= meente van Lady Grey, 1961-1936. Queenstown, 1937.

Hofmeyer 100-jaar N.G. Gemeente.

Tarkastad: 'n Oorsig van sy ontstaan en geskiedenis uitgegee inverband met die Eeufeesviering 22 September 1962.

## 3 KOERANTE

De Graaf-Reinetter. 27 November 1900.

De Middelandsche Afrikaander.

De Oostelijke Stem: bevattende alle kennisgewing van de Gouverments Courant voor Aliwal Noord, Lady Grey, Jamestown en Herschel. Oktober 1899. 2de Jaargang - No. 81.

Frontier Guardian. Ocktober 1876-December 1905.

Het Oosten. 1900-1901.

Northern Post and Border News, 1899-1901.

The Albert Times and Molteno News: with which are incorporated the Burgersdorp Gazette and Stormberg Collier.

The Daily Advertiser. November 1901-January 1901.

The Daily Representative. October 1901.

The Eastern Province Herald. 1878-1904.

The Friend, February 1900.

The Indwe Times. October 1899.

The Cradock Observer. February-December 1902.

The Cradock Referee. February-December 1900.

The Easter Province Herald. Oktober 1899.

Midland News and Karoo Farmer. September 1891-December 1906.

Ons Koerant. 1892-1901.

Queenstown Daily Repersentative and Border Chronicle. February 1895-September 1901.

KAART I


## DIE BOERE-INVAL IN NOORD-KAAPLAND

- GRENS VAN BRITSE GEBIED
- SPOORWEË
- PAAIE
- RIVIERE
- VORMLYNE
- BRITSE STELLINGS
- BRITSE TERUGROETE
- BOERELAERS VOOR DIE INMARS IN NOORD - KAAPLAND
- BOERESTELLINGS AAN DIE EINDE VAN DIE BOEREOFFENSIEF
- INMARSROETES VAN BOEREKOMMANDO'S
- GEBIED DEUR BOERE GEPROKLAMEER

DORPE BINNE 'N RAAM GEPLAAS MET DIE DATUM DAARBY TOON DIE SENTRUMS AAN WAAR DIE BESETTINGSPROKLAMASIE VAN PRES. STEYN AFGEKONDIG IS

SKAAL : 1 DUIM = 20 MYL

BREYTENBACH, J.H., GESKIEDENIS VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899 - 1902, DEEL I, p.406



KAART 2

# DIE SLAG VAN STORMBERG

10 DES. 1899


SPOORWEë
PAAIE
RIVIERE EN SLOTE
KONTOERE
BRITSE OPMARSROETE
BRITSE TERUGTOGROETE
BRITSE INFANTERIESTELLINGS
Iste POSISIE VAN BRITSE ARTILLERIE
2de POSISIE VAN BRITSE ARTILLERIE
IR 2nd ROYAL IRISH RIFLES
MI BEREDE INFANTERIE
NF 2nd NORTHUMBERLAND FUSILIERS
BOERESTELLINGS
BOEREKANON
BOERELAERS EN WAGPOSTE

0 1 2 3 myl

0 1 2 3 4 5 km

DIE SWART STROOK OP DIE SKAAL DUI 'n AFSTAND VAN ONGEVEER 35 MINUTE TE PERD AAN

BREYTENBACH,J.H, GESKIEDENIS VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899 - 1902, DEEL 2, p.226



# OPSOMMING

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 was die hele Suid-Afrika op een of ander wyse direk of indirek by die oorlog betrokke. Een van die gebiede wat by die oorlog betrek is, sonder dat dit werklik deel daar=van wou word, was Noordoos-Kaapland.

Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland kan in drie tydvakke verdeel word: die eerste tydvak, toe die Boeremagte daarin geslaag het om groot militêre suksesse te behaal; die tweede tydvak, die Britse reaksie op hierdie suksesse, en laastens die tydvak toe die Britse magte herstel en met hulle opmars begin het.

Van meet af het dit duidelik geblyk dat Noordoos-Kaapland by die veldtogplan van die Britse leërleiding betrek is. Die oprigting van militêre buite-poste op die suidelike grens van die Vrystaat het die leërleiding van die Vrystaatse Republiek tot onrus gestem en hul laat besluit om kommando's aan die Vrystaat se kant van die grens saam te trek.

Die eerste tydvak word dan ook gekenmerk deur onderhandelings tussen die Bondsministerie en die Vrystaat oor die Kaapko=lonie se neutraliteit al dan nie. Toe daar nie tot 'n ver=gelyk gekom kon word nie, het die Vrystaat geen ander keuse gehad as om die gebied binne te val nie. Met die gevolg dat die grootste gedeelte van Noordoos-Kaapland deur die Boeremagte beset is en die Britse troepe teruggedryf is. Die indruk wat hierdie gebeure op die gemoed van die bevol=king van die gebied gelaat het, was geweldig. Vir die Brits-lojaalgesindes was dit 'n ramp, maar die meeste van die Afrikaansprekendes het die Boerekommando's met vreugde ont=vang.

Teen hierdie inval van die Boeremagte was die Britse troepe nie bestand nie. Die tweede tydvak word dan ook gekenmerk deur die poging van die Britse leërleiding om ŉ sterk Britse mag in die gebied op te bou. Die uitsluitlike doel van hierdie mag was om die uitbreek van ŉ rebellie in Kaapland te verhoed en om verdere indringing van die Boere=magte in Noordoos-Kaapland teen te staan. Onder die leiding van genl. Redvers Buller, as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, is daar ŉ mag met genl. William Gatacre as bevelvoerder by Queenstown saamgetrek. Die mees uitstaande kenmerk van die tydvak was egter die mislukte aanval van genl. Gatacre op Stormberg. Dit was ŉ aanval wat, as die Boeremagte hulle kanse nie verspeel het nie, ŉ heel anderse verloop van die oorlog tot gevolg kon gehad het.

Gedurende die derde tydvak het die Boeremagte toegelaat dat die Britse magte die inisiatief by hulle oorneem. Onder leiding van veldm. lord F S Roberts, wat nou die opperbevel van genl. Buller oorgeneem het, het Gatacre in Noordoos-Kaapland daarin geslaag om sy mag weer op te bou tot ŉ mag waarmee deeglik rekening gehou moes word. Met die hulp van *De Montmorencys Scouts* en *Brabants Horse* kon hy, toe Roberts met sy opmars aan die westelike front begin, Noord=oos-Kaapland herbeset en verlore Britse aansien herstel. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die Boeremagte inderhaas terug geval het om hulle eie grondge=bied teen die aanslae van Roberts te verdedig.

---oOo---